

# **DIE TEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT**

**'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk van  
die tekskritiek van die Nuwe Testament**

**Kobus Petzer**

**Hervormde Teologiese Studies  
Supplementum 2  
1990**

**Reeksredakteur: AG van Aarde**

# **DIE TEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT**

*'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk  
van die tekskritiek van die Nuwe Testament*

**Kobus Petzer**

# **HTS Supplementum Reeks**

**Reeksredakteur: Andries van Aarde**

**ISBN 0-620-14761-X**

**Publikasie van die Fakulteit Teologie (Afdeling A)  
Universiteit van Pretoria**

1. **Barkhuizen, JH (red) 1989.** *Hymni Christiani.*

2. **Petzer, JH 1990.** *Die teks van die Nuwe Testament: 'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk van die tekskritiek van die Nuwe Testament.*

# Hervormde Teologiese Studies

HTS Supplementum 2 1990

---

## Redakteur

Prof AG van Aarde

## Redaksie

Proff JP Oberholzer (voorsitter), MJ du P Beukes, APB Breytenbach, TFJ Dreyer, JJ Engelbrecht, JH Koekemoer, AD Pont, PJ van der Merwe, PM Venter en dr DJC van Wyk (sekretaris).

## Keuring

Medewerkers se aandag word gevestig op die reëling dat bydraes formeel en inhoudelik deur die redakteur en ander vakkundiges gekeur word.

**Uittreksels** van die *Hervormde Teologiese Studies* word gepubliseer in:

*Old Testament Abstracts*, Catholic University of America, Washington USA.

*New Testament Abstracts*, Weston School of Theology, Cambridge USA.

*Religious and Theological Abstracts*, 121 South College Street, Meyerstown USA.

*American Theological Library Association*, 820 Church St, Evanston, Illinois USA.

*Felix Dietrich Verlag*, Jahnstrasse 15, Postfach 1949, D-4500 Osnabrück.

## Ortografiëse vereistes

Alle supplementa se ortografiëse inrigting en literatuurverwysings moet voldoen aan die vereistes soos gepubliseer in *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 42, Aflerwing 1, Maart 1986, bl 195-206.

## Administrasie

Mev Anne Barkhuizen, Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Posbus 5777, 0001 Pretoria, Republiek van Suid-Afrika.

Gedruk deur Gutenberg Bockdrukkers, Pretoria

---

Uitgee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria en die Buro vir Wetenskaplike Publikasies by die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Die redaksie, wat bestaan uit die lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria, vereenselwig hom nie noodwendig met die menings deur medewerkers uitgespreek nie, kom alle normale redaksionele pligte na en voorbehou alle gebruiklike uitgewersregte.  
ISBN 0-620-14761-X



## Reeksvoorwoord

*Die teks van die Nuwe Testament* is die tweede Nommer in die *HTS Supplementum Reeks*. Hierdie reeks is addisioneel tot die gebruikelike Aflewerings van die *Hervormde Teologiese Studies*. Die bedoeling van die reeks is om monografieë en ander versamelwerke in verband met die teologie te publiseer. Alleen werke van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit word in oorweging geneem. Die *HTS* is 'n publikasie van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria. Dit word uitgegee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die ondersteuning van die Buro vir Wetenskaplike Publikasies by die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Dr Kobus Petzer lewer met sy publikasie oor die teorie en praktyk van die tekskritiek van die Nuwe Testament 'n epogmakende bydrae op die gebied van die Bybelwetenskap in Suid-Afrika. Persone wat in die voorbereiding van die boek besondere hulp verleen het en aan wie dank verskuldig is, is Ernest van Eck, Gerda Potgieter en Anne Barkhuizen.

Jacobus Hendrik Petzer is sedert 1987 senior lektor in die Departement Grieks aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hy is op 30 Oktober 1956 gebore te Butterworth, Transkei. Hy matrikuleer in 1974 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en behaal die volgende grade aan die Potchefstroomse Universiteit: BA (1977), Honneurs Grieks (1978), MA (1980), ThB (1983) en DLitt (1987). Hy is sedert 1982 verbonde aan die Departement Grieks. Sy navorsingsgerigtheid is die tekskritiek van die Nuwe Testament en hy is tans besig met 'n projek oor die Oud-Latynse teks van Handeling in samewerking met die Vetus Latina Instituut in Beuron, Wes-Duitsland. Tydens sy doktorale studie woon hy kursusse by aan die Princeton Theological Seminary, VSA onder leiding van prof BM Metzger, asook aan die Universiteit van Leeds, Engeland, onder leiding van prof JK Elliott. Gedurende 1984 en 1989 besoek hy die Vetus Latina Instituut in Beuron in verband met sy navorsing. Dr Petzer het reeds twee toekennings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang.

**AG van Aarde**  
Reeksredakteur

Januarie 1990

# Voorwoord

Ou vertalings van die Bybel het nooit melding gemaak van hierdie manuskripte wat die vertalers gebruik het nie. Die rede was dat enkele manuskripte wat teen die einde van die Middeleeue ontstaan het en vir die meeste ou vertalings as bron gedien het, aanvaar is as perfekte weergawes van die heel oorspronklike Bybeltekste - en vir eeue het niemand dit betwyfel nie. Vir die Nuwe Testament het hierdie brontekste dan ook die toepaslike naam *Textus Receptus*, die aanvaarde teks, gekry.

Toe die nuwe Afrikaanse vertaling in 1983 verskyn en telkens in voetnote melding maak van manuskripleesinge, het daar in 'n kort tydjie baie gesprekke en geskrifte oor die onderwerp die lig gesien wat sonder meer aanvaar het dat wat altyd in die verlede gegeld het, korrek is en dat wat nou nuut verskyn het met daad en woord gekeer moet word. Gou het baie mense met meerdere en mindere kennis van die saak hulle opinies gelug. Dit was duidelik dat die probleem 'n deeglike verantwoording vereis. Die hele geskiedenis van die oorspronklike manuskripte, van teksuitgawes, metodes van tekskritiek, van denkrigtings en van vertalings moes op 'n wetenskaplike wyse stap vir stap uiteengesit word sodat Bybelstudente en Bybellesers die kwessie van manuskripte en vertalings kan begryp.

In hierdie boek beantwoord dr Kobus Petzer al die vrae op 'n deeglike maar ook duidelik verstaanbare wyse. Die boek is uniek in die opsig dat dit sowel in die behoeftes van die tekskritikus asook in dié van die gewone leser voorsien. Dr Petzer spesialiseer reeds vir jare in die tekskritiek, het al baie oor die onderwerp geskryf en was meermale oorsee by die belangrikste sentra vir tekskritiek op besoek. Hy word tereg by Suid-Afrikaanse universiteite as 'n besondere kenner van die onderwerp in ons land beskou.

Hierdie boek word van harte aanbeveel met die hoop dat almal vir wie hierdie onderwerp erns is, die boek met aandag sal lees.

**JP Louw**  
**Departement Grieks**  
**Universiteit van Pretoria**

**Januarie 1990**

## INHOUDSOPGAWE

Afkortings ..... xiii

Inleiding ..... 1

### EERSTE DEEL: BASIESE ASPEKTE VAN DIE TEORIE

**HOOFSTUK 1: Griekse Paleografie** ..... 8

1. Die Griekse alfabet ..... 8

2. Skrif ..... 10

3. Skryfbehoeftes ..... 12

    3.1 Skryfmateriaal ..... 12

    3.2 Skryfinstrumente ..... 13

4. Boeke ..... 14

5. Die skriptor ..... 15

6. Die teks ..... 17

**HOOFSTUK 2: Die bronne van die Nuwe Testament** ..... 26

1. Manuskripte ..... 26

    1.1 Papiri ..... 29

    1.2 Unsiële ..... 30

    1.3 Minuskels ..... 35

    1.4 Leksionaria ..... 36

2. Vertalings ..... 37

    2.1 Latyn ..... 38

    2.2 Siries ..... 39

    2.3 Kopties ..... 40

    2.4 Ander vertalings ..... 41

3. Sitate ..... 42

**HOOFSTUK 3: Teksvariasie en die oorsake daarvan** ..... 46

1. Die aard van teksvariasie ..... 47

    1.1 Soorte ..... 47

    1.2 Terreine ..... 50

    1.3 Datering ..... 50

2. Oorsake van teksvariasie .....	51
2.1 Onbewuste variasie (foute) .....	51
2.1.1 Sigfoute .....	51
2.1.2 Gehoorfoute .....	53
2.1.3 Gedagte-/geheuefoute .....	54
2.1.4 Oordeelsfoute .....	56
2.2 Doelbewuste variasie (veranderinge) .....	57
2.2.1 Afronding van frases .....	57
2.2.2 Harmoniëring .....	59
2.2.3 Herstel van foute .....	60
2.2.4 Opklaar van inhoudelike probleme .....	60
<b>HOOFSTUK 4: Die geskiedenis van die oorgelewerde teks .....</b>	<b>64</b>
1. Die omstandighede waaronder die teks oorgelewer is .....	64
1.1 Die kanongeskiedenis .....	65
1.2 Die kerkgeskiedenis .....	66
1.3 Wêreldgeskiedenis .....	68
2. Oorsig oor die teksgeskiedenis .....	68
3. Die vroeë periode (1ste tot vroeë 2de eeu) .....	70
4. Die teksfamilies (middel 2de tot 4de eeu) .....	71
4.1 Die Alexandrynse teks .....	72
4.2 Die Westerse teks .....	73
4.3 Die pre-Caesareaanse teks .....	75
5. Die standaardisering van die teks (4de en 5de eeu) .....	76
5.1 Die Bisantynse standaardteks .....	76
5.2 Die Egiptiese of laat-Alexandrynse teks .....	79
5.3 Die Caesareaanse teks .....	79
5.4 Die (laat-)Westerse teks .....	80
6. Die vroeë standaardteks (5de tot 9de eeu) .....	80
7. Die Middeleeuse minuskelteks (9de tot 16de eeu) .....	83
7.1 Die laat-Bisantynse teks .....	83
7.2 Manuskripte van ander tekstipes .....	84
8. Samevatting .....	84
<b>HOOFSTUK 5: Die gedrukte teks .....</b>	<b>86</b>
1. Faktore wat die geskiedenis beïnvloed het .....	87
1.1 Die beskikbaarheid van bronne .....	87
1.2 Ontwikkelinge in verwante wetenskappe .....	87
1.3 Die kerklike toestand .....	88

2. 'n Oorsig oor die geskiedenis .....	88
3. Van eerste teks tot aanvaarde teks (1516-1633) .....	89
3.1 Die eerste teks .....	90
3.2 Die aanvaarde teks .....	93
4. Die dominerings van die aanvaarde teks (1633-1775) .....	97
5. Van aanvaarde teks tot kritiese teks (1775-1881) .....	102
5.1 Die stryd teen die aanvaarde teks .....	102
5.2 Die kritiese teks .....	109
5.2.1 Westcott en Hort .....	109
5.2.2 Die eerste kritiese vertaling .....	117
5.2.3 Reaksie op Westcott en Hort .....	118
5.3 Samevatting .....	119
6. Die vestiging van die kritiese teks (1881-1930) .....	121
6.1 Die klassieke metode .....	121
6.2 Eklektisisme .....	130
6.3 Die <i>Textus Receptus</i> .....	131
6.4 Vertalings .....	132
6.5 Samevatting .....	133
7. Die eklektiese teks (1930-1988) .....	134
7.1 Eklektisisme .....	135
7.1.1 Vroeë eklektisisme (1930-1960) .....	135
7.1.2 Latere eklektisisme: Gematig (1960-1990) .....	137
7.1.3 Latere eklektisisme: Radikaal (1960-1990) .....	142
7.2 Die meerderheidstekst .....	144
7.3 Kritiese apparaat .....	146
7.4 Vertalings .....	148
7.5 Samevatting .....	148
<b>HOOFSTUK 6: Belangrike metodes .....</b>	<b>150</b>
1. Verskillende benaderings .....	150
1.1 Die historiese benadering .....	150
1.2 Die metodologiese benadering .....	151
1.3 Verskillende metodes .....	152
2. Meerderheidsteksmetodes .....	152
2.1 Uitgangspunt .....	152
2.2 Die teksgeskiedenis: die primaat van die meerderheidstekst .....	152
2.3 Metodes .....	156
2.3.1 Pickering .....	156
2.3.2 Hodges .....	157

3. Eklektiese metodes .....	159
3.1 Radikale eklektisisme .....	160
3.2 Gematigde eklektisisme .....	161
3.2.1 Die Amerikaanse model .....	162
3.2.2 Die Duitse model .....	165
3.2.3 Samevatting .....	169
4. Statistiese metodes .....	170

## TWEEDE DEEL: BASIESE ASPEKTE VAN DIE PRAKTYK

<b>HOOFSTUK 7: Die versameling van inligting</b> .....	173
1. Die opsporing van bronne .....	173
1.1 Manuskripte .....	173
1.2 Vertalings .....	174
1.3 Sitate .....	174
2. Die transkripsie van manuskripte .....	175
3. Die datering van bronne .....	175
4. Die kollasionering van bronne .....	176
4.1 Manuskripte .....	177
4.2 Vertalings .....	178
4.3 Sitate .....	179
5. Die identifikasie van variasie-eenhede .....	181
6. Die opstel van 'n kritiese apparaat .....	182
<b>HOOFSTUK 8: Die rekonstruksie van die teksgeskiedenis</b> .....	184
1. Die beginsel .....	184
2. Die groepering van manuskripte .....	184
3. Die karakterisering van groepe .....	189
4. Die historiese model .....	191
5. Die beste manuskrip .....	194
<b>HOOFSTUK 9: Die rekonstruksie van die teks</b> .....	195
1. Die kritiese apparaat .....	195
1.1 Tekste met beperkte aparate .....	195
1.1.1 UBS <sup>3a</sup> .....	196
1.1.2 NA <sup>26</sup> .....	199
1.2 Tekste met uitgebreide aparate .....	203
1.2.1 Tischendorf <sup>8</sup> .....	203

1.2.2 Von Soden .....	204
1.2.3 Legg .....	204
1.2.4 Hoskier .....	204
1.2.5 IGNTP .....	205
2. Die oplos van tekskritiese probleme .....	205
2.1 Eksterne getuienis .....	206
2.2 Interne getuienis: Transkripsionele getuienis .....	213
2.3 Interne getuienis: Intrinsieke getuienis .....	220
2.4 Konjekturale emendasie .....	226
2.5 Samevatting en afronding .....	227
<b>HOOFSTUK 10: Die teks van die Nuwe Testament .....</b>	<b>229</b>
1. Die Nuwe Testament in die algemeen .....	229
2. Die Evangelies .....	229
2.1 Die Sinoptiese Evangelies .....	230
2.2 Matteus .....	230
2.3 Markus .....	237
2.4 Lukas .....	244
2.5 Johannes .....	247
3. Handelingte .....	251
4. Die Pauliniese Briewe .....	256
4.1 Die lang Briewe .....	257
4.2 Die kort briewe .....	261
4.3 Die Pastorale Briewe .....	264
4.4 Hebreërs .....	266
5. Die Algemene Briewe .....	264
5.1 Die Jakobusbrief .....	267
5.2 Die Petrusbriewe .....	268
5.3 Die Johannesbriewe .....	269
5.4 Die Judasbrief .....	270
6. Die Apokalips .....	271
<b>BYLAE: Basiese inligting oor die bronne van die Nuwe Testament .....</b>	<b>274</b>
1. Manuskripte .....	274
1.1 Papiri .....	274
1.2 Unsiale .....	279
1.3 Minuskels .....	286
1.4 Leksionaria .....	289

2. Vertalings .....	289
2.1 Latyn .....	289
2.1.1 Vetus Latina .....	290
2.1.2 Vulgata .....	293
2.2 Siries .....	294
2.3 Kopties .....	295
2.4 Ander .....	295
3. Kerkvaders .....	296
Bibliografie .....	300
Indeks van Name .....	340
Indeks van Teksuitgawes .....	343
Indeks van Bybeltekste .....	344
Indeks van Manuskripte .....	349



## AFKORTINGS

Die volgende afkortings word gebruik om na Bybelboeke te verwys:

### Ou Testament:

<b>1 Kron</b>	1 Kronieke
<b>Jes</b>	Jesaja
<b>Jer</b>	Jeremia
<b>Mal</b>	Maleagi

### Nuwe Testament:

<b>Mt</b>	Matteus
<b>Mk</b>	Markus
<b>Lk</b>	Lukas
<b>Jh</b>	Johannes
<b>Hd</b>	Handelinge
<b>Rm</b>	Romeine
<b>1 Kor</b>	1 Korintiërs
<b>2 Kor</b>	2 Korintiërs
<b>Gl</b>	Galasiërs
<b>Ef</b>	Efesiërs
<b>Fl</b>	Filippense
<b>Kl</b>	Kolossense
<b>1 Ts</b>	1 Tessalonisense
<b>2 Ts</b>	2 Tessalonisense
<b>1 Tm</b>	1 Timoteus
<b>2 Tm</b>	2 Timoteus
<b>Tt</b>	Titus
<b>Hb</b>	Hebreërs
<b>Jk</b>	Jakobus
<b>1 Pt</b>	1 Petrus
<b>2 Pt</b>	2 Petrus
<b>1 Jh</b>	1 Johannes

2 Jh	2 Johannes
3 Jh	3 Johannes
Jd	Judas
Opb	Openbaring

Die volgende afkortings word gebruik om na gepubliseerde tekste te verwys:

BFBS <sup>2</sup>	BFBS (ed) 1954
GNTMT	Hodges & Farstad (eds) 1982
NA	Nestle & Aland (eds) 1960; 1963
NA <sup>24</sup>	Nestle & Aland (eds) 1960
NA <sup>25</sup>	Nestle & Aland (eds) 1963
NA <sup>26</sup>	Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979
NAB	Nuwe Afrikaanse vertaling van 1983
OAB	Ou Afrikaanse vertaling van 1933
UBS <sup>1</sup>	Aland, Black, Metzger & Wikgren (eds) 1966
UBS <sup>2</sup>	Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1968
UBS <sup>3</sup>	Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1975
UBS <sup>3a</sup>	Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1983

Die volgende afkortings word in die literatuurverwysings gebruik:

AAW	Abhandlungen der königlichen preussischen Akademie der Wissenschaften
AK	Arbeiten zur Kirchengeschichte
AnBl	Analekta Blatadoon
AnM	Anecdota Maredsolana
ANT	Arbeiten zur neutestamentliche Textforschung
ARH	<i>Archive for Reformation History</i>
ATR	<i>Anglican Theological Review</i>
AUSS	<i>Andrews University Seminary Studies</i>
BA	<i>Biblical Archaeologist</i>
BdM	<i>Bible du Museon</i>
BETL	<i>Bibliotheca Ephemeridum Theologicarum Lovaniensium</i>
BFBS	British and Foreign Bible Societies
Bi	<i>Biblos</i>
Bib	<i>Biblica</i>

<b>Bij</b>	<i>Bijdragen</i>
<b>BiK</b>	<i>Bibel und Kirche</i>
<b>BJRL</b>	<i>Bulletin of the John Rylands Library</i>
<b>BQ</b>	<i>Baptist Quarterly</i>
<b>BS</b>	<i>Bibliotheca Sacra</i>
<b>BT</b>	<i>The Bible Translator</i>
<b>BUBS</b>	<i>Bulletin of the UBS</i>
<b>BV</b>	<i>Biblical Viewpoint</i>
<b>BZ</b>	<i>Biblische Zeitschrift</i>
<b>CBL</b>	<i>Collectanea Biblica Latina</i>
<b>CBQ</b>	<i>Catholic Biblical Quarterly</i>
<b>CCS</b>	<i>Corpus Christianorum Series Graeca</i>
<b>CCSL</b>	<i>Corpus Christianorum Series Latina</i>
<b>CHS</b>	<i>Center for Hermeneutical Studies, Colloquy</i>
<b>CrQ</b>	<i>Crozer Quarterly</i>
<b>CRTL</b>	<i>Cahiers de la Revue Theologique de Louvain</i>
<b>CSEO</b>	<i>Corpus Scriptorum Ecclesiasticorum Orientalium</i>
<b>CTJ</b>	<i>Calvin Theological Journal</i>
<b>DP</b>	<i>Deutsches Pfarrerblatt</i>
<b>EQ</b>	<i>Evangelical Quarterly</i>
<b>ET</b>	<i>Expository Times</i>
<b>ETL</b>	<i>Ephemerides Theologicae Lovanienses</i>
<b>FF</b>	<i>Forschungen und Fortschritte</i>
<b>FT</b>	<i>Fax Theologica</i>
<b>GLB</b>	<i>Aus der Geschichte der lateinischen Bibel</i>
<b>GRB</b>	<i>Greek, Roman and Byzantine Studies</i>
<b>GTJ</b>	<i>Grace Theological Journal</i>
<b>GTT</b>	<i>Gereformeerde Theologische Tijdschrift</i>
<b>HJ</b>	<i>Hibbert Journal</i>
<b>HS</b>	<i>Horae Semiticae</i>
<b>HSRC</b>	<i>Human Sciences Research Council</i>
<b>HSRCSRM</b>	<i>HSRC Studies in Research Methodology</i>
<b>HTR</b>	<i>Harvard Theological Review</i>
<b>HTS</b>	<i>Hervormde Teologiese Studies</i>
<b>Hum</b>	<i>Humanitas</i>
<b>IdS</b>	<i>In die Skriflig</i>
<b>IGNTP</b>	<i>International Greek New Testament Project</i>
<b>Interp</b>	<i>Interpretation</i>
<b>JAAR</b>	<i>Journal of the American Academy of Religion</i>

<b>JBL</b>	<i>Journal of Biblical Literature</i>
<b>JBR</b>	<i>Journal for Bible and Religion</i>
<b>JETS</b>	<i>Journal of the Evangelical Theological Society</i>
<b>JSNT</b>	<i>Journal for the Study of the New Testament</i>
<b>JTS</b>	<i>Journal of Theological Studies</i>
<b>KMA</b>	Kelsey Museum of Archaeology
<b>Lit</b>	<i>Literator</i>
<b>LM</b>	<i>Le Museon</i>
<b>LQ</b>	<i>Lutheran Quarterly</i>
<b>MBE</b>	Monumenta Biblica et Ecclesiastica
<b>MSI</b>	Monumenta Sacra Inedita
<b>Neo</b>	<i>Neotestamentica</i>
<b>NGTT</b>	<i>Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif</i>
<b>NT</b>	<i>Novum Testamentum</i>
<b>NTGF</b>	The New Testament in the Greek Fathers
<b>NTR</b>	<i>Nouvelle Revue Theologique</i>
<b>NTS</b>	<i>New Testament Studies</i>
<b>NTSup</b>	Supplements to NT
<b>NTT</b>	<i>Nederlands Theologische Tijdschrift</i>
<b>NTTS</b>	New Testament Tools and Studies
<b>OLBT</b>	Old Latin Biblical Texts
<b>PAPS</b>	<i>Proceedings of the American Philosophical Society</i>
<b>PETSE</b>	Papers of the Estonian Theological Society in Exile
<b>PO</b>	Patrologia Orientalis
<b>PRS</b>	<i>Perspectives in Religious Studies</i>
<b>RB</b>	<i>Revue Biblique</i>
<b>RQ</b>	<i>Restoration Quarterly</i>
<b>RTL</b>	<i>Revue Theologique de Louvain</i>
<b>RW</b>	<i>Rondom het Woord</i>
<b>SAP</b>	<i>Studia Angelica Posnaniensa</i>
<b>SBL</b>	Society of Biblical Literature
<b>SBLDS</b>	SBL Dissertation Series
<b>SC</b>	<i>Second Century</i>
<b>SD</b>	Studies and Documents
<b>SLT</b>	Sacred Latin Texts
<b>SLTGNT</b>	Studies in the Lectionary Text of the Greek New Testament
<b>SNTS</b>	Societas Novi Testamenti Studiorum
<b>SNTSMS</b>	SNTS Monograph Series
<b>SO</b>	<i>Symbolae Osloenses</i>

<b>StS</b>	<i>Studia Sinaitica</i>
<b>Th</b>	<i>Theology</i>
<b>Them</b>	<i>Themelios</i>
<b>TLZ</b>	<i>Theologische Literaturzeitung</i>
<b>TS</b>	<i>Texts and Studies</i>
<b>TSK</b>	<i>Theologische Studien und Kritiken</i>
<b>TU</b>	<i>Texte und Untersuchungen</i>
<b>TZ</b>	<i>Theologische Zeitschrift</i>
<b>UBS</b>	<i>United Bible Societies</i>
<b>Univ</b>	<i>Universitas</i>
<b>VC</b>	<i>Vigiliae Christianae</i>
<b>VF</b>	<i>Verkündigung und Forschung</i>
<b>VL</b>	<i>Vetus Latina: Die Reste der altlateinischen Bibel</i>
<b>WTJ</b>	<i>Westminster Theological Journal</i>
<b>ZK</b>	<i>Zeitschrift für Kirchengeschichte</i>
<b>ZNW</b>	<i>Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft</i>
<b>ZTK</b>	<i>Zeitschrift für Theologie und Kirche</i>



# Inleiding

Die proses waarvolgens 'n boek vandag geproduseer word, verloop redelik eenvoudig. Nadat 'n skrywer sy manuskrip voltooi het, lewer hy dit by 'n uitgewer in. Die uitgewer set die manuskrip en druk 'n proefkopie, wat aan die skrywer gestuur word vir korreksies. Nadat die skrywer dit geïnspekteer en gekorrigeer het, stuur hy dit aan die uitgewer terug, wat die foute korrigeer. 'n Kopie word weer aan die skrywer gestuur om seker te maak dat die uitgewer akkuraat gewerk het. Die laaste foute word herstel en die manuskrip word weer aan die uitgewer terugbesorg. Daarna maak die uitgewer 'n aantal kopieë en stuur dit na boekhandels vir verspreiding. Iemand wat so 'n boek koop, kan dan seker wees dat hy 'n identiese kopie het van dit wat die skrywer oorspronklik geskryf het, omdat die skrywer die boek voor die vermeerdering en verspreiding daarvan volledig kon korrigeer.

Die produksie en verspreiding van boeke het voor die uitvinding van die boekdrukkuns heeltemal anders verloop as vandag. Omdat daar geen outomatiese wyse was waarop 'n boek vermeerder kon word nie, moes iemand wat 'n eksemplaar van 'n boek wou hê, dit self met die hand van die oorspronklike af oorskryf, of iemand huur om dit vir hom te doen. Wanneer daar, byvoorbeeld, aan die Kolossense opdrag gegee word om die brief ook aan die gemeente in Laodisea te stuur (Kl 4: 16), sou hulle eers 'n kopie daarvan moes maak as hulle die brief ook self wou hou. Daar was geen ander wyse om 'n eksemplaar van 'n boek te kry as om die boek self te kopieer deur dit met die hand oor te skryf nie. Daar was dus geen manier waarop die skrywer die proses van vermeerdering van so 'n boek kon kontroleer nie. Nadat hy die boek geskryf het, was dit heeltemal uit sy hande.

In hierdie proses van kopiëring is foute in die oorgeskrewe kopie (genoem 'n *manuskrip*) gemaak: Woorde, frases of sinne is soms weggelaat of bygevoeg; woorde is met sinonieme vervang; taalkundige veranderinge is aangebring; ensovoorts. Hierdie manuskrip is op sy beurt weer as die bron vir 'n volgende manuskrip gebruik, waarin sommige van die foute in die eerste manuskrip herstel is, ander in die nuwe manuskrip oorgeneem is, en weer nuwe foute in dié manuskrip gemaak is. Hierdie tweede manuskrip is weer as basis vir 'n volgende gebruik, waarin die proses homself herhaal het. Uiteindelik het daar dus op 'n gegewe tydskop 'n hele aantal eksemplare van die boek bestaan, wat elkeen in 'n mindere of meerdere mate van die ander en die oorspronklike verskil het. Op geen wyse was dit egter moontlik om die foute uit te skakel nie, omdat die oorspronklike manuskrip, anders as vandag, presies soos die eksemplare daarvan gelyk het. Dit was na 'n aantal jare dus nie eers meer moontlik om te bepaal watter eksemplaar die oorspronklike is en watter kopieë daarvan is nie, sodat dit onmoontlik was om foute te herstel op

dieselfde wyse as wat dit in die moderne proses van die produksie van boeke herstel word, naamlik deur dit met die oorspronklike te vergelyk nie. Wanneer vandag dan 'n gedrukte uitgawe van so 'n boek gemaak word, moet die uitgewer of redakteur eers tussen al die manuskripte van die boek probeer vasstel watter eksemplaar die oorspronklike werk die getrouste weergee, voordat hy die boek kan publiseer.

Op hierdie wyse is alle antieke boeke, ook die Nuwe Testament, oorgelewer. Vandag bestaan geen enkele oorspronklike uitgawe van enige van die boeke in die Nuwe Testament meer nie, en voordat 'n Nuwe Testament in Grieks gepubliseer en vertaal kan word, moet eers uit die duisende manuskripte van die Nuwe Testament wat vandag bekend is, bepaal word watter manuskripte die oorspronklike teks die getrouste weergee. Dit is waarmee die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek hom besig hou.

Tekskritiek gaan dus om die rekonstruksie van antieke tekste en die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek om die rekonstruksie van die teks van die Nuwe Testament. Die doel van hierdie wetenskap is om te midde van al die manuskripte van 'n dokument waarvan die oorspronklike nie meer bestaan nie, en te midde van al die verskille (genoem *variante lesings* of *lesings*) in die manuskripte, wat wissel van blote spelling en ortografiese sake tot die weglating of byvoeging van paragrawe in geheel, te bepaal wat in die oorspronklike geskifte gestaan het.

As in ag geneem word dat daar ongeveer 'n kwartmiljoen variante lesings in die manuskripte van die Nuwe Testament voorkom, spreek die belang van hierdie deel van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap vir homself. Onmiddellik moet egter gesê word dat die Nuwe Testament ondanks al hierdie lesings in die manuskripte in 'n veel beter posisie is as ander klassieke tekste. Van talle klassieke tekste is net enkele manuskripte oor en van sommige net enkele fragmente, ander is geheel en al verlore en nog ander is beskikbaar in manuskripte wat sodanig beskadig is dat min van die essensie van die teks verstaan kan word. Daarteenoor is daar vandag meer as vyfduisend manuskripte van die Nuwe Testament bekend, waarvan sommige die Nuwe Testament in geheel bevat en baie ander boeke in geheel of groepe boeke van die Nuwe Testament. Verder raak die oorgrote meerderheid van die variante lesings in die manuskripte detailaspekte soos ortografie, terwyl slegs 'n klein gedeelte die essensie van die inhoud van die Nuwe Testament raak. Selfs dié wat die essensie raak, is egter nie van so 'n aard dat dit die kern van die inhoud van die Nuwe Testament raak nie. Ondanks al die variante lesings is dit steeds moontlik om byvoorbeeld die teologie van die Nuwe Testament of selfs individuele boeke in die Nuwe Testament te ontleed, en onafhanklik van watter manuskrip daarvoor gebruik word, sal die resultate in breë trekke dieselfde wees.

Tog is die tekskritiek nie onbelangrik nie, en dit is veral vertalers en



verklaarders van die teks, diegene wat met die detail van die teks werk, wat daarvan kennis behoort te neem. Vir elkeen wat 'n teks wil interpreteer of vertaal, is dit vanselfsprekend dat hy graag wil seker maak dat hy met die oorspronklike woorde van die teks werk en nie met 'n veranderde weergawe daarvan nie. Ten opsigte van 'n religieuse dokument soos die Nuwe Testament, wat die geloof en lewenswyse van miljoene mense raak, is dit veel noodsaakliker. Die verskyning van die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel in 1983 (NAB), wat soms drasties van die ou vertaling van 1933 (OAB) verskil, en die debatte en emosie daaroor, is waarskynlik die beste praktiese bewys van die noodsaak en relevansie van hierdie deel van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap.

Hierdie boek is bedoel om die basiese aspekte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bekend te stel, ten einde iets duidelik te maak van die probleme waarmee tekssamestellers en vertalers te make het. Die boek is primêr gerig op voorgraadse studente in die teologie, wat 'n basiese kennis van Grieks het. Desnieteenstaande is gepoog om die boek so te skryf dat dit ook vir mense sonder kennis van Grieks toeganklik kan wees. Daarom is voorbeelde waar moontlik van vertalings voorsien. Waar moontlik is die vertalings in hierdie gevalle telkens uit die Afrikaanse Bybels, veral die nuwe vertaling (NAB), geneem, eerder as om eie vertalings te maak. Die boek het nie die pretensie om vir die vakkenner 'n handleiding te wees nie, maar word as 'n inleiding aangebied, waarin gepoog word om die basiese aspekte van hierdie wetenskap uiteen te sit, soos dit in die mees gangbare en aanvaarde standpunte en beskouings na vore tree. In die literatuur waarna verwys word, kan die leser nie alleen verdere inligting bekom nie, maar ook nalees oor standpuntverskille en debatte oor bepaalde aspekte van die tekskritiek wat nie in die teks van die boek bespreek word nie.

Die stof word in twee afdelings aan die orde gestel, 'n teoretiese deel en 'n praktiese deel. In die eerste word die basiese aspekte van die teorie aan die orde gestel. Dit behels 'n oorsig oor die *Griekse paleografie* (hoofstuk 1), waarin sekere aspekte van die oorsaak van die probleme in die oorlewering van antieke tekste in die algemeen en die Nuwe Testament in besonder aan die orde gestel word. Dit word gevolg deur 'n oorsigtelike bespreking van die *belangrikste bronne* van die Griekse Nuwe Testament, naamlik die belangrikste manuskripte, vroeë vertalings van die Nuwe Testament en aanhalings uit die Nuwe Testament in kerklike literatuur (hoofstuk 2). Daarna word 'n bespreking van die tipe *variasie* in die manuskripte en die oorsake daarvan gebied (hoofstuk 3). In die volgende twee hoofstukke word agtereenvolgens 'n oorsig gebied oor die *geskiedenis van die teks*, soos dit in manuskripte (voor die boekdrukkuns) sedert die 1ste tot die 16de eeu oorgelewer is (hoofstuk 4) en 'n oorsig oor die *geskiedenis van die gedrukte teks*,

waarin die belangrikste moderne uitgawes van die Griekse Nuwe Testament en die ontwikkeling van die Tekskritiek van die Nuwe Testament sedert die 16de eeu tot vandag aan die orde gestel word (hoofstuk 5). 'n Kort oorsig oor die *belangrikste metodes* wat vandag vir die samestelling van tekste gebruik word (hoofstuk 6), sluit die eerste deel af. Die tweede deel, die praktiese deel, is daarop gerig om basiese aspekte van die praktyk te verduidelik. Dit behels in die eerste plek 'n bespreking van die *ontsluiting van die bronne* van die Griekse Nuwe Testament (hoofstuk 7), wat handel oor sake soos die wyse waarop bronne opgespoor, gedateer en gekollasioneer word. Daarna volg 'n beskrywing van die wyse waarop die *geskiedenis van die handgeskrewe teks gerekonstrueer* word (hoofstuk 8). In hierdie hoofstuk word aspekte soos die groepering en klassifisering van manuskripte en die bestudering van groepe om die geskiedenis te rekonstrueer, aan die orde gestel. Daarna word die *mees gangbare metode* waarop tussen die verskille in die manuskripte gekies word, die wyse waarop 'n teks dus saamgestel word, bespreek (hoofstuk 9). Die laaste hoofstuk (hoofstuk 10) bevat 'n kort bespreking van 'n aantal tekskritiese probleme in die Nuwe Testament wat 'n invloed op die Afrikaanse vertaling gehad het. Onder andere word al die tekste wat in die nuwe vertaling van voetnote met tekskritiese kommentaar voorsien is, bespreek. Die boek word afgesluit met 'n bylaag waarin tegniese inligting oor die belangrikste bronne van die Nuwe Testament gebied word. Dit bevat die mees noodsaaklike inligting wat nodig is om tekskritiese probleme prakties op te los.

'n Nota oor die verwysingstyl is noodsaaklik. Waar literatuurverwysings by onderafdelings voorkom, het die literatuur op die hele inhoud van die betrokke afdeling betrekking. Indien 'n bepaalde bron dus aan die begin van 'n hoofstuk verwys word, kan aanvaar word dat die inhoud daarvan op alle aspekte wat in die hoofstuk bespreek word, betrekking het. Daarom word die verwysing nie by elke onderafdeling herhaal nie. Die bibliografie is slegs 'n kernbibliografie en in geen opsig volledig nie. Daar is egter gepoog om die meeste van die belangrikste moderne werke oor die betrokke saak te verwys. In die literatuur wat verwys word, kan verdere verwysings na ander literatuur bekom word.

Die skrywer is aan 'n aantal mense, wat direk en indirek by die totstandkoming van hierdie boek bygedra het, dank verskuldig. Die boek het gegroei uit 'n behoefte aan 'n Afrikaanse inleiding in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, wat enkele jare gelede in die Departement Grieks aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys geïdentifiseer is. Aanvanklik is in die behoefte voorsien deur 'n ongepubliseerde diktaat wat in samewerking met professor GJC Jordaan, die destydse hoof van die Departement Grieks, tans verbonde aan die Departement Nuwe-Testamentiese vakke, geskryf is. Die skrywer

wil professor Jordaan graag vir sy aanvanklike bydrae bedank. Aan kollegas van ander Universiteite, wat die diktaat voorgeskryf het en waardevolle kommentaar en kritiek daaroor uitgespreek het, kom besondere dank toe. Hulle het die afronding en publikasie van hierdie boek bespoedig. Besondere dank kom professor JP Louw, Universiteit van Pretoria, toe, nie alleen vir die feit dat hy hierdie manuskrip gelees en waardevolle en indringende kommentaar daaroor gelever nie, maar ook vir jarelange aanmoediging om hierdie boek die lig te laat sien. Dank kom ook aan die *Gereformeerde Kerk Pretoria* toe, wat die skrywer in 1981 ruim finansiële ondersteuning gebied het om vir 'n tyd lank in die buiteland navorsing te doen. Hierdie boek is die uiteindelijke resultaat van daardie navorsing. Ten slotte wil die skrywer besondere dank aan die redaksie van *Hervormde Teologiese Studies*, in besonder die redakteur, professor AG van Aarde, betuig vir die aanvaarding van hierdie boek in die *HTS Supplementum Reeks* van hierdie tydskrif. Dit is 'n besondere voorreg vir die skrywer dat die werk in hierdie reeks verskyn.

**Literatuur:** Oor die sake wat in hierdie inleiding aan die orde gestel is: KW Clark 1966; Colwell 1948; FC Grant 1940; Greenlee 1964; Junack 1978; Kilpatrick 1958b; King 1973; K Lake 1949; Oliver 1968; Pack 1961; Stenger 1975; Vaganey 1937; Wenham 1982. Inleidings tot Nuwe-Testamentiese Tekskritiek: Aland & Aland 1982; Baljon 1901; Duplacy 1959; Finegan 1974; Greenlee 1964; 1985; Gregory 1900-1909; CE Hammond 1902; Kenyon 1912; 1939; 1949; Klijn 1974; Lagrange 1935; K Lake 1949; RP Martin 1975; Metzger 1966/67a; 1966/67b; 1968b; Moir 1985; Nestle 1909; Paret 1963; Reese 1967a; 1967b; Scrivener 1894; Souter 1960; V Taylor 1961; Vaganey 1937; Vogels 1923; Warfield 1886; Williams 1969.



## **Eerste Deel**

### **Basiese aspekte van die teorie**

# Hoofstuk 1

## Griekse paleografie

*Paleografie* is die wetenskap wat die skryfkuns bestudeer. Dit gee aandag aan aspekte soos die ontstaan van die alfabet, die ontwikkeling van skrif en die vorming van boeke. Dit is een van die belangrikste hulpwetenskappe van die tekskritiek, hoofsaaklik omdat dit die tekskritikus in staat stel om manuskripte te lees en te dateer. Aanvullend hierby verklaar dit ook waarom daar foute in en verskille tussen manuskripte in die proses van die oorlewering van die teks ontstaan het.

**Literatuur:** Finegan 1974; Greenlee 1964; Kruger 1977; Metzger 1966; 1968b; 1981; Roberts & Skeat 1983; Van Groningen 1959.

### 1. DIE GRIEKSE ALFABET

Wanneer, waar en hoe die skryfkuns ontstaan het, is nog nie met sekerheid vasgestel nie. Wat egter wel seker is, is dat dit lank voor die eerste millenium v C êrens in die Ooste gebeur het. Daar is meer bekend van die ontstaan van die skryfkuns in die Weste en veral in Griekeland. Die Grieke kon reeds so vroeg as die 9de eeu v C, en moontlik selfs 'n eeu of twee vroeër, skryf, nadat die Grieke die alfabet van die Fenisiërs oorgeneem het. Die Fenisiese alfabet was op sy beurt weer op die Semitiese alfabet gebaseer, sodat die Griekse alfabet in der waarheid indirek op die Semitiese alfabet gebaseer is. Die ooreenkoms in die name van die Griekse en Semitiese letters is maar 'n enkele bewys hiervan: *Alfa - Alef, Beta - Beth, Theta - Thet*. Ook ten opsigte van die volgorde waarin die letters in die alfabet gerangskik is, is daar ooreenkomste tussen die twee alfabette. 'n Legende, wat wil hê dat die Griekse alfabet deur 'n sekere *Kadmos* van Milete ontwerp is, blyk by hierdie teorie in te pas, aangesien die naam *Kadmos* met die Hebreeuse woord vir *Oosterling* (דָּקֻמָּן) verband hou.

Die oornames en gebruik van die Fenisiese alfabet deur die Grieke was geen eenvoudige en eenvormige proses nie, en vir ongeveer vyfhonderd jaar was daar geen uniforme skrifstelsel in Griekeland nie. Dit was eers teen die einde van die 5de eeu v C dat orde gekom het, toe die Ioniese alfabet as standaardalfabet in Athene aangeneem is en dwarsdeur Griekeland begin gebruik is. Dit het die amptelike Griekse alfabet tot vandag gebly.

Hierdie alfabet bestaan uit 24 letters: Alfa (αΑ), Beta (βΒ), Gamma (γΓ), Delta (δΔ), Epsilon (εΕ), Zeta (ζΖ), Eta (ηΗ), Theta (θΘ), Jota (ιΙ), Kappa (κΚ), Lambda (λλ), Mu (μΜ), Nu (νΝ), Ksi (ξΞ), Omnikron (οΟ), Pi (πΠ), Rho (ρΡ),

Sigma ( $\sigma\varsigma\Sigma$ ), Tau ( $\tau\text{T}$ ), Upsilon ( $\upsilon\text{Y}$ ), Gie ( $\chi\text{X}$ ), Fi ( $\phi\Phi$ ), Psi ( $\psi\Psi$ ) en Omega ( $\omega\Omega$ ). Drie letters wat voor die standaardisering gebruik was, die *Digamma* ( $f$ ), *Koppa* ( $\var�$ ) en *Sampi* ( $\text{ʒ}$ ), het in onbruik geraak.

Sedert ongeveer die 3de of 4de eeu v C is die letters van die Griekse alfabet ook as syfers gebruik. Vir hierdie doel is die drie ‘verworpe letters’, die Digamma, Koppa en Sampi, behou. Om die gebruik van die letters as syfers van hul normale gebruik as letters te onderskei, is ’n horisontale streep bo-op die letters of ’n klein afkappingsteken gebruik. Die syferwaarde van die letters was soos volg:

$\alpha' = 1$	$\iota' = 10$	$\rho' = 100$
$\beta' = 2$	$\kappa' = 20$	$\sigma' = 200$
$\gamma' = 3$	$\lambda' = 30$	$\tau' = 300$
$\delta' = 4$	$\mu' = 40$	$\upsilon' = 400$
$\epsilon' = 5$	$\nu' = 50$	$\phi' = 500$
$f' = 6$	$\xi' = 60$	$\chi' = 600$
$\zeta' = 7$	$\omicron' = 70$	$\psi' = 700$
$\eta' = 8$	$\pi' = 80$	$\omega' = 800$
$\theta' = 9$	$\var�' = 90$	$\text{ʒ}' = 900$

Teen die tyd dat die Nuwe Testament geskryf en oorgelewer is, was hierdie letter- en syfersisteme dus lank reeds in gebruik. Die gebruik om syfers met letters van die alfabet aan te toon, is byvoorbeeld die agtergrond van die toekenning van die getal 666 aan die dier in Opb 13: 18. Die implikasie is dat die somtotaal van die syferwaardes van die letters in die naam van die betrokke persoon 666 is. Omdat die sleutel verlore is, kan vandag weinig meer gedoen word as om te spekulêr wie die Openbaringboek met die getal in gedagte het. Een teorie is dat dit na die Romeinse keiser Nero verwys, omdat die getalswaarde van die Hebreuse letters vir die Griekse vorm van die naam  $\text{Νεϰων Καϰαρ}$  666 is. Selfs al was dit nie oorspronklik so bedoel nie, is daar getuïenis dat hierdie getal deur van die eerste Christene as verwysing na Nero verstaan is. In enkele manuskripte word die getal 616 in plaas van 666 aangetref. Dit het waarskynlik gebeur omdat die getalswaarde van die Hebreuse letters vir die Latynse vorm van die naam *Nero Caesar* 616 is, omdat die Latynse naam sonder die laaste nu, wat ’n getalswaarde van 50 het, geskryf word (kyk Metzger 1971: 751-752).

Literatuur: Naveh 1980.

## 2. SKRIF

Twee skrif- of lettertipes word in Griekse dokumente aangetref: hoofletters, genoem *unsiale* of *majuskels* en kleinletters, genoem *kursiewe* of *minuskels*. Die twee skrifteipes is nie soos vandag deurmekaar in dieselfde dokument gebruik nie, maar afsonderlik. Die *unsiaalskrif* is naamlik vir eeue lank vir amptelike dokumente (soos verdrae, kronieke en literêre werke) gebruik, terwyl *kursiefskrif* vir private dokumente (soos persoonlike briewe, boodskappe en kooplysies) gebruik is. Eers teen die 9de eeu n C is begin om kursiefskrif ook vir literêre dokumente te gebruik.

Die Nuwe Testament is dus vir ongeveer 9 eeue in majuskels oorgelewer voordat dit sedert die 9de eeu in minuskels oorgelewer is. Hierdie oorskakeling van majuskels- na minuskelskrif vorm die eerste belangrike beginsel of maatstaf waarvolgens die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament gedateer word. As 'n manuskrip in minuskelskrif geskryf is, kan dit nie ouer as die 9de eeu wees nie, terwyl manuskripte wat in unsiaalskrif geskryf is, *waarskynlik* ouer as die 9de eeu is, ofskoon dit soms ook later as die 9de eeu gedateer kan word, omdat unsiaalskrif nie heeltemal verdwyn het toe minuskelskrif vir amptelike dokumente begin gebruik is nie. Op grond van die karakterisering van bepaalde style in die ontwikkeling van hierdie skrifsoorte, waarin letters in bepaalde tydperke bepaalde karakteristieke eienskappe vertoon, kan manuskripte nog nader gedateer word. 'n Kenmerk van die unsiaalskrif in die 5de eeu is byvoorbeeld dat die vertikale strepies van letters soos  $\Phi$ ,  $\Psi$  en  $\Gamma$ , effens dikker geword het. In die 6de en 7de eeu is groot ronde letters, soos  $O$ ,  $\Phi$  en  $\Omega$  weer 'n kenmerk van die skrif. Ook die minuskelskrif het ontwikkeling ondergaan en vier style word gewoonlik onderskei, naamlik *Codices Vetustissimi* (9de en eerste helfte van die 10de eeu), *Codices Vetusti* (middel van die 10de tot middel van die 13de eeu), *Codices Recentiores* (middel van die 13de tot middel van die 15de eeu) en *Codices Novelli* (na die uitvinding van die boekdrukkuns).

Die gebruik van majuskels het eiesoortige probleme gehad, wat leesbaarheid beïnvloed het en foutiewe kopiëring (*teksvariasie*) in die hand gewerk het. 'n Belangrike probleem was letterverwarring. Omdat sommige letters baie na mekaar gelyk het, is die een soms vir die ander aangesien en is die betrokke woord verkeerd gekopieer. Op feitlik elke plek in die Nuwe Testament waar  $\eta\mu\epsilon\iota\varsigma$  (ons) (of die een of ander vorm van hierdie woord) voorkom, is daar manuskripte wat  $\upsilon\mu\epsilon\iota\varsigma$  (julle) bevat. Net so is daar op elke plek waar  $\upsilon\mu\epsilon\iota\varsigma$  (julle) voorkom, manuskripte wat  $\eta\mu\epsilon\iota\varsigma$  (ons) bevat. Hierdie variasie is waarskynlik aan die ooreenkoms in die unsiaallletters H en Y te wye.

Die probleem van leesbaarheid is vererger deur die wyse waarop geskryf is. Die woorde is reël vir reël aaneengeskakel sonder enige aanduiding van waar 'n



woord begin of waar dit eindig. Dit staan as die *scriptuo continua* (aaneenlopende skrif) bekend. Hierdie gebruik het die gevolg gehad dat dit soms onseker was (en vandag steeds is) waar en hoe woorde verdeel moet word. In die unsiaalmanuskripte van 1 Tm 3: 16 kom die volgende woorde byvoorbeeld voor:

ΟΜΟΛΟΓΟΥΜΕΝΩΣ ΜΕΓΑ ΕΣΤΙΝ ΤΟ...ΜΥΣΤΗΡΙΟΝ

Vanweë die gebruik van die *scriptuo continua* is dit onseker hoe dit verstaan moet word: ὁμολογουμένως μέγα ἐστὶν τό...μυστήριον (die geheimenis is *ongetwyfeld* groot) of ὁμολογοῦμεν ὡς μέγα ἐστὶν τό...μυστήριον (*Ons stem saam dat die geheimenis groot is*). 'n Soortgelyke probleem kom in Rm 7: 14 voor, waar die woord οἶδαμεν (ons weet) ook as οἶδα μὲν (ek weet) gelees kan word.

Die leesbaarheidsprobleem het kleiner geword toe die minuskels eers in gebruik geneem is. Hoewel *scriptuo continua* steeds in minuskelmanuskripte gebruik is, was die probleme wat dit veroorsaak het minder, aangesien soveel meer simbooltjies gebruik is, die letters in eenhede aanmekaar geskryf is en die groottes van die letters gewissel het. Dit het daartoe gelei dat woorde spontaan van mekaar geskei is en dat letterverwarring ook nie so maklik voorgekom het nie. Tog het ook minuskelmanuskripte eiesoortige probleme wat hul leesbaarheid beïnvloed. Soos die skrif ontwikkel het, is al hoe meer lettersametrekkings, afkortings en wisselvorme vir letters gevorm. Teen die 15de eeu was dit so erg dat ongeveer tweehonderd verskillende simbooltjies in manuskripte gebruik is. Met die uitvinding van die boekdrukkuns is die skrif egter gestandaardiseer, sodat die enigste wisselvorm wat vandag oorbly, die twee vorme van die Sigma is: σ binne-in woorde en ς aan die einde van woorde. Die bestaan van so baie wisselvorme en sametrekkings maak die lees van minuskelmanuskripte vandag egter baie moeilik.

Ten slotte iets oor die rigting waarin geskryf is. In die heel oudste Griekse dokumente is daar, waarskynlik na aanleiding van die rigting van die Semitiese skrif waaruit die Griekse alfabet ontwikkel het, van regs na links geskryf. Stelselmatig het die praktyk egter verander en teen ongeveer 600 v C was daar dokumente waarin reeds van links na regs geskryf is. 'n Interessante groep dokumente is egter dié waarin die skrif op alternatiewe reëls van regs na links en dan weer van links na regs geskryf is. Dit het waarskynlik 'n ontwikkelingsstadium tussen bogenoemde twee praktyke verteenwoordig. Teen die tyd waarin die Nuwe Testament ontstaan het, was die praktyk om van links na regs te skryf goed gevestig en in alle manuskripte van die Griekse Nuwe Testament wat bekend is, is van links na regs geskryf.

Literatuur: Colwell 1969b.

### 3. SKRYFBEHOEFTE

#### 3.1 Skryfmateriaal

Drie soorte materiaal, naamlik papyrus, perkament en papier, is as skryfoppervlak vir dokumente gebruik. Papyrus is verreweg die oudste, gevolg deur perkament, terwyl papier eers laat in die Middeleeue in gebruik gekom het.

'n *Papyrusblad* is gemaak van die murg van die smal stengel van die papyrusplant. Die murg is in reepe gesny en die reepe is vertikaal langs mekaar op 'n plat oppervlak geplaas. Nog 'n reeks is dan horisontaal bo-op die vertikale reeks geplaas. Die twee reekse is dan styf teen mekaar vasgedruk. Die kant waar die papyrusrepe horisontaal gelê het, genoem die *recto*, is die kant waarop normaalweg geskryf is. Soms is daar egter ook op die ander kant, die *verso*, geskryf, veral deur arm mense wat nie boeke kon bekostig nie en dus so veel moontlik ruimte van dié wat hulle wel kon koop, wou gebruik. Hoewel hierdie papyrusblad aanvanklik so sterk soos papier was, het dit spoedig verweer. 'n Papyrusboek was dus nie baie duursaam nie, veral nie in gebiede met 'n klam klimaat nie. Dit is eintlik net in die Midde-ooste, veral Egipte met sy uiters droeë en warm klimaat, waar papyrusdokumente die verwerking van die eeue kon deurstaan en waar sulke manuskripte gevind is.

'n *Perkamentblad* is gemaak van die vel van diere, veral skape, kalwers en bokke. Die naam van die materiaal is afgelei van die stad *Pergamum*, waar dit volgens oorlewering die eerste keer as skryfmateriaal gebruik is. Dit is vervaardig deurdat die hare van die dier se vel verwyder is en die vel daarna gewas en glad geskuur is. Nadat horisontale lyntjies daarop getrek is, is daarop geskryf. Daar was 'n verskil in die kwaliteit van perkament. Hoe jonger die dier, hoe beter die perkament. 'n Spesiale soort perkament, genoem *vellyn*, is van die velle van ongebore diere vervaardig. Dit was die beste kwaliteit perkament en is normaalweg slegs vir spesiale, versierde dokumente gebruik.

Omdat perkament oor die algemeen sterker en duursamer as papyrus was, makliker en goedkoper vervaardig is en met gemak aan albei kante beskryf kon word, het dit papyrus spoedig as mees gewilde skryfmateriaal vervang. Teen die 4de eeu n C het perkament papyrus feitlik geheel-en-al vervang.

Ten slotte is *papier* ook laat in die Middeleeue in gebruik geneem. Die proses om papier te vervaardig, is deur die Arabiere ontwikkel. Die proses was goedkoper as selfs perkament en teen die 12de en 13de eeu het papiermanuskripte in gewildheid toegeneem.

Die oorgrote meerderheid manuskripte van die Griekse Nuwe Testament is perkamentmanuskripte. Slegs ongeveer neëntig (waaronder egter die oudstes) is op

papirus geskryf, terwyl baie min op papier geskryf is. Die gebruik van papirus as skryfmateriaal het bepaalde probleme vir die oorlewering van die Griekse Nuwe Testament ingehou. Vanweë die broosheid van die papirus en die feit dat dit maklik verweer, is verreweg die meeste van die oudste manuskripte verlore. Daarbenewens is die enkeles wat wel gevind is, om dieselfde rede ook nie almal ewe veel werd vir die tekskritiek van die Nuwe Testament nie. Die oorgrote meerderheid van die papirusmanuskripte wat bewaar gebly het, is so verweer dat hulle maar enkele verse van die Nuwe Testament bevat. Sulke manuskripte word *fragmente* genoem. Slegs enkele bevat meer as die helfte van 'n boek van die Nuwe Testament en nog minder dele van meer as een boek.

Omdat manuskripte oor die algemeen baie duur was, het dit soms gebeur dat 'n manuskrip in sy geheel skoongevee is en dat 'n ander teks dan in die manuskrip geskryf is. Hierdie soort manuskripte word *palimpseste* genoem. 'n Aantal manuskripte van die Nuwe Testament is sulke palimpseste. Die bekendste is *Kodeks Efraimi Rescriptus* (C 04), waarvan die oorspronklike teks (die Nuwe Testament) uitgevee en met die werke van die Siriese kerkvader Efraim vervang is.

Hoewel dit baie moeilik is om sulke manuskripte te lees, is chemiese prosesse, waarmee die onderskrif duideliker gemaak is, reeds in die 19de eeu ontwikkel. Vandag kan die onderskrif met gevorderde tegnieke, soos die gebruik van *infra-rooi-* of *ultra-violet-lampe*, redelik duidelik na die oppervlakte gebring word.

### 3.2 Skryfinstrumente

Die mees algemene instrument waarmee geskryf is, was 'n uitgedroogde *rietpen* (κάλαμος of δόναξ) waarvan die een punt skerp gemaak en in twee gesplit is.

'n Koolstofagtige swart vloeistof, wat uit 'n mengsel van roet, gom en water bestaan het, is as ink (μέλαν) gebruik. Omdat hierdie ink egter nie goed aan perkament gekleef het nie, is 'n ink, gemaak van 'n mengsel van gemaalde akkerpit, water, gom en ystersulfaat, gebruik. Laasgenoemde het die eerste uiteindelik vervang. Dit het egter dié nadeel gehad dat dit met die tyd dof geword het. Een van die belangrikste manuskripte van die Nuwe Testament, *Kodeks Vaticanus* (B 03), is met so 'n soort ink geskryf wat mettertyd dof geword het. Omdat hierdie manuskrip op 'n stadium feitlik onleesbaar geword het, het 'n skriptor in die Middeleeue elke letter daarvan oorgevorm. Omdat hierdie ink onder andere sulfaat in het, het dit soms ook deur die bladsye gevreet. Ook hierdie probleem is in manuskripte van die Nuwe Testament sigbaar, en daar bestaan manuskripte waarvan die papier in die rondings van letters soos O en Φ uitgeval het, omdat die sulfaat deur die bladsy gevreet het.

Die bestudering van die onderlinge verwantskap van dokumente lei tot die derde aspek van Hort se metode, naamlik die bestudering van *genealogiese getuienis* - 'n aspek wat dikwels deur Westcott en Hort se kritici verkeerd verstaan is en hulle gevolglik ongegronde kritiek op die hals gehaal het. Ter inleiding van die bespreking van genealogiese getuienis formuleer hulle 'n belangrike beginsel wat by die oorheersende hierbo aansluit. Dit hou in dat die herstel van enige klassieke teks op die noukeurige bestudering van die oorleeringsgeskiedenis van die betrokke teks gebaseer moet word. Om die geskiedenis van die teks te rekonstrueer, moet genealogiese getuienis gebruik word. Die suiwer genealogiese metode bestaan vir hulle daarin dat alle manuskripte met mekaar vergelyk moet word ten einde telkens die gemeenskaplike archetipe van 'n groepie manuskripte te identifiseer. Hierdie geïdentifiseerde archetipe word dan weer met ander manuskripte en archetipes

vergelyk om 'n nog vroeër archetype te identifiseer. Op hierdie wyse word deur die geskiedenis teruggewerk deurdat manuskripte wat duidelik van 'n archetype gekopieer is, uitgeskakel word, totdat die getrouste verteenwoordigers van die oorspronklike teks uiteindelik bereik word. Die konsekwente toepassing van die genealogiese metode hou dus in dat daar stap vir stap, deur die vergelyking van verskillende manuskripte met mekaar, deur die geskiedenis terugbeweeg word na die oorspronklike teks. So moet die 'beste manuskrip' aan die hand van die genealogie van die manuskripte van die Nuwe Testament geïdentifiseer word - presies soos Lachmann die metode bedoel het.

Westcott en Hort stel egter eksplisiet dat hierdie metode nie in hierdie vorm vir die rekonstruksie van die Nuwe-Testamentiese teks bruikbaar is nie. Daarom gebruik hulle hierdie metode ook nooit in hierdie vorm nie en het ook hierdie metode dus nie primêre waarde vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek nie. Tog is genealogiese getuienis nie heeltemal waardeloos nie en gebruik hulle dit met vrag vir die identifikasie van groepe en die bepaling van die verwantskap tussen die groepe. So kom hulle uiteindelik by die finale aspek van die metode, die *interne getuienis van groepe* uit. Hierdie aspek vorm uiteindelik die kern van die identifisering van die 'beste manuskrip'.

Hierdie aspek kom daarop neer dat die geskiedenis van die oorlewering van die teks gerekonstrueer word deurdat die manuskripte aan die hand van hul onderlinge verbondenheid aan mekaar in groepe ingedeel word. Hierdie groepe word aan die hand van hul tipiese historiese en inhoudelike kenmerke ten opsigte van hulle verbondenheid aan mekaar binne 'n bepaalde genealogiese raamwerk gerangskik. So word die teksgeskiedenis gerekonstrueer en op grond daarvan word die 'beste manuskrip' geïdentifiseer.

Dit is nie moeilik om te sien dat die vier aspekte van die metodiek in 'n logiese orde, waar die een op die ander volg, geplaas is nie. Interne getuienis van lesings se resultate word gebruik by die oorweging van interne getuienis van dokumente. Interne getuienis van dokumente se resultate word gebruik vir die oorweging van genealogiese getuienis. Beide laasgenoemde soorte getuienis word gebruik vir interne getuienis van groepe, wat die kern van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die keuse van die 'beste manuskrip' vorm.

**Literatuur:** Fee 1976; Hodges 1968; A Martin 1972; Martini 1978; Pickering 1980; Thiele 1967; Westcott & Hort 1974; kyk ook literatuur by Lachmann (5.1(c)) hierbo.

### (c) Die tekshistoriese model

Na die bespreking van die metodiek volg die bespreking en motivering van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die gevolglike identifikasie van die 'beste manuskrip'. Dit bestaan uit die volgende aspekte: In die loop van die geskiedenis van die oorlewering van die Nuwe Testament het drie lokale tekstipes ontstaan, naamlik die Alexandrynse, die Westerse en die Siriese (wat vandag as die Bisantynse bekend staan). Van hierdie drie het die Siriese die minste waarde vir die rekonstruksie van die teks, omdat dit eers maar in ongeveer die 4de eeu na redaksionele arbeid deur waarskynlik Lucianus van Antiochië uit die Alexandrynse en Westerse tekstipes ontstaan het. Onder die oorblywende tekstipes toon hulle aan dat die Alexandrynse tekstipe van groter waarde as die Westerse tekstipe is, ofskoon albei uit die 2de eeu dateer, omdat dit aan veel minder tekskorrupsie onderworpe was as laasgenoemde en gevolglik 'n meer betroubare teks het. Onder die manuskripte van die Alexandrynse teks is *Kodekse X* en *B* die suiwerste en mees betroubare, so suiwer dat hulle op enkele uitsonderings na nie aan noemenswaardige tekskorrupsie onderworpe was nie. So suiwer word hierdie manuskripte gereken dat Westcott en Hort hulle as *neutrale manuskripte* tipeer, dit wil sê, hulle behoort in werklikheid aan geen tekstipe nie, omdat hulle neutraal staan van tekskorrupsie. As sodanig is hierdie manuskripte dus die 'beste manuskrip' en behoort hulle as die uitgangspunt vir die samestelling van die teks gebruik te word. Slegs in die gevalle van Westerse non-interpolasie het die Westerse teks beter lesings as *Kodekse X* en *B* en moet die lesings van die genoemde manuskripte dus met dié van die Westerse teks vervang word.

Enkele aspekte van hierdie model behoef verdere verduideliking. Die kern van die model lê in die identifikasie van die drie tekstipes, die Alexandrynse, die Westerse en die Siriese. Vir die identifikasie van hierdie tekstipes maak Hort veral van genealogiese getuïenis gebruik. Westcott en Hort erken self dat dit nie moontlik is om die oorspronklike genealogiese metode te gebruik nie, omdat hierdie metode nie op die individuele manuskripte toegepas kan word om 'n genealogie van die manuskripte op te stel nie. Gevolglik gebruik hulle genealogiese getuïenis om aan te toon dat die manuskripte weens hul genealogiese verbondenheid aan mekaar in groepe (tekstamies) ingedeel kan word. Deur hierdie groepe of tekstamies dan op grond van inhoudelike en historiese aspekte genealogies aan mekaar te verbind, word aangetoon watter groep die 'beste manuskrip' bevat en watter manuskrip(te) binne hierdie groep die 'beste manuskrip' is.

Die eerste stap in die identifikasie van die 'beste manuskrip' en dus ook in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, is om aan te toon dat die Siriese

teks van geen belang is vir die herstel van die oorspronklike teks nie. So word 'n groot groep manuskripte dus in die soeke na die 'beste manuskrip' uitgeskakel. Dit word gedoen deur aan te toon dat die Siriese teks later as die ander tekstipes ontstaan het en 'n eklektiese aard het. Hierdie verskynsel kan slegs verklaar word as aanvaar word dat die Siriese teks deur 'n redaktor, waarskynlik Lucianus van Antiochië, uit die lesings van die Westerse en Alexandrynse tekste saamgestel is. Drie bewyse word vir hierdie waarneming aangevoer: (a) Deur in die eerste plek die historiese feite rondom hierdie tekstipe te ontleed, toon Westcott en Hort aan dat die Siriese teks 'n relatief jong teks is, omdat hierdie tekstipe nie in getuïenisse ouer as die aanhalings van die kerkvader Chrysostomos voorkom nie. (b) Deur in die tweede plek die tipiese lesings wat eie aan die Siriese teks is, te ontleed, maak hulle verdere belangrike afleidings ten opsigte van die ontstaan van die Siriese teks. Uit die identifikasie van 'n aantal saamgevoegde lesings (konflasie) het Hort die afleiding gemaak dat hierdie teks by wyse van 'n eklektiese metode ontstaan het. Saamgevoegde lesings is lang lesings wat net in die Siriese teks voorkom, dus tipies-Siriese lesings, waarvan die een gedeelte 'n tipies-Westerse en die ander gedeelte 'n tipies-Alexandrynse lesing is. Hoewel hulle slegs agt voorbeelde van saamgevoegde lesings gee (Mk 6: 33; 8: 26; 9: 38, 49; Lk 9: 10; 11: 54; 12: 18; 24: 53), maak hulle die belangrike afleiding daaruit dat die redaktor in ander gevalle waar sy bronne verskil het, nie die twee lesings saamgevoeg het nie, maar tussen die twee lesings gekies het en dus een van die twee in sy teks gebruik het. In hierdie tweede bewys van die sekondêre aard van die Siriese teks maak Westcott en Hort van die eerste en derde aspekte van hul metode gebruik. Die identifikasie van die saamgevoegde aard van hierdie lesings berus op die interne getuïenis van lesings, terwyl die afleidings daaruit, naamlik dat dit op 'n eklektiese teks dui wat die ander twee as bronne het, op genealogiese getuïenis berus, omdat hulle aantoon dat die Siriese teks genealogies aan ander tekste verwant is. Die wyse waarop Hort die genealogiese getuïenis gebruik is egter merkwaardig, omdat hy juis een van die belangrikste struikelblokke van die gebruik van die oorspronklike genealogiese metode, naamlik die gemengde aard van die dokumente, gebruik om dit te bewys. Dit is juis die gemengde aard van die Siriese teks (dus die interne getuïenis van hierdie groep) waaruit Hort aantoon dat dit 'n eklektiese teks is. In hierdie eerste twee punte het Hort dus uit sowel chronologiese as historiese oogpunt aangetoon dat die Siriese teks 'n sekondêre aard het. (c) Deur die gebruik van die eerste stap van hul metode, die interne getuïenis van lesings, toon Westcott en Hort in die derde plek aan dat die Siriese teks ook inhoudelik 'n swak teks is, waarvan die tipiese of karakteristieke lesings die eklektiese en sekondêre aard van die teks onderstreep, omdat dit teologies, taalkundig en tekstueel 'n afgerondheid vertoon.




Op hierdie wyse het Westcott en Hort oortuigend aangetoon dat die Siriese teks nie die 'beste manuskrip' kan bevat nie, omdat hierdie teks chronologies, histories en inhoudelik sekondêr is. Dit is uiteindelik hoofsaaklik hierdie aspek van die metodiek van Westcott en Hort wat die gesag van die *Textus Receptus* finaal ondermyn het, omdat hierdeur aangetoon is dat die *Textus Receptus*, wat 'n verteenwoordiger van die laat-Siriese teks is, op geen wyse 'n verteenwoordiger van die oorspronklike teks kan wees nie.

Nadat Westcott en Hort op hierdie wyse die Siriese teks se aanspraak op die 'beste manuskrip' uitgeskakel het, bespreek hulle die ander twee tekste, die Alexandrynse en Westerse. Albei hierdie tekstipes was veel ouer as die Siriese teks en dateer uit die 2de eeu, omdat daar verteenwoordigers van sowel die vertalings as kerkvaders van hierdie families uit hierdie eeu dateer. Omdat hulle egter geen historiese argumente kon vind om aan te toon watter een van die twee primêr en watter een sekondêr is nie, moes hulle hul andermaal tot die interne getuïenis van lesings wend. Hiervolgens kies hulle die Alexandrynse teks, aangesien die Westerse teks 'n swak teks is wat deur onder andere interpolasie en harmoniëring gekenmerk word. Nieteenstaande die interpolasie in die Westerse teks, word daar tog 'n aantal treffende weglatings in hierdie teks aangetref. Dit is gevalle waar die Alexandrynse teks 'n lang en die Westerse teks 'n kort lesing het. Slegs in hierdie gevalle, die sogenaamde gevalle van Westerse non-interpolasie, is die Westerse teks van groter waarde as die Alexandrynse teks en bevat dit gevolglik waarskynlik die oorspronklike lesing.

Onder die Alexandrynse manuskripte, wat Westcott en Hort op grond van hul rekonstruksie van die geskiedenis van die teks as die 'beste groep' identifiseer, identifiseer hulle *Kodekse X* en B as die 'beste manuskrip'. Hulle ag hierdie manuskripte so hoog dat hulle as 'neutraal' bestempel word. Dit wil sê, hierdie manuskripte is met die uitsondering van enkele tipiese Alexandrynse lesings, 'neutraal' ten opsigte van tekskorrupsie. Veral waar *X* en B se getuïenis ooreenstem, beskou hulle die betrokke lesing as feitlik sinoniem met die lesing van die oorspronklike teks. In die tipering van *X* en B en in die keuse van hierdie twee manuskripte as die 'beste manuskrip' maak Westcott en Hort in besonder van die tweede aspek van hul metode, naamlik die interne getuïenis van dokumente, gebruik. Die oorweging van die interne getuïenis van die lesings in hierdie manuskripte het egter aangetoon dat selfs *X* en B, hoewel hulle 'neutraal' is, nie volledig betroubaar is nie en in een geval, naamlik die gevalle van Westerse non-interpolasies, het Westcott en Hort die lesings van hierdie manuskripte nie as verteenwoordigend van die oorspronklike teks geag nie. In hierdie gevalle was die Alexandrynse invloed in *X* en B sodanig sigbaar dat hul lesings nie 'neutraal' was

nie en gevolglik ten gunste van die Westerse lesings verwerp moet word.

Westcott en Hort se rekonstruksie van die geskiedenis van die teks kan soos volg voorgestel word:



(kyk Metzger 1968b: 134)

Dit is duidelik dat Westcott en Hort se rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en gevolglik ook hul identifikasie van die 'beste manuskrip' die praktiese vergestaltung van hul metode is, omdat hulle die verskillende aspekte van die metode suksesvol gesistematiseer en geïntegreer in die rekonstruksie gebruik. Dit is presies hierdie eienskap van Westcott en Hort se metodiek wat die metodiek so oortuigend maak en wat uiteindelik vir die val van die *Textus Receptus* verantwoordelik was.

**Literatuur:** B Aland 1976; 1986a; K Aland 1965/66b; 1970/71; Aland & Aland 1982; Burgon 1883;

1896a; 1896b; AC Clark 1918; Epp 1974; 1976a; 1980; Fee 1971a; 1971b; RM Grant 1950; Hoskier 1914; King 1964; Metzger 1971; Martini 1978; Pickering 1980; Sturz 1984; Suggs 1957/58; Westcott & Hort 1974; Zuntz 1953.

#### (d) Die teks

Wanneer Westcott en Hort se teks ontleed word, is dit duidelik dat hulle die proses wat in die paragraaf hierbo beskryf is, baie getrou navolg. Hulle gebruik feitlik altyd die lesings ten opsigte waarvan X en B ooreenstem. Die uitsondering is die Westerse non-interpolasies, wat hulle bo die lesings van hulle 'beste manuskrip' verkies. Voorbeelde is Mt 27: 49; Lk 22: 19-20; 24: 3, 6, 36, 51 en 52. As sodanig is hulle teks dus 'n bykans volmaakte voorbeeld van 'n goeie toepassing van die klassieke metode. Volgens die definisie van die klassieke metode bestaan dit uit twee prosesse: *recensio*, die kern van die metode, waarvolgens die beste manuskrip op grond van hoofsaaklik historiese getuienis gekies word, en *emendatio*, waarvolgens die beste manuskrip ondersoek word ten einde te bepaal of dit nie nog veranderings nodig het nie. In Westcott en Hort se geval loop die *recensio*-gedeelte uit op die identifikasie van X en B as 'beste manuskrip' terwyl die *emendatio*-gedeelte uitloop op, byvoorbeeld, die vervanging van langer lesings in die twee manuskripte met Westerse non-interpolasies.

**Literatuur:** Fee 1974b.

#### 5.2.2 Die eerste kritiese vertaling

Sedert sy jeug was dit Hort se uitgesproke wens om die *Textus Receptus* se gesag te verbreek en saam met Westcott het hy uiteindelik die grootste gedeelte van sy lewe daaraan gewy. Hoewel hulle op hulle eie gewerk het, was die jarelange arbeid van Westcott en Hort nou verweef met die projek om die Engelse vertaling van die Bybel in Engeland te hersien. Beide Westcott en Hort het naamlik in die komitee gedien wat onder die voorsitterskap van Biskop Ellicott gevorm is om die ou *Authorised Version of King James Bible* van 1611 te hersien. Wat aanvanklik as 'n matige hersiening bedoel was, het uiteindelik op 'n nuwe vertaling uitgeloop, wat nie net kleiner aspekte soos taal en styl nie, maar veral ook die grondteks geraak het. Die resultaat, die *Revised Version*, wat in dieselfde tyd as Westcott en Hort se teks verskyn het, het gevolglik in 'n groot mate met die teks van Westcott en Hort ooreengestem en vanselfsprekend 'n radikale breuk met die teks van die Nuwe Testament in ou *King James Bible* en die *Textus Receptus* verteenwoordig. Op

hierdie wyse het die *Revised Version* die eerste vertaling van die Bybel geword wat op 'n kritiese weergawe van die Griekse Nuwe Testament gebaseer was. Hierdie praktyk sou daarna deur alle nuwe vertalings, met die uitsondering van die ou Afrikaanse vertaling en enkele moderne vertalings in Latyns-Amerika, gevolg word. Hierdie verbinding van die teks van Westcott en Hort aan 'n nuwe vertaling het baie bygedra tot die popularisering van die krities-wetenskaplike Griekse teks. Dit het egter ook bygedra tot fel en hewige kritiek van ondersteuners van die *Textus Receptus* - kritiek wat nie altyd die papier waarop dit geskryf was, werd is nie. Hoe dit ook al sy, met die publikasie van hierdie teks, het Hort sy langgekoesterde ideaal verwesenlik, en daarmee saam die tekskritiese wetenskap bevry van 'n onrealistiese gevangenskap waarin dit vir meer as vier eeue lank gekluister was.

Literatuur: Burgon 1883; Mauro 1973.

### 5.2.3 Reaksie op Westcott en Hort

#### (a) Salmon en Bédier

Soos te wagte, was nie almal met die nuwe kritiese teks en metodiek van Westcott en Hort gediend nie en reaksie het uit verskeie oorde op die teks en metode gevolg. Onder die meer gematigde kritici was *George Salmon* en die Fransman *Josef Bédier*. Terwyl Salmon dit veral gehad het oor Westcott en Hort se verwerping van die Westerse teks, was Bédier se kritiek meer metodologies van aard en het dit veral oor die genealogiese metode gehandel. Bédier self het verkies om die beste manuskrip nie op grond van historiese rekonstruksies te kies nie, maar op grond van interne aspekte, soos taal, styl, ortografie en die interne samehang en koherensie binne 'n manuskrip. Na die keuse van die beste manuskrip het hy die foute in hierdie manuskrip aan die hand van ander manuskripte gekorrigeer. Hy het dus verkies om 'n meer *eklektiese* werkwyse te volg, en was gevolglik die voorloper van die vroeë eklektiese beweging.

#### (b) Burgon

Veel ernstiger reaksie op Westcott en Hort het egter van die Brit *John William Burgon* gekom. In drie boeke, waarvan twee na sy dood deur *Edward Millar* afgerond en gepubliseer is, val Burgon Westcott en Hort se teks en metode op bykans elke denkbare vlak aan. Veral die eerste van die drie boeke, wat in 1883 onder die titel *The Revision Revised* verskyn het, is belangrik. Hierdie boek is 'n versameling van

drie artikels deur Burgon waarin hy poog om die 'gehare' van die *Revised Version* te ontbloot. Hoewel hierdie boek oor meer as bloot die grondteks handel en ook sake soos die vertaaltegniek en -metode van die vertaling aanraak, bestaan 'n groot deel van die boek uit 'n aanval op Westcott en Hort se teks, hul metode en hul teologiese integriteit. Veral drie punte van kritiek verdien vermelding:

In die eerste plek spreek Burgon skerp kritiek uit teen die feit dat die teks van Westcott en Hort hoofsaaklik op *Kodekse X* en B gebaseer is. In teenstelling met Westcott en Hort se beskouing van hierdie twee manuskripte, ag Burgon hulle as die mees onbetroubare manuskripte wat bekend is. Hy het 'n hele boek daaraan gewy om hierdie stelling te probeer staaf. In die tweede plek kritiseer Burgon Westcott en Hort se gebruik van die genealogiese metode, deur te beweer dat dit onmoontlik is om 'n genealogie van manuskripte daar te stel. In die derde plek wys hy sy lesers ook baie duidelik daarop dat Westcott en Hort in der waarheid 'skrifkritici' is, wat in hulle algemene teologie die gesag van die Skrif misken. Daarom is ook hulle tekskritiese werk van geen waarde nie, aangesien die nuwe teks en vertaling die Bybel verdraai en vervals.

Burgon se kritiek het egter nie veel tot gevolg gehad nie. Dit het nóg enige impak op die breë publiek (waarop dit in 'n groot mate gerig was) gehad, nóg op die wetenskaplike wêreld. Daarvan is die gewildheid en onmiddellike aanvaarding van Westcott en Hort se teks en metode deur die tekskritiese wêreld, en die onmiddellike aanvaarding van die *Revised Version* deur die publiek, 'n duidelike bewys. Uiteindelik het Burgon, sy argumente en sy denkrigting 'n laaste woestynstern geword teen die krities-wetenskaplike teks en metode, 'n stem wat slegs deur enkeles in die 20ste eeu gevolg is.

**Literatuur:** Burgon 1883; 1896a; 1896b; 1975a; 1975b; Hills 1972; Pickering 1973.

### 5.3 Samevatting


Om saam te vat: Dit is duidelik dat Westcott en Hort se werk die hoogtepunt van 'n era gevorm het. Die era van stryd teen die oorheersing van die *Textus Receptus*, wat in die teks van Mill vroeg in die 17de eeu begin is, het uiteindelik sy hoogtepunt en logiese afloop in die teks en werk van Westcott en Hort gehad. Dit het gebeur omdat hulle die nodige sistematiese en integrasie aan verskillende loshangende metodologiese ontwikkelinge verskaf het. So het hulle eksterne en interne getuënis, wat implisiet en ongenueanseerd in die werk van alle krities-gesinde tekskritici sedert Bengel teenwoordig was, van mekaar onderskei, behoorlik gedefinieer en die waarde van elk duidelik aangetoon. Hulle het die bestaande indeling en

waardebepaling van manuskripte deeglik gemotiveer en gestandaardiseer. Hulle het die indeling van manuskripte deur Bengel en andere, die genealogiese beginsel van Lachmann en die suggesties van 'n teksgeskiedenis deur Griesbach en ander, op 'n briljante wyse geïntegreer en uiteindelik 'n gedetailleerde en gemotiveerde rekonstruksie van die geskiedenis van die teks daargestel. Binne hierdie historiese model het hulle die oudste manuskripte oortuigend as die beste en mees betroubare aangetoon en uiteindelik 'n teks daargestel wat, as gevolg van die vaste historiese basis waarop dit berus het, moeilik verwerp kon word. Daarmee het hulle die *Textus Receptus* op oortuigende wyse verwerp en met 'n krities-wetenskaplike teks vervang. Ten slotte het hulle die metodologiese pad wat Lachmann ingeslaan het voltooi, deurdat hulle oortuigend aangetoon het dat die oplossing van die tekskritiese probleme in die Griekse Nuwe Testament, nie in interne getuienis nie, maar in historiese of eksterne getuienis gesoek moet word.

In dieselfde asem was Westcott en Hort se werk egter ook die begin van 'n nuwe era. Vir baie jare sou hulle rekonstruksie van die teksgeskiedenis, die sogenaamde Hortiaanse model, die middelpunt van navorsing in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bly. Hulle teks sou tekste wat ná hulle gepubliseer is, domineer in byna dieselfde mate as wat die teks van Erasmus die tekste ná hom gedomineer het. Verreweg die meerderheid tekste wat in die 20ste eeu gepubliseer is, sou hoofsaaklik gebaseer word op manuskripte van die Alexandrynse tekstipe wat nou met X en B ooreenstem. Hulle uitgangspunt, metode en historiese model is selfs vandag in 'n groot mate steeds die vertrekpunt van die huidige mees populêre metode in hierdie wetenskap. Die waarde van Westcott en Hort vir die metodologiese ontwikkeling van hierdie wetenskap blyk egter uit weinig dinge so duidelik as uit die feit dat feitlik alle werke wat in die 20ste eeu oor metodiek verskyn het (veral van teenstanders van Westcott en Hort en die rigting wat hulle ingeslaan het) 'n lang bespreking oor hul metodiek bevat.

Al hierdie dinge is 'n bewys dat dit nie oordrewe is om te beweer dat Westcott en Hort dié sentrale figure in die metodologiese geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek is nie.

Hierdie tydperk kan skematies soos volg voorgestel word:



## 6. DIE VESTIGING VAN DIE KRITIESE TEKS (1881-1930)

In die eerste ongeveer 50 jaar na Westcott en Hort se teks kan 'n verandering in die aard van die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bespeur word. Terwyl die klem tot voor Westcott en Hort op die teks geplaas is, en op die neerslag van resultate van metodologiese ontwikkeling op die een of ander wyse in 'n teks, is sedert Westcott en Hort meer aandag aan suiwer navorsing gegee. Dit is asof Westcott en Hort se teks vir 'n tyd lank voldoende was, terwyl aspekte van hulle metodiek eerder die aandag getrek het. Dit wil egter nie sê dat daar nie tekste gepubliseer is nie, allermins, die klem is egter net anders gelê. Veral vier rigtings van ontwikkeling kan geïdentifiseer word, naamlik die uitbouing van die klassieke metode van Westcott en Hort, die ontwikkeling van 'n meer eklektiese benadering, die laaste pleidoorie vir die herstel van die *Textus Receptus* en die saamstel van volledige kritiese apparate.

**Literatuur:** Kenyon 1933a; Schäfer 1960.

### 6.1 Die klassieke metode

Die klassieke metode en historiese model van Westcott en Hort het die verbeelding van die tekskritiese wêreld in so 'n mate aangegryp dat elemente en aspekte

daarvan die toneel vir die volgende ongeveer vyftig jaar oorheers het. Veral aspekte van die geskiedenis van die teks het die verbeelding aangegryp. Sake soos die bestudering van die teksfamilies, die klassifikasie van manuskripte en die onderlinge verhouding van die teksfamilies tot mekaar het besondere aandag ontvang. Hoewel die grootste deel van die navorsing daarop gerig was om aspekte van Westcott en Hort se model te verfyn, was daar ook tekskritici wat met alternatiewe rekonstruksies van die teksgeskiedenis vorendag gekom het. Uit 'n metodologiese oogpunt het al die navorsing egter binne die raamwerk van die klassieke metode plaasgevind. Die *recensio-emendatio*-raamwerk is dus behou, niesteenstaande verskille ten opsigte van die detail van historiese modelle. Gevolglik is die tekste wat saamgestel is, feitlik almal binne die Westcott en Hort-tradisie saamgestel.

(a) Nestle

Die eerste belangrike teks na die teks van Westcott en Hort verskyn in 1898 in Duitsland. *Eberhard Nestle* publiseer in hierdie jaar die eerste uitgawe van 'n teks wat hy saamgestel het op grond van 'n vergelyking van die belangrikste kritiese uitgawes tot op daardie stadium. Hy het naamlik die tekste van Tischendorf, Westcott en Hort, en Weiss vergelyk en telkens die meerderheidslesing in sy teks gepubliseer. Die teks het sedert sy vroeë ontstaan talle uitgawes beleef en na Nestle se dood in 1913 is die werk deur sy seun *Erwin Nestle* voortgesit. Sedert die 24ste uitgawe van die teks in 1960 tree *Kurt Aland*, die voormalige direkteur van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland, as samesteller op en sedertdien staan die teks as die *Nestle-Aland*-teks bekend. Die laaste uitgawe van die teks tot op datum, die 26ste, het in 1979 verskyn en is onder voorsitterskap van Aland deur 'n paneel van vyf deskundiges saamgestel. Uit die aard van die saak het die teks deur die jare verskillende veranderinge ondergaan. Waar dit aanvanklik 'n teks was waarin die meerderheidslesing van verskillende gepubliseerde tekste voorgekom het - dus 'n blote weergawe van die stand van die wetenskap op daardie stadium - het dit later 'n kritiese uitgawe in eie reg gevorm. Vandag word die 26ste uitgawe aanvaar as die voorste saku uitgawe van die Griekse Nuwe Testament. Dit word deur sommige as 'n nuwe standaarduitgawe beskou. Nestle is naas sy teks ook bekend vir 'n besonder gedetailleerde inleiding in die Tekskritiek, wat aanvanklik in 1897 verskyn het en verskillende uitgawes beleef het.

Literatuur: Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979; Nestle 1909; Nestle (ed) 1898; Nestle & Aland (eds) 1960; 1963.



**(b) Gregory, Von Dobschütz, Von Harnack, Dibelius en Lietzman**

Hoewel hulle geen teks die lig laat sien het nie, verdien die name van twee Duitse geleerdes, *Casper Rene Gregory* en *Ernst von Dobschütz*, vermelding. Saam met 'n aantal ander Duitse tydgenote, waaronder *Adolf von Harnack*, *Martin Dibelius* en *Hans Lietzman*, het Gregory en Von Dobschütz aan verskillende aspekte van die metodologie aandag gegee. Wat veral Gregory, en in 'n mindere mate Von Dobschütz egter van besondere belang vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek maak, is die feit dat hulle die verwysing- of noteringsstelsel van die manuskripte van die Nuwe Testament gestandaardiseer het.

**Literatuur:** Gregory 1900-1909; 1907; 1908; Von Dobschütz 1924; 1926; 1928; 1933; Von Harnack 1916; 1931.

**(c) Souter**

In 1910 verskyn die teks van *Alexander Souter* in Engeland. Met hierdie teks het Souter nie probeer om 'n eie uitgawe van die Griekse Nuwe Testament daar te stel nie, maar bloot om die teks wat agter die *Revised Version* lê, te rekonstrueer. Hoewel die *Revised Version*, soos hierbo gesê, op 'n teks soortgelyk aan Westcott en Hort se teks, gebaseer was, was dit nie op Westcott en Hort se teks self gebaseer nie en is daar talle verskille tussen die twee tekste. Souter het gepoog om met sy uitgawe die werklike grondteks van die *Revised Version* daar te stel.

**Literatuur:** K Aland 1959; Kilpatrick 1949a; Schäfer 1960; Souter 1960; Souter (ed) 1910; 1947.

**(d) AC Clark**

In 1933 verskyn daar in Engeland 'n merkwaardige teks van Handeling van die Apostels, wat deur *Albert C Clark* saamgestel is. Dit is die resultaat van navorsing wat op teorieë wat twee dekades vroeër reeds in publikasies verskyn het, gebaseer was. Wat hierdie uitgawe merkwaardig maak, is die feit dat dit drasties van die aard van die Westcott en Hort-tekste en ander tekste soos dié van Nestle of van Souter verskil het. Sedert Westcott en Hort, eintlik al sedert Bengel, is aanvaar dat die kort lesing eerder as die lang lesing 'n meer getroue weergawe van die oorspronklike teks sou wees. Dit het gespruit uit die feit dat die ouer dokumente, wat sedert Bengel 'n meer getroue weergawe van die oorspronklike teks as die latere manuskripte geag is, normaalweg 'n korter teks gehad het as die latere dokumente. Clark het egter nie met hierdie beginsel akkoord gegaan nie en dit omgekeer. Sy

bekende teorie lui dat dit met 'n teks gaan soos met 'n reisiger wat by verskillende plekke aandoen en by verskillende herberge slaap. Telkens waar hy oornag verloor hy iets van sy bagasie, totdat hy uiteindelik veel minder oor het as waarmee hy begin het. Die uiteinde is dus dat die kort Alexandryse teks die produk van hierdie 'bagasieverlies' is. Gevolglik beskou hy die langer Westerse teks as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks as die korter Alexandryse teks. Sy teks was gevolglik in direkte opposisie met dié van Westcott en Hort, deurdát dit in 'n baie groot mate met die Westerse ooreengekom het. Sy teorieë en teks is eger deur tydgenote en latere tekskritici gekritiseer, sodat sy teks vandag weinig meer as historiese waarde het.

**Literatuur:** AC Clark 1914; 1918; 1970.

### (e) Von Soden


Een van die belangrikste tekskritici van die eerste helfte van die 20ste eeu, *Hermann Freiherr von Soden*, publiseer in 1902-1913 'n monumentale weergawe van die Griekse Nuwe Testament, vergesel van 'n inleiding, waarin hy in detail sy weergawe van die geskiedenis van die teks uiteensit. Von Soden se werk was in vele opsigte revolusionêr, en sowel sy teks en kritiese apparaat as sy historiese model het drasties van dié van Westcott en Hort verskil.

Die grondslag van sy teks is sy tekshistoriese model. Op grond van 'n gedetailleerde bestudering van die *pericope de adultera* (Jh 7: 53-8: 11) en 'n meer algemene bestudering van ander dele van die Nuwe Testament, identifiseer hy drie teksfamilies of tekstipes: 'n *H-teks*, *I-teks* en *K-teks*. Die H-teks (of *Hesychiusteks*) sluit die manuskripte X, B, C, L, Δ, Ψ, enkele minuskels, die Sahidiese en Bohairiese vertalings en enkele Alexandryse kerkvaders in. Dit kom ooreen met Westcott en Hort se Alexandryse teks, met die verskil dat Von Soden meen dat die teks sy oorsprong by 'n resensie deur *Hesychius* van Egipte het (en nie na die oorspronklike teks teruggaan, soos Westcott en Hort gemeen het nie). Die I-teks (of *Jerusalemteks*) sluit manuskripte soos D, Θ, 28, 565, 700 en die Latynse vertalings in. Hy herlei hierdie tekstipe se ontstaan na 'n resensie deur *Eusebius* en *Pamphilus* van Caesarea. Hierdie tekstipe is 'n besonder heterogene teks, met die gevolg dat hy 'n aantal subgroepe daarin identifiseer. Die teks kom met Westcott en Hort se Westerse teks ooreen, maar sluit elemente van dit wat vandag as die Caesareaanse teks bekend staan, in. Die K-teks (of *Koinetek*) sluit die groot gros manuskripte in en kom ooreen met Westcott en Hort se Siriese teks. Von Soden herlei hierdie teks, soos Westcott en Hort, na die resensie deur *Lucianus* van Antiochië. Ook in hierdie

tekstipe identifiseer hy 'n aantal subgroepe.

Tot sover is daar nie veel verskil tussen Von Soden en Westcott en Hort nie. Die verskil kom egter in by die posisie wat hy aan hierdie groepe toeken in sy tekshistoriese model. Hy meen naamlik dat die drie tekstipes al drie resensies is, dit wil sê doelbewus deur die betrokke persone geskep is met die doel om die teksoorlewering in bepaalde gebiede te standaardiseer. Agter die drie tekstipes lê dus 'n tradisie, waaruit elk van die drie tekstipes ontstaan het. Dit noem hy die *I-H-K-tekse*. Hierdie I-H-K-tekse is vir 'n tyd lank homogeen oorgelewer, voordat dit op 'n vroeë stadium aan tekskorrupsie deur onder andere Marcion en veral Tatianus onderworpe was. Vanweë die verwarring wat hierdie tekskorrupsie in die hand gewerk het, het die genoemde persone probeer om die teks te herstel deur resensies daar te stel. Von Soden meen dan dat daar geen manuskripte oorgebly het wat die I-H-K-tekse bevat het nie, en dat alle manuskripte wat beskikbaar is, dus uit die tydperk na die gepoogde standaardisering afkomstig is. Wanneer die tekskritikus die teks wil herstel, is dit gevolglik sy taak om aan die hand van die manuskripte van die onderskeie resensies, eers die I-H-K-tekse te rekonstrueer en daarna die oorspronklike teks uit die I-H-K-tekse te rekonstrueer deur sake soos foute wat ooglopend aan Marcion of Tatianus toegeskryf kan word, uit die teks te weer. Dit is hieruit duidelik dat die metode wat Von Soden gebruik, nie anders is as die klassieke metode nie. Hoewel sy historiese model van Westcott en Hort s'n verskil, is sy metode dieselfde. Die *recensio*-gedeelte van die metode bestaan uit die rekonstruksie van die I-H-K-tekse, terwyl die *emendatio*-gedeelte uit die herstel van Marcion en Tatianus se invloed bestaan.

Die volgende skematiese voorstelling van sy tekshistoriese model kan gemaak word:



Von Soden se teks was uiteindelik selfs meer revolusionêr as sy metodiek. Nie alleen het sy teks nader aan die *Textus Receptus* gestaan as die ander tekste van sy tyd nie - iets wat spruit uit die feit dat hy 'n gelyke posisie aan die *Koinetekse* en die ander tekste in sy model toegeken het en nie 'n ondergeskikte plek soos Westcott en Hort en hulle volgelinge nie - maar veral merkwaardig was die kritiese apparaat wat sy teks vergesel het. Hy het naamlik probeer om 'n volledige kritiese apparaat by sy teks in te sluit, waarin die lesings van alle bekende manuskripte, vertalings en sitate, weergegee word. Dit was dus bedoel om 'n soort nuwe *Tischendorf*<sup>8</sup> te wees. Vir hierdie doel het hy 'n nuwe noteringsstelsel, wat drasties van dié van die standaardstelsel van Gregory verskil het, ontwerp. Dit is 'n ingewikkelde stelsel, waarin inligting soos 'n manuskrip se ouderdom en teksverwantskap, in die simbool van elke manuskrip vervat is.

Hoewel Von Soden se werk belangstelling gaande gemaak het, is dit nie deur die tekskritiese wêreld aanvaar nie en word hierdie hele grootse poging van Von Soden as 'n mislukking beskou. Van die belangrikste punte van kritiek sluit die volgende in: Sy klassifikasie van manuskripte in die verskillende teks- en subtekstipes is twyfelagtig, omdat hy manuskripte saamgroepeer wat nie werklik saamhoort nie. Hy het Tatianus se invloed op die oorlewering van die teks oorskakel. Sy I-H-K-hipotese is problematies, omdat dit 'n gelyke plek aan die *Koinetekse* toeken. Sy teks verteenwoordig om laasgenoemde rede 'n te groot terugkeer na die *Textus Receptus* en is daarom regressie eerder as progressie. Ook sy kritiese apparaat is nie sonder probleme nie: Kollasies is dikwels onakkuraat of onvolledig. Verder is ook sy noteringsstelsel te ingewikkeld om werklik bruikbaar te wees. Tog is sy werk nie sonder waarde nie, en word vandag aanvaar dat veral sy identifikasie van subtekstipes onder die *Koinetekse* (Bisantynse teks) en sy indeling van manuskripte binne hierdie subtekstipes akkuraat was en daarom besonder waardevol is. Dit word vandag steeds gebruik as die basis van navorsing oor die Middelleeuse Bisantynse teks.

**Literatuur:** Champlin 1966; JK Elliott 1974; Epp 1974; Gallagher 1970; Geerlings 1961a; 1961b; 1962a; 1962b; 1963; 1968a; 1968b; FC Grant 1950; Kenyon 1933a; Roysse 1979; Schäfer 1960; Thiele 1967; Von Soden 1902-13; Wisse 1982.

#### (d) Vogels, Merk en Bover

In 1920 verskyn die teks van *Heinrich Joseph Vogels*, 'n Duitse geleerde. Hierdie teks was die eerste van drie tekste wat in die middel van die 20ste eeu deur Rooms-Katolieke tekskritici gepubliseer is. Die ander twee is die tekste van *Augustin Merk*

in 1933 en *José Maria Bover* in 1943. Die teks van Vogels, wat ook belangrik is omdat sy inleiding in die Tekskritiek, wat in 1923 verskyn het, tot voor die laaste inleiding deur die Alands as die standaardinleiding in Duits beskou is, is nader aan die *Textus Receptus* as die ander kritiese uitgawes van die tyd. 'n Interessante aspek van die teks van Bover, is die feit dat die invloed van die Vulgata daarin sigbaar is, sodat sy teks weer nader aan die Westerse teks staan as die ander kritiese uitgawes van die tyd, hoewel dit nie naastenby so naby daaraan is as Clark se uitgawe van Handeling 2 nie.

**Literatuur:** K Aland 1959; Bover 1943; Kilpatrick 1949b; Merk 1933; Schäfer 1960; Vogels 1923; 1955.

### (e) Lake, Blake en Streeter

Hoewel hulle geen teks gepubliseer het nie, is die werk van twee Amerikaners, *Kirsopp Lake* en *Silva Lake*, belangrik. Soos Nestle en die meeste tekskritici voor hulle, het hulle in besonder aandag aan verskeie aspekte van Westcott en Hort se historiese model gegee in 'n poging om dit te verfyn. Wat hulle werk van besondere belang maak, is die feit dat hulle betrokke was by in die identifikasie van die *Caesareaanse* teks, wat 'n baie pertinente verfyning van die Westcott en Hort-model verteenwoordig. Die 'ontdekking' van hierdie teks het 'n lang en interessante geskiedenis: In 1868 toon *WH Ferrar* aan dat 'n bepaalde groepie minuskels direk aan mekaar verwant is. So word f<sup>13</sup> geïdentifiseer. Verdere navorsing vroeg in die 20ste eeu deur die Lakes het getoon dat hierdie groep verwant is aan f<sup>1</sup> en die minuskels 28, 565 en 700. Later het Kirsopp Lake saam met sy kollega *RP Blake* aangetoon dat *Kodeks Θ* ook by hierdie groep hoort. Uiteindelik het *BH Streeter* laat in die twintigerjare hierdie groep met die teks wat Origenes in Caesarea gebruik het, verbind, sodat die tekstipe die naam Caesareaanse teks gekry het. Die ontdekking van die Caesareaanse teks verteenwoordig waarskynlik die grootste enkele poging om die Westcott en Hort-model te verfyn en kan daarom as die hoogtepunt van die tekskritiese navorsing in die begin van die 20ste eeu gesien word.

**Literatuur:** K Lake 1949; Lake Blake & New 1928.

### (f) Kenyon


'n Belangrike figuur uit die Britse Tekskritiek is *Frederick G Kenyon*. Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, het hy veel tot die metodologiese ontwikkeling

bygedra deurdat sy inleiding in die Tekskritiek in die eerste gedeelte van die eeu as die standaardwerk in Engeland gebruik is. Hy volg die weg wat Westcott en Hort aangedui het en het ongetwyfeld baie bygedra tot die popularisering van Westcott en Hort se metodiek in Brittanje.

Literatuur: Kenyon 1912; 1933a; 1939; 1949.

(g) Streeter

'n Tydgenoot van Kenyon in Brittanje, na wie hierbo in verband met die ontdekking van die Caesareaanse teks verwys is, is die laaste belangrike figuur in die ontwikkeling van die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in die vroeë gedeelte van die 20ste eeu. Hoewel *Burnett Hillman Streeter* ook geen teks gepubliseer het nie, waarskynlik as gevolg van sy vroeë dood in 'n vliegtuigongeluk, is Streeter, soos Von Soden, veral vir sy poging om Westcott en Hort se historiese model met 'n eie nuwe historiese model te vervang, bekend. In 'n sekere sin is Streeter se model selfs belangriker as Von Soden se model, omdat hy probeer om 'n totaal benadering - 'n geografiese benadering - tot die geskiedenis te volg. Vanweë die geografiese basis van sy teorie, staan sy teorie as die *teorie van lokale tekste* bekend. Hierdie teorie hou in dat daar in elke kerklike streek 'n eie (lokale) tekstipe ontstaan het, omdat die teks aanvanklik binne elke kerklike streek in 'n groot mate van isolasie oorgelewer is, met die gevolg dat eiesoortige en onafhanklike lesings in die manuskripte van elke streek ontstaan het. Hy identifiseer lokale tekste in die volgende gebiede: Alexandrië; die Ooste, waar twee lokale tekste voorgekom het, naamlik in Caesarea en Antiochië; en die Weste, waar ook twee voorgekom het, naamlik in Italië en Kartago. Later het daar 'n tendens ontwikkel om 'n akkurate en getroue teks te gebruik. In hierdie proses het die kleiner kerksentra manuskripte by die groter kerksentra in hul metropolitaanse gebiede gekry en op hierdie wyse sou die lokale tekste van die kleiner sentra met dié van die groter sentra assimileer. Uiteindelik het ook die groter kerksentra hulle tekste met mekaar vergelyk in 'n poging om 'n teks daar te stel wat algemeen aanvaar kon word. Op hierdie wyse het die Bisantynse teks tot stand gekom. Hierdie model kan soos volg skematies voorgestel word:



(kyk Metzger 1968b: 171)

Op grond van hierdie model identifiseer Streeter die 'beste manuskrip'. Omdat die grootste mate van diversiteit onder die lokale tekste vroeg in die 3de eeu voorgekom het, moet die tekskritikus in sy poging om die 'beste manuskrip' te vind, die archetype van die verskillende lokale tekste identifiseer. Om dit te kan doen, is dit egter noodsaaklik om eers die teks van elke lokale tekstipe te identifiseer of te rekonstrueer. Op grond van hierdie rekonstruksies moet die archetype waaruit die tekstipes voortgekom het, uiteindelik gerekonstrueer word.

Dit is duidelik dat daar 'n ooreenkoms tussen die Hortiaanse historiese model en dié van Streeter is. Die twee modelle stem duidelik ooreen ten opsigte van die identifikasie van die tekstipes waarmee dit werk. Hoewel Streeter met vyf tekstipes, naamlik dié van Alexandrië, Caesarea, Antiochië, Italië en Kartago werk, deel hy hierdie tekstipes in drie groter groeperinge in, naamlik 'n Oosterse, Westerse en Alexandrynse. Die Alexandrynse teks in Streeter se teorie is dieselfde

as Hort se Alexandrynse teks. Streeter se Westerse teks is dieselfde as Hort se Westerse teks, terwyl Streeter se Oosterse teks basies die nuutgeïdentifiseerde Caesareaanse teks is. Dit is gevolglik slegs in hierdie laaste opsig dat Streeter by die nuwe ontwikkelinge van sy tyd, waarby hy self betrokke was, aansluit en Hort se model verfyn. Ook Streeter se teorie in verband met die Bisantynse teks, naamlik dat dit na 'n standaardiseringsproses uit die ander tekste ontstaan het, klop in breë trekke met Hort se teorie oor die Bisantynse teks. In wese is daar dus nie veel verskil tussen Streeter en Hort nie. Streeter het Hort se rekonstruksie verfyn deur dit binne 'n geografiese konteks te plaas, dit is, deur die tekstipes geografies te definieer.

**Literatuur:** RP Martin 1975; Streeter 1924.

## 6.2 Eklektisisme

In navolging van die kritiek van Josef Bédier op Westcott en Hort, was daar 'n klein groepie tekskritici wat aan die begin van die 20ste eeu verkies het om eerder met interne getuienis te werk. Omdat hulle nie een bepaalde tekstipe gevolg het nie, maar tekste saamgestel het deur lesings van verskillende tekstipes te kies, staan hierdie benadering as 'n eklektiese benadering bekend. Dit is geensins 'n homogene benadering nie, en die verskillende eksponente daarvan het elk sy eie doel daarmee gehad.

### (a) Weiss

*Bernhard Weiss* publiseer in 1894-1900 'n teks in drie volumes. Omdat Weiss hoofsaaklik 'n eksegeet was, het hy hom in die samestelling van sy teks hoofsaaklik deur sy eksegetiese arbeid laat lei. Uiteindelik het sy teks in 'n groot mate met dié van *Kodeks B* ooreengekom en het dit dus ook nie veel van Westcott en Hort se teks verskil nie.

**Literatuur:** Weiss 1894-1900; Thiele 1967.

### (b) Turner

Waarskynlik die belangrikste figuur in die ontwikkeling van die eklektiese benadering vroeg in die 20ste eeu was die Brit, *CH Turner*. Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, het hy sy tekskritiese denke in die twintigerjare van hierdie eeu



bekend gemaak in 'n reeks artikels oor die taal en styl van Markus. Hy breek eksplisiet met die soeke na die beste manuskrip deur Westcott en Hort se bekende uitgangspunt '*knowledge of documents should precede final judgement...*' te verander na '*knowledge of author's usage should precede final judgement...*'. Hoewel hy geen teks saamgestel het nie, is die resultate van sy metode in die genoemde reeks artikels sigbaar, waarin dit duidelik is dat hy hoofsaaklik met stilistiese en filologiese aspekte (dus Hort se interne getuienis van lesings) werk.

**Literatuur:** CH Turner 1924; 1925a; 1925b; 1925c; 1925d; 1926; 1927a; 1927b; 1927c; 1928a; 1928b.

### 6.3 Die *Textus Receptus*

#### (a) Scrivener

Naas Burgon het vroeg in die 20ste eeu ook nog *FHA Scrivener* en *HC Hoskier* Burgon se gedagterigting gevolg en die *Textus Receptus* teen die nuwe kritiese benadering probeer verdedig. Terwyl Hoskier se kritiek baie skerp en emosioneel was, was Scrivener se kritiek heelwat meer getemper en tersaaklik. Scrivener was terloops ook een van die aanvanklike hersieners in die hersieningskommissie wat vir die *Revised Version* verantwoordelik was, maar het na 'n ruk bedank omdat hy nie kon saamgaan met die gees en rigting wat ingeslaan is nie.

**Literatuur:** Scrivener 1894.

#### (b) Hoskier

Hoskier se kritiek teen Westcott en Hort het verskyn in sy monumentale ontleding van die verskille tussen *Kodekse X* en B wat in 1914 in twee dele gepubliseer is. In 'n poging om die twee manuskripte se tekstuele integriteit te bevraagteken, toon hy aan dat daar meer as drieduisend verskille tussen hierdie twee manuskripte is en lei daaruit af dat hulle geen betroubare weergawe van die oorspronklike teks kan wees nie. Soos Scrivener aanvaar hy, in navolging van Burgon, die *Textus Receptus* as 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks.

Naas hierdie werk is Hoskier veral bekend vir sy teks van Openbaring wat in 1929 verskyn het. Omdat hy 'n groot voorstander van die *Textus Receptus* was, druk hy die teks van die *Textus Receptus* in sy Openbaringsteks af. Die belang van die teks lê eger in die kritiese apparaat. Soos Tischendorf en Von Soden, wat beide gepoog het om volledige kritiese apparate vir hulle tekste te voorsien, probeer Hoskier om

'n volledige kritiese apparaat by hierdie teks in te sluit. Hierdie apparaat munt uit in volledigheid en akkuraatheid en is vandag steeds die standaardapparaat van die Openbaringboek.

Literatuur: Hoskier 1914; 1929.

#### 6.4 Vertalings

Gedurende hierdie vroeë deel van die 20ste eeu is baie van die ou vertalings in tale soos Engels, Frans en Duits hersien en feitlik sonder uitsondering is verstellings aan die grondteks gemaak, sodat 'n grondteks gebruik is wat in 'n groter mate met die krities-wetenskaplike teks ooreengekom het.

'n Uitsondering was die ou Afrikaanse vertaling van 1933, wat steeds op die *Textus Receptus* gebaseer was. Dit is die moeite werd om vir 'n oomblik by hierdie gebeure stil te staan en te kyk waarom die ou Afrikaanse Bybelvertalers bereid was om die wetenskaplike ontwikkelinge van meer as tweehonderd jaar ten gunste van die *Textus Receptus* te ignoreer.

Literatuur oor die Afrikaanse Bybelvertaling gee maar 'n beskeie plek aan die grondteks van die Nuwe Testament. Dit is egter verstaanbaar as in ag geneem word dat die keuse van die grondteks waarskynlik nie die grootste, of selfs een van die grootste probleme van die destydse vertalers was nie. Sake soos die erkenning van Afrikaans, die wenslikheid van 'n Afrikaanse Bybel en die vraag of die Bybel uit Nederlands (die Statevertaling) of Grieks moes kom, was veel groter probleme.

Tog was die keuse van die grondteks nie vir die vertalers 'n onbelangrike saak nie en is daarvoor besin. Van die begin af is inderdaad in die regte rigting, dié van 'n kritiese teks, gedink. So word daar byvoorbeeld in 1885 aan SJ du Toit opdrag gegee om 'n vertaling te maak en die grondteks te gebruik wat vir die onlangs verskene Engelse vertaling gebruik is. Hiermee word waarskynlik na die grondteks van die *Revised Version*, dus waarskynlik die teks van Westcott en Hort, verwys. In 1886 word egter beswaar gemaak teen die gebruik van 'n kritiese teks, omdat daar gevoel is dat die Statevertaling, die uiteindelijke toetssteen vir die verwerping of aanvaarding van die Afrikaanse vertaling sal wees en dat 'n vertaling wat na aanleiding van die grondteks te ver van die Statevertaling sou afwyk, spoedig verwerp sou word.

In 1916 word opnuut 'n kommissie gevorm om met die vertaling van die Bybel te begin. Nadat aanvanklik besluit is om uit Nederlands (en nie Grieks nie) te vertaal, word na die verskyning van die proefuitgawe in 1922 besluit om tog maar uit Grieks te vertaal. Dit het die vraag na die grondteks weer na vore gebring en

ondanks kritiek van vooraanstaande teoloë uit Nederland, is tog besluit om die *Textus Receptus* as grondteks te gebruik. Veral Totius was gekant teen die gebruik van 'n kritiese teks. Hy het dieselfde praktiese beswaar daarteen gehad as wat teen SJ du Toit se vertaling gerig is, naamlik dat die gebruik van 'n teks wat van die Statevertaling verskil die hele vertaalpoging sou laat misluk - 'n beswaar wat ook deur andere gedeel is. Daarbenewens het hy ook prinsipiële beswaar gehad, wat waarskynlik die werklike rede vir sy afkeur aan die kritiese teks verraai. Hy was naamlik nie werklik oortuig dat die resultate van die ontwikkelinge in die Tekskritiek op vaste grond staan nie, met die gevolg dat hy nie heeltemal oortuig was dat die *Textus Receptus* 'n onbetroubare teks was nie. Verder het hy ook gemeen dat die werklike verskille tussen die *Textus Receptus* en die kritiese teks so min is, dat dit in werklikheid nie 'n verskil sou maak watter teks gebruik is nie.


Op hierdie wyse het die vroeë vertalers van die Afrikaanse Bybel in 1933 dus die wetenskaplike vordering van meer as tweehonderd jaar buite rekening gelaat toe hulle die Nuwe Testament moes vertaal. Deur die Afrikaanse Nuwe Testament op die *Textus Receptus* te baseer, is lesings by die Afrikaanse vertaling ingesluit wat duidelik nie deel van die oorspronklike Nuwe Testament was nie (soos die *comma johanneum* in 1 Jh 5: 7-8). Hoewel die taalstryd, en die vrees vir die verwerping van die Afrikaanse Bybel as sodanig, begrip vir die situasie en die besluit van die vertalers vra, is die Afrikaanse kerke deur hierdie besluit op die lang duur waarskynlik 'n onguns bewys. Dit tree tans in die debat oor die nuwe Afrikaanse vertaling van 1983 sterk na vore. Baie probleme en emosie rondom die nuwe vertaling kon vermy gewees het as die vertalers van 1933 die korrekte besluit ten opsigte van die grondteks van die ou Afrikaanse vertaling geneem het.

**Literatuur:** Petzer 1984a.

## 6.5 Samevatting

Hierdie tydperk in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek kan beskou word as die tydperk waarin die kritiese teks en benadering gevestig is. Die aandag het wegbeweeg van die *Textus Receptus* en aspekte van die Hortiaanse historiese model en die klassieke metode is verfyn en uitgebou. Ook is daar in hierdie tydperk tekens van die ontwikkeling van verskillende metodes en benaderings tot die herstel van die teks, sodat die gevolgtrekking gemaak kan word dat in hierdie tydperk 'n openheid en vryheid tot die teks en sy probleme ontwikkel het.

Die geskiedenis van hierdie tydperk kan skematies soos volg voorgestel word:



**7. DIE EKLEKTIESE TEKS (1930-1990)**

Veral twee ontwikkelinge onderskei die tydperk van die eklektiese teks van die voorafgaande. In die eerste plek het die ontdekking en beskikbaarstelling van die *Chester Beatty-papiri* in 1930 en veral die *Martin Bodmer-papiri* in 1956-1960 'n verandering gebring in die algemene rigting waarin die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek ontwikkel het, ofskoon dit aan die materie van die kritiese teks weinig verskil gemaak het. Waar die metode waarvolgens die teks gerekonstrueer is tot aan die einde van die dertigerjare 'n klassieke karakter gedra het, het dit nou al hoe meer 'n eklektiese karakter begin kry. In hierdie verband kan daar, na aanleiding van die invloed wat die ontdekking van die genoemde twee manuskripvondste op die metodiek gehad het, tussen twee subtydperke onderskei word. Die ontdekking van die *Chester Beatty-papiri* het die aandag op die manuskripte individueel gerig en minder aandag is aan die teksfamilies en historiese modelle gegee. Tussen 1930 en 1960 is daar dus eerder op 'n eklektiese bestudering van die manuskripte individueel gefokus. Die ontdekking van die *Bodmer-papiri* het die teksfamilies en tekshistoriese model weer in fokus gebring, sodat daar sedert ongeveer 1960 weer aan die bestudering van individuele manuskripte binne die konteks van die teksgeskiedenis aandag gegee is.

In die tweede plek het dit duidelik geword dat die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek as wetenskap te groot geword het vir 'n enkeling om oor te sien.

Daarom word die huidige Tekskritiek gekenmerk deur meer klem wat deur individue gelê word op individuele aspekte van hierdie wetenskap aan die een kant en groter projekte, waarby 'n aantal tekskritici gesamentlik betrokke is, aan die ander kant. Die verandering in die aard van die tekskritiese metode en die neerslag wat dit in tekste gevind het, bring mee dat hierdie tydperk as die tydperk van die eklektiese teks beskou kan word.

In die derde plek word die eklektiese tydperk, veral die laaste gedeelte daarvan, deur iets van 'n metodologiese chaos gekenmerk, omdat tekste aan die hand van verskillende uiteenlopende en botsende metodes saamgestel is. Hierdie probleme het in die sewentigerjare 'n kulminasiepunt bereik en op verskeie skerp metodologiese debatte in vaktydskrifte uitgeloop.

**Literatuur:** B Aland 1976; K Aland 1959; 1960; 1967g; 1979; Casey 1957; KW Clark 1964; 1968; JK Elliott 1968b; 1987a; Epp 1974; 1976a; 1976b; 1979; 1980; Fee 1978/79; Hodges 1971b; Kilpatrick 1965a; Klijn 1951/52; 1959b; 1960/61; 1969; 1971; Metzger 1966/67b; 1968f; Moulton 1965; Oliver 1962; Omanson 1983; DC Parker 1978; Petzer 1986; Pickering 1980; Schäfer 1960.

## 7.1 Eklektisisme

### 7.1.1 Vroeë eklektisisme (1930-1960)

Die ontdekking van die Chester Beatty-papiri in die twintigerjare het vir die eerste keer in die geskiedenis van hierdie wetenskap direkte inligting oor die toestand van die teks in die 3de eeu gebied. Dit was dus vir die eerste keer moontlik om die kernaspekte van die Hortiaanse tekshistoriese model materieel te toets. Daar is aanvanklik verwag dat die papiri die model sou bevestig deur netjies binne die model van teksfamilies in te pas. Die teendeel het egter geblyk. Die tekste van die papiri was gevolglik as gemengde tekste getipeer. Dit was op hierdie stadium nie vreemd nie, omdat tekstuele vermenging nie 'n vreemde verskynsel in die manuskripte van die Nuwe Testament is nie. Hoewel dit op hierdie stadium geen dramatiese invloed op die rigting van die ontwikkeling gehad het nie, het dit tog die aandag meer op die manuskripte self as op die teksfamilies gerig, en is al hoe meer begin om die belangrikste manuskripte los van die teksfamilies te bestudeer.

**Literatuur:** Birdsall 1957a.

(a) Lagrange en Vaganey

Die effek hiervan op die tekskritiese metode is in 'n sekere mate reeds in die werk van die twee Franse tekskritici *M-J Lagrange* en *Leon Vaganey* sigbaar. Lagrange pleit vir, wat hy noem, 'n rasonele benadering tot die tekskritiek, waarin tekskritiese probleme nie deur die historiese keuse van 'n 'beste manuskrip' opgelos word nie, maar waarin die tekskritikus elke tekskritiese probleem individueel oplos deur die oorweging van alle beskikbare, veral interne, getuienis en waarvolgens hy redes moet kan gee vir dit wat hy as die oorspronklike lesing beskou. Vaganey sluit hierby aan wanneer hy in sy inleiding tot die tekskritiek (wat tans steeds in 'n effens verwerkte vorm as die standaardhandboek in Frans geag word) 'n hele aantal beginsels of kriteria gee waaraan elke lesing in elke variasie-eenheid getoets moet word ten einde te bepaal watter kans dit het om die oorspronklike te verteenwoordig. Hoewel nie een van hierdie twee kritici 'n teks gepubliseer het nie, is hulle waarskynlik die duidelikste vroeë eksponente van die verandering van 'n klassieke metode na 'n eklektiese metode. Lagrange en Vaganey staan aan die begin van 'n geslag Franse tekskritici, onder wie veral *Jean Duplacy* en *R Amphoux* later belangrike werk gedoen het.

Literatuur: Colwell 1969e; Delobel 1984; Lagrange 1935; Vaganey 1937.

(b) Zuntz

Dat hierdie wyse van die bestudering van tekste spoedig posgevat het, is duidelik in die werk oor die Pauliniese Briewe van *Gunther Zuntz* in 1953. Hierdie detailbespreking van die lesings in die manuskripte van die Pauliniese Briewe volg in breë trekke dieselfde benadering as die wat Lagrange voorstel, deurdat Zuntz die variasie in die briewe lesing vir lesing bespreek terwyl hy besondere aandag aan die teks van P<sup>47</sup> wy. Hoewel ook hy geen teks gepubliseer het nie, is sy werk belangrik, omdat hy die nuwe benadering in sy invloedryke werk verder beklemtoon het. Die werk word steeds aanvaar as die standaardwerk oor die teks van die Pauliniese Briewe.

Literatuur: Zuntz 1953.

(c) BFBS<sup>2</sup>

Die eerste noemenswaardige teks wat in hierdie tydperk verskyn het, is die tweede uitgawe van die teks van die *British and Foreign Bible Society* (BFBS<sup>2</sup>), wat in 1954

verskyn het. Dit was 'n heruitgawe en effense verwerking van die eerste teks (wat in 1904 verskyn het) en is gesamentlik deur *Erwin Nestle* en *George Kilpatrick* voorberei. Die teks het egter nie veel van die eerste uitgawe verskil nie, ofschoon Kilpatrick 'n radikale weergawe van die eklektiese metode voorgestaan het.

**Literatuur:** BFBS 1954.

#### (d) Samevatting

Die vroeë eklektiese tydperk was dus gekenmerk deurdat meer aandag geskenk is aan inhoudelike aspekte en die ontwikkeling van 'n eklektiese benadering waarin ook interne getuienis 'n groot rol gespeel het. Dit is asof die Chester Beatty-papiri die tekskritiese wêreld laat besef het, dat die bestudering van manuskripte en tekstipes nie genoeg is om die probleme van die teks op te los nie en dat inhoudelike aspekte ook aandag moet kry. Vir 'n tyd lank het die bestudering van inhoudelike aspekte (in besonder die inhoud van bepaalde individuele manuskripte) die tekskritiek gevolglik gedomineer, met enkele egter uitsonderings steeds binne die raamwerk van die Hortiaanse tekshistoriese model.

**Literatuur:** Birdsall 1960.

#### 7.1.2 Latere eklektisisme: Gematig (1960 tot 1990)

Soos die ontdekking van die Chester Beatty-papiri 'n verandering in die rigting van die metodologiese ontwikkeling gebring het, het ook die ontdekking van die Martin Bodmer-papiri 'n eie stempel afgedruk op die rigting waarin ontwikkel is. Die koms van hierdie papiri het die aandag opnuut by die manuskripte en hul waarde vir die herstel van die teks bepaal en waar daar in die vroeë eklektiese periode veral aandag aan interne sake gegee is, het die geskiedenis van die teks en die rekonstruksie daarvan weer op die voorgrond begin tree.

Soos in die geval van die Chester Beatty-papiri, is aanvanklik gemeen dat die Martin Bodmer-papiri die Hortiaanse historiese model sou bevestig. Sekere manuskripte, soos P<sup>75</sup>, wat baie nou met die teks van *Kodeks B* ooreenkom, het dit inderdaad ook gedoen. Tog was daar 'n probleem, omdat sekere van hierdie manuskripte, soos P<sup>66</sup>, nie binne die Hortiaanse raamwerk wou pas nie. Dit het tekskritici genoop om ook weer na die Chester Beatty-papiri te kyk, wat dieselfde soort probleme gelewer het. Daar is besef dat dit problematies is om hierdie manuskripte sonder meer as gemengde manuskripte te beskou - dus manuskripte

wat eienskappe van meer as een tekstipe bevat - omdat hulle almal vroeër as die oudste manuskripte waarop die Hortiaanse model gebaseer was, gedateer word. Die gevoel was toe dat die Hortiaanse model nie in alle besonderhede meer korrek geag kan word nie, en dat dit dus hersiening nodig het. Die enigste aspek van die model wat steeds vasstaan en deur die papiri bevestig is, is die gronde waarop die *Textus Receptus* se aansprake om die oorspronklike teks te verteenwoordig, verwerp is. Hoewel die probleem dus besef en erken is, was dit egter nie so maklik om 'n alternatiewe rekonstruksie daar te stel nie, hoofsaaklik omdat die papiri so fragmentaries is dat dit moeilik vir finale gevolgtrekkings gebruik kan word. Gevolglik is nie almal dit eens oor hoe ver so 'n alternatiewe rekonstruksie moet gaan nie. Terwyl sommiges meen dat slegs detailverstellings aan die Hortiaanse model nodig is, meen andere dat die model in geheel hersien moet word. Die probleem is dus een van 'n gebrek aan inligting: Voldoende inligting is beskikbaar om probleme in die ou model uit te wys. Die inligting is egter te min om oortuigende alternatiewe te rekonstrueer.

**Literatuur:** K Aland 1957d; 1965; 1967a; 1970/71; 1979; 1981; Aland & Aland 1982; Birdsall 1960; KW Clark 1968; Delobel 1977; Fee 1978b; Filson 1957; Junack 1978; King 1964; Klijn 1956/57; 1960/61; 1971; Metzger 1961/62a; Petzer 1986; Porter 1967.

#### (a) Colwell

Hierdie dilemma waarin die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek beland het, het egter belangrike ontwikkelinge in verskillende aspekte van die metodologie meegebring. In die eerste plek het dit die aandag van die interne getuienis terug na die historiese elemente van die metode verskuif. Dit is byvoorbeeld reeds duidelik in die pleidooi van die Amerikaanse tekskritikus *Ernest C Colwell* in die vyftigerjare dat weer na Westcott en Hort teruggekeer moet word. Hierdie pleidooi is nie soseer 'n ondersteuning van die Hortiaanse model in al sy besonderhede as 'n pleidooi om meer aandag aan die teksgeskiedenis, in plaas van die bestudering van interne aspekte van manuskripte, te gee nie. Colwell self was nou betrokke by die ontwikkeling van metodologiese aspekte rondom die akkurate en noukeurige bepaling van die verwantskap van manuskripte en het baie gedoen om 'n goeie kwantitatiewe metode vir hierdie doel te ontwerp.

**Literatuur:** Colwell 1967; 1969a.



**(b) Metzger, Wikgren, Black, Martini, Klijn, Epp en Fee**

Die dilemma van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks het nie alleen gevolge vir detailaspekte van die metode gehad nie, maar het uiteindelik ook die metode self geraak. Omdat die onsekerheid dit onmoontlik gemaak het om finale gevolgtrekkings ten opsigte van die teks op historiese gronde te baseer, het die konsekwente gebruik van die klassieke metode onmoontlik geword. 'n Samesmelting van aspekte van die eklektiese benadering van die dertiger- tot sestigerjare en die nuwe klem op die tekshistoriese aspekte wat sedert die sestigerjare ontwikkel het, het uitgeloop op dit wat vandag as die *gematigde eklektiese metode* bekend geword het. Die ontwikkeling van hierdie metode staan in noue verband met die werk van tekskritici soos Colwell, *Bruce Metzger*, *Allan Wikgren*, *Matthew Black*, *Carlo Martini*, *Kurt Aland*, *Fred Klijn*, *Eldon Epp* en *Gordon Fee* en is ongetwyfeld verhaas deur die projek wat in 1955 deur die Verenigde Bybelgenootskappe (UBS) geloods is om 'n teks daar te stel wat veral vir die vertaling van die Griekse Nuwe Testament geskik is. Veral Metzger het baie bygedra tot die afronding en formulering van die metode vroeg in die sewentigerjare. Sedertdien het die metode veral groot invloed op die Amerikaanse tekskritiek gehad. Die metode is op die lesings gerig en doel daarvan is om aan die hand van eksterne en interne kriteria in elke geval van variasie te bepaal watter lesing waarskynlik die oorspronklike verteenwoordig. Op hierdie wyse moet die geskiedenis van elke variasie-eenheid individueel beskryf word. In elke geval van variasie moet die lesing wat deur die variasie-geskiedenis as waarskynlik die oorspronklike uitgewys word, gekies word.

**Literatuur:** Epp 1976a; 1976b; Fee 1976; 1982a; Martini 1978; Metzger 1968b; 1971; kyk ook literatuur by UBS-tekste (7.1.2(c)) hieronder.

**(c) Die UBS-tekste**

Hierdie metode is in die samestelling van die Verenigde Bybelgenootskappe se teks, die *sogenaamde* UBS-reeks, gebruik. Hierdie reeks tekste is op inisiatief van die groot vertaalkundige *Eugene A Nida* in 1955 van stapel gestuur. Die Duitser *Kurt Aland* is as voorsitter van 'n internasionale paneel tekskritici, bestaande uit hom, die Amerikaners Metzger en Wikgren, die Brit Black en die Italianer Martini (*AA Voöbus* het vir 'n kort rukkie in die plek van Martini in die paneel gedien), aangewys om die projek te koördineer. Die projek het spoedig resultate opgelewer toe die eerste uitgawe in 1966 (*UBS*<sup>1</sup>) en die tweede kort daarna in 1968 (*UBS*<sup>2</sup>) gepubliseer is. Selfs na die eerste twee uitgawes was die paneel nog nie tevrede nie

en in 1975 (*UBS<sup>3</sup>*) verskyn die derde en laaste uitgawe van hierdie teks. In 1983 verskyn 'n heruitgawe (*UBS<sup>3a</sup>*) van die derde uitgawe, waarin die tekskritiese apparaat hersien en op datum gebring is. Sedert die publikasie van hierdie teks het dit soveel belangstelling gaande gemaak dat dit as die nuwe standaardteks bekend geword het. Saam met die derde uitgawe het daar ook 'n kommentaar in 1971 verskyn, die *Textual Commentary*, wat deur Metzger geskryf is. Hierin behandel hy elke variasie-eenheid in die kritiese apparaat individueel en verduidelik hy watter redes en gronde die paneel vir elke beslissing gegee het.

**Literatuur:** K Aland 1966; 1968; 1977; Aland, Black, Metzger & Wikgren (eds) 1966; Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1968; 1975; 1983; M Black 1957/58; 1977; Bonsack 1968; EG Edwards 1977; JK Elliott 1973; 1975b; 1975c; 1978c; 1979b; 1979c; 1981b; Kilpatrick 1979a; Markham 1966; 1967; Moir 1967/68; Moulton 1966; Neill 1967; Nida 1959; Ross 1976b; 1983; Roysse 1983; Sparks 1968; Wallis 1967.

#### (d) Die Nestle-Aland-reeks

Intussen het ook die Nestle-Aland-teks enkele uitgawes beleef. Die 24ste uitgawe van die teks (*NA<sup>24</sup>*) het in 1960 verskyn en die 25ste (*NA<sup>25</sup>*) in 1963. Voor die verskyning van die UBS-reeks, en daarna saam met die tekste van hierdie reeks, het *NA<sup>25</sup>* die mees invloedryke teks tot die verskyning van die 26ste uitgawe van die reeks (*NA<sup>26</sup>*) in 1979 gebly. In *NA<sup>26</sup>* is presies dieselfde teks as dié in *UBS<sup>3</sup>* afgedruk. Die twee tekste verskil egter van mekaar ten opsigte van die tekskritiese apparaat, en terwyl die UBS-reeks 'n spesiale eenmalige projek van die Verenigde Bybelgenootskappe was, word die NA-reeks as die voortsetting van 'n trotse Duitse tradisie aangebied. Hierdie teks word onder groot protes van sommige kritici daarvan as die nuwe standaardteks deur sommige van sy samestellers aangebied.

**Literatuur:** K Aland 1959/60; 1960; 1968; 1977; 1982; Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979; Baarda 1980; Bartsch 1980; 1981; Collins 1984; De Jonge 1980b; Delobel 1980; JK Elliott 1981b; 1981c; Fee 1965; Larson 1981; Neiryck 1979; Nestle & Aland (eds) 1960; 1963; Van Belle 1980.

#### (e) Aland en die Institut für neutestamentliche Textforschung

Die voortgaande produksie en hersiening van veral die NA-reeks, maar tans ook die UBS-reeks, staan in 'n nou verband met die werk van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland. Hierdie instituut is na die Tweede Wêreldoorlog deur Kurt Aland gestig. Die eerste doel van die Instituut was om soveel moontlik van die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament op

mikrofilm vas te lê. Na ongeveer 'n halwe eeu se versamelwerk, wat alles onder Kurt Aland se leiding gedoen is, is in hierdie doel geslaag en tans is ongeveer vyf en neëntig persent van alle manuskripte van die Griekse Nuwe Testament by die Instituut op mikrofilm beskikbaar vir enigeen wat dit wil bestudeer. Die proses van die verwerking van die inligting in die manuskripte is tans onder leiding van *Barbara Aland*, die nuwe direkteur van die Instituut, aan die gang en die eerste resultate van die projek, naamlik om 'n kritiese uitgawe van die teks met 'n volledige kritiese apparaat van die Algemene Briewe saam te stel, is onlangs gepubliseer. Wanneer hierdie *Editio Maior Critica*-projek, wat reeds 'n aantal jare aan die gang is, afgehandel sal wees, is moeilik om te voorspel. Naas hierdie projek is daar ook 'n aantal ander projekte by die Instituut aan die gang. Onder die belangrikste is 'n rekenaarprojek waarvolgens klein fragmentjies wat uit slegs enkele letters bestaan, korrek geïdentifiseer kan word. Daarnaas word ook aandag gegee aan belangrike hulpmiddels by die bestudering van die teks van die Nuwe Testament. So is daar byvoorbeeld reeds volledige konkordansies (een met die hand en die ander met 'n rekenaar saamgestel) gepubliseer.

Naas al die praktiese voordele wat hierdie instituut vir die ontwikkeling van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek inhou, het dit ook belangrike metodologiese konsekwensies. Aland het naamlik in die laat vyftigerjare begin om 'n eie tekshistoriese model, hoofsaaklik gebaseer op die bestudering van die vroegste papiri, die lig te laat sien. Hoewel nog baie vrae onbeantwoord gelaat is, is die breë buitelyne van die model vroeg in die tagtigerjare gepubliseer (kyk hoofstuk 6 (3.2.2) hieronder vir beskrywing). Op grond van hierdie model word alle bekende manuskripte, na aanleiding van hulle waarde vir die rekonstruksie van die teks en teksgeskiedenis, deur middel van 'n ontleding van hulle teks in ongeveer 'n duisend geselekteerde variasie-eenhede in kategorieë ingedeel. Na aanleiding hiervan word besluit watter manuskripte in die rekonstruksie van die teks buite rekening gelaat kan word en watter daarvoor belangrik is.

**Literatuur:** B Aland 1976; 1986a; K Aland 1959; 1960; 1965; 1967a; 1967b; 1968; 1976b; 1979; 1981; 1986; Aland & Aland 1982; Kunst (ed) 1969; 1970; 1972; 1974; 1977; 1979; 1982; 1985.

#### (f) O'Callaghan

Vroeg in die sewentigerjare het 'n Spaanse tekskritikus, *José O'Callaghan*, beweer dat enkele papyrusfragmente onder die manuskripte wat by die Dooie See gevind is, moontlik manuskripte van die Nuwe Testament kan wees. Indien hierdie teorie sou slaag, kon dit 'n revolusie in hierdie wetenskap gebring het. Die fragmente was egter so klein - dit het slegs enkele letters bevat - dat daar bewys is dat daar ook talle

plekke in die Septuaginta is waar die manuskripte kan pas, sodat die teorie vandag verwerp is.

**Literatuur:** K Aland 1973; 1974; Benoit 1973; Estrada 1971/72; Fee 1973; Garnett 1973; Hemer 1974; Martini 1972; O'Callaghan 1972; 1973; Reicke 1972; Roberts 1972; Thiede 1984; Vardaman 1971/72; WJ White 1972.

### 7.1.3 Latere eklektisisme: Radikaal (1960-1990)

In die vyftigerjare het daar 'n herlewing van die vroeëre radikale toepassing van die eklektiese beginsel deur veral CH Turner voorgekom. Geïnspireer deur veral Lagrange se oproep tot rasonale kritiek, het enkele tekskritici heeltemal met die gedagte van 'n 'beste manuskrip' gebreek en gebruik hulle slegs, of hoofsaaklik, interne getuienis om die teks te rekonstrueer. 'n Aantal debatte tussen voor- (veral Elliott en Kilpatrick) en teenstanders (veral Flatt en Fee) van hierdie benadering het laat in die sewentigerjare voorgekom.

**Literatuur:** Ross 1983.

#### (a) Kilpatrick

Die beweging is deur veral *George D Kilpatrick* geïnisieer. Aangespoor deur die eis tot rasonale kritiek van Lagrange, het Kilpatrick naamlik begin om eksterne of historiese oorwegings geheel uit sy metode te laat en die teks te herstel deur bloot van interne oorwegings gebruik te maak. Dit vind uiteindelik neerslag in die *Greek-English Diglot*. Dit is uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks en Engels, waarvan die Griekse teks aan die hand van hierdie radikale eklektiese metode saamgestel is. Na die publikasie van enkele boeke van die Nuwe Testament gedurende 1961-1964, is besluit om die projek te laat vaar. Vandag is slegs enkele kopieë van hierdie teks nog beskikbaar. Dit is bekend dat Kilpatrick vir 'n geruime tyd besig was om die teks te hersien, toe hy vroeg in 1989 oorlede is. Hoewel hierdie teks onder fel kritiek deurgeloopt en uiteindelik deur die tekskritiese wêreld verwerp is, het dit tog 'n belangrike bydrae tot die metodologiese ontwikkeling van hierdie wetenskap gelever, omdat dit vir die eerste keer prakties gewys het wat die resultate van die eklektiese metode in sy radikaalste vorm is.

**Literatuur:** Fee 1976; Kilpatrick 1943; 1944b; 1958b; 1963c; 1965a; 1967b; 1976; 1978a; 1981; Kilpatrick (ed) 1961-1964.

**(b) Tasker**

Die teks van *RVG Tasker*, wat in 1961 verskyn het, verdien ook om vermeld te word. Hierdie teks was 'n poging om die teks ten grondslag van die *New English Bible*, te rekonstrueer en dit blyk dat dit ook op redelike konsekwente eklektiese beginsels gebaseer is.

**Literatuur:** Tasker (ed) 1964.

**(c) Elliott**

Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, is die werk van *J Keith Elliott*, 'n student van Kilpatrick, ook belangrik. Op die spoor van Kilpatrick, Lagrange en Turner gebruik hy uitsluitlik interne getuienis om tekskritiese probleme op te los. Benewens talle artikels het sy benadering in 'n gedetailleerde bespreking van die teks van die Pastorale Briewe neerslag gevind. Hierdie boek is 'n besonder deeglike bespreking van elke noemenswaardige variasie-eenheid in die betrokke briewe.

**Literatuur:** JK Elliott 1968b; 1972c; 1974; 1977c; 1978a; 1988c; Fee 1976; Flatt 1975.

**(d) Boismard en Lamouille**

Die laaste noemenswaardige eklektiese teks wat in die tagtigerjare verskyn het, is 'n uitgawe van die teks van Handeling deur twee Franse tekskritici, *ME Boismard* en *A Lamouille* in 1984. Hierdie is 'n merkwaardige teks omdat dit twee tekste van Handeling bevat, die Alexandrynse teks sowel as die Westerse teks. Die teorie ten grondslag van hierdie twee tekste is gewortel in die probleme rondom die feit dat sommige manuskripte van Handeling 'n kort Alexandrynse teks bevat, terwyl andere 'n lang Westerse teks bevat. Daar is geen voor-die-hand-liggende verklaring vir hierdie verskynsel nie, en geen oplossing wat daarvoor voorgestel is, slaag om alle probleme uit die weg te ruim nie. Eerder as om een van die twee tekstipes as verteenwoordigend van die oorspronklike Handelingeteks te kies, meen Boismard en Lamouille dat beide tekste uit die pen van die skrywer van Handeling gekom het en dat een 'n latere hersiening van die ander is. Hierdie is 'n kontroversiële, dog interessante, teks wat op 'n ewe kontroversiële teorie gebaseer is.

**Literatuur:** Boismard 1981; Boismard & Lamouille 1987; Boismard & Lamouille (ed) 1984; JK Elliott 1988d; Haelewjick 1988.

## 7.2 Die meerderheidsteks

Naas die eklektiese benadering word die laat 20ste eeu ook gekenmerk deur hernieude belangstelling in die *Textus Receptus*. Aan die begin van die eeu het dit gelyk of hierdie ou en uitgediende benadering finaal die nek ingeslaan is. Tog het daar in die vyftigerjare, maar veral sedert die laat sestigerjare, hernieude belangstelling in hierdie benadering na vore getree. Die beweging het in die sewentigerjare momentum gekry en onlangs is daar selfs 'n *Majority Text Society* gestig, met die doel om die beweging te bevorder. Soos die debatte tussen voorstanders van 'n gematigde en radikale eklektiese metode laat in die sewentigerjare, het daar gedurende dieselfde tydperk uiters fel debatte tussen eklektici en voorstanders van hierdie beweging in vaktydskrifte voorgekom. Dit was veral tussen Hodges en Pickering aan die een kant en Fee en Taylor aan die ander kant.

Literatuur: Fuller (ed) 1972; 1973; Garrett 1982; Holmes 1982/83; Nida 1981b; Scanlin 1985; RA Taylor 1974.

### (a) Hills

Die beweging het in die vyftigerjare ontstaan, toe *EF Hills* weer probeer het om tot verdediging van die *Textus Receptus* te kom. In daardie tyd het dit egter geen impak op die tekskritiese wêreld gehad nie.

Literatuur: Hills 1956.

### (b) Hodges, Pickering, Van Bruggen en Sturz

Ongeveer 'n dekade later blyk daar 'n oplewing in die belangstelling in die *Textus Receptus* en sy teks plaas te vind. In Dallas, Texas, begin *Zane Hodges* in die sestigerjare en *Wilbur Pickering* in die sewentigerjare opnuut om die *Textus Receptus* te laat herleef. Onafhanklik van hierdie twee Amerikaners verskyn ook in Nederland 'n boekie uit die pen van *Jakob van Bruggen*, waarin die aansprake van hierdie teks opnuut verdedig word. Omdat hulle egter beseft dat die *Textus Receptus* self nie meer verdedigbaar is nie, probeer hulle die beweging op 'n wetenskaplike voet plaas deur argumente aan te voer waarom die *tekstipe* wat in die *Textus Receptus* aangetref word, die laat-Middeleeuse minuskelteks of die meerderheidsteks, 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks is. Geen nuwe argumente naas dié van Burgon en selfs van sy voorgangers, is egter na vore gebring nie. Die verskyning van 'n werk deur *Harry Sturz* in 1984, waarin lesings van die papiër as 'n bewys van die waarde van die Bisantynse teks voorgelê word, is die

enigste noemenswaardige poging om die aansprake van hierdie beweging op 'n vaste grondslag te plaas.

**Literatuur:** JK Elliott 1988d; Fee 1978a; 1978b; 1978/79; 1980a; Hodges 1971a; 1971b; 1978a; 1978b; 1981; Hodges & Hodges 1980; Pickering 1978; 1980; Sturz 1984; RA Taylor 1977; 1978; Van Bruggen 1976; 1980; 1982.

### (c) GNTMT

In 1982 word die resultate van hierdie nuwe beweging om die herstel van die teks van die *Textus Receptus* gepubliseer in 'n teks met die titel *The New Testament according to the Majority Text (GNTMT)*. Die teks is deur Zane Hodges en Arthur Farstad saamgestel. In 'n poging om die nuwe meerderheidsteksbenedering 'n wetenskaplike aansien te gee, word die tekste van Openbaring en die *pericope de adultera* (Jh 7: 53-8: 11) gebaseer op die resultate van 'n genealogiese metode, met die meerderheidstek as vertrekpunt vir die genealogie. Hierdie metode word as 'n model vir die hele teks voorgedra. Vanweë die feit dat daar nie volledige apparate vir ander boeke in die Nuwe Testament bestaan nie, kon dit volgens die samestellers egter nie op die ander boeke toegepas word nie en is vir die res van die teks bloot manuskripte getel. Die lesings wat op elke plek van variasie in die numeriese meerderheid manuskripte voorkom, is gevolglik in die res van die teks gepubliseer. Hierdie teks is die eerste poging na die oorspronklike publikasie van die *Textus Receptus* in die 16de en 17de eeu om 'n vernuwing daarvan die lig te laat sien.

**Literatuur:** Hodges 1981; Hodges & Farstad (eds) 1982.

### (d) Die New King James Bible

Die hernieude pogings om die meerderheidstekse te bevorder, het ook reeds in vertalings neerslag gevind. In 1981 verskyn die Nuwe Testament van die *New King James Bible*. Dit is 'n poging om die taal van die ou *King James Bible* van 1611 te moderniseer en om die mees ooglopende tekstkritiese probleme (soos die *comma johanneum* in 1 Jh 5: 7-8) daaruit te haal. Daarbenewens kry hierdie beweging al hoe groter invloed in veral die Derde Wêreldlande in Latyns-Amerika, waar die invloed van die Verenigde Bybelgenootskappe nie so groot is nie.

**Literatuur:** Nida 1981b.

### 7.3 Kritiese apparaat

Die ontdekking en publikasie van meer en meer manuskripte gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu, het dit al hoe meer noodsaaklik gemaak dat 'n weg gevind moet word om die lesings van hierdie manuskripte beskikbaar te stel. Tischendorf het dit reeds in die 19de eeu met die 8ste uitgawe van sy teks probeer doen. Na hom het Von Soden dit vroeë in die 20ste eeu probeer doen en uiteindelik het Hoskier dit laat in die twintigerjare met Openbaring gedoen.

#### (a) Legg

Omdat beide Tischendorf en Von Soden se tekste óf onakkuraat óf nie meer op datum was nie, is die taak aan *SCE Legg* opgedra om met so 'n projek te begin in 'n poging om 'n teks met 'n volledige kritiese apparaat daar te stel. Die projek lewer ook spoedig resultate op. Die Evangelie van Markus verskyn in 1935, terwyl die teks van Matteus in 1940 verskyn. In beide is die teks van Westcott en Hort gedruk, met die variante lesings in die voetnote. Die twee tekste het hulle egter 'n stortvloed van kritiek op die hals gehaal, sowel ten opsigte van die volledigheid as die akkuraatheid van die inligting. So erg was dit dat die uitgewer geweier het om met die projek voort te gaan. Gevolglik is die teks van die Lukasevangelie, wat reeds voltooi was, nooit gepubliseer nie. Nieteenstaande die probleme in hierdie tekste, is en bly dit egter steeds vandag die mees volledige kritiese apparaat van die betrokke twee Evangelies en kan geen tekskritikus bekostig om daarsonder klaar te kom nie.

**Literatuur:** Kilpatrick 1942a; Legg (ed) 1935; 1940.

#### (b) Die IGNTP-teks van Lukas

Legg se tekste het misluk hoofsaaklik omdat die inligting te veel vir 'n enkeling geword het om te hanteer. Gevolglik is 'n komitee van tekskritici wat met die teks van die Lukasevangelie sou voortgaan, laat in die veertigerjare in die VSA en Engeland gevorm. So het dit wat as die *International Greek New Testament Project (IGNTP)* bekend geraak het, sy beslag gekry. Wat aanvanklik as 'n projek vir enkele jare beplan is, het uiteindelik veertig jaar geneem om te voltooi. Die uiteindelige produk het in twee volumes in 1984 en 1987 onder die uitvoerende redakteurskap van Keith Elliott die lig gesien. Dit is gepubliseer as die 3de volume van die reeks wat deur Legg begin is. Anders as die uitgawes van Legg, is die *Textus Receptus* as basisteks vir die Lukasuitgawe gebruik. Die rede daarvoor was ekonomies van aard. Omdat verreweg die meeste manuskripte wat verwys word, minuskels is en die



minuskels gewoonlik nie baie van die *Textus Receptus* verskil nie, word baie plek bespaar deur die vermyding van die herhaling van inligting. Die kritiese apparaat is baie noukeurig saamgestel en bevat 'n magdom inligting, wat nie alleen vir die tekskritikus van waarde is nie, maar wat ook vir die eksegeet en die kerkhistorikus waardevol kan wees.

**Literatuur:** K Aland 1965/66a; Colwell, Sparks, Wisse & McReynolds 1968; JK Elliott 1983b; 1986b; WJ Elliott 1976; IGNTP 1984-1987; Klijn 1951/52; Parvis 1946; 1950; Petzer [1989b] Saunders 1955.

### (c) IGNTP-teks van Johannes

Na die afhandeling van die apparaat van die Lukasevangelie in 1987, is in 1988 in Engeland en in 1989 in die VSA twee nuwe komitees gevorm om met die Johannes-evangelie voort te gaan. Hoewel die projek tans maar in 'n beplanningstadium is, word dit voorsien dat die apparaat van die Johannesevangelie veel gouer afgehandel sal word as wat dit geneem het om die Lukasevangelie af te handel.

### (d) Osburn

*Carroll Osburn*, van Texas in die VSA, werk aan 'n projek waarvolgens hy 'n soort poliglot van Handelingte wil daarstel. Dit sal bestaan uit kritiese uitgawes van die Griekse teks en die belangrikste vertalings van Handelingte, vergesel van 'n volledige kritiese apparaat van elk. Die projek is tans in 'n beginstadium en sal nie voor 'n hele paar jaar afgehandel wees nie. In die proses van die projek word beplan om so volledig moontlik 'n gerekenariseerde databasis van alle variante lesings in die manuskripte van Handelingte te skep.

### (e) Die Editio Maior Critica

Naas die genoemde tekste verdien ook 'n projek, waarna reeds in 'n ander hoedanigheid verwys is, verdere verwysing. Dit is die *Editio Maior Critica*-projek, onder leiding van Barbara Aland in Wes-Duitsland, wat poog om 'n volledige kritiese apparaat vir die Algemene Briewe daar te stel. Hierdie teks verskil, soos dié van Osburn, egter van dié van Legg en die *IGNTP* daarin dat dit nie bestaande tekste as basis wil gebruik nie, maar die apparaat by 'n eie kritiese uitgawe van die betrokke boeke wil voeg. Ofskoon die projek reeds in die sestigerjare aangekondig is, het daar nog geen finale resultate van verskyn nie en vanweë bepaalde faktore was dit op 'n stadium byna van die baan. Die projek het egter in die tagtigerjare

nuwe momentum gekry en die eerste voorlopige resultate het onlangs verskyn.

**Literatuur:** B Aland 1986b; 1986c; K Aland 1969/70; 1986; 1987a; 1987b; 1987c; 1987d.

#### 7.4 Vertalings


'n Hele aantal nuwe vertalings, wat veral ten opsigte van vertaalmetode en vertaalstyl van mekaar verskil, het sedert 1930 verskyn. Met enkele uitsonderings (soos die nuwe *King James Bible*) is almal op eklektiese uitgawes van die Griekse Nuwe Testament, veral die UBS-reeks, gebaseer.

Die nuwe Afrikaanse vertaling, wat in 1983 verskyn het, was geen uitsondering nie, en dit is reeds uit die proefuitgawes duidelik dat 'n verandering in die grondteks van die Nuwe Testament met hierdie vertaling ingetree het. Toe die vertalers in 1958 met hulle werk begin het, is besluit om die beste kritiese teks as grondteks te gebruik. Met die verskyning van die eerste uitgawe van die UBS-teks in 1966 is besluit om UBS<sup>1</sup> te gebruik. Die finale produk is uiteindelik op die derde uitgawe gebaseer. Die Nuwe Testament van die nuwe Afrikaanse vertaling is dus op waarskynlik die beste beskikbare teksuitgawe van die Griekse Nuwe Testament ooit gebaseer. Onder die talle interessanhede en nuwighede van hierdie vertaling tel ook die enkele tekskritiese notas, waar baie kortliks verduidelik word waarom sekere tradisioneel bekende gedeeltes nie in die nuwe vertaling verskyn nie.

**Literatuur:** Lightfoot 1961; Petzer 1984a; 1988d.

#### 7.5 Samevatting

Die geskiedenis van die teks in die laaste periode kan skematies soos volg voorgestel word:



# Hoofstuk 6

## Belangrike metodes

Soos in elke ander wetenskap bestaan daar ook in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek verskillende metodes waarvolgens tekste saamgestel en tekskritiese probleme opgelos kan word. In die vorige hoofstuk is soms sydelings na sulke metodes verwyas. In hierdie hoofstuk word kortliks gekyk na die belangrikste aspekte en eienskappe van die metodes wat tans gebruik word.

**Literatuur:** Metzger 1968b; Omanson 1983; Petzer 1987.

### 1. VERSKILLENDE BENADERINGS

Wanneer die verskillende metodes na hul aard ondersoek word, word dit duidelik dat die metodes wat gebruik word tussen twee uiterstes beweeg, nl. 'n *historiese* en *metodologiese* benadering.

#### 1.1 Die historiese benadering

Die historiese benadering probeer die teks van die Nuwe Testament rekonstrueer deur hoofsaaklik gebruik te maak van die rekonstruksie van die geskiedenis van die oorlewering van die teks. Hierdie benadering gaan hoofsaaklik soos volg te werk: Manuskripte en ander teksgetuïenisse word met mekaar vergelyk, ten einde hulle in bepaalde teksfamilies of groepe in te deel. Die bronne van hierdie groepe word noukeurig ondersoek ten einde te bepaal watter karakteristieke eienskappe elke groep van die ander onderskei. Daarna word hierdie geïdentifiseerde eienskappe gebruik om die verhouding tussen die groepe te beskryf. Op hierdie wyse word bepaal in watter groep manuskripte die teks waarskynlik die noukeurigste oorgelewer is. Nadat hierdie groep geïdentifiseer is, word die getuïenisse in hierdie groep in groter detail ontleed om te bepaal in watter manuskrip of manuskripte binne hierdie 'beste groep' die teks die noukeurigste oorgelewer is. So word die 'beste manuskrip' geïdentifiseer. Uiteindelik vorm hierdie 'beste manuskrip' dan die teks, met alternatiewe lesings van ander manuskripte in die tekskritiese apparaat. Tekste wat op hierdie wyse saamgestel is, word *diplomatiese* tekste genoem.

Die kenmerke van hierdie benadering is dus die gerigtheid op manuskripte, die keuse van 'n 'beste manuskrip' as einddoel en die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks as middel om hierdie einddoel te bereik.

Anders as in die Ou-Testamentiese Tekskritiek, waar hierdie werkwyse 'n

gevestigde en aanvaarde praktyk is en waar die gedrukte tekste gewoonlik een manuskrip, soos die *Kodeks Leningradensis B 19<sup>a</sup>* of die *Aleppo Kodeks* is, word hierdie benadering nie in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in so 'n rigiede vorm aangetref nie. Die naaste voorbeeld daaraan in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek is die tekste wat in die 18de en 19de eeu saamgestel is toe die *Textus Receptus* as so 'n *diplomatiese* teks gefunksioneer het, en alle verskille van die *Textus Receptus* slegs in die kantlyn aangebring is. Wat selfs dít egter anders as die diplomatiese tekste van die Ou Testament maak, is dat die *Textus Receptus* self nie 'n diplomatiese teks is nie, maar tog op 'n samestellings- en oorwegingsproses berus.

## 1.2 Die metodologiese benadering

Die metodologiese benadering staan in direkte teenstelling met die vorige benadering. Hierdie benadering probeer die teks rekonstrueer deur 'n stel kriteria te formuleer waaraan elke variante lesing in elke geval van variasie getoets word, ten einde te bepaal in watter mate elke lesing aan die vereistes van die oorspronklike teks voldoen. So word een lesing in elke geval van variasie as die oorspronklike gekies, ongeag die manuskrip(te) waarin dit voorkom. Die kriteria wat gebruik word, is uiteenlopend van aard.

Die verskil met die vorige benadering is duidelik in die kenmerke van hierdie benadering te sien. Waar die vorige op manuskripte gerig was, is hierdie op die individuele lesings gerig; waar die vorige op die rekonstruksie van die geskiedenis gerig was, is hierdie op die oplossing van individuele tekskritiese probleme gerig; waar die vorige die identifikasie van 'n 'beste manuskrip' as einddoel het, het hierdie benadering die identifikasie van die 'beste lesing' as einddoel; en waar die metodiese element in die vorige benadering in die rekonstruksie van die geskiedenis lê en dus nie soseer by die rekonstruksie van die teks nie, lê dit hier direk by die rekonstruksie van die teks. Om saam te vat: Waar die historiese benadering nie die teks saamstel nie, maar bloot 'n betroubare manuskrip as verteenwoordiger daarvan identifiseer, stel die metodologiese benadering die teks *saam* (letterlik) deur 'n betroubare lesing as verteenwoordiger van die oorspronklike lesing in elke geval van variasie te identifiseer.

Tekste wat saamgestel is aan die hand van metodes wat op hierdie benadering gegrond is, staan as *eklektiese* tekste bekend. Die rede daarvoor is dat lesings van verskillende manuskripte en oorleweringstradisies gekies en saamgestel word om die teks te vorm. 'n Teks wat so saamgestel is, kan in geen enkele manuskrip of teksfamilie gevind word nie, omdat dit saamgestel is uit lesings wat in verskillende manuskripte en tekstipes voorkom.

### **1.3 Verskillende metodes**

Binne die konteks van die twee benaderings hierbo, funksioneer in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek 'n aantal metodes wat in 'n mindere of meerdere mate elemente en eienskappe van hierdie benaderings vertoon. Onder die belangrikste metodes wat in hierdie wetenskap gebruik is, tel die klassieke metodes, die meerderheidsteksmetodes en die verskillende eklektiese metodes. Omdat die klassieke metodes vandag weinig meer as historiese waarde het, en gevolglik in die vorige hoofstuk bespreek is, word slegs die laaste twee metodes (of metoderigtings) hier aan die orde gestel.

## **2. MEERDERHEIDSTEKSMETODES**

Die term meerderheidsteksmetodes verwys na metodes wat op die uitgangspunt gegrond is dat die meerderheidsteks (Bisantynse of laat-Middeleeuse minuskelteks) vandag die mees betroubare weergawe van die oorspronklike teks van die Griekse Nuwe Testament is.

**Literatuur:** Fee 1980a; Holmes 1982/83; Wilkenson 1972.

### **2.1 Uitgangspunt**

Die uitgangspunt waarop die meerderheidsteksmetodes gebaseer is, is Skrifbeskoulik en teologies van aard. Dit kom daarop neer dat die metode aan die hand waarvan die teks saamgestel moet word, op die een of ander wyse moet rekening hou met die feit dat die Nuwe Testament van ander dokumente verskil, omdat dit die 'geïnspireerde Woord van God' is. Daarom mag 'rasionalistiese' metodes nie vir die rekonstruksie van die teks gebruik word nie, maar moet 'konsekwent Christelike metodes' daarvoor gebruik word.

Die uitgangspunt van hierdie metoderigting in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek kan dus in twee premisses verdeel word: (a) Die Nuwe Testament is (teologies) anders as ander dokumente. (b) Dit vereis dat die Nuwe Testament ook (tekskrities) anders as ander dokumente benader moet word.

**Literatuur:** Hills 1956; Hodges 1971a; 1971b; Pickering 1980; Van Bruggen 1976.

### **2.2 Die teksgeskiedenis: die primaat van die meerderheidsteks**

Hoewel hierdie metoderigting daarvan uitgaan dat die meerderheidsteks die mees betroubare verteenwoordiger van die oorspronklike teks is, word daar verskillende

argumente aangevoer om te bewys dat dit ook die geval is uit 'n tekshistoriese oogpunt beskou. Hoewel daar geen historiese model soortgelyk aan dié van Westcott en Hort of hul 20ste-eeuse volgelinge voorgelê word nie, word 'n aantal losstaande 'bewyse' vir die primaat van die meerderheidstekste na vore gebring. Hierdie bewyse raak veral vier sake aspekte en kan dus in vier kategorieë ingedeel word, (a) teologiese aspekte, (b) getal, (c) datering en (d) historiese aspekte.

#### (a) Teologiese aspekte

Direk in aansluiting by die teologiese uitgangspunt van die metode, speel die Teologie ewe-eens 'n belangrike rol in die eerste en verreweg belangrikste groep 'bewyse' van die primaat van die meerderheidstekste. Dit kom daarop neer dat dit aanvaar moet word dat vanweë die eiesoortigheid van die Nuwe Testament, die oorleweringproses daarvan noodwendig van dié van ander dokumente sou verskil, aangesien sowel die duiwel as die Heilige Gees besondere belang by juis die oorlewering daarvan gehad het. Die duiwel het belang by die oorlewering omdat hy die besondere gesag en inhoud van die Nuwe Testament deur middel van die oorleweringproses daarvan wou vernietig, deur die oorlewering sodanig te beïnvloed dat daar soveel verskille ontstaan en soveel dwaalleringe deur hierdie verskille geregtig kan word, dat die Bybel uiteindelik sy gesag sou verloor. Die Heilige Gees het, aan die ander kant, besondere belang by die oorlewering om toe te sien dat die duiwel nie in sy doel slaag nie, met ander woorde, om die belofte in die Bybel dat die Woord nooit sou vergaan nie, gestand te doen. So is die Nuwe Testament in sy oorleweringproses op 'n goddelike wyse bewaar.

Om hierdie teorie van die goddelike bewaring van die teks te motiveer, word twee argumente geopper: In die eerste plek word gewys op tekste in die Bybel, en veral die Nuwe Testament, waarin belofte vervat is dat die Woord nie sal vergaan nie, en dat God self sal toesien dat sy Woord tot in die laaste tye bewaar sal word (bv Jes 46: 8; Mt 5: 18; Lk 4: 4; 16: 17; 21: 33; Jh 10: 35; 16: 12-13). Hierdie belofte word geïnterpreteer as sou dit beteken dat die oorspronklike teks op die een of ander wyse behoue sou bly. In die tweede plek word 'n direkte verband tussen die ontstaan van die Nuwe Testament en die oorlewering van die teks veronderstel: Omdat die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is, volg noodwendig dat die oorlewering van die teks in dieselfde mate as die ontstaan daarvan aan die Heilige Gees gekoppel moet word.

In aansluiting by die teologiese uitgangspunt van die metoderigting, word daar dus op grond van teologiese redes veronderstel dat die Heilige Gees op 'n bepaalde wyse by die teks, teksoorlewering en teksgeskiedenis betrokke was en dat

die Heilige Gees toegesien het dat die oorspronklike teks nie verlore sou gaan nie. Die vraag wat noodwendig hieruit vloei, is hoe hierdie goddelikbewaarde teks tussen al die duisende manuskripte met hulle duisende variante lesings geïdentifiseer moet word. Hoe moet bepaal word watter manuskrip(te) hierdie goddelik bewaarde teks bevat? Geen twee manuskripte stem immers in alle opsigte met mekaar ooreen nie. Die antwoord is dan dat die Heilige Gees die Woord vir die kerk sou bewaar en sou toesien dat die kerk die bewaarde teks sou besit, omdat die beloftes van die bewaring in die Nuwe Testament in besonder aan die kerk gemaak is. Die teks wat die kerk dus gebruik het, is die teks wat die Heilige Gees bewaar het en dus die verteenwoordiger van die oorspronklike teks. Hierdie kerklike teks is dieselfde teks wat in die meerderheid manuskripte voorkom - dus die meerderheidstek - omdat dit vir eeue lank die Bybel van die kerk was. Om hierdie rede moet die meerderheidstek die verwysingsraamwerk vir die beoefening van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek wees.

**Literatuur:** Brake 1975; Ehrman 1981; Hills 1972; Hodges 1971b; Pickering 1980; Van Bruggen 1976.

### (b) Getal

Die basiese uniformiteit van die meerderheid manuskripte kry groot klem in die metoderigting. Die enigste aanvaarbare verklaring vir die feit dat die meerderheid manuskripte basies dieselfde teks bevat, sou wees dat dit na die oorspronklike teks teruggevoer kan word. Daar is selfs pogings aangewend om op statistiese gronde te bewys dat dit nie moontlik is dat so 'n mate van uniformiteit onder so 'n groot groep manuskripte kan voorkom, as die manuskripte se archetype laat gedateer word nie.

**Literatuur:** Fee 1978a; 1978b; Hodges 1978a; Hodges & Hodges 1980; Omanson 1983.

### (c) Datering

Een van die ernstigste tekshistoriese probleme wat hierdie metoderigting in die gesig staar en wat die primaat van die meerderheidstek problematies maak, is die feit dat daar geen materiële bewyse van die bestaan van die Bisantynse teks voor die aanhalings van die kerkvader Johannes Chrysostomos in die 4de eeu is nie. Om hierdie probleem op te los, word veral twee verklarings vir hierdie gebrek aan bewyse gebruik: In die eerste plek word beweer dat die jonger Middeleeuse manuskripte in der waarheid die beste en mees betroubare teks het. Daar is egter geen vroeë manuskripte van hierdie teks meer beskikbaar nie, omdat die goeie en



betroubare (ou) dokumente òf doelbewus òf onbewus deur die gebruikers daarvan vernietig is nadat dit gekopieer is. Verder word daarop gewys dat die papiri 'n aantal lesings bevat wat voorheen as tipies- of uitsluitlik-meerderheidsteklesings bestempel is. Hieruit word afgelei dat die meerderheidsteks in der waarheid 'n ou teks is en word dus beweer dat die papiri die nodige materiële bewyse van die ouderdom van hierdie teks bied.

**Literatuur:** Fee 1978c; Hills 1972; Hodges 1963; 1971b; King 1973; Metzger 1961/62a; Omanson 1983; Pickering 1980; Sturz 1984; Van Bruggen 1976; Zuntz 1953.

#### (d) Historiese aspekte

Die historiese 'bewyse' vir die primaat van die meerderheidsteks sentreer veral om drie aspekte, naamlik (a) die aanvaarding van die gesag van die Nuwe Testament in die vroeë kerk; (b) die wyse waarop die teks oorgelewer is, 'n normale *versus* 'n abnormale oorlewering; en (c) die plek waar die teks aanvanklik oorgelewer is. 'n Sterk saak word daarop gebou dat die Nuwe-Testamentiese geskrifte van die begin af as gesagvol aanvaar is en in die oorleweringproses so hanteer is. As motivering word kerkvaders aangehaal om hul piëteit teenoor die Nuwe-Testamentiese dokumente te bewys. Die rekonstruksie van die oorleweringsgeschiedenis van die teks moet met hierdie vroeë erkenning en aanvaarding van die gesag van die Nuwe-Testamentiese geskrifte in verband gebring word, omdat daaruit bewys kan word dat die Nuwe Testament reg van die begin af baie noukeurig oorgelewer sou wees.

In aansluiting by bogenoemde word gevolglik onderskei tussen 'n normale en abnormale oorlewering van die teks. Eersgenoemde is die breë tradisie wat van die begin af voorgekom het, waarin die teks dikwels aan die hand van die oorspronklike manuskripte gekorrigeer is, en waarin die teks baie getrou oorgelewer is met slegs enkele onbelangrike foute daarin. Dit het op die Middeleeuse minuskelteks uitge-loop. Hierteenoor staan die abnormale oorlewering (die manuskripte van ander tekstipes), waardeur manuskripte doelbewus deur dwaalleraars vervals is. Hierdie oorlewering het slegs tydelik op sekere plekke naas die hoofstroom van die suiwer teks (Bisantynse teks) voorgekom, totdat die geleentheid hom voorgedoen het om die manuskripte van daardie betrokke plek met die oorspronklike teks of die manuskripte van die hoofstroom te vergelyk. So het hierdie abnormale oorleweringstradisie uiteindelik geheel tot niet gegaan, sodat slegs die hoofstroom in die Middeleeue behoue gebly het.

Ook die plek waar die Nuwe Testament aanvanklik oorgelewer sou wees, dien vir hulle as getuienis ten gunste van die primaat van die meerderheidsteks.

Daar word beweer dat die teks aanvanklik in Palestina oorgelewer is en dat die oorspronklike manuskripte dus in Palestina bewaar sou wees. Gevolglik moet aanvaar word dat die manuskripte wat elders opgegrawe word nie sonder meer getroue verteenwoordigers van die oorspronklike teks kan wees as dit van die manuskripte van selfs 'n latere stadium van oorlewering in Palestina verskil nie, omdat die mense in Palestina telkens hul kopieë met die oorspronklike kon vergelyk - 'n voorreg wat die mense in die Weste of Egipte nie gehad het nie. Die feit dat die Nuwe-Testamentiese geskrifte dus in Palestina sou ontstaan het, lei noodwendig daartoe dat ook die noukeurige kopiëring daarvan in Palestina (en nêrens anders nie) sou plaasvind.

**Literatuur:** Fee 1978/79; 1980a; Junack 1978; Pickering 1980; Sturz 1984; RA Taylor 1977; Van Bruggen 1976.

## **2.3 Metodes**

Hoewel hierdie rigting in werklikheid mank gaan aan metodiek, is daar tog twee geformuleerde metodes wat aandag verdien, dié van Pickering en dié van Hodges.

### **2.3.1 Pickering**

Pickering identifiseer hom in die samestelling van sy metode eksplisiet met Burgon, deurdat hy Burgon se *seven notes of truth* as raamwerk gebruik vir sy metode om die teks te herstel. Die metode bestaan per definisie uit sewe stappe: Elke lesing in elke variasie-eenheid moet ten opsigte van die volgende getoets word: (1) die ouderdom en (2) getal manuskripte wat dit ondersteun, (3) die verskeidenheid van die soorte bronne waarin dit voorkom, (4) die kontinuïteit van die bronne, (5) die waarde van die bronne (bepaal volgens die metode se eie maatstawe), (6) die tekstuele karakter van die manuskripte in die konteks en (7) interne getuienis. Die lesing wat die beste aan hierdie vereistes beantwoord, is die oorspronklike.

Wanneer hierdie metode in praktyk toegepas word, kom dit daarop neer dat die bronne ten grondslag van elke lesing in elke geval van variasie getel word en dat die lesing van die numeriese meerderheid manuskripte as oorspronklik beskou word. Weens die feit dat hierdie metode op die oplossing van individuele tekstkritiese probleme gerig is, pas dit dus binne die metodologiese benadering hierbo.


**Literatuur:** Fee 1978/79; Pickering 1980.



toon tekens van hersiening wanneer dit met  $M^6$  vergelyk word.  $M^7$  bestaan uit ongeveer tweehonderd en sestig manuskripte en is 'n samestelling van  $M^5$  en  $M^6$ , op so 'n wyse dat  $M^6$  die basis gevorm het, terwyl  $M^5$  die bron vir korreksies was. Die oorblywende groepe is kleiner en minder belangrik.

(b) Openbaring

Die volgende model word vir die Openbaringteks gebied:



$M^a$  bestaan uit die meerderheid manuskripte en staan die naaste aan die oorspronklike teks, hoewel dit nie identies met die oorspronklike teks is nie. Die prototipe van hierdie groep was moontlik 'n kopie van die oorspronklike teks.  $M^b$  is 'n klein groepie manuskripte wat dikwels met  $M^a$  ooreenstem, maar tekens van eie tekstokorrupsie toon. Die ander groepe is van minder belang en verteenwoordig elkeen eie afwykings van die oorspronklike teks.


### 3. EKLEKTIESE METODES

Die term *eklektisisme* is tradisioneel gebruik om metodes te tipeer wat slegs van interne getuienis gebruik gemaak het en wat daarop gerig was om elke variasie-eenheid individueel op te los. Hierdie metode het ook soms as *rasionele kritiek* bekend gestaan en is aanvanklik as 'n alternatief vir die klassieke metode van Westcott en Hort daargestel. Algaande het die voorstanders van die klassieke metode egter begin om die onderliggende benadering van hierdie metodes, veral die lesinggerigtheid daarvan, oor te neem en die historiese element van hulle eie metode daarby aan te pas. So het die term *eklektisisme* 'n breër betekenis begin kry. Vandag word dit ook gebruik om die metode waarin 'n kombinasie van die historiese en metodologiese elemente voorkom, te tipeer.

Binne hierdie konteks is 'n eklektiese metode 'n metode wat om 'n individuele en geïsoleerde benadering sowel ten opsigte van variasie-eenhede as ten opsigte van kriteria en lesing sentreer. Dit het die volgende kenmerke: (1) Variasie-eenhede word individueel en geïsoleerd in die oplossing van tekskritiese probleme en in die samestelling van die teks benader, ten einde binne elke variasie-eenheid te bepaal watter van die lesings waarskynlik die oorspronklike lesing is. (2) Om hierdie doel te bereik, word 'n aantal kriteria geformuleer wat ook individueel en geïsoleerd gebruik word. Die doel is om te bepaal (a) watter van die geformuleerde kriteria in elke geval toepasbaar is en (b) watter kriteria se getuienis meer gewig as die ander dra. (3) Uiteindelik word ook die lesings op hierdie wyse benader deurdat elke lesing binne die betrokke variasie-eenheid wat ondersoek word, individueel en geïsoleerd aan die gekose kriteria onderwerp word. So moet ten opsigte van die lesings individueel bepaal word (a) watter lesing die grootste gewig dra, en (b) in watter mate sy gewig groter as die gewig van die ander lesings in die betrokke variasie-eenheid is.

In die definisie hierbo is gepraat van 'n eklektiese metode. Dit is omdat daar, op grond daarvan dat verskillende tekskritici die stel kriteria verskillend inkleer, in werklikheid verskillende eklektiese metodes bestaan. Vandaar die breë onderskeid tussen die *radikale eklektiese metode*, wat uitsluitlik van interne getuienis gebruik maak, en die *gematigde eklektiese metodes*, wat van interne en eksterne (historiese) getuienis gebruik maak. Onder laasgenoemde groep kan nog tussen die Amerikaanse eklektisisme en die Duitse eklektisisme onderskei word, na aanleiding van die historiese model en die klem wat dit in die metode ontvang.

Die verskillende eklektiese metodes kan skematies soos volg voorgestel word:



Literatuur: Epp 1976a; Metzger 1968b; Petzer 1987.

### 3.1 Radikale eklektisisme

Die radikaal-eklektiese metode se uitgangspunt is beide te vind in die probleme ten opsigte van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die eis tot 'n rasonale benadering in die oplos van tekskritiese probleme deur Lagrange. Die kompleksiteit van die teksgeskiedenis en die onduidelikheid oor die geskiedenis in die eerste twee of drie eeue bring vir hierdie tekskritici mee dat dit nie moontlik is om enige manuskrip met vertroue as 'n beter weergawe van die oorspronklike teks as die ander te identifiseer nie, met die gevolg dat alle manuskripte ewe veel waarde in die rekonstruksie van die teks moet hê. Omdat geen konkrete getuienis op hierdie wyse uit die historiese aspek verkry kan word nie, moet ander getuienis dus gebruik word om die teks saam te stel. Gevolglik word 'n benadering gevolg waarvolgens variasie-eenheid vir variasie-eenheid individueel aan die hand van 'n stel interne kriteria oorweeg word. As sodanig is hierdie metode dus volledig op die metodologiese benadering gebaseer.

Die metode funksioneer by wyse van 'n stel kriteria, almal interne kriteria, waaruit toepaslike kriteria vir elke variasie-eenheid gekies word. Die volgende kriteria neem 'n sentrale plek in die metode in:

1. Die lang lesing het voorkeur bo die kort lesing, veral waar *homoioteleuton*, *homoiarkton* of *reëlweglating* aantoonbaar is.
2. Die lesing wat die beste met die algemene taal of styl van die skrywer

- ooreenkom, is waarskynlik die oorspronklike.
3. 'n Lesing met tipiese nie-Attiese (of Hellenistiese) Griekse uitdrukkings het voorkeur bo 'n lesing met tipiese Attiese uitdrukkings.
  4. Waar doelbewuste veranderinge 'n rol gespeel het, waaronder harmonisasie, veranderinge om teologiese redes, stilistiese en liturgiese veranderinge, moet die lesing wat hierdie sake vermy, as die oorspronklike gekies word.
  5. Waar onbewuste foute 'n rol in teksvariasie kon speel, moet die lesing wat dit vermy as die oorspronklike gekies word.

Hierdie metode word vandag deur veral Keith Elliott gebruik en die bespreking van die metode hierbo is grotendeels uit sy werk geneem.

**Literatuur:** JK Elliott 1968b; 1972b; 1974; 1976; 1977c 1978a; 1988c; Fee 1976; Flatt 1975.

### 3.2 Gematigde eklektisisme

Gematigde eklektisisme neem sy uitgangspunt steeds in die geskiedenis van die teks en meen steeds dat die historiese getuienis uiteindelik die deurslag moet gee in tekskritiese beslissinge. In hierdie opsig sluit dit by die historiese benadering aan. Om egter erkenning te verleen aan beide die probleme in die rekonstruksie van die teksgeskiedenis en die pleidooi tot rasonale kritiek, word die historiese element deur middel van 'n metodologiese benadering in die metode verdiskonteer, deurdat die historiese getuienis ook op die oplossing van individuele variasie-eenhede gerig word en by wyse van kriteria toegepas word. Die doel is om aan die hand van die bekende historiese inligting die geskiedenis van elke variasie-eenheid te rekonstrueer en die oorspronklike lesing op grond daarvan te identifiseer.

As sodanig is dit dus 'n soort middeweg tussen die twee uiterste benaderings in die Tekskritiek. Die gematigde eklektiese metode berus op wat genoem kan word 'n *histories-metodologiese* benadering. Hierdie benadering herstel die teks deur in die eerste plek op dieselfde wyse as die historiese benadering te werk te gaan om die geskiedenis van die teks te rekonstrueer. In plaas daarvan dat dit uitloop op die identifikasie van die 'beste manuskrip', wat die kern van die teks vorm, word hierdie rekonstruksie saam met ander (interne) getuienis gebruik om, soos die metodologiese benadering, individuele tekskritiese probleme op te los. Dit hou in dat die gerekonstrueerde teksgeskiedenis in 'n aantal kriteria opgebreek word. Elke lesing binne elke variasie-eenheid word daaraan getoets, ten einde te bepaal of dit oorspronklik is of nie. Die doel van hierdie benadering is om aan die hand van die geskiedenis van die teks as geheel, die geskiedenis van elke variasie-eenheid

individueel te reconstrueer. Op grond daarvan word die 'beste lesing' in elke variasie-eenheid geïdentifiseer.

Die kenmerke van hierdie benadering is duidelik: Soos die metodologiese benadering fokus dit op lesings en probeer dit om variasie-eenhede individueel op te los; soos die metodologiese benadering gebruik dit 'n stel kriteria en is die doel daarvan die identifikasie van die 'beste lesing'; anders as die metodologiese benadering en in ooreenstemming met die historiese benadering, word hierdie stappe egter binne die konteks van die gerekonstrueerde geskiedenis van die teks gevolg en is die doel in historiese terme geherformuleer as die rekonstruksie van die geskiedenis van die variasie-eenheid of variante lesing.

### **3.2.1 Die Amerikaanse model**

#### **(a) Metode**

Die heel basiese kriterium vir die oorweging van variante lesings is dat die lesing wat die ontstaan van die ander die beste verklaar, waarskynlik die oorspronklike lesing is. Die rekonstruksie van die geskiedenis van die variasie-eenheid is dus die uitgangspunt. Hierdie basiese kriterium sluit 'n verskeidenheid ander kriteria in, wat soos volg in eksterne en interne getuienis verdeel kan word:

**EKSTERNE GETUIENIS** sluit in: die oorweging van

- (a) die datering van bronne;
- (b) die geografiese verspreiding van bronne; en
- (c) die genealogiese verwantskap van bronne.

**INTERNE GETUIENIS** word in twee kategorieë verdeel:

#### **(a) Transkripsionele getuienis:**

- \* Oor die algemeen het die moeilike lesing voorkeur.
- \* Oor die algemeen het die kort lesing voorkeur.
- \* Waar harmoniëring voorkom het die nie-harmoniërende lesing voorkeur.
- \* Dit moet in ag geneem word dat skriptors geneig was om (i) onbekende woorde met 'n meer bekende sinoniem te vervang; (ii) grammatikale uitdrukkings met 'n meer Attiese vorm in ooreenstemming te bring; en (iii) klein woorde soos voornaamwoorde of voegwoorde by te voeg om 'n afgeronde teks voort te bring.



(b) **Intrinsieke getuienis:** Die volgende word oorweeg:

- \* Die styl en woordeskat van die skrywer.
- \* Die onmiddellike konteks waarin die variasie voorkom.
- \* Harmonie met die gebruike van die skrywer elders.
- \* Die Aramese agtergrond van Jesus.
- \* Die prioriteit van die Evangelie volgens Markus.
- \* Die invloed van die Christelike gemeenskap op die formulering en oorlewering van die gedeelte wat ondersoek word.

Bruce Metzger het veral na aanleiding van sy betrokkenheid by die samestelling van die UBS-tekste baie gedoen om die beginsels en metodes van hierdie eklektiese benadering te formuleer. Wat hierbo beskryf is, is om daardie rede grootliks uit sy werk geneem (kyk Metzger 1968b; 1971).

**Literatuur:** Colwell 1969e; Epp 1976a; Fee 1976; Greenlee 1964; Klijn 1956/57; Metzger 1968b; 1971; Vaganey 1937.


(b) **Teksgeskiedenis**

Ter wille van die oorweging van eksterne getuienis staan die indeling van die manuskripte in teksfamilies en die waardebeplanning van hierdie families sentraal, aangesien al drie elemente van eksterne getuienis op hierdie teksfamilies gebaseer is. Hierdie aspek vorm die kern van die Amerikaanse eklektiese metode.

Volgens die Amerikaanse tekshistoriese model word vier tekstipes, die Alexandrynse, Westerse, Caesareaanse en Bisantynse onderskei. Die Alexandrynse en Westerse tekste is die oudste en het onafhanklik van mekaar ontstaan. Die Caesareaanse teks word later gedateer en vertoon elemente van beide die Alexandrynse en Westerse tekste, maar nie op so 'n wyse dat dit as 'n produk van eklektiese werk geag kan word in dieselfde mate as wat die Bisantynse teks die produk van sulke werk geag word nie. Die Caesareaanse teks word daarom as 'n *tekstuele beweging of proses* tussen die Alexandrynse en Westerse tekstipes beskou. Die Bisantynse teks het in die 3de of 4de eeu uit hierdie vroeë tekstipes ontstaan en uiteindelik die geskiedenis gedomineer. Laasgenoemde teks was, in ooreenstemming met die Hortiaanse model, 'n produk van 'n eklektiese proses met die vroeë tekstipes as bron. Om binne hierdie model vir die tekste van die papiri voorsiening te maak, word twee subtekstipes elk binne die Alexandrynse teks (naamlik die Proto- en laat-Alexandrynse tekste) en die Caesareaanse teks (naamlik

die Pre-Caesareaanse en Caesareaanse tekste) geïdentifiseer. Die Alexandryne en veral die proto-Alexandryne tekstipe word geag die oudste en belangrikste te wees.

Hierdie rekonstruksie kan grafies soos volg voorgestel word:



Die spesifieke historiese model wat gebruik word en wat hierbo weergegee is, toon die Amerikaanse model se voortgaande verbondenheid aan die Hortiaanse model. Met die uitsondering van Hort se neutrale tekstipe (wat in hierdie model as die proto-Alexandryne tekstipe weergegee word) en die Caesareaanse teks (wat as verfyning van die Hortiaanse model bygevoeg is) is daar geen verskil tussen die model van Hort en die Amerikaanse model nie.

Gebaseer op hierdie rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, word 'n aantal riglyne vir die praktiese evaluering van die eksterne getuienis in die oplossing van tekstkritiese probleme voorgestel. Dit kom daarop neer dat ondersteuning van 'n

bepaalde lesing deur 'n kombinasie van Alexandrynse en Westerse getuienisse, met uitsonderings, normaalweg die swaarste weeg, terwyl in gevalle waar slegs een teksfamilie 'n bepaalde lesing ondersteun die (proto-)Alexandrynse teks die belangrikste is, met die Westerse teks in die tweede plek en die Caesareaanse teks in die derde plek.

**Literatuur:** Birdsall 1970; 1976; Carder 1969/70; KW Clark 1962; Combrink 1978b; Delobel 1977; Ehrman 1986; Epp 1962; 1966a; 1966b; 1974; 1976a; 1976b; 1980; Fee 1968; 1968/69; 1971a; 1971b; 1973; 1974a; 1974b; 1980b; 1982b; Greenlee 1964; Hartley 1968; Klijn 1956/57; 1960/61; 1971; Martini 1978; Metzger 1961/62a; 1968a; 1971; Porter 1962; 1967; Saunders 1952; Vaganey 1937; Wallace-Hadrill 1956; Zuntz 1953.

### (c) Samevattend

Die uitgangspunte van gematigde eklektisisme is duidelik in hierdie metode sigbaar: Dit is duidelik dat die Amerikaanse eklektiese metode elemente van die klassieke metode bevat. Die vertrekpunt in die toepassing van die metode is eksterne of historiese getuienis. Die kern van die eksterne getuienis is die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, wat op die genealogiese verwantskap van manuskripte en groepe gebaseer is. Eers daarna word oorgegaan tot die evaluering van transkripsionele en intrinsieke getuienis. Aan die ander kant is die eklektiese aard van die metode ook duidelik sigbaar. Dit werk met 'n stel kriteria, waaruit slegs toepaslike kriteria gekies word en opnuut in elke geval van variasie toegepas word. Dit hou in dat dieselfde kriteria nie in alle gevalle dieselfde gewig dra nie en dat die tekskritikus in elke geval opnuut moet besluit watter kriteria die deurslag moet gee. Teoreties is dit selfs moontlik dat die interne getuienis so oortuigend kan wees dat dit swaarder as die eksterne getuienis weeg en dat die lesing wat die beste interne getuienis in sy guns het, as die beste lesing gekies word. Uiteindelik is die eklektiese beginsel waarskynlik die duidelikste sigbaar in die wyse waarop eksterne getuienis in die metode verdiskonteer word, deurdat eksterne getuienis op dieselfde vlak as interne getuienis geplaas word. Hierdie aspek van die metode openbaar een van die belangrikste beginsels van die eklektisisme.

### 3.2.2 Die Duitse model

Die Duitse eklektiese model het sy ontstaan in Aland se kritiek op die wyse waarop die getuienis van die papiri in bestaande rekonstruksies van die geskiedenis van die teks verdiskonteer word. In die laat-vyftigerjare het Aland begin pleit dat die papiri

'n nuwe benadering tot die geskiedenis van die teks noodsaak, meer spesifiek, dat die teksgeskiedenis nie meer vanuit die perspektief van die 4de eeu benader kan word nie, maar dat dit vanuit die perspektief van die vroegste papiri benader moet word. Namate sy bestudering van die papiri duideliker resultate opgelewer het, het hy deur die loop van die sestiger- en sewentigerjare die Hortiaanse model en die verstellings daaraan deur die eksponente van die Amerikaanse skool in al hoe groter mate begin bevraagteken. Vroeg in die tagtigerjare het Aland se werk 'n kulminasiepunt bereik deurdat hy 'n alternatief vir die bestaande modelle gefinaliseer en 'n totaal nuwe rekonstruksie van die geskiedenis voor die 4de eeu gebied het. Hierdie alternatiewe rekonstruksie van die geskiedenis het uiteindelik ook sy metode beïnvloed, sodat hy ook in sy metode soms ander aksente as eksponente van die Amerikaanse skool lê.

**Literatuur:** K Aland 1956/57; 1957b; 1957c; 1957d; 1967a; 1969/70; 1970/71.

#### (a) Metode

Die basiese aspekte van die Duitse eklektiese metode, wat Aland verkies om die *lokaal-genealogiese metode* (eerder as 'n eklektiese metode) te noem, word in twaalf grondreëls saamgevat:

1. Slegs een lesing kan outentiek wees.
2. Slegs dié lesing kan outentiek wees ten opsigte waarvan eksterne en interne getuienis optimaal ooreenstem.
3. Dokumentêre getuienis moet die vertrekpunt in die metode wees.
4. Interne getuienis kan nie alleen as motivering vir die keuse van 'n bepaalde variante lesing dien nie, veral nie waar dit met eksterne getuienis bots nie.
5. Die Griekse teksgetuienisse het 'n primêre plek in die metode, terwyl vertalings en patristiese sitate 'n sekondêre plek beklee.
6. Manuskripte moet geweeg en nie getel word nie. Geen groep moet egter meganies gevolg word nie en tekskritiese probleme moet van geval tot geval opgelos word.
7. Die uitgangspunt dat die oorspronklike lesing in enige manuskrip gevind kan word, is slegs in teorie waar en kan nie die basis van 'n metode vorm nie.
8. Die opstel van 'n genealogie van lesings in elke geval van variasie is 'n belangrike hulpmiddel in die oplos van tekskritiese probleme, omdat die lesing waaruit die ander ontstaan het op hierdie wyse verklaar kan word. Laasgenoemde lesing het voorkeur bo die ander.

9. Variante lesings moet nie geïsoleerd van ander oorweeg word nie, maar moet binne die konteks van die oorleweringstradisie oorweeg word.
10. Die moeilike lesing het voorkeur bo die maklike lesing.
11. Die kort lesing het voorkeur bo die lange lesing.
12. Ervaring in die hantering van die dokumente is die beste leermeester in die Tekskritiek.


(kyk Aland & Aland 1982: 282-283.)

### (b) Teksgeskiedenis

Soos in die geval van die Amerikaanse model, is die eksterne getuienis, gesteun deur en gegrond op die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, die kernelement van hierdie model. Die tekshistoriese model verskil ietwat van die Amerikaanse model.

Voor die ontstaan van die tekstipes teen die einde van die 3de en begin van die 4de eeu is die teks oorgelewer in 'n vorm wat die *Vroeë Teks* genoem word. Drie wyses van oorlewering kan in hierdie stadium onderskei word, naamlik 'n *Normale teks*, waarin die teks met bepaalde gekontroleerde variasie oorgelewer is, 'n *Vrye teks*, waarin die teks op 'n ongekontroleerde wyse oorgelewer is, en 'n *Vaste teks*, waarin die teks besonder betroubaar oorgelewer is. Teen die einde van die 3de en begin van die 4de eeu het die tekstipes ontstaan. Drie tekstipes, die Egipties/Alexandrynse, Bisantynse en D-teks, word onderskei. Laasgenoemde, wat min of meer ooreenkom met dit wat altyd as die Westerse teks bekend gestaan het, word by 'n ander naam genoem, omdat hierdie teks nie geografies tot die Weste beperk was of daar ontstaan het nie. Vroeë manuskripte van hierdie teks is in Egipte gevind en daar is geen rede om te aanvaar dat die teks in die Weste ontstaan het nie. Die Egipties/Alexandrynse teks bestaan uit twee subtekstipes, naamlik die vroeëre Alexandrynse en die latere Egiptiese, wat 'n ontwikkeling van die Alexandrynse is (min of meer soortgelyk aan die onderskeid tussen die proto-Alexandrynse en latere Alexandrynse teks van die Amerikaanse model). Die Bisantynse of Koinetekst is die jongste van die tekstipes en het na 'n doelbewuste hersieningsproses ontstaan. Uiteindelik het hierdie teks die oorheersende en aanvaarde teks van die Middeleeue geword.

Hierdie tekshistoriese model kan grafies soos volg voorgestel word:



Gegrand op hierdie rekonstruksie van die teksgeskiedenis word die manuskripte van die Nuwe Testament na aanleiding van hul waarde vir die rekonstruksie van die teks in vyf kategorieë ingedeel: *Kategorie 1* sluit manuskripte in wat 'n besonder hoë tekswaarde het en vir die rekonstruksie van die oorspronklike teks belangrik is (byvoorbeeld die Alexandryne teks). *Kategorie 2* sluit manuskripte in wat ewe-eens 'n hoë tekswaarde het, wat egter deur lesings van veral die Bisantynse teks beïnvloed is, maar wat tog vir die herstel van die teks belangrik is (byvoorbeeld die Egiptiese teks). *Kategorie 3* sluit manuskripte in wat 'n eie tekstipe het, nie vir

die herstel van die teks soveel waarde het nie, maar tog vir die rekonstruksie van die teksgeskiedenis belangrik is (byvoorbeeld f<sup>1</sup> en f<sup>13</sup>). *Kategorie 4* sluit manuskripte van die D-teks in. *Kategorie 5* sluit manuskripte van die Bisantynse teks in, wat geen waarde vir die rekonstruksie van die teks het nie.

Die verskille met die Hortiaanse en Amerikaanse modelle in hierdie rekonstruksie is opvallend, en dit is duidelik dat 'n ernstige poging aangewend word om 'n alternatief vir die Hortiaanse model te bied: In die eerste plek verskil die perspektief. Die Duitse model gebruik die manuskripte voor die 4de eeu as vertrekpunt, terwyl die Amerikaanse skool by Hort aansluit deur die geskiedenis steeds vanuit die perspektief van die 4de-eeuse manuskripte te benader. Die Duitse model dateer die teksfamilies later as Hort en die Amerikaanse model deur sy identifisering van die Vroeë teks. Die Duitse model is ten slotte meer gekompliseerd as die Amerikaanse model ten opsigte van detailontwikkelinge binne die teksfamilies.

Literatuur: K Aland 1956/57; 1957b; 1970/71; 1981; Aland & Aland 1982.

### (c) Samevattend

Hoewel die Duitse eklektiese metode selfs groter klem op die historiese aspekte as die Amerikaanse model plaas, is die eklektiese element ook in hierdie metode duidelik sigbaar wanneer die twaalf grondreëls nie alleen van 'n stel kriteria uitgaan nie, maar ook bepaal dat sommige kriteria belangriker as ander is. Die eklektiese element in hierdie metode is ook duidelik uit die individuele benadering van lesings en variasie-eenhede, en in besonder die feit dat hierdie model 'n *lokaal-genealogiese metode* genoem word. Die metode is egter ook aan die klassieke metode verbind deur die primaat van die dokumentêre getuieis en die eksplisiete vereiste dat die saamgestelde teks uiteindelik histories begrond moet kan word deur dit aan 'n spesifieke manuskrip of groep manuskripte te verbind.

### 3.2.3 Samevatting

Wanneer die Amerikaanse en Duitse eklektiese modelle met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat daar nuanseverskille tussen eksponente van hierdie skole bestaan. Dit raak veral die historiese model. Waar dit duidelik is dat Hort se rekonstruksie van die teksgeskiedenis steeds sterk in die Amerikaanse historiese model figureer, is dit duidelik dat die Duitse model doelbewus daarvan probeer wegbeweeg en op hierdie stadium reeds 'n eie en oorspronklike rekonstruksie aanbied. Tog is hierdie

verskille nog minimaal en is die saambindende faktore en onmiskenbare metodologiese ooreenkomste onder gematigde eklektici in so 'n mate oorheersend in hierdie skole dat gematigde eklektici as 'n groep van ander metodologiese groepe onderskei moet word. Veral drie sodanige elemente kan geïdentifiseer word, naamlik (a) die gebruik van eksterne getuienis, nieteenstaande onderlinge verskille ten opsigte van die rekonstruksie van die teksgeskiedenis en die presiese mate waarin eksterne getuienis die metode moet domineer; (b) die gebruik van interne getuienis; en (c) die eklektiese beginsel as uitgangspunt. Die feit dat verteenwoordigers van die twee skole in hierdie metode saam aan 'n teks kon werk (UBS/NA<sup>26</sup>), is 'n verdere bewys dat die ooreenkomste op hierdie stadium groter as die verskille is en dat die verskille tans nog maar nuanseverskille is.

#### **4. Statistiese metodes**

Deur die loop van die geskiedenis het daar 'n aantal pogings voorgekom om tekskritiese probleme deur middel van statistiese metodes op te los. Hierdie metodes het gewoonlik nie veel verder as die persoon wat dit ontwerp het, gekom nie, omdat dit te veel van bestaande tekskritiese metodiek afgewyk het. Daar bestaan verder ook konsensus onder tekskritici dat, vanweë die aard van die tekskritiese probleme, dit nie moontlik is om dit met sulke statistiese berekeninge op te los nie. Om hierdie redes kon geeneen van hierdie metodes nog daarin slaag om 'n beduidende impak op die tekskritiese wêreld te maak nie.

**Literatuur:** Albertson 1959; Dearing 1959; 1967; 1974; Greg 1927; Griffith 1969; AA Hill 1970; Severs 1965.



## **Tweede Deel**

### **Basiese aspekte van die praktyk**



# Hoofstuk 7

## Die versameling van inligting

Die eerste aspek van die praktyk van die tekskritiek is die versameling van inligting. Daar moet naamlik deur die beskikbare bronne gewerk word, ten einde te bepaal wat die status van die bronne is en watter variante lesings daar in die bronne voorkom. Dit is die basis waarop die hele praktyk van die tekskritiek gebou word.

### 1. DIE OPSPORING VAN BRONNE

#### 1.1 Manuskripte

Die eerste stap in die versameling van inligting is die opsporing van bronne. Daar moet in die eerste plek so noukeurig moontlik in lyste van manuskripte gekyk word ten einde 'n opname van die beskikbare bronne te maak. Na so 'n opname moet bepaal word watter van die manuskripte gepubliseer is en waar die publikasies beskikbaar is. Daarna moet bepaal word in watter biblioteke, museums, versamelings, ensovoorts die res beskikbaar is. Elke toepaslike manuskrip wat die gedeelte bevat wat ondersoek word, moet bekom word, òf by wyse van 'n publikasie daarvan, òf by wyse van die een of ander reproduksie daarvan.

Daar is drie wyses waarop 'n manuskrip gepubliseer kan word, 'n faksimile-uitgawe, waar die manuskrip deur foto's gereproduceer word; 'n transkripsie-uitgawe, waar die manuskrip deur die uitgewer of redakteur oorgeskryf of oorgetik word; en 'n kollasie-uitgawe, waar die manuskrip met 'n bestaande gedrukte teks (gewoonlik die *Textus Receptus*) vergelyk word en slegs die verskille tussen die manuskrip en die vergelykingsbasis weergegee word. Onder die drie soorte is die eerste die beste, omdat dit 'n presiese weergawe van die betrokke manuskrip is. Transkripsies en kollasies het dié nadeel dat dele van die oorspronklike manuskrip wat moeilik leesbaar is nie deur die gebruiker gekontroleer kan word nie. Die gebruiker weet dus nie wanneer die uitgewer of redakteur 'n leesfout gemaak het nie.

Van dié manuskripte wat nie gepubliseer is nie, moet die oorspronklike self (of die een of ander ongepubliseerde kopie daarvan) geraadpleeg word. Die mikrofilmversameling van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland, is 'n belangrike bron. Ongelukkig is daar in die proses van verfilming 'n ooreenkoms met die instansies waar die manuskripte bewaar word, gesluit, waarvolgens dit vir die instituut nie toelaatbaar is om kopieë van hierdie

manuskripte aan buitelanders beskikbaar te stel nie. Wie 'n manuskrip wil raadpleeg, moet dus self by die instituut gaan werk. Ondanks hierdie probleem is hierdie sentrale beskikbaarheid van manuskripte tog besonder voordelig en bespaar dit baie kostes vir mense wat manuskripte wil raadpleeg. Ander sentra waar manuskripte op mikrofilm bewaar word, soos die *Library of Congress* in Washington DC, VSA, of die *Vetus Latina Institut* in Beuron, Wes-Duitsland (vir Latynse manuskripte), is bereid om onder bepaalde omstandighede kopieë van die mikrofilms beskikbaar te stel.

**Literatuur:** K Aland 1954; 1957a; 1963; 1967h; 1969a; Charlesworth 1980; KW Clark 1950; 1953; JK Elliott 1988b; Von Dobschütz 1924; 1926; 1928; 1933; en berigte in *Kunst* (ed) 1969; 1970; 1972; 1974; 1977; 1979; 1982; 1985.

## 1.2 Vertalings

Naas die manuskripte moet die ou vertalings geraadpleeg word. Normaalweg word gepubliseerde uitgawes van die vertalings eerder as individuele manuskripte geraadpleeg. Slegs in die geval van die Oud-Latynse en Oud-Siriese vertalings word die manuskripte individueel geraadpleeg.

**Literatuur:** Fischer 1949; AS Lewis 1894; 1910; Metzger 1977.

## 1.3 Sitate

Die derde groep bronne wat in die versameling van data gebruik word, is die patristiese sitate. Die versameling van hierdie materiaal hou in dat elke antieke geskrif waarin uit die Nuwe Testament aangehaal word noukeurig gelees moet word, ten einde te bepaal op watter plekke in die betrokke geskrif na die Nuwe Testament verwys word of daaruit aangehaal word. Alle moontlike verwysings na of aanhalings uit die betrokke gedeelte is relevant, van paragrawe in geheel tot enkele frases.

Vanselfsprekend vereis dit 'n baie noukeurige kennis van die Nuwe Testament om hierdie aanhalings raak te sien. Vir een mens sou dit onmoontlik wees om al die patristiese materiaal vir hierdie doel deur te werk. Gelukkig is hierdie proses deur die eeue heen deur verskillende mense gedoen, met die gevolg dat daar vandag talle hulpmiddels is waarin die inligting beskikbaar is. Benewens die feit dat sommige van die betrokke geskrifte 'n volledige indeks van verwysings na en aanhalings uit die Nuwe Testament bevat, is daar boeke wat spesiaal

saamgestel is met die verwysings en aanhalings waarin elke verwysing se plek in die betrokke geskrif gegee word. Daarbenewens het die *Vetus Latina Institut* in Beuron, Wes-Duitsland, oor die jare heen 'n uitgebreide databank geskep. Hierin word elke enkele aanhaling en verwysing wat in Latynse geskrifte voorkom met volledige verwysings na die plek waar dit voorkom, op kaartjies aangebring.

Soos in die geval van die vertalings word daar ten opsigte van die patristiese sitate normaalweg ook gewerk met gepubliseerde uitgawes van die betrokke kerkvader eerder as individuele manuskripte. Ook in hierdie geval is dit egter noodsaaklik dat seker gemaak word dat die beste (kritiese) uitgawes van die betrokke werk geraadpleeg word.

**Literatuur:** Frede 1981; 1984; 1988.

## 2. DIE TRANSKRIPSIE VAN MANUSKRIPTE

Nadat die belangrike manuskripte opgespoor is, moet hulle gelees of getranskribeer word. Vanweë verskillende paleografiese faktore, is die teks nie altyd so maklik ontsyferbaar nie en dit vereis dikwels 'n baie ervare paleograaf of papiroloog om die teks akkuraat te transkribeer of te ontsyfer.

**Literatuur:** Finegan 1974; Metzger 1981.

## 3. DIE DATERING VAN BRONNE

Nadat die bronne van die betrokke teks versamel en gelees is, moet hulle gedateer word. Die datering van vertalings en geskrifte waarin gesiteer word, is normaalweg nie 'n groot probleem nie, omdat dit gewoonlik histories redelik noukeurig bekend is uit watter tydperk 'n vertaling kom en wanneer 'n kerkvader geleef het.

Met die manuskripte is dit egter anders gesteld. Hoewel sommige manuskripte gedateer is en dus 'n akkurate datering moontlik maak, is die oorgrote meerderheid manuskripte ongedateer, en moet aan die hand van bepaalde paleografiese beginsels besluit word in watter eeu 'n manuskrip gedateer moet word. Gelukkig is hierdie beginsels in so 'n mate verfyn en afgerond dat dit vandag moontlik is om 'n redelike mate van konsensus oor feitlik alle manuskripte se breë datering (met 'n eeu speling) te bereik, en is daar met enkele uitsonderings inderdaad ook konsensus onder tekskritici ten opsigte van die eeu waarin die manuskripte van die Nuwe Testament gedateer moet word.

Watter beginsels word in hierdie proses gebruik? In hoofstuk 1 hierbo is op

die belangrikste beginsels gewys. Enkele voorbeelde sal dus hier voldoende wees. Omdat dit bekend is dat Christene eers in die 4de eeu, of hoogstens laat in die 3de eeu, begin het om perkament in plaas van papyrus vir hul manuskripte te gebruik, is dit bekend dat geen manuskrip wat op perkament geskryf is, ouer as die 3de eeu kan wees nie. Indien 'n manuskrip dus op perkament geskryf is, moet dit later as die 3de eeu gedateer word. Papyrusmanuskripte, daarenteen, kan later as die 3de eeu gedateer word, omdat daar nie abrupt met die gebruik van papyrus gestaak is toe perkament in gebruik gekom het nie. Dit is verder bekend dat minuskelskrif eers in die 9de eeu in gebruik gekom het. Dit beteken weer dat 'n minuskelmanuskrip nie voor die 9de eeu kon ontstaan het nie. Deur hierdie en ander soortgelyke sake, soos die voorkoms van opskrifte, die Eusebiese kanons, kommentaar, die byvoeging van aksente en leestekens, paragraafonderskeidinge, ensovoorts, wat in die manuskripte gevind word, in verband te bring met die tyd toe hierdie praktyke in die oorlewering van die teks gevestig geraak het, kan redelik akkuraat bepaal word in watter eeu 'n manuskrip ontstaan het. Ten slotte kan manuskripte ook gedateer word aan die hand van kenmerkende eienskappe van die handskrif wat daarin voorkom. Daar is reeds in hoofstuk 1 op gewys dat daar onder die minuskelkodekse byvoorbeeld vier handskrifkategorieë, die *vetustissimi*, *vetusti*, *novelli* en *recentiores*, bestaan het. Deur die minuskel aan die kenmerkende eienskappe van die handskrif van elk van hierdie kategorieë te toets, kan dus redelik akkuraat bepaal word in watter eeu die betrokke manuskrip tuis behoort.

Op hierdie wyse moet elke bron wat geraadpleeg word, so noukeurig moontlik gedateer word.

Literatuur: Finegan 1974; YK Kim 1988; Metzger 1981.

#### 4. DIE KOLLASIONERING VAN DIE BRONNE

In die eerste drie stappe van die versameling van data is hoofsaaklik met die identifisering van die bronne gewerk. In die laaste drie stappe word met die inhoudelike gewerk en word die teks van elke bron ontleed. Die eerste stap in hierdie afdeling is die vergelyking van die bronne met mekaar, ten einde te bepaal watter verskille daar tussen die bronne is. Hierdie proses van die vergelyking van bronne word *kollasie* genoem.

Literatuur: Finegan 1974; Metzger 1981.

#### 4.1 Manuskripte

'n Manuskrip word gekollasioneer deur dit met 'n basisteks te vergelyk en alle verskille van die betrokke teks duidelik aan te teken. Enige basisteks kan vir die doel gebruik word. Gewoonlik word die *Textus Receptus* gebruik. Dit is egter belangrik om te onthou dat waar 'n hele aantal manuskripte in dieselfde gedeelte gekollasioneer word met die doel om die variasie in die manuskripte te identifiseer, dit belangrik is dat dieselfde basisteks vir al die kollasies gebruik word. Die doel met so 'n kollasie is dat die leser die volledige teks van die betrokke manuskrip kan rekonstrueer as hy die kollasie en die basisteks het. Dit is dus besonder belangrik dat akkuraat en volledig gekollasioneer moet word, ten einde foutiewe inligting te vermy.

Die kollasies word soos volg aangeteken: Die lesing van die basisteks word aangegee, gevolg deur 'n blokhakie ] en die presiese lesing van die manuskrip, soos dit van die basisteks verskil, byvoorbeeld: 1. ὑμῶν ] ἡμῶν beteken dat in vers 1, waar die basisteks die woord ὑμῶν bevat, die manuskrip die woord ἡμῶν bevat. Vir gemaklike uitkenning van die betrokke woord(e) wat verskil, word die versnommer links van die betrokke variasie aangetoon. Waar ὑμῶν twee keer in die betrokke vers voorkom, kan met 'n syfer in boskrif aangedui word of die variasie by die eerste of tweede ὑμῶν aangetref word, byvoorbeeld ὑμῶν<sup>1</sup> ] ἡμῶν, sou beteken dat na die eerste geval verwys word. Waar iets in die manuskrip bygevoeg is wat in die basisteks ontbreek, word dit soos volg aangedui: 3. μαθηταί ] + τοῦ Ἰησοῦ. Dit beteken dat in die basisteks in vers 3 slegs μαθητῆς geskryf is, terwyl die manuskrip die woorde μαθηταί τοῦ Ἰησοῦ bevat. Wanneer iets in die basisteks voorkom, maar in die manuskrip wat met hom vergelyk word ontbreek, kan die weglating by wyse van 'n blote strepie of die woord omit aangetoon word, byvoorbeeld: 6. ὁ Θεός ] - of 6. ὁ Θεός ] omit beteken dat die woorde ὁ Θεός nie in die manuskrip voorkom nie. Wanneer daar 'n korreksie in 'n manuskrip voorkom en die korreksie verskil van die basisteks, terwyl die oorspronklike lesing met die basisteks ooreenstem, word die korreksie deur 'n verhewe c aangetoon en die oorspronklike lesing deur 'n verhewe asterisk \*: Gestel die basisteks het die lesing ὁ Θεός en die manuskrip ὁ κύριος. Die lesing in die manuskrip is egter uitgekrap en met ὁ Ἰησοῦς vervang. Dit sal soos volg in die kollasie aangedui word: ὁ Θεός ] ὁ κύριος\* / ὁ Ἰησοῦς<sup>c</sup>. Gestel nou dat die korrektor die oorspronklike lesing in die manuskrip (ὁ κύριος) uitgekrap het en met dieselfde lesing as die basisteks vervang het. Dit sal weer soos volg aangedui word: ὁ Θεός ] ὁ κύριος\* / txt<sup>c</sup> of ὁ Θεός ] ὁ κύριος\* / ὁ Θεός<sup>c</sup>.

'n Besonder moeilike kollasieprobleem ontstaan wanneer manuskripte fragmentaries is of wanneer lakunes in 'n teks voorkom. Wanneer die teks van so 'n aard is dat letters slegs moeilik sigbaar is, word 'n punt onder die letter in die

kollasie geplaas. So sal ἡ δικαιοσύνη ] ἡ ἀληθεία byvoorbeeld beteken dat die twee letters λ en η moeilik leesbaar is op die teks. Wanneer 'n lakune voorkom of 'n gedeelte van 'n woord heeltemal onleesbaar is, word dit tussen hakies of blokhakies geplaas, byvoorbeeld: ἡ δικαιοσύνη ] ἡ ἀλ(ηθεία) of ἡ δικαιοσύνη ] ἡ ἀλ[ηθεία]. Dit beteken dat die manuskrip by αλ ophou en dat die res van die woord ontbreek, maar as die aantal letters waarvoor daar nog plek in die reël is, getel word, is dit duidelik dat hierdie woord waarskynlik daar gestaan het.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die kollasie van *Kodeks Θ* teen NA<sup>26</sup> in Lk 24: 1-3:

#### Die teks van *Kodeks Θ*:

τη δε μια των σαββατων ορθρου βαθεως, ηλθον γυναικες επι τω μνημα φερουσαι αι ητοιμασαν αρωματα και τινες συν αυταις ευρον δε τον λιθον. αποκεκοιλισμενον απο του μνημειου: και ησελθουσαι ουχ ευρον τω σωμα του κυ̅ω̅.

#### Die teks van die basisteks (NA<sup>26</sup>):

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φέρουσαι ἃ ἠτοιμάσαν ἀρώματα. 2. εὔρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημείου, 3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

#### Die kollasie:

1. ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον ] ηλθον γυναικες επι τω μνημα  
1. ἦλθον ] + γυναικες  
1. τό ] τω  
1. ἄ ] αι  
1. ἀρώματα ] + και τινες συν αυτοις  
3. εἰσελθοῦσαι δέ ] και ησελθουσαι  
3. εἰσελθοῦσαι ] ησελθουσαι  
3. τό ] τω

#### 4.2 Vertalings

Vertalings word op dieselfde wyse as manuskripte gekollasioneer en indien die verskille tussen die vertaling en die Griekse teks aangeteken wil word, moet dit vanselfsprekend teen 'n Griekse basisteks gekollasioneer word. Dit bring eiesoortige probleme mee. Die belangrikste van hierdie probleme lê in die verskil tussen die



aard van tale, wat kan meebring dat iets soms na variasie lyk, maar dit in werklikheid nie is nie. So het Latyn byvoorbeeld geen lidwoord nie. Dit is gevolglik in gevalle waar die Griekse basisteks 'n lidwoord gebruik, onmoontlik om te weet of die grondteks van die Latynse vertaling 'n lidwoord gehad het of nie. Ter wille van volledigheid word in die kollasiestadium egter alle verskille aangetoon. Wanneer die variasie-eenhede en variante lesings geïdentifiseer word, word hierdie probleem opgelos en word slegs die toepaslike variasie geselekteer. Dit is beter om in daardie gevalle die volle prentjie te hê as slegs 'n gedeeltelike prentjie.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die kollasie van *Kodeks a* (3) (die Latynse manuskrip) teen NA<sup>26</sup> in Lk 24: 1-3:

#### Die teks van Kodeks a:

*Prima autem die sabbatorum venerunt ante lucem valde ad monumentum adferentes quae paraverunt invenerunt autem lapidem revolutum a monumento ingressae autem non invenerunt corpus.*

#### Die teks van die basisteks (NA<sup>26</sup>):

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φέρουσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα. 2. εὔρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημεῖου, 3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐκ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

#### Die kollasie:

1. τῇ δὲ μιᾷ ] *prima autem die*
1. ὄρθρου βαθέως ] *ante lucem valde*
1. ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον ] *venerunt ante lucem valde ad monumentum*
1. ἀρώματα ] -
3. τοῦ κυρίου Ἰησοῦ ] -

**Literatuur:** Brock 1976; Metzger 1977.

### 4.3 Sitate

Soos in die geval van die vertalings, word die sitate uit en verwysings na die Nuwe Testament op dieselfde wyse as die manuskripte gekollasioneer. Van die drie soorte bronne is die sitate en verwysings egter die moeilikste om te kollasioneer, omdat daar 'n aantal probleme is wat die saak ingewikkeld maak.

Die eerste probleem lê in die aanhaling of verwysing self. Omdat aanhalings

en verwysings sonder enige aanduiding normaalweg bloot by die teks ingeweerf is, is dit soms moeilik om te bepaal presies waarna die skrywer verwys, omdat die woordorde soms verskil, of die woorde en frases met sinonieme of parallelle vervang is. Dit beteken dat daar in die geval van die kollasie van sitate baie noukeurig te werk gegaan en ook baie presies bepaal moet word of die verskil tussen die sitaat en die basisteks werklik 'n verskil in teks is en of dit nie maar bloot 'n aanpassing van die lesing by die styl of woordorde van die patristiese teks is nie. Hierdie probleem is veral belangrik in die geval van kort aanhalings waar kerkvaders soms uit die hoof aangehaal het en nie presies was nie.

Hieronder volg 'n voorbeeld van aanhalings van 'n kerkvader uit Lk 24: 1-3. Die basisteks is weer eens NA<sup>26</sup>, terwyl sitate uit Eusebius vir die kollasie gebruik word.

**Sitate:**

1. τῇ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἦλθον αἱ γυναῖκες ἐπὶ τὸ μνημεῖον φεροῦσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα καὶ τινες σὺν αὐτοῖς
2. καὶ εὗρισκούσιν αὐτὸν ἀποκεκυλισμένον ἐκ τοῦ μνημείου,
3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

**Die teks van die basisteks (NA<sup>26</sup>):**

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φεροῦσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα.
2. εὔρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημείου,
3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

**Die kollasie:**

1. δὲ ] -
1. βαθέως ] βαθέος
1. ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον ] ἦλθον αἱ γυναῖκες ἐπὶ τὸ μνημεῖον
1. μνήμα ] μνημεῖον
1. ἦλθον ] + αἱ γυναῖκες
1. ἀρώματα ] + καὶ τινες σὺν αὐταῖς
2. εὔρον δέ ] καὶ εὗρισκούσιν
2. τὸν λίθον ] αὐτόν
2. ἀπὸ ] ἐκ

Literatuur: Frede 1972; Prigent 1972.

**5. DIE IDENTIFIKASIE VAN VARIASIE-EENHEDE**

Nadat alle bronne versamel en gekollasioneer is om te bepaal waar en watter verskille daar in die teks van die verskillende bronne voorkom, moet die inligting wat op hierdie wyse versamel is, gesistematiseer word en sistematies voorgestel word. Dit wil sê, die variasie-eenhede moet afgebaken word. Dit hou in dat al die kollasies met mekaar vergelyk sal word ten einde te bepaal waar daar variasie in die bronne voorkom. Elke variasie-eenheid word geïdentifiseer deur elke variante lesing in elke geval van variasie te noteer en dan te bepaal waar elke individuele geval van variasie begin en waar dit eindig.

Om die inligting gemaklik te verwerk, kan die variasie soos volg noteer word ('n ander manier van kollasie):

	A	
1: BASISTEKS	τη δε μϑ	των σαββατων
2: Θ	" " "	" "
3: a	Prima autem + die	" "
4: Eus	" - "	" "

B		
1:	ορθρου βαθεως επι το μνημεια	ηλθον
2:	" " ηλθον + γυναικες	επι τω μνημα
3:	venerunt ante lucem valde	ad monumentum
4:	" βαθεος ηλθον + αι γυναικες	επι το μνημειων

	C		D	E
1: φερουσαι	α	ητοιμασαν	αρωματα	
2: "	αι	"	"	+ και τινες συν αυτοις
3: "	"	"	-	
4: "	"	"	"	+ και τινες συν αυτοις

Nadat die inligting op hierdie manier verkry is, kan die variasie-eenhede individueel met elke variante lesing daarin genoteer word. In Lk 24: 1-3 kom dus die volgende variasie-eenhede onder die bronne wat hierbo gekollasioneer is, voor:

Vers 1:

1. τη δε μια / τη μια / *prima autem die*
2. ορθρου βαθεως ηλθον γυναικες επι τω μνημα / ορθρου βαθεος ηλθον αι γυναικες επι το μνημειον / *venerunt ante lucem valde ad monumentum*
3. α / αι
4. αρωματα / --
5. και τινες συν αυτων / --

Vers 2:

1. ευρον δε / και ευρισκουσι
2. τον λιθον / αυτον
3. απο / εκ

Vers 3:

1. εισελθουσαι / και ησελθουσαι
2. το / τω
3. του κυριου ησου / --

Literatuur: Clemons 1974; Colwell & Tune 1964; Epp 1976c.

## 6. DIE OPSTEL VAN 'N KRITIESE APPARAAT

Die laaste stap in die versameling van die data is om die bronne waarin elke variante lesing binne elke variasie-eenheid voorkom, by elke variasie-eenheid individueel te noteer. Hierdeur is al die inligting versamel en op 'n sistematiese wyse voorgestel. Die tekskritikus is nou gereed om met sy eintlike werk, die beoordeling van die bronne en variasie-eenhede, te begin.

Die kritiese apparaat van die drie bronne wat in Lk 24: 1-3 gekollasioneer is, lyk soos volg:

Vers 1:

τη δε μιᾶ τῶν σαββάτων ὀρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνῆμα ἦλθον φεροῦσαι ἅ

ἠτοιμάσαν ἀρώματα

1. τῆ δὲ μιᾷ (Θ) / τῆ μιᾷ (Eus) / *prima autem die* (a)
2. ὄρθρου βαθέως ἦλθον γυναικὲς ἐπὶ τῷ μνήμα (Θ) / ὄρθρου βαθεὸς ἦλθον αἱ γυναικὲς ἐπὶ τὸ μνημεῖον (Eus) / *venerunt ante lucem valde ad monumentum* (a)
3. ἅ (a Eus) / αἱ (Θ)
4. ἀρώματα (Θ Eus) / -- (a)
5. καὶ τινες σὺν αὐτῶν (a) / -- (Θ Eus)

Vers 2:

εὗρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημείου

1. εὗρον δέ (Θ a) / καὶ εὕρισκοῦσιν (Eus)
2. τὸν λίθον (Θ a) / αὐτόν (Eus)
3. ἀπὸ (Θ) / ἐκ (Eus) / ἀπὸ of ἐκ (a)

Vers 3:

εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὗρον τὸ σῶμα τοῦ κύριου Ἰησοῦ

1. εἰσελθοῦσαι δέ (Θ) / καὶ ἤσελθοῦσαι (Eus) / εἰσελθοῦσαι δέ of καὶ ἤσελθοῦσαι (a)
2. τό (Eus) / τῷ (Θ) / τό of τῷ (a)
3. τοῦ κύριου Ἰησοῦ (Θ Eus) / -- (a)

Wanneer hierdie punt bereik is, is 'n volledige *kritiese apparaat* daargestel en kan nou met die rekonstruksie van die teksgeskiedenis en die rekonstruksie van die teks begin word. Dit is belangrik dat die opstel van die kritiese apparaat so noukeurig en in soveel detail moontlik gedoen word. Hoe meer detail, hoe groter die sekerheid waarmee die eintlike probleem, die keuse van die oorspronklike lesing, opgelos kan word.

Literatuur: JK Elliott 1986b; FC Grant 1950; RM Grant 1950; Metzger 1950; Wikgren 1950.

# Hoofstuk 8

## Die rekonstruksie van die teksgeskiedenis

Nadat die inligting versamel en gesistematiseer is, word een van die belangrikste aspekte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, bereik. Hierdie aspek is een van die basiese aspekte van die tekskritiese metode en die meeste van die metodes wat in hierdie wetenskap gebruik word om die teks te herstel, is op 'n noukeurige rekonstruksie van die teksgeskiedenis gebaseer. Hoe noukeuriger die historiese model gekonstrueer kan word, hoe noukeuriger kan die teks gerekonstrueer word.

### 1. DIE BEGINSSEL

Die beginsel waarop die hele proses berus, is dat manuskripte en ander bronne in groepe ingedeel kan word. Die geskiedenis word dan beskryf deur die onderlinge verhouding van hierdie groepe tot mekaar te identifiseer en te beskryf.

Die indeling van manuskripte en ander bronne in groepe berus op 'n historiese beginsel, naamlik dat manuskripte wat dieselfde kenmerke vertoon van dieselfde archetipe gekopieer is. Die bekende beginsel, wat reeds deur Karl Lachmann in sy genealogiese metode geformuleer is, lui: *Identity of reading implies identity of origin*. Dit beteken dat oral waar variasie in die manuskripte voorkom, dit aanvaar kan word dat waar twee manuskripte dieselfde lesing het, hulle van dieselfde archetipe gekopieer is. Deur hierdie ooreenkomste en verskille tussen die manuskripte te ontleed, kan dus bepaal word watter manuskripte genealogies aan mekaar verwant is.

Litcratuur: Colwell 1969g; Dearing 1967; Greeven 1959/60; Hills 1949; Metzger 1968b; Souter 1960; Vaganey 1937.

### 2. DIE GROEPERING VAN MANUSKRIPTE

Om hierdie beginsel uit te voer, moet die manuskripte dus aan die hand van hulle kenmerkende eienskappe in groepe ingedeel word. Daarvoor is daar gedurende die 20ste eeu *kwantitatiewe metodes* ontwikkel. Hiervolgens word die ooreenstemming in lesings waar daar variasie is, statisties bereken en voorgestel.

Onder die meer bekende statistiese metodes is dié van Hutton (die *triple reading method*), Colwell en Tune (die *multiple reading method*), Geerlings,

Champlin, Aland, Hurtado en Fee. Die metode van Fee, wat op die *multiple reading method* van Colwell en Tune gebaseer is, word vandag as standaard aanvaar. Dit werk min of meer soos volg (om die metode in praktyk te illustreer, word 'n statistiese berekening van die verwantskap van Latynse manuskripte in Hd 6 gebruik):

**Literatuur:** Carder 1969/70; Champlin 1964; 1966; Colwell 1969g; Colwell & Tune 1969; Ehrman 1986; 1987; Fee 1968/69; Geer 1988; Geerlings 1961a; 1961b; 1962a; 1962b; 1963; 1968a; 1968b; Hills 1949; Hurtado 1981b; KW Kim 1949; Petzer 1988b; Richards 1979; Wisse 1982.

#### (a) Die keuse van manuskripte

Wanneer 'n nuwe manuskrip geklassifiseer moet word, is die eerste stap om 'n kontrolegroep van manuskripte te identifiseer. Dit bestaan gewoonlik uit die belangrikste verteenwoordigers van elke teks- of subtekstfamilie onder die manuskripte van die Nuwe Testament. Wanneer 'n totaal nuwe klassifikasie van ongeklassifiseerde bronne gemaak moet word, sal uiteraard nie met 'n kontrolegroep nie, maar met al die manuskripte wat geklassifiseer moet word, gewerk word. Omdat die klassifikasie van die manuskripte in Hd 6 'n nuwe klassifikasie is, word nie met 'n kontrolegroep gewerk nie, maar word 'n totale aantal manuskripte geklassifiseer. Altesaam dertien Latynse manuskripte van Hd 6 word gebruik. Dit is naamlik alle Latynse manuskripte van Hd 6 wat moontlik 'n oud-Latynse teks bevat. Hulle is die volgende: vg 5 6 50 51 52 54 55 56 58 61 62 63.

#### (b) Die identifikasie van relevante variasie-eenhede

Daarna word hierdie groep (saam met die bron wat geklassifiseer moet word in gevalle van die klassifikasie van een manuskrip), volledig gekollasioneer en alle variasie-eenhede word geïdentifiseer. Nie alle variasie-eenhede word egter gebruik nie, omdat nie almal vir so 'n studie geskik is nie. Slegs variasie-eenhede wat betekenisvol vir verwantskap is, word gebruik. Om dit te identifiseer, word in die eerste plek alle variasie-eenhede uitgeskakel wat sake soos ortografie, spelling, ensovoorts behels, uitgeskakel. Daarna word alle variasie wat *singuliere* lesings verteenwoordig, uitgeskakel. Singuliere lesings is lesings ten opsigte waarvan al die bronne behalwe een dieselfde lesing het. Daarna word alle ander variasie uitgeskakel, ten opsigte waarvan die vermoede bestaan dat dit aan die skriptor wat die betrokke manuskripte gekopieer het, te wyte kan wees (dus die eiesoortigheide van elke manuskrip). Wat oorbly is dan dié variasie-eenhede ten opsigte waarvan

die lesing waarskynlik dié van die archetype van elke groep verteenwoordig.

Nadat alle onbelangrike variasie-eenhede, dit is variasie-eenhede wat nie vir die genealogiese verwantskap relevant is nie en variasie-eenhede wat singuliere lesings bevat, in die kollasie van die manuskripte van Hd 6 uitgeskakel is, het 107 variasie-eenhede wat vir die analise bruikbaar was, oorgebly. Die statistiese berekening is dus op grond van hierdie 107 gedoen. In die geval van *Kodeks 52* is slegs 60 variasie-eenhede as basis gebruik, omdat die eerste sewe verse van Hd 6 in hierdie manuskrip ontbreek.

**(c) Die voorstelling van die kollasies**

Na die identifikasie van die belangrike variasie-eenhede, is die kollasies op 'n wyse voorgestel wat die ooreenkomste en verskille in elke variasie-eenheid dadelik ontbloom. Aan elke variante lesing in die betrokke variasie-eenheid is 'n nommer toegeken wat vir elke variasie-eenheid dan teenoor die manuskripte se nommers getabuleer is. Die volgende voorbeeld maak die prosedure duidelik:

In Hd 6: 2 kom die volgende variante lesings in een van die variasie-eenhede voor:

- 1) *duodecim*: vg 5 6 50 55 62 63
- 2) *apostoli*: 51
- 3) *duodecim apostoli*: 54 56 58
- 4) *apostoli duodecim*: 61

Hierdie inligting sal dan soos volg getabuleer word:

vg	5	6	50	51	54	55	56	58	61	62	63
1	1	1	1	2	3	1	3	3	4	1	1

So word die inligting vir elke variasie-eenheid in elke vers voorgestel. Die inligting vir Hd 6: 1 sal soos volg lyk (die simbootjies a,b,c, ensovoorts verteenwoordig die verskillende variasie-eenhede in Hd 6: 1):



	a	b	c	d	e	f	g
vg	1	1	1	1	1	1	1
5	2	2	3	2	1	3	2
6	1	1	1	1	1	1	1
50	2	3	1	2	2	1	1
51	3	4	1	1	1	2	3
54	1	5	3	3	2	2	1
55	1	6	3	4	1	2	4
56	4	1	1	1	1	1	5
58	1	1	1	1	1	1	1
61	1	1	1	1	1	1	6
62	1	1	1	1	1	2	1
63	1	1	2	1	1	1	1

#### (d) Die statistiese berekening

So word die inligting vir elke vers van die gedeelte wat ondersoek word, voorgestel. Hierna volg die statistiese berekening. Dit bestaan daaruit dat in elke geval van die oorblywende variasie getel word hoeveel keer die betrokke manuskripte in die groep met mekaar en met die bron wat geklassifiseer moet word, ooreenstem. Deur hierdie getal in 'n persentasie uit te druk, kan afleidings ten opsigte van die klassifikasie of groepering van manuskripte gemaak word. Gewoonlik word aanvaar dat indien 'n bron in meer as 70% van die variasie-eenhede met die getuiesse van 'n bepaalde groep ooreenstem, die bron by die betrokke groep geklassifiseer moet word.

Op grond van die tabel hierbo is dit nou maklik om die ooreenkoms en verskille te bereken. Indien die ooreenkomste tussen byvoorbeeld vg en 5 bereken wil word, word getel in hoeveel gevalle hulle dieselfde syfer het: In die voorbeeld is daar slegs een geval, naamlik die eenheid e, waar albei 'n 1 het. In die geval van byvoorbeeld 50 en 54, is daar 2 gevalle: e waar albei 'n 2 het, en g, waar albei 'n 1 het.

Voordat afleidings gemaak kan word, moet hierdie getalle in persentasies, bereken teen die totale aantal variasie-eenhede in die analise, uitgedruk word. In die geval van vg en 5, wat hierbo genoem is, is die totale aantal ooreenkomste dus 1/7, wat 'n persentasie van 14,3% gee. In die geval van 51 en 54 is die totaal 2/7, wat 'n persentasie van 28,6% gee. Op hierdie wyse moet die persentasie-ooreenkoms tussen alle manuskripte in die analise bereken word.

In die analise van die Latynse manuskripte in Hd 6, is die volgende totale en

persentasies verkry (persentasies is aangepas tot die naaste volgetal):

**Werklike getalle:**

vg	5	6	50	51	52	54	55	56	58	61	62	63
vg												
5	38											
6	98	37										
50	42	38	42									
51	53	32	51	40								
52	28	21	27	24	46		(uit 60)					
54	55	33	56	45	54	30						
55	33	27	34	22	20	21	25					
56	45	29	53	35	35	14	29	35				
58	91	34	88	41	46	21	50	35	60			
61	83	36	76	40	42	22	44	26	46	67		
62	100	36	97	40	52	27	55	36	57	91	73	
63	95	37	92	42	51	27	55	31	54	86	74	95

**Persentasies (by benadering):**

vg	5	6	50	51	52	54	55	56	58	61	62	63
vg												
5	36											
6	92	35										
50	39	36	39									
51	50	30	48	37								
52	47	35	45	30	77							
54	51	31	52	43	51	50						
55	31	25	32	21	19	35	23					
56	51	27	50	33	33	23	27	33				
58	85	32	82	38	43	35	47	33	56			
61	78	34	71	38	39	38	41	24	43	63		
62	94	34	91	38	49	45	51	34	53	85	68	
63	89	45	86	39	48	45	51	29	51	80	70	89

**(e) Die interpretasie van die statistieke**

Uit hierdie berekeninge kan nou afleidings ten opsigte van die groepering van manuskripte gemaak word. Gewoonlik word dit gestel dat 'n ooreenkoms van ongeveer 70%, met 'n verskil van ten minste 10% van ander groepe, daarop dui dat manuskripte aan dieselfde familie behoort. Op grond daarvan kan die manuskripte wat ondersoek is, dus soos volg gegroepeer word: vg 6 56 58 61 62 en 63 vorm een groep (Groep A), terwyl 51 en 52 'n tweede groep (Groep B) vorm. Al die ander manuskripte vorm òf groepe op hulle eie (met ander lede onder die kerkvaders) òf is baie swak-gekopieerde manuskripte. Daarvoor moet uitsluitel verkry word in die verdere ondersoek na die tekste van die manuskripte.

Deur op hierdie wyse te werk te gaan, is die teksfamilies (Alexandryns, Caesareaans, Westers en Bisantyns), die subteksfamilies (proto-Alexandryns en Egipties, pre-Caesareaans en Caesareaans) en die manuskripfamilies (f<sup>1</sup>, f<sup>13</sup>), onder die bronne van die teks van die Nuwe Testament geïdentifiseer.

**3. DIE KARAKTERISERING VAN GROEPE**

Die resultate van die statistiese klassifikasie van 'n bepaalde bron moet bevestig en verfynd word, voordat finale gevolgtrekkings gemaak kan word. Daarvoor word kenmerkende lesings van die manuskrip en die groep waaraan dit behoort, soos dit van ander groepe verskil, ontleed. So word 'n profiel van die betrokke groep en bron wat bestudeer word, daargestel.

Twee profielmetodes word vandag gebruik. Die sogenaamde *Claremont Profile Method* het in die sestigerjare van hierdie eeu sy beslag gekry, omdat dit nodig geword het om 'n akkurate metode te vind waarop groepe onder die minuskels geïdentifiseer kan word en in die apparaat van die Lukasteks van die *IGNTP* verteenwoordig kan word. Veral Eldon Epp, Larry Richards, Paul McReynolds en Frederick Wisse was by die ontwikkeling daarvan betrokke. Bepaalde metodologiese probleme in hierdie metode het in die tagtigerjare tot 'n verfyning daarvan gelei. So het die *Comprehensive Profile Method* van Bart Ehrman ontstaan.

**Literatuur:** B Aland 1976; Epp 1967; 1976a; Ehrman 1986; 1987; Hurtado 1981b; Omanson 1975; Richards 1977a; 1977b; 1979; 1981; Wisse 1982; Wisse & McReynolds 1970.

**(a) Die opstel van die profiel**

'n Profielmetode bestaan in breë trekke daaruit dat 'n profiel van die tipiese lesings

van die bronne van elke groep daargestel word. Dit is (a) lesings wat in al die bronne van die betrokke groep voorkom; en (b) lesings wat in die meerderheid van die groep-bronne voorkom (daar is ook nog ander kategorieë waarin lesings verdeel kan word). Die lesings van die manuskrip wat geklassifiseer moet word, word dan vergelyk met dié wat as tipiese lesings van die betrokke groep geïdentifiseer is, ten einde te bepaal in watter mate dit daarmee ooreenstem. Indien dit baie van hierdie tipiese groep-lesings bevat, sal die bron as 'n goeie verteenwoordiger van die betrokke groep geklassifiseer word. Indien dit minder daarvan bevat, sal dit natuurlik as 'n swak verteenwoordiger daarvan beskou word. Die doel van 'n profielmetode is dus om akkuraat te bepaal hoe ver die betrokke bron van die archetype van die groep verwyder is.

Ter wille van die illustrasie sal 'n profiel van slegs groep A in Hd 6: 1 gegee word (dit verwys na die tabel hierbo waarin die lesings genommer is):

Groep A se profiel ten opsigte van lesings waarvan al die groeplede ooreenstem: *b1 d1 e1*

Groep A se profiel ten opsigte van lesings waar die meerderheid groeplede ooreenstem: *a1 c1 f1 g1*

'n Tweede hipotetiese groep se profiel kan soos volg lyk:

Groep C se profiel ten opsigte van lesings waarvan al die groeplede ooreenstem: *a2 d3 e1 f2 g2*

Groep C se profiel ten opsigte van lesings waar die meerderheid groeplede ooreenstem: *b3 c4*

### (b) Die afleidings uit die profiel

Wanneer die profiel van so 'n groep daargestel is, kan ook akkurate en gemotiveerde afleidings ten opsigte van die aard en karakteristieke eienskappe van die betrokke groep gemaak word. Deur dus algemene afleidings ten opsigte van die tendens onderliggend aan die tipiese lesings in die profiel van 'n groep te maak, kan die algemene karakteristieke eienskappe van die groep geïdentifiseer word.

Deur so 'n profiel van elke teks- en subtekstipe onder die bronne van die teks van die Nuwe Testament daar te stel, en deur algemene afleidings daaruit te maak, is elkeen gekarakteriseer en word elk van die ander onderskei. Elke teks- en subtekstipe het dus 'n profiel wat hom kenmerk en van die ander onderskei. Die feit dat die Westerse teks bepaalde interpolasies bevat, onderskei hom van die

Alexandrynse teks, wat 'n kort teks is. Die konflasionistiese karakter van die Bisantynse teks onderskei hom van ander tekstipes, wat nie die soort konflasie bevat nie.

#### 4. DIE HISTORIESE MODEL

Wanneer die groepe of tekstipes geïdentifiseer is, volg die finale stap in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks. Dit bestaan daaruit dat die geïdentifiseerde tekstipes gedateer en gelokaliseer word en dat die verhouding tussen hulle bepaal word.

##### (a) Die datering en lokalisering van groepe

Om groepe te *dateer* word gewoonlik na die ouderdom van hulle verteenwoordigers gekyk. Indien 'n manuskrip wat, argumentsonthelpe, in die 4de eeu gedateer is, die oudste manuskrip in die betrokke groep is, is dit duidelik dat die groep nie later as die 4de eeu kon ontstaan het nie. Dit is baie dikwels nie moontlik om meer as dit af te lei nie, want 'n 4de-eeuse manuskrip kon van 'n archetype uit die 2de eeu, wat nou verlore is, gekopieer wees, met die gevolg dat die betrokke groep moontlik reeds in die 2de eeu kon bestaan het. Dit is dus maar toevallig dat die oudste manuskripte van die betrokke groep wat behoue gebly het, uit die 4de eeu dateer. Al die ouer verteenwoordigers is verlore, omdat daar bitter min manuskripte in die algemeen van dié betrokke tyd behoue gebly het. Gelukkig bied die vertalings en patristiese sitate hier belangrike getuieis. Hoewel die manuskripte van die betrokke groep verlore kon geraak het, kan verwag word dat daar vertalings en sitate sal wees wat tot so 'n groep behoort, indien dit so vroeg bestaan het. Indien daar ook geen vertalings of sitate van die betrokke groep is nie, kan die datum van die oudste verteenwoordiger daarvan as 'n breë aanduiding van die ontstaanstyd van die groep aanvaar word.

Hierdie beginsel word in die datering van verskillende tekstipes toegepas en veral die datering van die Bisantynse teks illustreer die waarde van die vertalings en die sitate vir die datering van tekstipes goed. Die oudste manuskripte van die Bisantynse teks dateer naamlik uit die 4de en 5de eeu. Dit beteken dat hierdie tekstipe nie later as die 4de of 5de eeu kon ontstaan het nie. Geen vertaling ouer as die 5de eeu behoort aan hierdie tekstipe nie, sodat die vertalings geen waarde vir die datering daarvan het nie. Wanneer die hulp van die kerkvaders ingeroep word, word dit duidelik dat die vroegste kerkvader wat die tipiese profiel van die Bisantynse teks openbaar, Johannes Chrysostomos, ook uit die 4de eeu, is. Die

gevolg is dat dit aanvaar kan word dat hierdie tekstipe êrens in die 4de (of laat in die 3de) eeu ontstaan het. Die Alexandrynse en Westerse tekstipes daarenteen, kom in bronne, veral vertalings en sitate, so vroeg as die 2de eeu voor. Hierdie tekstipes moes dus op die laatste in die 2de eeu ontstaan het. Omdat daar geen getuienis van die teks vroeër as die 2de eeu bestaan nie, is dit nie moontlik om verdere afleidings ten opsigte van hul ouderdom te maak nie.

Vir die *lokalisering* van groepe is die vertalings en sitate ewe-eens belangrik. Omdat dit gewoonlik bekend is waar 'n kerkvader geleef en gewerk het en waar 'n bepaalde vertaling gebruik is, kan daaruit afgelei word dat die groep waaraan die betrokke vertaling of kerkvader behoort, gedurende die tyd toe die vertaling ontstaan het, in die betrokke gebied gedomineer het.

Onder die Latynse manuskripte wat vir die illustrasie van die model hierbo gebruik is, is dit byvoorbeeld duidelik dat Groep A (die groep wat bestaan uit vg 6 56 58 61 62 en 63) almal Vulgata-manuskripte is, omdat almal aan die Vulgata (vg) verwant is. Die groep kan dus as van 'n 4de-eeuse oorsprong beskou word. Net so het verdere ontleding van die teks van die manuskripte in die groep en die teks van Latynse kerkvaders aan die lig gebring dat Groep B (51 en 52) nou aan die kerkvader *Lucifer van Calaris* se sitate verwant is. Dit maak dit moontlik om hierdie tekstipe dus as ten minste 'n vroeg 4de-eeuse tekstipe te beskou (ondanks die feit dat 51 'n laat-Middeleeuse manuskrip is). Net so is 55 aan die kerkvader *Cyprianus* verwant (Groep D), wat meebring dat 55 se teks as 'n laat 2de-eeuse teks van Afrika (Kartago) beskou kan word, omdat dit bekend is dat Cyprianus vroeg in die 3de eeu of laat in die 2de eeu die biskop van Kartago was.

Hierdie beginsel werk soos volg ten opsigte van die teksgeskiedenis van die Nuwe Testament in die algemeen: Uit die feit dat die Sahidiese vertaling byvoorbeeld die tipiese lesings van P<sup>75</sup> en *Kodekse X* en B vertoon, blyk dit dat 'n manuskrip wat tot hierdie tekstipe behoort as grondteks vir die vertaling moes gedien het. Hierdie teks was dus in die 3de eeu in Egipte bekend. Dit word bevestig deurdat die aanhalings van *Origenes* en *Clemens*, beide van Alexandrië, dieselfde karakteristieke eienskappe vertoon. Hieruit kan afgelei word dat die teks van die genoemde drie manuskripte en hul bondgenote onder die kerkvaders en vertalings, in Egipte en veral Alexandrië bekend was, na aanleiding waarvan hierdie groep as die *Alexandrynse teks* bekend geword het. Net so kan afgelei word dat die Westerse teks in die 2de en 3de eeu in Sirië, waar die oud-Siriese vertaling ontstaan het, moes gedomineer het, omdat die oud-Siriese teks die tipiese eienskappe (die profiel) van die Westerse teks vertoon. Wanneer die Siriese vertaling egter in die 4de of 5de eeu hersien word en die *Peshitta* voortbring, is dit duidelik dat die Bisantynse teks die Westerse teks hier verdring het, omdat die *Peshitta* die profiel van die Bisantynse

teks vertoon. Die Caesareaanse teks is op sy beurt weer met die kerkvader Origenes se verhuising van Alexandrië na Caesarea in verband gebring. Daar is naamlik beweer dat sy aanhalings uit die Nuwe Testament voor sy verhuising die eienskappe van die Alexandrynse teks vertoon en daarna dié van 'n ander tekstipe (P<sup>45</sup>, Θ, 565 en 700). Hieruit is afgelei dat die teks van die genoemde groep manuskripte gedurende die 3de eeu in Caesarea bekend was en word dit gevolglik 'n Caesareaanse teks genoem.

**Literatuur:** Fischer 1972; Klijn 1953/54; 1957; Metzger 1950; Suggs 1957/58; Wikgren 1948 (vir die gebruik van die vertalings); Boismard 1950; Duplacy 1970/71; Ehrman 1986; Fee 1971b; Frede 1972; Metzger 1971/72; Prigent 1972 (vir die gebruik van patristiese sitate).

### (b) Die historiese model

Nadat al die tekstipes op hierdie wyse so na moontlik gedateer en gelokaliseer is, moet bepaal word wat hulle *onderlinge verhouding* tot mekaar is. Dit is veral belangrik om op hierdie wyse die ontstaan van die tekstipes te probeer verklaar. Die eerste stap in hierdie proses is om die karakteristieke eienskappe van elke groep (die profiel) te ontleed en binne die konteks van die datering en lokalisering van die tekstipes met mekaar te vergelyk.

Deur nou die historiese feite in vergelyking met die tekstuele profiele en tipiese lesings van die (drie) geïdentifiseerde groepe in die analise van die Latynse manuskripte van Hd 6 in die paragraaf hierbo in verband te bring, is dit moontlik om die volgende geskiedenis te rekonstrueer. Ter wille van eenvoud van die illustrasie word slegs enkele manuskripte in berekening gebring:

Groep D (55) is die oudste teks en was reeds teen die einde van die 2de eeu in Afrika (afgelei uit Cyprianus se datering en lokalisering) in gebruik. 'n Vroeë hersiening van hierdie teks (afgelei uit die verskil tussen die profiele van die twee tekstipes) in Italië (afgelei uit Lucifer se datering en lokalisering) het uitloop op Groep B. Die teks is uiteindelik weer hersien (afgelei uit die verskil tussen die profiele van groepe D en veral A en B) en het in die 4de eeu op die Vulgata uitloop (datering afgelei uit die bekende historiese feite rondom die Vulgata). Groep D word hiervolgens dus as die oudste en mees betroubare verteenwoordiger van die oorspronklike teks van die oud-Latynse vertaling beskou.

Ten opsigte van die teksgeskiedenis van die Griekse Nuwe Testament word hierdie proses byvoorbeeld duidelik in die evaluering van die Bisantynse teks. Daar is reeds in die datering- en lokaliseringproses bepaal dat die Bisantynse teks in die 4de eeu ontstaan het. Wanneer sy tipiese lesings (profiel) ontleed word, word dit

duidelik dat sommige ook in die Alexandrynse teks en andere in die Westerse teks voorkom. Sommige lesings is konflasies van tipies-Alexandrynse en tipies-Westerse lesings. Hieruit kan afgelei word dat die Bisantynse teks op die een of ander wyse uit 'n samestelling van manuskripte van die ouer Alexandrynse en Westerse tekstipes berus.

Uiteindelik word die profiel van dié tekstipe(s) waarvan die ontstaan nie op hierdie (historiese) wyse verklaar kan word nie, so noukeurig moontlik selfstandig ontleed, ten einde te bepaal of dit moontlik is om op grond van die profiel van die betrokke tekstipe een daarvan as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks te beskou. In die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks van die Griekse Nuwe Testament, is die ontstaan van die Alexandrynse en Westerse tekstipes byvoorbeeld nie op bogenoemde wyse verklaarbaar nie. Dit beteken dan dat een van hulle waarskynlik 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks sal wees. Deur die aard van die tipiese lesings van elk te ondersoek, is bepaal dat die Alexandrynse teks waarskynlik 'n getrouer weergawe van die oorspronklike is, omdat die Westerse teks tekens van byvoorbeeld afronding, byvoegings, weglatings en harmoniëring bevat, wat om verskillende redes moeilik as deel van die oorspronklike teks beskou kan word, bevat. (Vgl hfst 4 hierbo vir 'n uiteensetting en bespreking van die gerekonstrueerde geskiedenis van die teks van die Nuwe Testament.)

## 5. DIE BESTE MANUSKRIP

Nadat die teksgeskiedenis so gerekonstrueer is, word die verteenwoordigers van die tekstipe wat as waarskynlik die mees betroubare tradisie geïdentifiseer is, individueel ondersoek. Op hierdie wyse word dan bepaal watter verteenwoordigers onder hierdie tekstipe die oorspronklike teks die getrouste bevat. Sake soos die noukeurigheid waarmee gekopieer is, die ooreenoms en verskille met die ander verteenwoordigers van die betrokke tekstipe en die moontlikheid van die indirekte beïnvloeding deur verteenwoordigers van ander tekstipes, waar die betrokke bron verskil van die profiel van die tipiese lesings van die tekstipe waaraan dit behoort, word bestudeer. So word bepaal watter manuskrip waarskynlik die mees getroue verteenwoordiger van die oorspronklike teks is.

Hierdie proses het vir die bronne van die Griekse Nuwe Testament daarop uitgehoop dat P<sup>75</sup>, B, K en in 'n mindere mate die Sahidiese vertaling, as die beste verteenwoordigers van die oorspronklike teks van die Griekse Nuwe Testament geïdentifiseer is.



# Hoofstuk 9

## Die rekonstruksie van die teks

Die hoogtepunt van die tekskritikus se werk is die rekonstruksie van die teks, anders gestel, die skep van 'n teks wat hy as 'n getroue weergawe van die oorspronklike beskou. Om dit so suksesvol moontlik te kan doen, moet hy bepaalde tegnieke en metodes goed bemeester. Die eerste is om alle moontlike inligting aangaande die variasie-eenhede, die variante lesings binne elk en die bronne waarin elke lesing voorkom, te versamel. Daarna moet elke variante lesing binne elk van die variasie-eenhede wat oorweeg word, aan die hand van bepaalde kriteria getoets word, ten einde te bepaal watter lesing waarskynlik in die oorspronklike teks gestaan het.

### 1. DIE KRITIESE APPARAAT

Die ideale manier van die versameling van die relevante inligting sou wees om alle bronne van die betrokke gedeelte op te spoor, dit te kollasioneer en voort te gaan om die teks te rekonstrueer. Die alternatief is om die inligting uit kritiese apparate te haal. Die apparate word in twee dele verdeel, naamlik beperkte apparate wat in *sakuitgawes* van die Griekse Nuwe Testament voorkom, en volledige apparate wat in groter uitgawes voorkom. Omdat die sakuitgawes en die apparate daarin verreweg die meeste gebruik word word die apparate in die belangrikste sakuitgawes in betreklike detail bespreek, terwyl die apparate van die volledige uitgawes slegs kursories aan die orde gestel word.

*Literatuur:* Colwell 1972; JK Elliott 1981b; 1983a; 1984; 1985; 1987b; Parvis 1946.

#### 1.1 Tekste met beperkte apparate

Die twee belangrikste tekste vandag, uit die oogpunt van die teks as verteenwoordiger van die oorspronklike teks asook die kritiese apparaat in die teks, is NA<sup>26</sup> en UBS<sup>3a</sup>. Dit is die twee tekste wat die meeste vir tekskritiese arbeid gebruik word, veral deur mense wat 'n blote kontrole wil doen of maar net enkele individuele probleme wil hanteer.

Die kritiese apparaat van UBS<sup>3a</sup> bevat inligting oor slegs dié variasie-eenhede wat direk op die vertaling van die Nuwe Testament betrekking het. Die apparaat bevat inligting oor ongeveer eenduisend vierhonderd variasie-eenhede. Op die plekke waar 'n apparaat egter voorsien word, word 'n betreklik volledige

verwysing van die bronne van elke lesing gebied. Die kenmerk van hierdie apparaat is dus dat dit ten opsigte van die aantal variasie-eenhede beperk is, terwyl dit 'n betreklik volledige apparaat voorsien in die gevalle waar 'n variasie-eenheid wel hanteer word.

NA<sup>26</sup>, daarenteen, is meer op 'n tegnies-tekskritiese gebruik gerig. Gevolglik kom daar daar baie meer variasie-eenhede, ongeveer tienduuisend, in die apparaat voor, terwyl heelwat minder manuskripte, vertalings en patristiese geskrifte individueel gesitêr word. Die kenmerke van hierdie apparaat is dus dat dit meer variasie-eenhede, maar minder bronne by elk bevat.

Omdat NA<sup>26</sup> meer op tekskritici gerig is en UBS<sup>3a</sup> meer op vertalers en eksegete, vereis NA<sup>26</sup> meer agtergrondskennis van die gebruiker en is die apparaat van UBS<sup>3a</sup> heelwat meer 'gebruikersvriendelik'. Die twee apparate moet egter nie in opposisie met mekaar gestel word nie, maar moet eerder aanvullend gebruik word.

Literatuur: Aland & Aland 1982; Greenlee 1964; asook literatuur by UBS-tekste en NA-tekste in Hoofstuk 5 (7.1.2(c) en (d)) hierbo.

### 1.1.1 UBS<sup>3a</sup>

Die apparaat van UBS<sup>3a</sup> vereis werklik min oefening om te hanteer. Daar is drie apparate in die onderste kantlyn van hierdie teks, 'n tekskritiese apparaat, 'n punktuasie-apparaat en 'n stel verwysings na parallelle gedeeltes. Slegs die tekskritiese apparaat word hier bespreek.

Lk 24: 6 word as voorbeeld gebruik. Die teks en apparaat lyk soos volg:

#### Die teks:

6 οὐκ ἔστιν ᾧδε, ἀλλὰ ἠγέρθη.<sup>2</sup> μνήσθητε ὡς ἐλάλησεν ὑμῖν ἔτι ὦν ἐν τῇ Γαλιλαίᾳ

#### Die kritiese apparaat:

<sup>2</sup> 6 {D} οὐκ ἔστιν ᾧδε, ἀλλὰ (or ἀλλ') ἠγέρθη. p<sup>75</sup> & A B C<sup>3</sup> K L (W ἀνέστη) X Δ Θ Π Ψ 063 0124 f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 33 565 700 892 1009 1010 1071 1079 1195 1216 1230 1241 1242 1253 1344 1365 1546 1646 2148 Byz Lect it<sup>aur,f,q</sup> vg syr<sup>c,s,h,pal</sup> cop<sup>sa,bo</sup> arm (eth) geo<sup>1,A</sup> // οὐκ ἔστιν ᾧδε. ἠγέρθη. C\* syrP cop<sup>bo(mss)</sup> Diatessaron Epiphanius // ἠγέρθη. Marcion // ἠγέρθη ἐκ νεκρῶν. it<sup>c</sup> // omit D it<sup>a,b,d,e,ff(2),r(1)</sup> geo<sup>B</sup>.

'n Syfer in boskrif in die teks (kyk by ἠγέρθη.<sup>2</sup>) verwys die gebruiker na die

apparaat en is 'n aanduiding dat daar die een of ander vorm van variasie in die bronne is. Die apparaat is so saamgestel dat die inligting variasie-eenheid-variësie-eenheid saamgegroeper is. Alles wat by een variasie-eenheid hoort word gegee en die volgende variasie-eenheid word baie duidelik van die vorige onderskei. In die apparaat word die nommer van die vers waarin die variasie voorkom direk na die verwysingsnombertjie geskryf, byvoorbeeld 2 6. Dit beteken voetnoot 2 in hierdie hoofstuk, wat in vers 6 voorkom.

Dit word gevolg deur 'n letter in krulhakies, {A} {B} {C} of {D}. Hierdie letter is 'n aanduiding vir die gebruiker van die sekerheidsgraad waarmee die samestellers die keuse in die teks uitgeoefen het. {A} beteken dat die samestellers baie seker is dat die lesing wat in die teks gedruk is, die oorspronklike lesing is; {B} beteken dat daar 'n mate van onsekerheid bestaan of dit wél die geval is, maar dat dit tog taamlik seker is dat die lesing in die teks oorspronklik is; {C} dui aan dat daar taamlike groot onsekerheid bestaan of die lesing dié van die oorspronklike is, terwyl {D} impliseer dat 'n ander lesing waarskynlik net so goed in die teks kon staan. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie waardering slegs op die lesing in die teks betrekking het en dat die moontlike alternatiewe lesings (in die apparaat) nie ook waardeer word nie. Daar kan ook geen afleidings ten opsigte van die waarde van die alternatiewe lesings gemaak word uit die volgorde waarin die variante lesings in die apparaat gegee word nie.

Hierdie waarderingsletter word gevolg deur die eerste variante lesing in die eenheid. Dit is dieselfde lesing as die een wat in die teks staan, met die bronne waarin die betrokke lesing voorkom daarna. Die bronne word altyd in die volgende volgorde gelys: Eerste word die papiri ( $p^{75}$  in die voorbeeld) gelys. Dit word gevolg deur die unsiale ( $\aleph...0124$ ):  $\aleph$  altyd eerste, gevolg deur dié wat met Romeinse letters aangedui word ( $\Delta...Psi$ ), daarna dié wat met Griekse letters aangedui word ( $\Delta...Psi$ ), en laastens dié wat met syfers aangedui word (063 0124). Na die unsiale volg die minuskels ( $f^1...Byz$ ). Die volgorde hier is altyd die twee families ( $f^1$  en  $f^{13}$ ), gevolg deur die individuele minuskels (28...2148), gevolg deur die afkorting *Byz. Byz* (vir *Byzantine*) verwys na die meerderheidstekes. Hierdie simbool word dus gebruik om aan te toon dat die betrokke lesing in die meerderheid middeleeuse Minuskelmanuskripte voorkom. Dit is, met ander woorde, die meeste minuskelmanuskripte wat nie individueel in die apparaat gelys word nie. Na die minuskels volg die leksionaria (*Lect*). Waar leksionaria individueel gesitueer word, word die individuele leksionarion se nommers eers gegee voor die afkorting in die voorbeeld. 'n Fout wat dikwels gemaak word, is om die twee gekursiveerde afkortings *Byz* en *Lect* saam te lees as *Byzantine Lectionaries*. Hierdie fout moet vermy word. Die twee afkortings het niks met mekaar te make nie en verwys selfstandig na twee totaal

verskillende sake. Na die leksionaria word die vertalings gelys (it<sup>aur</sup>...geo<sup>1.A</sup>). Indien kerkvaders die betrokke gedeelte aanhaal, word die kerkvaders na die vertalings gelys.

Na die kerkvaders is die inligting oor die eerste lesing afgesluit. Die hele proses word nou herhaal vir die tweede lesing. Die twee lesings word van mekaar geskei deur 'n dubbele skuinsstreep (/), wat vir die gebruiker aandui dat die inligting oor die eerste lesing afgesluit is. Na die skuinsstreep herhaal die proses hom vir die tweede, derde, vierde lesings, ensovoorts, totdat al die variante lesings in die eenheid so gelys is.

Die simbole wat in die apparaat gebruik word om die bronne aan te dui, word nie hier bespreek nie, omdat die teks self 'n volledige inleiding bevat waarin elke simbool in detail verklaar word. Tog is dit nodig om op enkele kleiner aspekte van die apparaat te wys. Normaalweg word die lesings gegee met hulle manuskripte ongekompliseerd soos hierbo uiteengesit is. Soms verskyn 'n manuskrip egter tussen hakies met 'n kleiner variante lesing na die simbool van die manuskrip, soos (W ἀνέστη) in die voorbeeld. Dit beteken dat manuskrip W die lesing bevat presies soos dit in die apparaat gegee word, behalwe dat die woord ἀνέστη in plaas van ἠγέρθη in W voorkom. Wanneer 'n lesing wat deur die samestellers as die oorspronklike beskou word, in sekere bronne weggelaat word, word dit aangedui met die woord *omit* (soos die laaste lesing in die voorbeeld). Soms, veral wanneer volledige verse in gedrang is, word die lesing nie in die apparaat herhaal nie, maar word slegs gesê *include*.... Dit beteken dat die bronne wat daarna volg die betrokke woorde bevat, terwyl ander dit weglaat. Lk 24: 12 is 'n goeie voorbeeld: In die apparaat staan by die eerste lesing bloot *include verse 12*, terwyl by die tweede lesing aangegee word *omit verse 12*.

Soms word daar in die apparaat na ander skrifgedeeltes verwys, gewoonlik direk nadat die lesing gegee is, byvoorbeeld in Lk 24: 12: <sup>5</sup> 12 {D} *include verse 12* (see Jn 20.3, 5, 6, 10) p<sup>75</sup>... Dit word gedoen wanneer die samestellers wil aandui dat die betrokke lesing dalk 'n harmoniëring aan 'n parallelle gedeelte kan wees. In die voorbeeld hierbo beteken dit dus dat Lk 24: 12 moontlik na aanleiding van Jh 20: 3, 5, 6 en 10 later deur 'n skriptor bygevoeg kon wees.

Soms lyk dit of die samestellers nie kon besluit watter lesing deur die betrokke bronne ondersteun word nie, omdat daar twee lesings vir dieselfde bronne gegee word. Lk 22: 52 is 'n goeie voorbeeld. Die apparaat lyk soos volg: <sup>4</sup> 52 {C} 'Ιησοῦς p<sup>75</sup>...Θ // ὁ 'Ιησοῦς K L W...Origen // 'Ιησοῦς or ὁ 'Ιησοῦς it<sup>a</sup>...geo // *omit D*...arm. Dit gaan oor die derde lesing, 'Ιησοῦς or ὁ 'Ιησοῦς. Wanneer so 'n lesing in die apparaat voorkom, beteken dit inderdaad dat die samestellers onseker is oor watter lesing die bronne nou eintlik ondersteun. Dit impliseer egter 'n

spesifieke soort onsekerheid, naamlik dié wat uit die probleem oor die strukturele verskil tussen tale, ontstaan. Al die bronne wat in die voorbeeld gegee word, is vertalings en in elke geval word vertalings van tale wat nie 'n lidwoord het nie, gegee. Dit is dus onmoontlik om uit die betrokke vertalings af te lei of die grondtekste daarvan die woord met of sonder die lidwoord gehad het. Wat egter wél afgelei kan word, is dat die betrokke vertalings die lang lesing het en dat hulle die woord nie weglaat, soos die bronne van die laaste lesing doen nie.

'n Laaste eienskap van die UBS-tekste wat belangrik is, is die gebruik van blokhakies in die tekste. Sommige woorde, frases of verse verskyn in blokhakies, soos [ἐν] in Lk 22: 7, of dubbele blokhakies, soos Lk 22: 43-44: [[ὡφθη...τὴν γῆν]] en Lk 23: 34: [[ὁ δὲ...ποιουσιν.]]. Dit het 'n spesifieke betekenis. Wanneer die enkelblokhakies gebruik word, dui dit aan dat daar twyfel oor die betrokke woord of frase bestaan. Die hakies het dan die waarde van die {C}-waardering in die apparaat. Dubbele blokhakies word gebruik om aan te toon dat die betrokke gedeelte na alle waarskynlikheid nie oorspronklik is nie, maar dat dit tog in die tekste geplaas word op grond van die tradisionele waarde en belang daarvan.

Watter waarde het die apparaat in UBS<sup>3a</sup>? Saam met dié in NA<sup>26</sup> is die apparaat van UBS<sup>3a</sup> die mees volledige en akkurate apparaat in 'n sakuitgawe van die Griekse Nuwe Testament wat vandag beskikbaar is. Ten opsigte van die sitasie van manuskripte en vertalings is die inligting baie akkuraat. Ten opsigte van die patristiese materiaal is daar egter probleme. Die meeste patristiese sitate is nog nie in die werke van die kerkvaders self nagegaan nie, maar die name wat in die apparaat verskyn is bloot 'n weergawe van name wat in die aparate van vroeëre tekste, soos Tischendorf en Von Soden se aparate verskyn het. Hierdie inligting is dus ongekontroleer en daar is reeds baie foute in die patristiese inligting gevind. Dit word aanbeveel dat die inligting waar moontlik gekontroleer sal word.

Nieteenstaande die beperktheid van die apparaat ten opsigte van die aantal variasie-eenhede en die probleme met die patristiese sitate, is hierdie vandag een van die beste aparate wat ooit by 'n sakuitgawe gevoeg is en word dit slegs deur die apparaat van NA<sup>26</sup> oortref. Die gemak waarmee dit gebruik kan word en die baie inligting wat by elke variasie-eenheid gegee word, bring mee dat dit een van die gewildste aparate is waarmee vandag gewerk word.

### 1.1.2 NA<sup>26</sup>

Anders as UBS<sup>3a</sup> vereis die apparaat van NA<sup>26</sup> heelwat oefening om gemaklik gebruik te word. Om die verskil tussen die twee aparate duidelik na vore te bring, word Lk 24: 6 ook hier as voorbeeld gebruik, hoewel daar maar enkele van die

eienskappe van hierdie apparaat in hierdie vers voorkom. Ter wille van meer volledigheid sal ander voorbeelde ook bespreek word.

Die teks:

ὁ οὐκ ἔστιν ᾧδε, ἀλλὰ ἠγέρθη! μνήσθητε ὧς ἐλάλησεν ὑμῖν ἔτι ὧν ἐν τῇ Γαλιλαίᾳ

Die apparaat:

• 6<sup>h</sup>γ. εκ νεκρων | - D it |<sup>o</sup>σα D c sys<sup>s.c</sup>; Mcion

Wanneer hierdie apparaat met dié van die UBS<sup>3a</sup> hierbo vergelyk word, is die verskil dadelik sigbaar. Nie alleen is daar heelwat minder bronne by elke lesing nie, maar die opset en uitleg van die apparaat verskil ook drasties. Dit is ook opmerklik dat twee variasie-eenhede in hierdie vers aangegee word, terwyl slegs een in UBS<sup>3a</sup> gegee word.

Hoe word hierdie apparaat gebruik? Die gebruiker word in die teks na die apparaat verwys, nie deur 'n gewone verhewe nommer soos vir 'n voetnoot nie, maar deur 'n reeks simbole wat in die boonste gedeelte van die reël voorkom. Elk van hierdie simbole staan vir 'n bepaalde soort variasie, hetsy 'n byvoeging ( <sup>τ</sup> ), 'n weglating ( <sup>ο</sup> ), 'n woordorde-variant ( <sup>ς</sup> ), 'n substitusie ( <sup>ϛ</sup> ), ensovoorts. Deur die simbole wat gebruik word te ken, weet die gebruiker dus dadelik dat daar 'n apparaat by die betrokke plek voorkom, en waaroor die variasie gaan.

Omdat daar baie sulke simbooltjies op dieselfde bladsy van die teks voorkom, is die inligting in die apparaat ook anders as UBS ingelig. Die apparaat is saamgestel deurdat die variasie vers-vir-vers gegee word. Daarom is daar telkens 'n groot swart kol, gevolg deur die versnommer, in die apparaat, byvoorbeeld • 6. Die versnommer word gevolg deur die simbooltjie van die eerste variasie in die teks ( <sup>ϛ</sup> in die voorbeeld), waarna die variante lesings gegee word.

Die variante lesings word so kort moontlik gegee ten einde soveel plek moontlik te spaar. Daarom word die lesing in die teks nie herhaal nie. Slegs lesings wat van die teks verskil, word gegee. Nadat die lesing gegee is, volg 'n lys van die bronne waarin dit voorkom. Dan volg die volgende variante lesing in dieselfde variasie-eenheid. Dit word van die vorige onderskei deur 'n gebroke vertikale streep |. Wanneer al die variante lesings binne dieselfde eenheid gegee is, volg 'n ononderbroke vertikale streep |, wat vir die gebruiker aandui dat 'n volgende variasie-eenheid aan die orde kom. Dieselfde prosedure herhaal hom nou.

Gewoonlik word slegs lesings wat anders as die lesing in die teks is, gegee. In die voorbeeld hierbo kom in die eerste variasie-eenheid dus twee variante lesings in

die apparaat voor: ηγ. εκ νεκρων en -. Wanneer die lesing van die teks daarby gevoeg word, is daar in werklikheid dus drie lesings, die twee in die apparaat, ηγ. εκ νεκρων en -, en die een in die teks, οὐκ ἔστιν ὧδε, ἀλλὰ ἠγέρθη. Die rede hiervoor is andermaal om soveel moontlik plek te bespaar. Omdat die twee variante lesings in slegs enkele manuskripte voorkom, is dit onnodig om al die bronne waarin die lesing van die teks voorkom, individueel neer te skryf. Dit word van die gebruiker verwag om hierdie inligting self te verkry deur die lyste manuskripte in die inleiding deur te werk en dié aan te teken wat hierdie gedeelte bevat en nie in die apparaat as getuienis vir een van die twee variante lesings genoteer is nie. Dit is die bestaande praktyk in die apparaat. Soms is dit egter nodig om ook die manuskripte wat die lesing in die teks ondersteun, te lys, veral wanneer dit min manuskripte is, of wanneer dit 'n baie komplekse variasie-eenheid is. In sulke gevalle word die inligting gegee deur die bronne waarin die lesing in die teks voorkom te noteer ná die notering van die variante met hulle bronne. In Lk 24: 11 lyk die apparaat soos volg: • 11 .. αὐτῶν A W Θ 063.079 f<sup>1</sup>.<sup>13</sup> M f sy<sup>h</sup> | txt p<sup>75</sup> X B D L Ψ 0124 pc lat sy<sup>s.c.p</sup> co. Dit beteken dat sommige bronne αὐτῶν in die plek van die woord ταῦτα in die teks het. Die afkorting txt (vir die Latynse *textus*) impliseer dan dat die bronne van die tweede lesing die lesing in die teks bevat.

Wanneer twee variasie-eenhede van dieselfde soort in dieselfde vers voorkom, word hulle van mekaar onderskei deurdat die tweede se simbool in die teks van 'n punt voorsien word. In die teks van Lk 24: 4 word byvoorbeeld aangedui dat daar by τούτου καί 'n probleem is. 'n Soortgelyke probleem kom ook by ἐσθῆτι ἀστραπτύσῃ voor. Om dit vir die gebruiker maklik te maak om die korrekte apparaat in die tekskritiese apparaat onder te vind, word die twee deur 'n klein punt van mekaar onderskei.

Die lesings in die apparaat word so ekonomies moontlik, sonder diakritiese tekens, geskryf, byvoorbeeld ηγ. εκ νεκρων of οσα in die voorbeeld hierbo. Waar 'n langerige woord in die apparaat herhaal moet word, word 'n afkorting soms gebruik. In die voorbeeld hierbo staan die ηγ. vir ἠγέρθη. Soms word bloot van simbole gebruik gemaak om die variasie aan te toon. Die tweede variante lesing in die eerste variasie-eenheid in Lk 24: 6 wat hierbo as voorbeeld aangehaal is, is 'n goeie voorbeeld: Die strepie - beteken dat die betrokke lesing (dié van die teks) in die bronne wat daarna volg, weggelaat word. In gevalle van woordorde-variasie word die teks glad nie herhaal nie, maar word die woordorde-wysigings aangedui deur middel van getalle. In Lk 24: 7 word die gebruiker deur die simbooltjies ( <sup>5</sup> ) en ( <sup>2</sup> ) daarop gewys dat daar 'n woordordevariant in die apparaat aangegee word vir die woorde τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου ὅτι δεῖ. In die apparaat word die volgende aangegetref: ( <sup>5</sup> ) 5 6 1-4. Dit beteken dat die bronne wat daarna aangedui word die

teks bevat in die volgorde: ὅτι δεῖ τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου. Dit wil sê, in dié betrokke bronne staan die 5de woord van die teks (ὅτι) eerste, die 6de woord (δεῖ) tweede, die 1ste woord (τὸν) derde, ensovoorts.

Na die sitasie van die lesings word die bronne waarin elk voorkom, gelys. Met enkele uitsonderings is die simbole dieselfde as die simbole van die UBS-tekste. Al wat verskil, is die simbole van sommige vertalings (byvoorbeeld *sy* in plaas van *syr* vir die Siriese vertalings en *co* in plaas van *cop* vir die Koptiese vertalings) en die die kerkvaders wat, anders as die UBS-tekste, afgekort word. Wanneer al die manuskripte of feitlik al die manuskripte van 'n vertaling dieselfde lesing bevat, word die individuele elemente van die vertaling nie individueel gelys nie, maar word dit onder een groot noemer gelys. So sal *co* in die apparaat na al die dialekte van die Koptiese vertaling verwys; *lat* na die Latynse manuskripte en *sy* na al die Siriese vertalings. 'n Belangrike verskil is egter dat die afkorting *Byz* van die UBS-reeks met die meer neutrale **M** (vir *Meerderheidstekes*) vervang word. In die bylaes agter in die teks word die manuskripte waarna met hierdie simbool verwys word, individueel gelys, sodat die gebruiker presies weet waarna met die betrokke simbool verwys word. 'n Ander belangrike verskil is dat daar soms van Latynse afkortings, soos *pm* (*permulti*) of *pc* (*pauci*) gebruik gemaak word. Dit word bloot gebruik om aan te dui dat die bronne wat gelys is nie die enigstes is wat die betrokke lesing bevat nie, maar dat daar 'n paar (*pc*), of nog baie (*pm*) ander is, of dat die meeste van die manuskripte wat nie gelys is nie, die lesing bevat. Hierdie afkortings word dikwels gebruik wanneer die manuskripte wat onder **M** gelys word, nie almal dieselfde lesing bevat nie.

Die bronne word ook in dieselfde volgorde as dié van die UBS-tekste gesitêr.

In die apparaat word soms ook ander inligting gegee, soos verskille met die 25ste uitgawe van die teks, of die moontlikheid dat 'n bepaalde lesing die gevolg van harmoniëring kon wees.

Soos die UBS-tekste word ook van blok- (byvoorbeeld [ἰδοὺ] in Lk 24: 49) en dubbele blokhakies (byvoorbeeld die hele Lk 23: 34: [[ὁ δὲ...ποιοῦσιν]]) gebruik gemaak. Hierdie hakies het dieselfde betekenis as dié in UBS.

Waar dit soms nodig is om inligting in geskrewe vorm te gee, word dit in Latyn gedoen, anders as die UBS-reeks wat verkies om dit in Engels te gee. Lk 24: 43 is 'n goeie voorbeeld: In die apparaat kom die volgende voor: • 43 (f) *ut txt, sed add. και τα επιλοιπα εδωκαν αυτοις*, wat beteken dat die bronne wat daarna genoem word die betrokke lesing soos in die teks bevat, maar dat die gedeelte wat aangegee word daarby gevoeg is.

Wat is NA<sup>26</sup> se waarde en hoe word die twee tekste naas mekaar gebruik?



Die besondere waarde van NA<sup>26</sup> se apparaat is die feit dat dit inligting oor baie meer tekskritiese probleme as UBS bevat. 'n Beter en meer volledige beeld van die variasie binne 'n vers of perikoop kan dus op hierdie wyse gevorm word. Die feit dat so min bronne by elke lesing genoteer word, is ook voordelig, aangesien slegs die heel belangrikste bronne gegee word. Die UBS-tekste is by geleentheid daarvoor gekritiseer dat die lang lys minuskels wat by elke lesing gegee word 'n ongebalanseerde prentjie teken en die gebruiker maklik tot die verkeerde beginsel lei dat die getal manuskripte wat die betrokke lesing ondersteun deurslaggewend in die soeke na die oorspronklike lesing is. In hierdie opsig is die apparaat van NA<sup>26</sup> dus 'n meer gebalanseerde apparaat as dié van UBS<sup>3a</sup>. Aan die ander kant kan dit soms gebeur dat 'n mens 'n bietjie meer inligting wil hê as dit wat in NA<sup>26</sup> gegee word, veral in gevalle waar teksvariasie 'n direkte invloed op die vertaling of verklaring van 'n bepaalde gedeelte het. Dit is in sulke gevalle waar UBS<sup>3a</sup> as 'n meer as bruikbare bron van aanvullende inligting gebruik kan word. NA<sup>26</sup> kan dus as 'n handige basis vir tekskritiese arbeid gebruik word, terwyl addisionele inligting uit die apparaat in UBS<sup>3a</sup> verkry kan word as die behoefte daar is.

## 1.2 Tekste met uitgebreide apparate

Naas die beperkte kritiese apparate in die sakuitgawes van die Griekse Nuwe Testament, het daar 'n aantal tekste verskyn waarvan die doel is om meer volledige inligting te bied.

**Literatuur:** WJ Elliott 1976.

### 1.2.1 Tischendorf

Die eerste en oudste poging om 'n volledige kritiese apparaat by 'n teks te voeg, kom in die 8ste uitgawe van Tischendorf se Nuwe Testament voor. In die apparaat word lesings van feitlik alle manuskripte wat op daardie stadium bekend was, gegee. Wat die apparaat besonder bruikbaar maak, is die feit dat dit vir die patristiese getuienis nie slegs die naam van die kerkvader nie, maar ook die volle verwysing van die sitaat bevat. Die apparaat is besonder akkuraat saamgestel, ofskoon dit nie sonder foute is nie. Hoewel hierdie apparaat vandag steeds as een van die standaard-apparate beskou word, is daar aspekte wat probleme meebring, soos die feit dat dit meer as honderd jaar se inligting nie bevat nie asook die onkritiese uitgawes van die patristiese tekste wat siteer word. Dit kan egter nie genoeg beklemtoon word dat hierdie teks steeds die mees volledige apparaat van die Nuwe Testament as geheel tot op datum bevat nie.

### 1.2.2 Von Soden

Von Soden het die lesings van soveel moontlik bronne waarop hy sy hand kon lê in sy kritiese apparaat opgeneem. Sy vreemde en ingewikkelde noteringsstelsel van manuskripte het radikaal van die Gregory-stelsel afgewyk, sodat dit baie moeilik bruikbaar is. Daarmee saam is die apparaat self nie sonder probleme nie en het dit kritiek vanweë onakkurate kollasies moes verduur. Saam met Tischendorf se 8ste uitgawe is Von Soden se teks egter steeds onontbeerlik vir die tekskritikus en die persoon wat 'n volledige apparaat van bepaalde lesings daar wil stel, omdat hierdie twee tekste, met die uitsondering van enkele boeke van die Nuwe Testament, steeds die enigste is wat 'n enigszins volledige apparaat bevat. Slegs vir die eerste drie Evangelies en die Openbaringsboek bestaan daar vandag meer volledige en akkurate apparate.

Nieteenstaande die ouderdom en akkuraatheidsprobleem van die bogenoemde twee tekste, is en bly hulle steeds onontbeerlik vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek. Beide moet egter met oorleg gebruik word en die inligting daarin moet sover moontlik nagegaan word voordat dit met vertroue gebruik kan word. Vir beide apparate is dit nodig om die notering van manuskripte te moderniseer. 'n Sleutel vir albei apparate verskyn agter in Aland (1963).

### 1.2.3 Legg

Die apparate in Legg se twee tekste van Matteus en Markus is meer volledig as die van Tischendorf en Von Soden. Tog was dit aan hewige kritiek onderworpe, veral ten opsigte van die akkuratheid van die kollasies. Nieteenstaande hierdie probleme en kritiek is ook hierdie twee tekste onontbeerlik vir die saamstel van 'n volledige apparaat en saam met Tischendorf en Von Soden se apparate kan dit nie bekostig word om geïgnoreer te word deur ernstige tekskritici nie.

### 1.2.4 Hoskier

Soos Legg se twee tekste, bevat Hoskier se teks van Openbaring steeds die mees volledige en akkurate apparaat van die Openbaringsboek. Dit word aanvaar dat Hoskier se apparaat meer noukeurig as Legg se apparate saamgestel is, ofskoon ook dié apparaat nie sonder probleme is nie.

## 1.2.5 IGNTP

Die Lukasuitgawe van die *IGNTP* bevat vandag die mees volledige kritiese apparaat van enige deel van die Nuwe Testament wat beskikbaar is. In besondere detail is alle variasie in die manuskripte, ou vertalings en patristiese literatuur drie maal gekollasioneer en in detail in die apparaat vervat. Daarby word nie alleen die verwysing nie, maar die volle aanhaling van elke sitaat uit die Lukasevangelie in 'n afsonderlike apparaat vervat. Die feit dat die kollasies deur drie persone, onafhanklik van mekaar, gedoen is, bring mee dat die inligting besonder akkuraat is en dat die absolute minimum foute in die apparaat voorkom. Hierdie apparaat is nie alleen 'n voorbeeld van wat bereik kan en behoort te word met hierdie soort werk nie, maar stel 'n standaard van akkuraatheid wat moeilik oortref sal word. Vir enige ernstige student van die teks van Lukas is hierdie apparaat onontbeerlik.

## 2. DIE OPLOS VAN TEKSKRITIESE PROBLEME

Die metode wat vandag algemeen in die oplos van tekskritiese probleme gebruik word, is die sogenaamde gematigde eklektiese metode. Die beginsel waarop hierdie metode gebaseer is, is dat tekskritiese probleme op grond van historiese inligting opgelos moet word. Die doel van die metode is naamlik om die geskiedenis van elke variasie-eenheid in soveel moontlik detail te beskryf.

Om dit te bereik word elke variante lesing in elke variasie-eenheid aan twee soorte kriteria getoets, *eksterne* of *dokumentêre getuienis* en *interne getuienis*. Onder laasgenoemde word onderskei tussen *transkripsionele* en *intrinsieke getuienis*. Eksterne of dokumentêre getuienis raak, soos die naam daarvan aandui, die dokumente waarin die teks oorgelewer is. Dit is dus kriteria wat op die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks gebaseer is. Interne getuienis, daarenteen, raak sake intern aan die teks. Daar word onderskei tussen transkripsionele getuienis, wat te make het met die tipiese foute en veranderinge wat skriptors in die manuskripte gemaak het, terwyl intrinsieke getuienis met die inhoud van die teks self werk. Transkripsionele getuienis probeer op die vraag hoe waarskynlik dit is dat die betrokke lesing die gevolg van 'n skriptor se werk is antwoord gee, terwyl intrinsieke getuienis op die vraag hoe waarskynlik dit is dat die betrokke lesing by die outeur van die werk kon ontstaan het, antwoord probeer gee.

Nadat die inligting oor elke variante lesing in elke variasie-eenheid deur die toepassing van die kriteria ingesamel is, word die inligting gesistematiseer en vergelyk. Op hierdie wyse word algemene afleidings ten opsigte van die oorspronklike lesing in elke variasie-eenheid en die ontstaan van die variante lesings daarin gemaak. So word die geskiedenis van die variasie-eenheid gerekonstrueer.

Literatuur: Colwell 1969e; Epp 1976a; Fee 1976; Metzger 1968b; 1971; Newman 1982; Petzer & Jordaan 1987.

## 2.1 Eksterne getuienis

### 2.1.1 Die beginsel

Eksterne getuienis hou verband met die geskiedenis van die teks. Dit is naamlik 'n toepassing van die gerekonstrueerde algemene geskiedenis op elke variasie-eenheid afsonderlik ten einde te bepaal wat die dokumente of bronne waarin die lesings van die betrokke variasie-eenheid voorkom, van die geskiedenis van die variasie-eenheid openbaar.

Onder eksterne getuienis word veral drie kriteria gebruik. Daar moet naamlik na die *ouderdom*, *geografiese verspreiding* en *genealogiese verwantskap* van die dokumente waarin elke lesing voorkom, gekyk word. Die doel is om te bepaal watter lesing in die oudste en beste dokumente asook die dokumente wat geografies die wydste verspreid is, voorkom.

### 2.1.2 Die kriteria

#### (a) Datering

Die eerste belangrike aspek van die bronne waarna in die oplossing van tekskritiese probleme gekyk moet word, is hulle datering. Hoe vroeër 'n bron gedateer word, hoe groter is die waarskynlikheid dat lesings wat daarin voorkom, dié van die oorspronklike teks is. Die beginsel waarop hierdie kriterium rus, is dat 'n manuskrip uit, argumentsonthelwe, die 2de eeu, baie nader aan die oorspronklike teks staan as 'n manuskrip uit die 12de eeu. Daar is baie meer manuskripte tussen laasgenoemde en die oorspronklike teks as tussen eersgenoemde en die oorspronklike teks, met die gevolg dat daar waarskynlik heelwat meer foute en veranderinge in laasgenoemde voorkom as in eersgenoemde.

Hierdie teorie kan egter nie meganies toegepas word nie, omdat dit reeds bewys is dat daar selfs laat-Middeleeuse minuskels is wat aan baie vroeë papiri verwant is. Manuskripte soos *Kodekse* 28, 33, 565, 700 en die twee manuskripfamilies f<sup>1</sup> en f<sup>13</sup> is voorbeelde hiervan. Daarom word nie slegs die formele datering van die manuskrip self nie, maar ook die datering van die teks in die manuskrip as 'n aanduiding van die ouderdom daarvan geag. Dit gaan dus ook om die ouderdom van die tekstipes van die manuskripte. Op grond van die

tekshistoriese model word bepaal dat die Alexandrynse en Westerse tekste die oudste is, met die Caesareaanse effens jonger. Die Bisantynse teks word as 'n jong en laat teks beskou. Die minuskels waarna hierbo verwys is, word daarom ouer geag as byvoorbeeld *Kodeks A*, hoewel eersgenoemde uit die laat-Middeleeue dateer en laasgenoemde uit die 5de eeu. Die rede is dat hulle almal aan die Caesareaanse teks verwant is, terwyl A aan die Bisantynse teks verwant is, wat 'n jonger tekstipe as die Caesareaanse teks is.

**Literatuur:** Aland 1965; Colwell 1964; JK Elliott 1973; 1974; 1978a; Epp 1976a; Fee 1976; Finegan 1974; Hill 1970; Hodges 1968; Kilpatrick 1963b; 1976; 1979a; Metzger 1968b; 1971; Pickering 1980; Souter 1960; Sturz 1984; Vaganey 1937.

### (b) Geografiese verspreiding

Die tweede belangrike beginsel of kriterium in die oorweging van die eksterne getuienis van 'n lesing, is die geografiese verspreiding van die dokumente waarin dit voorkom. Dit hou in dat 'n lesing van dokumente wat oor 'n wye geografiese gebied voorkom, eerder die lesing van die oorspronklike teks kan wees as 'n lesing wat in dokumente van slegs 'n enkele geografiese gebied voorkom. Die beginsel waarop hierdie kriterium berus, is dié van onafhanklike getuienis. Daar is 'n groter moontlikheid dat 'n lesing wat in die dokumente van slegs 'n enkele geografiese gebied voorkom, te wyte kan wees aan 'n skriptor wat die betrokke lesing êrens in 'n vroeë archetipe van die tekstipe wat in die besondere gebied gebruik is, voortgebring het. Dit is egter onwaarskynlik dat 'n lesing wat in verskillende geografiese gebiede bekend was, tegelyk aan die hand van skriptors in elk van dié gebiede ontstaan het. In laasgenoemde geval moet die lesing teruggaan op 'n baie ou archetipe wat beskikbaar was voordat die teks in verskillende geografiese gebiede uiteengegaan het. Hoe meer gebiede betrokke is, hoe groter die waarskynlikheid dat die archetipe die oorspronklike teks is.

Vir die bepaling van die geografiese verspreiding van 'n lesing is die vertalings en kerkvaders uiteraard van besondere belang, omdat dit gewoonlik bekend is in watter gebiede hulle gemaak is of gewerk het. Aanvullend hierby moet die tekstipes as aanduiding van geografiese verspreiding gebruik word, omdat dit bekend is in watter gebiede die verskillende tekstipes bestaan het.

Een laaste aspek van hierdie kriterium is baie belangrik. Die kriterium moet nie in 'n historiese vakuum funksioneer nie. Dit beteken dat die bepaling van geografiese verspreiding binne bepaalde tydperke gedoen moet word. Daar moet eers bepaal word waar en hoe die verspreiding in die vroegste tydperk, byvoorbeeld

die 2de eeu, voorgekom het. Dan moet onafhanklik bepaal word hoe dit in die 3de eeu voorgekom het, daarna die 4de eeu, daarna die 5de eeu, ensovoorts. Die rede is dat slegs die vroegste getuienisse as onafhanklike getuienisse beskou kan word. Weens die feit dat dit uit die teksgeskiedenis bekend is dat die Bisantynse teks byvoorbeeld sedert die 5de of 6de eeu oor die hele gebied van die Griekse Kerk bekend was (en sy getuienisse dus die wydste versprei was) kan die wye geografiese verspreiding van hierdie tekstipe nie as aanduiding van onafhanklike getuienis aanvaar word nie, omdat dit uit die tekshistoriese model bekend is dat die Bisantynse teks sy ontstaan waarskynlik in die 4de eeu gehad het. Alle manuskripte van hierdie tekstipe is dus aan dieselfde archetipe te koppel. Die nut daarvan om nie by die 2de of 3de eeu te bly nie, lê daarin dat die beweging van die betrokke lesing goed in die res van die geskiedenis gesien kan word.

**Literatuur:** EG Edwards 1977; Epp 1976a; Finegan 1974; Metzger 1968b; 1971; Pickering 1980; Streeter 1924; Sturz 1984.

### (c) Genealogiese verwantskap

In die oorweging van die genealogiese verwantskap van manuskripte kom die ou beginsel van die getuienis van die 'beste manuskrip' weer na vore. Hierdie kriterium hou in dat die tekstipes op grond van hul interne kwaliteit in 'n rangorde gerangskik word en dat, veral in gevalle waar bogenoemde en ander getuienis nie klinkklare uitsluitel gee nie, die lesing van die beste manuskrip of beste tekstipe gekies sal word. Hierdie beginsel berus ook op die tekshistoriese model. Volgens die model is bevind dat die Alexandryse teks die mees betroubare is. Daarna volg die Westerse teks, die Caesareaanse teks en laastens die Bisantynse teks. 'n Lesing wat dus uitsluitlik in byvoorbeeld die Caesareaanse of Bisantynse teks voorkom, is waarskynlik nie dié van die oorspronklike nie, maar eerder die produk van Caesareaanse of Bisantynse skriptors.

**Literatuur:** EG Edwards 1977; Epp 1976a; Finegan 1974; Metzger 1968b.

### 2.1.3 Die praktyk

Om hierdie kriteria in werking te stel, moet die kritiese apparaat by die variasie-eenheid wat bestudeer word, noukeurig gelees word. Die bronne wat by elke variante lesing voorkom moet ook, op 'n bepaalde wyse georden word ten einde dié datering, verspreiding en verwantskap van die manuskripte gemaklik voor te stel:

## Dateringstabel

	Lesing 1	Lesing 2	Lesing 3	Lesing 4
2de eeu				
3de eeu				
4de eeu				
5de eeu				
Later				

## Verspreiding-/Verwantskapstabel

		Lesing 1	Lesing 2	Lesing 3
Alexandryns:	Alex			
	Egipte			
Westers				
Caesareaans:	Pre			
	Laat			
Bisantyns				

Die *dateringstabel* is uitsluitlik op die uitwendige datering van die bronne van toepassing en is nie bedoel om die teks in die manuskripte te dateer nie. Die rede daarvoor is dat laasgenoemde uit die verwantskapstabel afgelei kan word. Verder

gaan die dateringstabel ook net tot by die 5de eeu, omdat manuskripte wat later as die 5de eeu ontstaan het binne hierdie konteks nie belangrik is vir die oorweging van datering nie. In die *verspreiding-/verwantskapstabel* word die tekstipes telkens deur middel van dubbellyne van mekaar onderskei, terwyl sub-tekstipes binne die tekstipes deur middel van enkellyne onderskei word. Hierdie tabelle laat die inligting op 'n baie bruikbare wyse uiteenval en maak dit maklik om dit te interpreteer. (Alle inligting oor die bronne wat nodig is om die tabelle te voltooi, kan in die *Bylaag* gevind word.)

### 2.1.4 Die dokumentêre geskiedenis van die variasie-eenheid

Nadat die inligting op hierdie wyse voorgestel is, moet begin word om die *dokumentêre geskiedenis* van die variasie-eenheid te rekonstrueer. Dit hou in dat bepaal sal word watter lesing die vroegste en wydste bekend was, en watter aanvanklik in slegs een gebied bekend was. Dit hou ook in dat verklaar sal word waarom getuïenisse van een geografiese gebied (of tekstipe) 'n lesing bevat wat tipies aan dié van 'n ander is. Op hierdie wyse moet gepoog word om op 'n rasionele manier by die oorspronklike teks te kom.

### 2.1.5 Illustrasie

Die bekende tekstkritiese probleem in Lk 23: 34 oor die in- of uitsluiting van die sogenaamde eerste kruiswoord van Jesus, word as illustrasie gebruik. Slegs twee variante lesings word in die apparaat van UBS<sup>3a</sup> by hierdie teks gegee:

#### Lesing 1:

Die insluiting van die woorde: ὁ δὲ Ἰησοῦς ἔλεγεν, Πάτερ, ἄφεσ αὐτοῖς, οὐ γὰρ οἴδασις τί ποιοῦσις (Toe sê Jesus: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!'). Dit kom in die volgende bronne voor:  $\aleph^a$  A C D<sup>b</sup> E K L X  $\Delta$   $\Pi$   $\Psi$  0117 0250  $f^1$  28 33 565 700 892 1009 1010 1071 1079 1195 1216 1230 1242 1253 1344 1546 1646 2148 2174 *Byz Lect* it<sup>aur</sup>,b,c,e,f,ff(2),l,r(1) vg syr(c),p,(h,h(mg)),pal cop<sup>bo</sup> arm eth geo Hegessipus Marcion Diatessaron Justinus Irenaeus<sup>lat</sup> Clemens Origenes<sup>lat</sup> Ps-Clemens Eusebius Ambrosiaster Hilarius Basilius Ambrosius Chrysostomos Hieronymus Augustinus Johannes Damascenus.

(Hoewel die bewoording van die lesing in sommige bronne effens van bogenoemde verskil, kom dit in al die genoemde bronne voor.)



**Lesing 2:**

Die weglating van die woorde. Dit kom in die volgende bronne voor: p<sup>75</sup> X<sup>a</sup> B D\* W  
 Θ 0124 1241 it<sup>a,d</sup> syr<sup>s</sup> cop<sup>sa,bo(mss)</sup> Cyrillus.

Hoewel dit met die eerste oogopslag mag lyk of lesing 1, vanweë die getalle-oorwig, waarskynlik die oorspronklike is, word die prentjie spoedig duideliker wanneer die inligting in die tabelle genoteer word:

**Dateringstabel**

	Lesing 1	Lesing 2
2de eeu	Diat Heg Marc Just Ir Cl	
3de eeu	Orig	p <sup>75</sup> sa
4de eeu	X vg syr <sup>c</sup> cop <sup>bo</sup> Eus Ambrosiaster Hil Bas Chry Hier Aug	B W it <sup>a</sup> syr <sup>s</sup> cop <sup>bo</sup> Cyr
5de eeu	A C it <sup>e,ff(2)</sup> syr <sup>p,pal</sup> arm geo	D it <sup>d</sup>

**Verspreiding-/Verwantskapstabel**

		Lesing 1	Lesing 2
Alexandryns:	Alex		p <sup>75</sup> B cop <sup>sa</sup>
	Egipte	C L 33 892 cop <sup>bo</sup> Clem Orig	cop <sup>bo</sup> Cyr
Westers		it <sup>aur,b,c,e,f,ff2</sup> it <sup>l,r1</sup> vg syr <sup>c</sup> Heg Marc Diat Just Ir Ambrster Hil Ambr Bas Hier Aug	D it <sup>a,d</sup> syr <sup>s</sup>
Caesareaans:		f <sup>1</sup> 565 700 1071 syr <sup>p,pal</sup> arm geo Eus	Θ
Bisantyns		A E K X Δ Π Ψ 28 Byz Lect syr <sup>p,h</sup> eth Chry Joh-Dam	W

Dit is belangrik om daarop te let dat nie alle bronne in die apparaat in die tabelle voorkom nie. Slegs die belangrikstes word daarby ingesluit.

Uit hierdie tabelle kan die volgende afgelei word: Uit die *dateringstabel* is dit duidelik dat lesing 1 in die oudste bronne voorkom - nie minder nie as vier kerkvaders saam met die Diatessaron, almal uit die 2de eeu. Daaruit kan afgelei word dat hierdie lesing ten minste so oud soos die middel van die 2de eeu moet wees. Lesing 2 kom eers in die bronne van die 3de eeu voor en moet dus ten minste so oud soos die 3de eeu wees. Hieruit kan egter nie sonder meer afgelei word dat lesing 1 ouer as lesing 2 is nie. Wanneer dié inligting teen die agtergrond van die *verspreiding-/verwantskapstabel* gesien word, verander die prentjie. Al die vroeë bronne uit die 2de eeu waarin lesing 1 voorkom, behoort tot dieselfde teksfamilie, die Westerse teks. Dit impliseer dat hierdie lesing, hoewel daar vroeë materiële bewys van sy bestaan is, geografies tot een gebied beperk was. Dit is dus moontlik dat die betrokke lesing deur 'n skriptor in 'n manuskrip van daardie gebied gevoeg kon word, wat as archetype gebruik is vir dié manuskripte wat die betrokke kerkvaders vir hulle aanhalings gebruik het. Die enigste uitsondering is die teks van Clemens en Origenes, wat beide Egiptiese dokumente is, en die 4de-eeuse *Kodeks X*, wat 'n Alexandrynse manuskrip is. Die insluiting van die lesing in hierdie dokumente bewys egter nie onafhanklike getuienis nie, omdat dit bekend is dat die Westerse teks juis 'n invloed op die Egiptiese teks en op *Kodeks X* gehad het. Dit is juis een van die belangrikste kenmerke wat die Egiptiese teks as subtekstipe van die proto- of vroeë Alexandrynse teks onderskei. Die feit dat lesing 1 dus in hierdie manuskripte voorkom, kan uit 'n vroeë kontak tussen hierdie bronne en die Westerse teks verklaar word. Sedert die 4de en 5de eeu kom hierdie lesing algemeen in die bronne van die teks van die Nuwe Testament voor, veral omdat dit in die Bisantynse teks voorkom. Dit is egter duidelik dat die voorkoms daarvan in die Westerse teks die bron vir die insluiting van die lesing in die Bisantynse teks is.

Daarenteen kom die kort lesing in die 'beste manuskrip', p<sup>75</sup> B, en ook die Sahidiese vertaling voor en hoewel die vroeë steun vir hierdie lesing tot die 3de en 4de eeu beperk was, is dit geografies wyd versprei in hierdie tydperk en kom dit in bronne van verskillende tekstipes voor. Deur die beginsel van gesamentlike getuienis van onafhanklike tradisies toe te pas, kan lesing 2 dus ten minste so vroeg soos lesing 1 gedateer word.

Om 'n algemene gevolgtrekking te maak, moet die twee fasette van die dokumentêre getuienis wat hierbo uiteengesit is, geïntegreer word, sodat besluit kan word of 'n finale gevolgtrekking uit die eksterne getuienis moontlik is. Die twee gevolgtrekkings is dat lesing 1 in baie vroeë maar geografies-beperkte bronne voorkom en lesing 2 in latere, maar geografies wydverspreide bronne en ook in die 'beste manuskrip' voorkom. Op grond van die feit dat feitlik al die beste manuskripte lesing 2 bevat, kan gekonkludeer word dat lesing 2 moontlik die oorspronklike

was en dat lesing 1 êrens in die 2de eeu in die bronne van die westerse tekstipe ontstaan het. Hiervandaan is dit nie alleen verder in die Westerse teks oorgedra nie, maar dit is ook oorgedra na alle bronne wat deur die Westerse teks beïnvloed is, soos die Egiptiese teks, veral latere bronne van die Caesareaanse teks en die Bisantynse teks. Op hierdie wyse is die *dokumentêre geskiedenis* van die variasie-eenheid dus gerekonstrueer.

Omdat die rekonstruksie egter nie 'n finale antwoord bied nie, en omdat 'n ander interpretasie moontlik is, is dit nodig om ook na ander aspekte van die lesing te kyk. Daarom word voortgegaan met die oorweging van interne getuienis.

## 2.2 Interne getuienis: Transkripsionele getuienis

Waar eksterne getuienis op die dokumente gerig was, is interne getuienis op die lesings self, die bewoording daarvan, gerig. Die eerste aspek wat bestudeer moet word, is die *transkripsionele* aspek. Dit hou in dat die gerekonstrueerde dokumentêre geskiedenis teen die agtergrond van die tipiese foute en veranderinge in die manuskripte en die oorsake daarvan geïnterpreteer moet word. Daar moet naamlik bepaal word watter lesing waarskynlik tot 'n fout of verandering aanleiding kon gee.

**Literatuur:** Jordaan 1980.

### 2.2.1 Die beginsel

Die basiese kriterium vir die oorweging van transkripsionele getuienis is reeds in die 18de eeu geformuleer: *difficilior lectio potior* of *die moeilike lesing het voorrang bo die maklike lesing*. Hierdie is slegs 'n ander wyse om te sê dat bepaal moet word watter lesing waarskynlik tot 'n fout of verandering aanleiding kon gee en waarom.

**Literatuur:** B Aland 1976; Colwell 1964; Cortés 1984; EG Edwards 1977; JK Elliott 1968b; 1972c; 1978a; Epp 1976a; Fee 1978/79; Finegan 1974; Jordaan 1980; Kenyon 1912; Metzger 1968b; 1971; Nida 1981a; Pickering 1980; Ross 1982; Vaganey 1937.

### 2.2.2 Die kriteria

Soos in die geval van eksterne getuienis, is daar ook 'n aantal kriteria geformuleer aan die hand waarvan die moeilike lesing geïdentifiseer kan word. Die kriteria hou almal verband met die soorte variasie en die oorsake daarvan en is geformuleer na 'n deeglike bestudering van die tipiese variasie in die manuskripte van die Griekse

Nuwe Testament. Hoewel dit in die aard van hierdie kriteria is om op 'n meganiese wyse te funksioneer, is dit belangrik dat dit nié meganies toegepas mag word nie. Soos in die geval van die eksterne kriteria moet die resultate van die toepassing van die kriteria met mekaar vergelyk word en moet 'n beredeneerde uitslag verkry word.

Onder die beginsels of kriteria is die volgende die belangrikste: die keuse van die korter lesing; die keuse van die nie-harmoniërende lesing; die keuse van die lesing wat in tipiese Hellenistiese Grieks eerder as Attiese Grieks geskryf is. Verder moet ook in gedagte gehou word dat veranderinge soms om dogmatiese redes gemaak is of om inhoudelike probleme op te klaar.

#### (a) Die kort lesing

Uit die teksgeskiedenis is dit duidelik dat die oudste manuskripte dikwels in vele opsigte 'n kort teks as die latere manuskripte bevat het. Hieruit is afgelei dat daar 'n neiging onder skriptors bestaan het om die teks uit te brei. Dit raak sowel woorde en kort frases as langer sinne. Om hierdie rede sal die kort lesing gewoonlik voorrang bo die lang lesing hê, mits die wyse waarop die lang lesing ontstaan het, geïdentifiseer kan word.

Omdat dit bekend is dat die teks soms meer eksplisiet gemaak is deur die byvoeging van voornaamwoorde, sal byvoorbeeld in Lk 12: 22 waarskynlik eerder die kort lesing *μαθητὰς* (die dissipels) as die lang lesing *μαθητὰς αὐτοῦ* (sy dissipels) verkies word. Net so sal in gevalle van die naam van Jesus gewoonlik die kort vorm verkies word, omdat dit bekend is dat skriptors deur die loop van die eeue die naam algaande uitgebrei en verleng het. Daarom sal in 2 Kor 4: 14 die lesings *τὸν Ἰησοῦν* (Jesus) bo *τὸν κύριον Ἰησοῦν* (die Here Jesus), *τὸν κύριον ἡμῶν Ἰησοῦν* (ons Here Jesus), *τὸν κύριον Ἰησοῦν Χριστὸν* (die Here Jesus Christus), *τὸν κύριον ἡμῶν Ἰησοῦν Χριστὸν* (ons Here Jesus Christus) en *τὸν κύριον Ἰησοῦν ἐκ νεκρῶν* (die Here Jesus uit die dode) verkies word. Dieselfde geld die verwysing na die Heilige Gees en om daardie rede sal die lesing *πνεῦμα* (die Gees) in Hd 8: 18 bo *πνεῦμα τὸ ἅγιον* (die Heilige Gees) verkies word.

Dieselfde beginsel is ook op frases van toepassing. Daarom sal *αὐτῶν* (van hulle) in Lk 23: 23 bo die frase *αὐτῶν καὶ τῶν ἀρχιερέων* (van hulle en die hoëpriesters) verkies word, waar Jesus se veroordeling beskryf word, sodat slegs *hulle* (verwysend na die volk) en nie *hulle en die hoëpriesters* nie, met hulle geskreeu toegesien het dat Jesus geskruisig word. In Hd 13: 42 het aanvanklik waarskynlik slegs gestaan 'terwyl hulle uitgaan' en nie 'terwyl hulle uit die sinagoge uitgaan' nie. Die frase *ἐκ τῆς συναγωγῆς* (uit die sinagoge) is waarskynlik later ter afronding van die frase bygevoeg.

Ten slotte sal die kort lesing gewoonlik ook in die gevalle van langer interpolasies, soos sinne, verkies word. So sal die vertelling van die engel wat die water by die bad van Betesda geroer het in Jh 5: 3b-4 weggelaat word, omdat dit bekend is dat skriptors soms bygevoeg het om iets te verduidelik. In hierdie geval is die storie waarskynlik bygevoeg om die genesingskrag van die water te verklaar.

Hoewel die kort lesing gewoonlik verkies word bo die lang lesing, is daar tog enkele gevalle waar die teendeel moet plaasvind. Die eerste is gevalle waar *homoiooteleuton* of *homoioarkton* voorkom. So is daar botsende getuienis hoe die Tweede Evangelie begin (Mk 1: 1). Is dit die evangelie van *Jesus Christus die Seun van God* (Ἰησοῦ Χριστοῦ υἱοῦ Θεοῦ) of net die evangelie van *Jesus Christus* (Ἰησοῦ Χριστοῦ)? Hoewel daar sprake is van die uitbreiding van die naam van Jesus en die kort lesing dus voorkeur moet geniet, kan die lang lesing ook oorspronklik en die kort lesing die gevolg wees van 'n sigfout as gevolg van *homoiooteleuton*, aangesien ses woorde na mekaar op -ou eindig.

Die tweede uitsondering op hierdie reël raak veral die einde van die Lukasevangelie. Dit is bekend dat die Westerse teks, hoewel dit dikwels lank is, in veral die laaste dele van die Derde Evangelie soms treffende weglatings bevat. In sulke gevalle, dus waar die kort lesing slegs in die Westerse teks voorkom, sal die lang lesing eerder verkies word. Die weglating van Lk 22: 19b-20 in die vertelling van die instelling van die Nagmaal sal daarom nie as die oorspronklike lesing beskou word nie, omdat die kort lesing slegs in Westerse dokumente voorkom.

**Literatuur:** AC Clark 1918; 1970; EG Edwards 1977; JK Elliott 1968b; 1974; 1978a; Epp 1976a; Fee 1978/79; Finegan 1974; Kilpatrick 1965a; 1979a; Metzger 1968b; 1971; Ross 1972; 1983; Sturz 1984; Vaganey 1937.

#### (b) Die nie-harmoniërende lesing

Omdat dit bekend was dat skriptors dikwels tekste geharmonieer het, sal in gevalle waar een variante lesing met die bewoording van 'n ander teks ooreenkom, terwyl 'n tweede variante lesing daarvan verskil, die tweede eerder as oorspronklik gekies word. Omdat hierdie vorm van variasie nie slegs binne-Bybelse harmoniëring nie, maar soms ook aspekte van die liturgie raak, sal op enige plek waar harmoniëring vermoed word, die nie-harmoniërende lesing verkies word.

In die vertelling van die Siro-Fenisiese vrou in Mk 7: 28 het sy Jesus waarskynlik slegs met die woord *Kύριε* (Here) en nie *ναί, Κύριε* (Ja, Here) nie, geantwoord. Die tweede bewoording kom ook in Mt 15: 27 voor. Die verhaal in Markus is waarskynlik deur skriptors by dié in Matteus aangepas. 'n Voorbeeld van

harmonisasie aan die liturgie is waarskynlik in die slot van die Ons Vader in Mt 6: 13 te vind. Die bekende doksologie 'Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen' moet weggelaat word, omdat dit in die manuskripte waarin dit voorkom, waarskynlik aan bekende formuliergebede in die vroeë kerk geharmonieer is.

**Literatuur:** JK Elliott 1968b; 1972c; 1980b; Epp 1976a; Fee 1978c; 1978/79; 1980c; Finegan 1974; Kilpatrick 1977b; Metzger 1968b; 1971; Van Bruggen 1980.

### (c) Hellenistiese Grieks teenoor Attiese Grieks

Weens die feit dat daar 'n duidelike neiging in veral die 2de eeu bestaan het om uitdrukkings en konstruksies wat tipies van Hellenistiese Grieks was, te suiwer en met meer Attiese uitdrukkings en konstruksies te vervang, sal in sulke gevalle die nie-Attiese lesing eerder as oorspronklik aanvaar word. Hierdie aspek raak gewoonlik slegs grammatikale sake. In Lk 7: 19-20 sal om hierdie rede eerder die woord ἕτερος as ἄλλος verkies word, wanneer Johannes vra: 'Is u die een wat kom, of moet ons 'n *ander* een verwag?' Hoewel albei woorde 'ander' beteken, is ἕτερος binne hierdie konteks meer tipies van Hellenistiese Grieks as ἄλλος.

**Literatuur:** JK Elliott 1968b; 1969; 1970; 1972b; 1974; 1976; 1977d; 1978a; 1978b; 1980a; Epp 1976a; Kilpatrick 1963a; 1965b; 1967a; 1976; 1983a; Jordaan 1980; Metzger 1968b; 1971; N Turner 1974.

### (d) Dogmatiese veranderinge

Waar dit vermoed word dat 'n bepaalde lesing ontstaan het om die een of ander aspek van die dogma of kerklike leer te beskerm, moet die betrokke lesing vermy word. Onder die bekendste voorbeelde van hierdie soort variasie is die poging om die godheid van Jesus te beskerm. Om hierdie rede sal die lesing ὁ πάτερ αὐτοῦ καὶ ἡ μήτηρ (sy vader en sy moeder) in Lk 2: 33 bo Ἰωσήφ καὶ ἡ μήτηρ (Josef en sy moeder) verkies word, omdat die laaste lesing waarskynlik 'n poging is om te verhoed dat die gedagte mag ontstaan dat Jesus 'n aardse (biologiese) vader het. In die manuskripte van Matteus se weergawe van Jesus se profetiese rede lees sommige manuskripte dat niemand die dag en uur van die wederkoms ken nie, *nie eers die Seun nie* (οὐδὲ ὁ υἱός) (Mt 24: 36). Hierdie woorde ontbreek egter in sommige manuskripte. In hierdie geval sal die lang lesing gekies word, omdat vermoed kan word dat die woorde in die betrokke manuskripte ontbreek in 'n poging om Jesus se godheid (alwetendheid) te beskerm.

### (e) Opklaar van probleme

Omdat variasie soms ontstaan het om probleme op te klaar, hetsy taalkundig, hetsy inhoudelik, sal die lesing wat taalkundig of inhoudelik moeilik in die konteks pas as oorspronklik gekies word bo die een wat maklik inpas. Die variasie in 1 Kor 13: 3 illustreer dit goed. Die keuse is naamlik dat die liggaam oorgegee word, sodat *ek* daarop kan *roem* (καυχῆσωμαι), sodat *ek verbrand* kan word (καυθήσωμαι - 'n onmoontlike vorm van die woord in Grieks; of καυθήσομαι - 'n beter vorm), of sodat *dit verbrand* kan word (καυθήσεται). Onder hierdie lesings moet die eerste waarskynlik as oorspronklik gekies word (sodat *ek* daarop kan roem). Omdat hierdie lesing egter die voorafgaande sin 'onvoltooid' laat (waarvoor word die liggaam oorgegee?) is dit verander na die tweede (καυθήσωμαι). 'n Eksegetiese verandering het dus tot 'n onmoontlike vorm van die woord in Grieks gelei. Hierdie probleem het tot die 3de lesing (καυθήσομαι) aanleiding gegee, waarin die vorm van die werkwoord herstel is. Uiteindelik het die feit dat die gebruik van die eerste persoon (die *liggaam* word oorgegee sodat *ek*, nie die liggaam nie, verbrand kan word) 'n probleem is, tot die laaste lesing aanleiding gegee, sodat die liggaam nou oorgegee word sodat *dit* verbrand kan word (καυθήσεται).

### 2.2.3 Die praktyk

Die oorweging van hierdie soort getuienis is in 'n sekere sin meer en in 'n ander sin minder kompleks as die oorweging van eksterne getuienis. Dit is minder kompleks in die sin dat daar nie 'n nuwe stel feitemateriaal is wat deurgewerk moet word nie. Dit is egter meer kompleks in die sin dat die tekskritikus hom in die skoene van 'n skriptor moet plaas en moet pogg om die gedagtes en handeling van die skriptor te rekonstrueer. Wat dus gedoen word is bloot hipoteties.

Die wyse waarop hierdie getuienis oorweeg word, werk soos volg: Lesing 1 in die variasie-eenheid word as die oorspronklike lesing beskou. Die ontleder van die probleem moet dan elke ander lesing met lesing 1 vergelyk en probeer bepaal of daar 'n rede is waarom 'n skriptor lesing 1 in een van die ander sou verander. Die moontlike redes moet neergeskryf word. Daarna word die prosedure met lesing 2, lesing 3, ensovoorts herhaal, totdat dit met al die lesings gedoen is. Uiteindelik word al die redes met mekaar vergelyk en die mees waarskynlike word geïdentifiseer. Die lesing wat so oorbly, word dan as die oorspronklike gekies. Baie dikwels word in kommentare baie interessante wenke in hierdie verband gevind. Soms spekulêre eksegete oor tekskritiese probleme. Hoewel die meeste eksegete nie tekskritici is nie, kan die sake wat hulle na vore bring in 'n sekere sin gesien word as 'n aanduiding van die wyse waarop skriptors oor die betrokke variasie gedink het.

#### 2.2.4 Die transkripsionele geskiedenis van die variasie-eenheid

Deur die bevindinge binne die konteks van die gerekonstrueerde dokumentêre geskiedenis te interpreteer, word die geskiedenis, van die variasie-eenheid verder verfynd deurdat die dokumentêre geskiedenis aan die hand van ander getuienis gekontroleer en verfynd word.

#### 2.2.5 Ilustrasie

Ter wille van kontinuïteit word Lk 23: 34 weer as voorbeeld gebruik.

Vir 'n oomblik moet veronderstel word dat lesing 1, die lang lesing, oorspronklik is. Redes moet gevind word hoe en waarom dit weggelaat sou word deur 'n skriptor wat 'n manuskrip kopieer waarin dit voorkom. 'n Hele aantal redes kan vir die weglating gevind word: (a) Dit kon weggelaat gewees het omdat 'n skriptor se oog per ongeluk 'n aantal reëls oorgeslaan het. (b) Dit kon weggelaat gewees het om die oënskynlike weerspreking van Lk 23: 28-31, waar Jesus pas 'n oordeel oor die Jode uitgespreek het, weg te neem. (c) Dit kon weggelaat gewees het om Jesus se godheid te beskerm, deur skriptors wat gemeen het dat die val en vernietiging van Jerusalem in 70 n C dit laat lyk of die gebed nie verhoor is nie. (d) Dit kon weggelaat gewees het deur anti-Judaïstiese skriptors wat in die stryd tussen Judaïsme en Christendom in die 1ste en 2de eeu probeer het om Jode vir Jesus se dood verantwoordelik te hou en daarom tekste verander het waarin die Jode daarvoor vergewe word, of waarin hulle aandeel daarin in perspektief gestel word.

Om die saak in perspektief te stel, moet nou veronderstel word dat die kort lesing (lesing 2) die oorspronklike was en daar moet probeer word om te beskryf hoe en waarom die betrokke teks bygevoeg is. Eers die 'hoe'. Om dit te beskryf is effens moeiliker as in die geval van die weglating hierbo, omdat die insluiting van so 'n lesing 'n meer komplekse proses as die blote weglating daarvan is. In die eerste plek moet die lesing 'n bron hê. Dit moet van êrens af kom. Die waarskynlikste plek is die mondelinge oorlewering. Dit is bekend dat daar talle buite-Bybelse uitsprake van Jesus (*Jesus-logia*) in die mondelinge tradisie oorgelewer is. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie woorde uit die mondelinge tradisie aan die skriptor wat dit by sy manuskrip ingesluit het, bekend was. Dit kon op een van twee wyses uit die mondelinge tradisie in die teks beland het. Die skriptor kon dit bloot bygevoeg het of 'n skriptor kon dit in die kantlyn as 'n marginale glos aangebring het, waarna 'n latere skriptor dit vandaar in die teks ingevoeg het. Nou moet redes gevind word vir die insluiting daarvan. (e) As dit 'n marginale glos was, kon dit vanweë 'n misverstand bygevoeg gewees het. Die skriptor kon gedink het dat dit in der waarheid 'n korreksie in sy archetipe is. (f) Dit kan 'n poging wees om Jesus se dood



met dié van Stephanus in Hd 7 te harmonieer, deur Jesus ook vir sy vyande te laat bid. (g) Dit kon ook uit 'n anti-Judaïstiese gevoel as 'n gebed vir die Romeinse soldate ingesluit gewees het. Dan is dit 'n poging om die oordeel van Lk 23: 28-31 oor die Jode en daarom hul aandeel in Jesus se dood te beklemtoon, deur die Romeinse soldate wat Hom kruisig, deur middel van 'n gebed uit Jesus se mond, te verontskuldig.

Verskeie redes is vir die ontstaan van beide lesings gevind. Hierdie redes moet nou teen mekaar opgeweeg en teen die agtergrond van die geskiedenis van die teks beoordeel word. By nadere ondersoek is nie een van die redes vir die weglating van die teks oortuigend nie. Hoewel reëlweglating (a) moontlik die oorsaak van variasie kan wees, is dit onwaarskynlik dat die toevallige en foutiewe weglating van so 'n prominente teks so 'n wye geografiese verspreiding sou geniet soos lesing 2 inderdaad vroeg geniet het. (b) Indien weerspreking van die konteks 'n werklike oorsaak was, kan aanvaar word dat daar ook variasie in Lk 23: 28-31 sou wees. Te midde van die neiging om eerder uitsprake van Jesus uit buite-Bybelse bronne in te sluit as weg te laat, kan aanvaar word dat so 'n prominente *Jesus-logion* aan die kruis moeilik weggelaat sal word om die konteks te beskerm. (c) Dat die teks weggelaat is omdat dit mag voorkom of Jesus se gebed nie verhoor is nie, is ook onwaarskynlik, omdat daar voorbeelde van ander gebede van Jesus is wat ook nie verhoor is nie, en waar geen variasie voorkom nie. Waarom sou hierdie een anders hanteer word? (d) Die anti-Judaïstiese element is ook onwaarskynlik 'n rede vir die weglating, omdat die woorde juis in manuskripte ontbreek waarin anti-Judaïsme nie 'n rol gespeel het nie, terwyl dit voorkom in die Westerse teks, waarvan anti-Judaïsme 'n kenmerk is. Nie een van hierdie redes is dus oortuigend nie en elk kan redelik maklik weerlê word.

In teenstelling hiermee is die redes wat vir die insluiting van die teks gegee word meer aanvaarbaar, veral die laaste (g), wat oor die anti-Judaïsme handel. Dit verklaar nie alleen die presiese plek van insluiting nie (juis die tyd toe die Romeine besig was om Jesus te kruisig), maar ook die feit dat dit in juis Westerse manuskripte, wat bekend is vir anti-Judaïsme, voorkom.

Hierna kan nou gepoog word om die geskiedenis van hierdie variasie-eenheid te beskryf. Die oudste lesing (en na die bespreking tot dusver, waarskynlik die oorspronklike) is waarskynlik lesing 2. Die oorspronklike teks van die Derde Evangelie het dus waarskynlik sonder hierdie kruiswoord voorgekom. Daar was egter 'n mondelinge tradisie waarin die betrokke woorde oorgelewer is. Vroeg in die 2de eeu het 'n skriptor êrens in die Weste die woorde uit die mondelinge tradisie by sy teks ingesluit, waarskynlik in 'n poging om die Romeine se onskuld en die Jode se skuld in die dood van Jesus te beklemtoon.

### 2.3 Interne getuienis: intrinsieke getuienis

Die laaste fase in die oplos van tekskritiese probleme is die oorweging van intrinsieke getuienis. Tot dusver is op die historiese aspekte (dokumentêr en transkripsioneel) gekonsentreer en die vraag na die outentisiteit van die lesings is deur eliminasië op 'n negatiewe wyse beantwoord, deurdat veral aangetoon is waarom sekere lesings nie in die oorspronklike teks kon staan nie. Om die bevindinge verder te bevestig, moet die verskillende lesings ook kontekstueel getoets word. Dit beteken dat vanuit die teks bevestig moet word of die lesing wat in die vorige afdelings van die metode as mees waarskynlike geïdentifiseer is, inderdaad die oorspronklike is. Met hierdie afdeling word waarskynlik die mees arbitrêre deel van die metode bereik.

**Literatuur:** Jordaan 1982; Metzger 1968b; 1971.

#### 2.3.1 Die beginsel

Die onderliggende beginsel waarop intrinsieke getuienis gebaseer is, is dat aspekte van die teks self bepaalde wysers na die oorspronklike lesing bevat. Deur die tersaaklike aspekte van die betrokke lesing met soortgelyke aspekte van die res van die teks waarin dit voorkom te vergelyk sal aanduidings ten opsigte van die 'eise van die teks' verkry kan word. Die vraag is dus, watter lesing pas die beste by die teks in? Dit is reeds op hierdie punt duidelik dat hierdie afdeling baie subjektief en tot 'n groot mate op die (eksegetiese) vermoëns van die ontleder aangewese is.

**Literatuur:** EG Edwards 1977; Metzger 1968b; Jordaan 1982.

#### 2.3.2 Die kriteria

Daar is veral drie beginsels of kriteria wat vir die oorweging van intrinsieke getuienis gebruik word, naamlik die skrywer se styl en taalgebruik, die skrywer se teologie en die getuienis van die konteks waarin die variasie voorkom. Die lesing wat telkens die beste by een of al drie hierdie aspekte inpas, is waarskynlik die oorspronklike. Hoewel geen kriterium daaruit geformuleer kan word nie, is hiermee saam ook enkele ander aspekte, soos die agtergrond en milieu waarin die Nuwe Testament ontstaan het, by die oorweging van intrinsieke getuienis belangrik.

### (a) Styl en taalgebruik

Om die styl en taalgebruik van 'n lesing te ontleed, word so noukeurig as moontlik 'n ontleding van die woordeskat en algemene taalkundige uitdrukkingswyse van die betrokke lesing gemaak. Dit word dan met 'n algemene ontleding van die woordeskat en taalgebruik van die skrywer elders in sy werk vergelyk, ten einde te bepaal of daar (a) tipiese kenmerke van die woordeskat en taalgebruik van die betrokke skrywer in die lesing teenwoordig is, en of daar (b) moontlik voorbeelde van woorde en taalgebruik in die betrokke lesing voorkom wat nié elders in die werk van die skrywer voorkom nie. Word eersgenoemde gevind, word dit as 'n positiewe aanduiding geag dat die betrokke lesing in die oorspronklike teks kon gestaan het. Word laasgenoemde gevind, word dit geag as 'n aanduiding dat die gedeelte nié in die oorspronklike teks kon staan nie. Die grondliggende beginsel van hierdie kriterium is dus dat 'n skrywer konsekwent was in sy taalgebruik en woordeskat.

Twee variasie-eenhede uit die Lukasevangelie illustreer die eerste beginsel baie mooi. In Lk 11: 14 mag die feit dat die frase  $\kappa\alpha\iota\ \alpha\upsilon\tau\acute{o}\ \tau\eta\upsilon$  (en dit was..) die tipiese Semitiese styl van Lukas reflekteer, as 'n aanduiding dien dat die betrokke frase in die oorspronklike teks van die Derde Evangelie was. Net so kan Lukas se geneigdheid om die Genitief van die persoonlike voornaamwoord  $\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  (van hom) te gebruik, 'n aanduiding wees dat die betrokke woord in Lk 12: 22 outentiek is en dat die frase oorspronklik  $\mu\alpha\theta\eta\tau\acute{\alpha}\varsigma\ \alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  (sy dissipels) in plaas van bloot  $\mu\alpha\theta\eta\tau\acute{\alpha}\varsigma$  (die dissipels) gelees het. Aan die ander kant is daar ook talle voorbeelde van woordeskat en taalgebruik in lesings wat dui op 'n latere ontstaan van die betrokke legings. 'n Bekende voorbeeld is Lk 22: 19b-20 ('..wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis. Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word'). Omdat daar 'n aantal woorde en uitdrukkings in die slotwoorde van die Lukaanse vertelling van die instelling van die Nagmaal voorkom wat nie eie aan die algemene styl van die skrywer van die Derde Evangelie is nie, word beweer dat dit nie oorspronklik deel van die Lukasevangelie was nie. Voorbeelde van sulke eienskappe in hierdie teks is die gebruik van  $\acute{\epsilon}\mu\acute{o}\varsigma$  (my gedagtenis) as besitlike voornaamwoord;  $\upsilon\pi\acute{\epsilon}\rho$  (vir julle) saam met die Genitief ter verwysing na die verdienste van Jesus se soendood;  $\acute{\alpha}\nu\acute{\alpha}\mu\eta\sigma\iota\varsigma$  (gedagtenis); en die frase  $\mu\epsilon\tau\acute{\alpha}\ \tau\acute{o}\ \delta\epsilon\upsilon\pi\eta\sigma\alpha\iota$  (na die maaltyd), om maar enkele probleme te noem.

Hoewel hierdie kriterium na 'n besonder kragtige kriterium vir die bepaling van die tekstuele integriteit van 'n lesing mag lyk, is dit in werklikheid 'n uiters problematiese kriterium wat baie versigtig hanteer moet word. 'n Aantal teoretiese en praktiese probleme beïnvloed die waarde van hierdie kriterium. (a) In die eerste

plek is die hele beginsel waarop dit berus, problematies, aangesien dit nie ruimte het vir wisseling in styl nie. Uit die styl van die Derde Evangelie is dit byvoorbeeld reeds duidelik dat daar drie vorme van taalgebruik in voorkom: Die eerste vier verse is in 'n Attiese styl geskryf; die volgende vyf hoofstukke in 'n sterk Semities gekleurde styl, terwyl die res van die Evangelie in gewone Hellenistiese Grieks geskryf is. Daar moet dus voortdurend rekening gehou word met die feit dat 'n skrywer sy taalgebruik en woordgebruik kon varieer. (b) In die tweede plek moet daar ook rekening gehou word met die invloed van die bronne en die wyse van die samestelling van die boeke van die Nuwe Testament op die styl daarin. Stylpatrone en -wisseling is juis 'n belangrike kriterium om die gebruik van verskillende bronne, die inkorporering van materiaal uit die tradisie en die redaksionele verwerking van materiaal in die Nuwe Testament te motiveer. Dit erken per definisie dat daar taalgebruik- en stylverskille in die teks voorkom. Om dieselfde argument vir die vraag na die oorspronklikheid van variante lesings te gebruik, is uiters problematies. So kan die stylverskille tussen Lk 22: 19b-20 en die algemene taal en styl van die Lukasevangelie byvoorbeeld daaruit verklaar word dat die skrywer van die Derde Evangelie hier uit 'n liturgiese bron aanhaal. Die sterk motivering vir die sekondêre aard van die lesing op grond van die stylverskille verval dus heeltemal. (c) Van 'n meer praktiese aard is die probleem dat skriptors soms die taal en styl van 'n skrywer nageboots het wanneer hulle 'n byvoeging by die teks ingesluit het. Dit is vandag egter nie meer moontlik om met sekerheid te bepaal in watter gevalle die variasie werklik aan die styl van die skrywer te wyte is en wanneer dit aan nabootsing daarvan te wyte is nie. So kan  $\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  (van hom) in die frase  $\mu\alpha\theta\eta\tau\acute{\alpha}\varsigma \alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  (sy dissipels) in Lk 12: 22, waarna hierbo verwys is, ook die gevolg van hierdie nabootsing deur 'n skriptor wees. (d) 'n Vierde probleem behels die materiaal wat ontleed word om die algemene styl van 'n skrywer te ontleed. Gewoonlik word gepubliseerde tekste of konkordansies wat op gepubliseerde tekste gegrond is, daarvoor gebruik. Dit is dus nie moontlik om alle moontlike variasie in die styl van 'n skrywer te bestudeer nie. In die geval van Lk 22: 19b-20 is dit vir die evaluering van die gebruik van  $\acute{\epsilon}\mu\acute{\omicron}\varsigma$  (van my) byvoorbeeld belangrik om te weet dat dieselfde woord op 'n soortgelyke wyse in Lk 9: 26 gebruik word. In hierdie laasgenoemde teks is daar egter 'n variante lesing waarin die betrokke woord ontbreek. Sou 'n teks nou gebruik word om Lukas se algemene styl te ontleed, wat die kort lesing in Lk 9: 26 lees, is die gebruik van  $\acute{\epsilon}\mu\acute{\omicron}\varsigma$  (van my) in Lk 22: 19b-20 sonder parallel en daarom non-Lukaans. Word 'n teks egter gebruik waarin die lang lesing in Lk 9: 26 gelees word, het die gebruik van die woord in Lk 22: 19b-20 'n parallel en is dit dus nie 'n non-Lukaanse woord nie. (e) Ten slotte gaan hierdie kriterium ook mank aan definisie. Daar is geen beskrywing beskikbaar van wat 'n stylelement is of van die

vereistes waaraan so 'n stylelement moet voldoen om as tipies of nie-tipies van die styl van 'n skrywer geklassifiseer te word nie.

Al hierdie probleme maak die gebruik van hierdie kriterium besonder moeilik en maak dit onmoontlik om enige vaste gevolgtrekkings daarop te baseer.

Hulpbronne vir die ontleding van hierdie aspek van intrinsieke getuienis is veral woordstatistieke en konkordansies. Veral die *Handkonkordanz* van Aland is vir hierdie doel uiters geskik.

**Literatuur:** K Aland 1983; Colwell 1964; EG Edwards 1977; Ehrmann & Plunkett 1983; Elliott 1968b; 1969; 1970; 1971c; 1972a; 1975a; 1977a; 1977b; 1977d; 1978b; 1979a 1980a; 1981d; Epp 1976a; Fee 1976; 1978a; Finegan 1974; Jordaan 1980; 1982; Kilpatrick 1941b; 1947a; 1947b; 1956a; 1956b; 1960a; 1960c; 1962; 1965b; 1966a; 1966b; 1967a; 1967b; 1969; 1971; 1973; 1977a; 1977b; Metzger 1968b; 1971; Morgenthaler 1973; Osburn 1983; Pickering 1980; Sturz 1984; CH Turner 1924; 1925a; 1925b; 1925c; 1925d; 1926; 1927a; 1927b; 1927c; 1928a; 1928b; N Turner 1974; Vaganey 1937.

### (b) Teologie

Die ontleding van die teologie van die skrywer is op dieselfde beginsel as die styl gebaseer. Die verskillende lesings in dispuut moet naamlik teologies ontleed word en met die algemene teologie van die boek waarin dit voorkom vergelyk word, ten einde te bepaal of daar ooreenkomste of verskille voorkom. Die beginsel is weer dieselfde. Sou daar besondere ooreenkomste gevind word, kan dit gebruik word as aanduiding dat die lesing waarskynlik deel van die oorspronklike teks was; sou daar egter belangrike verskille of teenstrydighede gevind word, was die lesing waarskynlik nie deel van die oorspronklike teks nie. Omdat daar in die tradisionele slot van die Markusewangelie (Mk 16: 9-20) 'n aantal teologiese konsepte voorkom wat nêrens anders in die Tweede Evangelie voorkom nie, en beter by die Lukasewangelie of ander boeke pas, kan afgelei word dat dit nie deel van die oorspronklike teks van die Markusewangelie was nie.

Baie van die probleme by die oorweging van die taal en styl van 'n skrywer bestaan ook in die oorweging van sy teologie.

**Literatuur:** Epp 1976a; Fee 1982a; Vaganey 1937.

### (c) Konteks

Ook die getuienis van die onmiddellike konteks van die variasie-eenheid moet in ag geneem word by die oorweging van intrinsieke getuienis. Die beginsel is andermaal

soortgelyk aan dié wat by die oorweging van die styl en teologie van die skrywer geld. Is daar getuienis in die onmiddellike konteks wat die insluiting van 'n bepaalde lesing moeilik maak, was die lesing waarskynlik nie in die oorspronklike teks nie; pas dit egter goed in die konteks, kan aanvaar word dat dit waarskynlik deel van die oorspronklike teks was.

Daar is heelwat voorbeelde van die rol wat kontekstuele getuienis in die oplossing van tekskritiese probleme speel. Die *pericope de adultera* (Jh 7: 53-8: 11) is onder andere op hierdie gronde waarskynlik nie deel van die oorspronklike teks nie. Dit pas hoegenaamd nie in die konteks waarin dit oorgelewer is nie, omdat nóg die formele nóg die inhoudelike aspekte van die vertelling in die konteks aan die orde gestel word. In 1 Kor 13: 3 is die gedagte dat die liggaam oorgegee word om verbrand te word (καυθήσομαι/-σωμα/-σε ται) ewe-eens verdrag, omdat dit in die breëre konteks (vs 1-3) oor die gawes handel, terwyl dit in die onmiddellike konteks (die voorafgaande deel van die vers) oor die opoffering van 'n mens se goed handel (Al sou ek al my besittings opgee...). Die gedagte van die selfmartelaarskap word nie eens in die konteks gesuggereer nie. Die twee voorbeelde wat hier genoem is, is beide gebruik om aan te toon dat die konteks teen sekere lesings getuienis lewer. Dit kan egter ook gebruik word om op 'n positiewe wyse ten gunste van lesings uitspraak te gee. In Hd 7: 46 kan die feit dat die vers by wyse van 'n parallélisme gestruktureer is, moontlik gebruik word om ten gunste van Θεῶ (die God van Jakob) in plaas van οἴκῳ (die huis van Jakob) aan die einde van die vers te argumenteer:

ὅς εὔρεν (a)	χάριν (b)	ἐνώπιον τοῦ Θεοῦ (c)
Hy wat gevind het	genade	voor God
καὶ ἠτήσατο εὐρεῖν (a')	σκήνωμα (b)	τῷ Θεῶ/οἴκῳ.. (c)
hy het ook gevra om te bou	'n tempel	vir God/die huis...

Soos die ander twee aspekte van intrinsieke getuienis, is egter ook hierdie kontekstuele getuienis arbitrêr en kan dit moeilik as vaste getuienis aanvaar word. Die rede daarvoor is dat die hele gedagte van die ontleding van die konteks uiters subjektief is en in 'n baie groot mate aan die vermoëns van die ontleder uitgelewer is. Wie geoefen is om strukture te identifiseer, kan strukture in enige teks identifiseer en hoe netjies en oortuigend die struktuur ook mag lyk, is dit dikwels moontlik om 'n ewe netjiese struktuur in die teks te identifiseer indien 'n ander lesing gelees word. Dit is beter om hierdie kriterium negatief te gebruik en te

probeer bepaal of die betrokke lesing nie 'n onhoudbare situasie in die konteks skep nie. Sels dan kan steeds geen vaste getuienis daarop gebaseer word nie.

**Literatuur:** EG Edwards 1977; Epp 1976a; Hodges 1963; Jordaan 1980; 1988; Kilpatrick 1942b; Petzer 1984a; 1984b; 1989a; Van Rensburg 1986; Wolmarans 1984.

#### (d) Agtergrond

Ten slotte moet die agtergrond van die ontstaan van die Bybelboeke voortdurend in gedagte gehou word wanneer intrinsieke getuienis oorweeg word. Dit moet voortdurend in gedagte gehou word dat Jesus 'n Jood was wat Aramees, en nie Grieks nie, gepraat het. Dit geld waarskynlik ook vir die meeste van die Bybelskrywers. Verder moet die gebruik van bronne in die ontstaan van die Nuwe-Testamentiese boeke, die hantering van die bronne deur die skrywers en die invloed daarvan op die taal, styl en teologie van die onderskeie skrywers in berekening gehou word. Ten slotte moet ook die redaksieproses waardeur die boeke verwerkings ondergaan het, in berekening gebring word. Al hierdie aspekte het 'n invloed op die konsekwentheid van, byvoorbeeld, die gebruik van taal en styl of die teologie van die betrokke skrywers gehad.

**Literatuur:** Jordaan 1980; 1982; Metzger 1968b; 1971; Vaganey 1937.

### 2.3.3 Die intrinsieke geskiedenis van die variasie-eenheid

Soos die dokumentêre en transkripsionele getuienis gebruik is om die geskiedenis van die variasie-eenheid te beskryf, moet die intrinsieke getuienis ook binne dieselfde konteks gebruik word. Dit staan dus ook binne 'n historiese konteks. Waar eersgenoemde op die geskiedenis gefokus het en die oorspronklike lesing op 'n negatiewe wyse deur middel van eliminasië geïdentifiseer het, is die doel van hierdie soort getuienis om die resultate van daardie studie op 'n positiewe wyse te bevestig. Dit moet egter altyd plaasvind binne die konteks van wat in daardie afdeling van die metode bereik is. Indien 'n lesing dus op grond van intrinsieke getuienis as oorspronklik geïdentifiseer word nadat dit deur die voorafgaande rekonstruksie heeltemal uitgeskakel is, moet aanvaar word dat die intrinsieke getuienis nie betroubaar is nie en dat dit dus verwerp of hersien moet word.

**Literatuur:** Elliott 1968b; Fee 1978/79; Hodges 1968; Jordaan 1980; 1982; Metzger 1968b; Pickering 1980.

#### 2.3.4 Illustrasie

Om die bespreking van Lk 23: 34 af te rond, sal dit ook vir hierdie afdeling van die metode as illustrasie gebruik word.

Twee van die kriteria van intrinsieke getuienis is in Lk 23: 34 ter sprake. In die eerste plek blyk dit dat 'n bepaalde element van die styl van die betrokke teks 'n aanduiding mag gee dat dit deel van die oorspronklike teks was. Terwyl daar geen non-Lukaanse stylelemente in voorkom nie, kom daar wel 'n tipies-Lukaanse eienskap in voor. Dit gebruik van  $\pi\acute{\alpha}\tau\epsilon\rho$  (Vader) as inleiding van die gebed is 'n tipies-Lukaanse stylelement wat ook in ander gebede gebruik word. Dit kan egter nie sonder meer as getuienis vir die outentisiteit gebruik word nie, omdat dit in hierdie geval maklik 'n nabootsing van Lukaanse styl kan wees. Enkele verse later (Lk 23: 46) word weer 'n gebed van Jesus vertel en 'n skriptor, wat Lk 23: 34 by die teks wou insluit, kon die aanspreekvorm van die gebed baie maklik by dié in Lk 23: 46 aangepas het. Die feit dat slegs een woord betrokke is, verhoog die kans van stylnabootsing.

Ten slotte is ook die teologie van Lukas ter sprake. Dít weer, getuig teen die lang lesing. Hierdie gebed is die enigste in die Lukasevangelie waar Jesus bid om die vergifnis van 'n mens. In alle ander gevalle word dit beklemtoon dat hy self sondes kan vergewe en nie nodig het om daarvoor te bid nie. In dieselfde konteks, Lk 23: 43, kom sy mag om sondes te vergewe na vore, wanneer hy vir sy een medegekruisigde belowe dat hy daardie selfde dag nog saam met hom in die paradys sal wees. Waarom sal die skrywer van die Derde Evangelie Jesus nou hier laat bid om vergifnis vir sy vervolgers, terwyl hy soveel moeite elders gedoen het om te beklemtoon dat Jesus self sondes kan vergewe? Dit lyk duidelik in stryd met algemene Lukaanse teologie.

#### 2.4 Konjekturale emendasie

Wanneer al die moontlike getuienis oor 'n variasie-eenheid ingewin is, en dit duidelik word dat daar geen oplossing vir die probleem is nie, wend die tekskritikus hom tot dit wat genoem word *konjekturale emendasie*. Dit wil sê hy skep self 'n lesing wat hy as die oorspronklike beskou. Ten opsigte van die Hebreeuse Ou Testament en klassieke dokumente is hierdie proses algemeen, hoofsaaklik vanweë die beperkte aantal manuskripte op grond waarvan daardie tekste gewoonlik gerekonstrueer moet word. Vir die Griekse Nuwe Testament word konjekture vanweë die talrykheid van die manuskripte oor die algemeen nie nodig geag nie. Slegs in een geval word in die Nuwe Testament 'n lesing teëgekem waarin so 'n



konjektuur staan. Dit is in Hd 16: 12, waar die lesing πρώτης μερίδος τῆς Μακεδονίας πόλις ('n stad in die eerste deel van Masedonië) in plaas van πρώτη μερίδος... ('n belangrike stad van die deel van Masedonië) in die moderne tekste aanvaar word.

**Literatuur:** JK Elliott 1974; Jordaan 1980; 1982; Kenyon 1912; Kilpatrick 1958b; 1981; Metzger 1968b; Rhodes 1981; Sahlin 1982a; 1982b; 1983; Strugnell 1974; Van Manen 1880; Vaganey 1937; Westcott en Hort 1974.

## 2.5 Samevatting en afronding

Nadat hierdie punt bereik is, moet al die inligting saamgevat en gesistematiseer word. Op grond van hierdie samevatting moet 'n finale keuse oor die oorspronklike lesing gemaak word.

In die geval van Lk 23: 34 blyk dit dat die kort lesing die grootste aanspraak het om die oorspronklike te wees. Dit word ondersteun deur die *eksterne getuienis*, deurdat dit in die oudste tekstipe en die beste manuskripte voorkom asook voor die 4de eeu die wydste geografiese verspreiding geniet het. Dit word ondersteun deur *transkripsionele getuienis*, deurdat dit makliker is om die ontstaan van die lang lesing uit die kort lesing te verklaar as andersom. Die keuse word op 'n negatiewe wyse deur *intrinsieke getuienis* bevestig, deurdat die lang lesing elemente bevat wat blyk nie met die algemene teologie van die Lukasevangelie ooreen te kom nie. Hoewel die lang lesing ouer dokumente ter ondersteuning het, is die geografiese beperktheid daarvan 'n aanduiding dat die lesing dalk in 'n enkele vroeë manuskrip van die betrokke tekstipe ontstaan het. Die geografiese beperktheid relatiewe dus die waarde van die ouderdom van die dokumente waarin dit voorkom en bring mee dat *eksterne getuienis* nie van soveel waarde vir hierdie lesing is nie. Verder bied *transkripsionele getuienis* ook geen duidelike rede waarom die kort lesing uit die lang lesing kon ontstaan het nie, omdat al die redes wat aangevoer kan word, bepaalde tekshistoriese probleme onverklaar laat. Ten slotte tel ook *intrinsieke getuienis* daarteen, deurdat dit met aspekte van die algemene Lukaanse teologie in botsing is.

Op hierdie stadium kan die geskiedenis van hierdie variasie-eenheid nou beskryf word. Die kort lesing was waarskynlik oorspronklik in die Derde Evangelie. Die sogenaamde eerste kruiswoord het waarskynlik nie in die oorspronklike uitgawe van die Derde Evangelie voorgekom nie. Waarskynlik uit die mondelinge tradisie bekend, is hierdie woorde as 'n gebed van Jesus in 'n vroeë manuskrip van die Westerse teks ingesluit in 'n poging om anti-Judaïsme te bevorder. Omdat dit so 'n treffende teks is, is dit spoedig uit die Westerse teks ook in manuskripte en tekstipes

wat deur die Westerse teks beïnvloed is, ingesluit. So het dit in die bronne van die Egiptiese teks, die Caesaraanse teks en uiteindelik die Bisantynse teks beland. Sedert die 4de eeu het dit die tradisie totaal oorheers.

Wanneer so 'n tipe gevolgtrekking gemaak kan word - 'n gevolgtrekking ten opsigte waarvan die verskillende soorte getuies optimaal ooreenstem - kan die uiteindelige beslissing ten opsigte van die oorspronklike lesing met 'n redelike mate van sekerheid geneem word.

# Hoofstuk 10

## Die teks van die Nuwe Testament

In hierdie laaste hoofstuk word die praktyk van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek aan die orde gestel. Sommige van die variasie-eenhede in die Griekse Nuwe Testament uit die apparaat van UBS<sup>3a</sup>, wat 'n invloed op die twee Afrikaanse vertalings het, word bespreek. Dit sluit alle probleme wat in die Nuwe Afrikaanse vertaling van tekskritiese voetnote voorsien is, in. Uit die aard van die saak kan geen volledige bespreking gebied word nie, maar word die belangrikste aspekte van die probleem bloot in 'n kort paragraaf afgehandel.

### 1. DIE NUWE TESTAMENT IN DIE ALGEMEEN

Onder die belangrikste teksuitgawes van die Griekse Nuwe Testament is NA<sup>26</sup> en UBS<sup>3a</sup>, die *Greek-English Diglot* van Kilpatrick en die *GNTMT*. Vir hulle kritiese appaarte is ook nog *Tischendorf*<sup>8</sup> en die teks van *Von Soden* belangrik, omdat dit die enigste volledige tekste van die Griekse Nuwe Testament is wat 'n volledige kritiese apparaat bevat. Daarnaas is die *Textual Commentary* van *Bruce Metzger* (1971) vermeldenswaardig. Daarin word 'n uiteensetting van die redes vir die keuse van lesings in die UBS-tekste gegee. Dit is, met die uitsondering van die bespreking van variasie-eenhede deur *Wetscott en Hort* in die *bylaag* by hul teks, die enigste tekskritiese kommentaar oor die Nuwe Testament en is vandag 'n belangrike bron van inligting oor die teks.

Literatuur: Metzger 1971.

### 2. DIE EVANGELIES

Uit 'n praktiese oogpunt beskou, is die teks van die Evangelies verreweg die belangrikste deel van die Nuwe Testament sover dit die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek aangaan. Verreweg die meeste aandag is aan hierdie deel van die Nuwe Testament gegee, en die meeste teorieë oor veral die geskiedenis van die teks berus op navorsing ten opsigte van die teks van die Evangelies. Die rede daarvoor is onder andere dat die meerderheid manuskripte wat gevind is, die Evangelies bevat.

Literatuur: Fischer 1987; Kilpatrick 1943; 1967a; 1971; 1977a; Klijn 1959a; 1959b; 1969; Lake 1902; Lindbars 1957/58; Metzger 1945; Saunders 1952; MA Smith 1968; Streeter 1924; 1937; Suggs 1957; Wallace-Hadrill 1956.

## 2.1 Die Sinoptiese Evangelies

Onder die Evangelies neem die Sinoptiese Evangelies ook in die Tekskritiek 'n besondere plek in vanweë hulle onderlinge verband, veral omdat hulle vir 'n besondere soort tekskritiese probleem verantwoordelik was. Die feit dat die bewoording van die eerste drie Evangelies in baie gevalle baie naby mekaar is, het daartoe gelei dat hul tekste dikwels deur skriptors geharmonieer is. Die *Diatessaron* het veel tot hierdie probleem bygedra en was waarskynlik die bron van baie harmoniërings. Die Sinoptiese Evangelies is die een gedeelte van die Nuwe Testament waar die onderskeid tussen Tekskritiek en Historiese of Literêre Kritiek gevolglik baie klein is.

Onder die teksuitgawes van die Griekse Nuwe Testament neem die *Sinopsisse* van die Evangelies 'n besondere plek in. Hierin word die teks van die vier Evangelies (in sommige gevalle net die drie Sinoptiese Evangelies) in vertikale kolomme langs mekaar gegee, sodat die teks van dié gedeeltes wat in meer as een Evangelie voorkom, maklik met mekaar vergelyk kan word. In die kritiese apparaat van hierdie tekste word gewoonlik baie aandag aan die verskynsel van harmoniërings gegee. Sedert die sewentigerjare het 'n hele aantal van dié Sinopsisse verskyn. Die belangrikstes is dié van *Aland*, wat op die teks van NA<sup>26</sup> gebaseer is, en dié van *Greeven* en *Orchard*.

**Literatuur:** K Aland (ed) 1978; Baarda 1969; Burrows 1976; Delobel 1982; JK Elliott 1980b; 1986a; Fee 1978c; 1980c; Greeven 1959/60; Greeven (ed) 1981; Neiryck & Van Segbroeck 1982; Orchard (ed) 1983; Wikgren 1951.

## 2.2 Matteus

Die Eerste Evangelie is verreweg die meeste in die vroeë kerk gelees en gebruik. Om hierdie rede was die Matteusevangelie dikwels die bron van harmonisering in die ander Evangelies.

Onder merkwaardige gepubliseerde tekste van Matteus tel die uitgawe van *Legg*, waarin 'n volledige kritiese apparaat vir die Matteusevangelie vervat is, en die uitgawes van die *Vetus Latina* deur *Jülicher*, *Matzkow en Aland*, wat die lesings van die oud-Latynse manuskripte bevat. Die oudste bronne van die Matteusevangelie is die volgende:

2de eeu: P<sup>77</sup> Diat; 3de eeu: P<sup>1,37,45,53,64,67,70</sup> 0212 sa; 4de eeu: P<sup>19,21,25,35,62,86,88</sup> X B W 058 0160 0171 0231 0242 a k sy<sup>s</sup> bo mf goth.

**Literatuur:** E Bammel 1961; 1973; DA Black 1988; Champlin 1964; Crouzel 1972/73; Fischer 1987 1988; Geerlings 1961b; Globe 1980; Hirunuma 1981; Holmes 1984; 1986; Jülicher, Matzkow & Aland (ed) 1972; Kilpatrick 1944a; 1947b; 1979b; KW Kim 1949; Klijn 1981; Legg (ed) 1940; Metzger 1972a; O'Callaghan 1981; 1988; Schwank 1962; Smit Sibinga 1966; 1981; Suggs 1956; Williams 1942.

**(a) Mt 6: 13**

Onder die variasie in die bronne van die Eerste Evangelie is min waarskynlik so interessant soos die slot van die Ons Vader, Mt 6: 13. In die OAB lui hierdie vers soos volg: 'en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid, Amen'. In die NAB ontbreek die laaste gedeelte en die vers lui soos volg: 'en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose'. Wanneer na die tekskritiese apparaat van hierdie gedeelte geblaai word, word dit duidelik dat daar in werklikheid 'n hele aantal variante lesings voorkom

- (1) ...του πονηροῦ. (..van die Bose): X B D Z 0170 f<sup>1</sup> pc vl vg bo Tert Orig Cy en enkele kerkvaders
- (2) ...του πονηροῦ, ἀμήν. (..van die Bose. Amen): 17 vg Cyr-Jer
- (3) ...του πονηροῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. (..van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen): K L W Δ Θ Π f<sup>13</sup> 28 33 565 700 892 1071 1241 *Byz Lect* f q sy<sup>h</sup>pal bo goth arm geo Diat Chry
- (4) ...του πονηροῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. ( ... van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees tot in ewigheid. Amen): 157 225 418
- (5) ...του πονηροῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων, ἀμήν. (..van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in die ewigheid van die ewigheid. Amen): 2148
- (6) ...του πονηροῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. (..van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid): g<sup>1</sup> sy<sup>p</sup>
- (7) ... του πονηροῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ δύναμις εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων. ( ... van die Bose, want aan U behoort die krag tot in die ewigheid van die ewigheid): k

- (8) ...τοῦ ποιητοῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. (..van die Bose, want aan U behoort die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen): sa mf
- (9) ...τοῦ ποιητοῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. (..van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen): sy<sup>c</sup>
- (10) ...τοῦ ποιητοῦ, ὅτι σου ἔστιν ἡ βασιλεία τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν. (..van die Bose, want aan U behoort die koninkryk van die Vader en die Seun en die Heilige Gees tot in ewigheid. Amen): 1253

Die slot van die 'Ons Vader' is dus in tien verskillende vorme in die manuskripte oorgelewer, waarvan nege met mekaar verband hou. Wanneer na die *eksterne* getuienis gekyk word, kan 'n aantal van hierdie lesings vroeg in die beoordelingsproses reeds uitgeskakel word. Die feit dat lesings 6, 7, 8 en 9 slegs in manuskripte van vertalings voorkom, maak dit twyfelagtig of hierdie lesings enige werklike aanspraak op verteenwoordiging van die oorspronklike het, omdat hulle waarskynlik ontstaan het deurdat die vertaler die bewoording van die grondteks by die bekende liturgiese gebed van sy tyd en omgewing aangepas het. Lesings 4, 5 en 10 kan ewe-eens buite rekening gelaat word, omdat hulle in slegs enkele laat-Middeleeuse minuskels voorkom. Dieselfde geld lesing 2, wat in slegs enkele bronne voorkom. Dit laat dus lesings 1 en 3, die kort lesing (van die NAB) en die tradisioneel bekende lesing (van die OAB). Op grond van die *eksterne* getuienis is dit duidelik dat die kort lesing waarskynlik die oorspronklike is. Dit kom naamlik in die oudste en beste manuskripte van Mt 6 voor (X B sa) en geniet 'n vroeë wye geografiese verspreiding, deurdat dit in alle vroeë tekstipes voorkom. Lesing 3, daarenteen, kom slegs in laat gedateerde manuskripte voor. Tog het dit steun van 'n vroeë tekstipe, deurdat dit in manuskripte van veral die Caesareaanse teks, asook enkele manuskripte van die Westerse teks, voorkom. Dit blyk dus dat die lang lesing moontlik in 'n deel van die Westerse teks ingesluit is, waarna dit na die Caesareaanse teks en uiteindelik die Bisantynse teks oorgedra is. Die kort lesing is waarskynlik die oorspronklike, was gedurende die 2de en 3de eeu wyd bekend, maar is sedert die 4de eeu deur die lang lesing verdring.

Die *transkripsionele* getuienis blyk hierdie dokumentêre geskiedenis te bevestig. Daar is oënskynlik geen rede waarom die betrokke woorde deur 'n skriptor weggelaat sou word indien dit in die oorspronklike teks was nie. Die enigste rede wat aangevoer kan word, is reëlweglating as gevolg van 'n sigfout. Dit oortuig egter nie, omdat verwag kan word dat hierdie gebed so bekend en gewild in die vroeë

kerk sou wees soos vandag. Dit is dus onwaarskynlik dat (a) 'n skriptor, wat dit waarskynlik uit sy kop geken het, so 'n fout sou begaan, en (b) die fout in die lig van die algemene bekendheid van die gebed in so 'n wye gebied oor gelewer sou word. Aan die ander kant is dit makliker om die ontstaan van die lang lesing te verklaar as die kort lesing die oorspronklike was. Gebede is tradisioneel, soos vandag, met 'n gepaste frase, gewoonlik 'n doksologie (of die bekende frase 'in die naam van Jesus' vandag), afgesluit. 'n Skriptor wat die kort vorm van die gebed in die manuskrip voor hom gelees het, kon gedink het dat dit 'n fout is dat die gebed sonder so 'n doksologie afgesluit is. Gevolglik het hy dit in sy manuskrip bygevoeg in 'n poging om die gebed af te rond. Die bron van die doksologie is moontlik in 1 Kron 11: 29-31 te vind. Die feit dat die lang lesing in soveel verskillende vorme voorkom (lesings 3 tot 10), is op sigself 'n aanduiding dat dit moontlik 'n sekondêre ontstaan gehad het, omdat dit wil voorkom of verskillende skriptors en vertalers die afsluiting van die gebed wou korrigeer deur dit by die bekende liturgiese gebede van hul tyd aan te pas.

Op grond van hierdie getuienis is die kort lesing dus as die oorspronklike in hierdie teks te kies.

Literatuur: Bandstra 1981; 1982; Van Bruggen 1982.

### (b) Mt 17: 20

Nog 'n variasie-eenheid waarby 'n voetnoot in die NAB voorkom, is Mt 17: 20. Volgens die OAB volg vers 21 na vers 20: 'Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie'. Twee variante lesings kom in die manuskripte by hierdie teks voor:

- (1) Weglating:  $\aleph^*$  B  $\Theta$  33 892\* *pc* e ff<sup>1</sup> *sy<sup>c</sup>,pal<sup>s</sup>* sa bo<sup>mss</sup> eth geo Eus
- (2) Insluiting van die woorde  $\tau\omicron\upsilon\tau\omicron \delta\grave{\epsilon} \tau\omicron \gamma\acute{\epsilon}\nu\omicron\varsigma \omicron\upsilon\kappa \acute{\epsilon}\kappa\omicron\rho\omicron\rho\epsilon\upsilon\acute{\epsilon}\tau\alpha\iota \epsilon\iota \mu\grave{\eta} \acute{\epsilon}\nu \pi\rho\omicron\sigma\epsilon\upsilon\chi\eta\grave{\iota} \kappa\alpha\iota \nu\eta\sigma\tau\epsilon\iota\alpha\iota$ :  $\aleph^2$  C D K L W X  $\Delta$   $\Pi$  f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 565 700 892<sup>mg</sup> 1071 1241 *Byz vl vg sy<sup>p,h</sup>* bo<sup>mss</sup> arm eth geo Diat Orig Chry en enkele kerkvaders

Die weglating van die betrokke gedeelte (lesing 1) het die beste *eksterne* getuienis ter ondersteuning. Dit kom in die beste manuskripte voor ( $\aleph^*$  B sa) en geniet ook onder die vroegste getuienisse 'n wye geografiese verspreiding, deurdat dit in Alexandrië, Italië (of die Weste in die algemeen) en Sirië bekend was. Daarenteen is die lang lesing se getuienis beperk tot 'n goeie verspreiding in latere tye, wat almal na die insluiting van die woorde in vroeë Westerse bronne herlei kan word.

Die lesing het waarskynlik vroeg in die Westerse teks ontstaan, waarna dit oorgedra is na ander latere teksetuïenisse van ander tekstipes, wat almal deur die Westerse teks beïnvloed is. Die *transkripsionele* getuïenis bevestig hierdie rekonstruksie, omdat daar geen duidelike rede vir die weglating van die teks sou wees indien dit outentiek is nie, terwyl die byvoeging van die betrokke woorde verklaar kan word uit harmoniëring met Mk 9: 29, iets wat 'n tipiese kenmerk van die Westerse teks is. Om hierdie rede kan die gevolgtrekking dus gemaak word dat die oorspronklike teks van die Eerste Evangelie nooit 'n vers 21 bevat het nie.

(c) Mt 18: 10

Mt 18: 10 is ewe-eens in die NAB van 'n tekskritiese nota voorsien. Ook hier gaan dit om die insluiting of weglating van 'n teksvers, dit wat in die OAB as vers 11 bekend gestaan het: 'Want die Seun van die Mens het gekom om te red wat verlore is':

- (1) Weglating:  $\aleph B L^* \Theta f^1 f^{13} 33 892^* pc e ff^1 sypal,s sa bo mae$  geo Orig Eus  
Hier en enkele kerkvaders
- (2) Insluiting van die woorde  $\eta\lambda\theta\epsilon\nu \gamma\alpha\rho \delta \upsilon\iota\omicron\varsigma \tau\omicron\upsilon \acute{\alpha}\nu\theta\rho\acute{\omega}\pi\omicron\upsilon (\zeta\eta\tau\eta\sigma\alpha\iota \kappa\alpha\iota) \sigma\acute{\omega}\sigma\alpha\iota \tau\omicron \acute{\alpha}\pi\omicron\lambda\omega\lambda\acute{o}\varsigma$ : D K L<sup>mg</sup> W X  $\Delta$   $\Pi$  28 565 700 892<sup>c</sup> 1071 1241 *Byz Lect*  
vl vg sy<sup>c,p,h</sup> bo<sup>mss</sup> arm geo eth Diat Chrys en enkele kerkvaders (met kleiner variasie in sommige bronne)

Lesing 1 het duidelik voorkeur bo lesing 2 op *eksterne* gronde, omdat dit sowel in die oudste en beste manuskripte voorkom as 'n wye geografiese verspreiding in die vroeë stadium van oorlewering geniet. Lesing 2, daarenteen, blyk na aanleiding van die steun van veral die oud-Latynse vertalings, in die Westerse teks ontstaan het, vanwaar dit deur middel van onderlinge kontak en vermenging in ander tekstipes beland het. Hoewel daar oënskynlik geen duidelike *transkripsionele* rede vir die weglating óf byvoeging van hierdie gedeelte is nie, is die feit dat dit woordeliks met Lk 19: 10 ooreenkom, 'n aanduiding dat dit nie in die oorspronklike teks was nie, maar eerder die gevolg van harmoniëring is. Verder is dit effens problematies in die konteks, wat die kort lesing ook op *intrinsieke* gronde verkieslik bo die lang lesing maak.

(d) Mt 23: 13

In Jesus se bekende uitsprake teen die Fariseërs in Mt 23, is daar twyfel oor een van



die uitsprake, wat tradisioneel in Mt 23: 14 vertel is. In die OAB het dit soos volg gelui: 'Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en dit terwyl julle vir die skyn lang gebede doen. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang'. Die tekskritiese apparaat by hierdie teks is soos volg:

- (1) Weglating:  $\aleph B D L Z \Theta f^1 33 892^* pc$  a aur d e ff<sup>1</sup> g<sup>1</sup> vg sypal<sup>(mss)</sup>,s sa bo<sup>mss</sup> mae arm geo Orig Eus Hier
- (2) Insluiting van die woorde οὐαὶ δὲ ὑμῖν, γραμματεῖς καὶ φαρισαῖοι, ὑποκριταί, ὅτι κατεσθίετε τὰς οἰκίας τῶν χηρῶν καὶ προφάσει μακρὰ προσευχόμενοι διὰ τοῦτο λήψεσθε περισσότερον κρίμα. vers 12: f<sup>13</sup> pc vl vg sypal<sup>(mss)</sup>,c bo<sup>mss</sup> Diat Orig Chrys
- (3) Insluiting van dieselfde woorde as in lesing 2, maar na vers 13: K W Δ Π 28 565 700 892<sup>mg</sup> 1071 1241 Byz Lect f syp<sup>,h</sup> bo<sup>mss</sup> eth Chrys en enkele kerkvaders

Dit is met die eerste oogopslag duidelik dat *eksterne* getuienis lesing 1 ondersteun. Dit kom in al die belangrike manuskripte van die Griekse Nuwe Testament, sowel as die meeste van die belangrikste vertalings voor. Daarom het dit in die 2de, 3de en 4de eeu ook verreweg die wydste geografiese verspreiding en is dit duidelik dat dit die dominante lesing in die eerste vier eeue was. Die ander lesings word albei uit 'n datering- en geografiese oogpunt swak ondersteun in vergelyking met lesing 1. Uit 'n *transkripsionele* oogpunt gesien, is die lang lesing ook 'n duidelike harmoniëring met Mk 12: 40 en Lk 20: 47, waar feitlik die identiese woorde voorkom. 'n Skriptor het die woorde waarskynlik by die teks ingesluit in 'n poging om die rede van Jesus teen die Fariseërs te voltooi, (deur 'n uitspraak wat in ander Evangelies verhaal is, maar in Matteus ontbreek het, by te voeg). Dit kom ooreen met 'n algemene tendens in die 2de eeu om uitsprake van Jesus aan te vul. Die feit dat dit op twee verskillende plekke bygevoeg is (lesing 2 en 3) ondersteun die outentisiteit van lesing 1.

#### (e) Mt 24: 36

In Mt 24: 36 kom 'n variasie-eenheid voor wat ook 'n invloed op die Afrikaanse Bybel gehad het, maar wat nie van 'n voetnoot voorsien is nie. Hierdie teks lees in die OAB soos volg: 'Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemel nie, maar net my Vader alleen'. In die NAB lees dit soos volg: 'Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit'. Dit gaan dus om die insluiting of

weglating van die woorde: 'ook nie die Seun nie':

- (1) Weglating:  $\aleph^1$  K L W  $\Delta$   $\Pi$   $f^1$  33 565 700 892 1071 1241 *Byz Lect*  $g^1$  l vg sy co geo Orig Did en enkele kerkvaders
- (2) Insluiting van die woorde: οὐδέ ὁ υἱός:  $\aleph^{*2}$  B D  $\Theta$   $f^{13}$  28 *pc vl sypal* mf arm eth geo Diat Ir Orig Chrys en enkele kerkvaders

Ten opsigte van die *eksterne* getuienis, kom lesing 2 met die uitsondering van die Siriese vertalings in alle vroeë geografiese gebiede voor. Dit is duidelik dat dit vroeg in sowel die Alexandrynse as Westerse tekste bekend was. Met die uitsondering van die Koptiese vertaling kom dit ook in die oudste en beste manuskripte voor. Daarenteen het lesing 1 ook getuienis van vroeë wye geografiese verspreiding. Dit kom naamlik in die Siriese en Koptiese vertalings voor, wat daarop dui dat dit wél vroeg in die Weste en in Alexandrië bekend moes gewees het. Terwyl hierdie feite *eksterne* getuienis ietwat balanseer, tel die feit dat lesing 2 in vroeë Griekse manuskripte voorkom tog in sy guns. Die probleem kan egter nie hiermee opgelos word nie. Op *transkripsionele* gronde is dit duidelik dat lesing 2 waarskynlik die beste getuienis het. Dit is duidelik dat die weglating van die woorde nie aan 'n onbewuste fout soos *homoioteleuton* toegeskryf kan word nie, omdat daar geen ooglopende herhalings wat dit kon veroorsaak, ter sprake is nie. Die herhaling van οὐδέ (νόγ...νόγ) is nie hier van toepassing nie, omdat dit op die weglating van die eerste frase, οὐδέ οἱ ἄγγελοι τῶν οὐρανῶν (selfs nie die engele van die hemele nie) sou uitloop. 'n Tweede moontlike rede vir die sekondêre insluiting van die woorde deur skriptors kan wees dat hulle die teks met dié van Mk 13: 32, waar presies dieselfde teks voorkom, wou harmonieer. Juis die feit van die woordelike ooreenkoms tussen die twee verse maak dit egter onwaarskynlik, omdat dit bekend is dat Matteus Markus as bron gebruik het. Waarom sou hy die vers woord-virwoord in sy Evangelie oorneem, en juis dié woorde weglaat? Wat die saak verder kompliseer, is dat daar ook in Mk 13: 32 manuskripte is wat die betrokke woorde weglaat. Die sekondêre ontstaan van die frases in beide die tekste moet dus verklaar word, indien harmoniëring 'n rol gespeel het. Die weglating van die frase deur skriptors, is aan die ander kant makliker verklaarbaar (in beide gevalle). Hierdie is waarskynlik een van die voorbeelde van verandering om leerstellige redes, wat deur ortodokse skriptors aangebring is. Die betrokke woorde is waarskynlik in manuskripte (van albei Evangelies) weggelaat om die godheid van Jesus te beskerm, sodat dit nie sou lyk of Jesus, wat kragtens sy godheid alwetend moet wees, iets nie weet nie. Op hierdie gronde moet die lang lesing in hierdie geval dus waarskynlik as verteenwoordiger van die oorspronklike teks beskou word.

### 2.3 Markus

Die Markusevangelie is volgens alle aanduidinge die oudste van die vier Evangelies en was een van die bronne van die ander twee Sinoptiese Evangelies (Matteus en Lukas). Desnieteenstaande is dit die Evangelie wat waarskynlik die minste in die kerk gebruik is. Daar is veral twee merkwaardige aspekte van hierdie Evangelie wat vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek belangrik is: (a) Dit is vandag onduidelik hoe hierdie Evangelie geeëndig het. In die bronne van die Evangelie kom drie verskillende slotgedeeltes voor. Dit is egter nie duidelik of een van hulle die oorspronklike slot was nie. (b) Vir die rekonstruksie van die teksgeskiedenis is Markus ewe-eens belangrik, omdat die bestaan van die Caesareaanse teks hoofsaaklik in die teks van die Markus geeïdentifiseer is.

Onder die merkwaardige uitgawes van hierdie Evangelie is die teks van *Legg*, waarin 'n volledige apparaat vir Markus verskaf word. Vir die oud-Latynse teks van Markus is die teks van *Jülicher, Matzkow en Aland*, waarin die lesings van die oud-Latynse manuskripte vervat is, die enigste beskikbare teks van die *Vetus Latina*.

Die oudste bronne van die Markusevangelie is die volgende:

2de eeu: Diat; 3de eeu: P<sup>45</sup> 0212 sa; 4de eeu:  $\aleph$  B W 059 0215 0188 0214 a k sy<sup>s,c</sup> bo mf goth.

**Literatuur:** Ellingworth 1979; JK Elliott 1971a; 1975a; 1981a; Fee 1980b; Fenton 1968; Geerlings 1968a; Glasson 1966; Globe 1982; Greeven 1977; Hills 1947; Hurtado 1981b; Huston 1955; Jülicher, Matzkow & Aland (eds) 1970; Kilpatrick 1956a; 1956b; 1958a; S Lake 1937; Lake, Blake & New 1928; Lake & Lake; 1941; Legg (ed) 1935; JJ Miller 1986; Neirynek 1979; Omanson 1975; Osburn 1983; Rodgers 1989; Slomp 1977; Smith 1975; Smit Sibinga 1976; CH Turner 1924; 1925a; 1925b; 1925c; 1925d; 1926; 1927a; 1927b; 1927c; 1928a; 1928b; Williams 1942.

#### (a) Mk 1: 2

In die begin van die Tweede Evangelie (Mk 1: 2) kom 'n variasie-eenheid voor wat 'n invloed op die twee Afrikaanse vertalings gehad het. In die OAB word die aanhaling in vers 2 ingelui met die woorde: 'Soos geskrywe is in die Profete', terwyl die NAB die aanhaling inlui met die woorde: 'In die boek van die profete Jesaja staan daar geskrywe'. Die variante lesings in hierdie variasie-eenheid is soos volg:

- (1)  $\epsilon\nu\ \tau\omega\ \text{'}\ \text{H}\sigma\acute{\iota}\alpha\ \tau\omega\ \text{p}\rho\omicron\phi\eta\tau\eta$  (In (die) Jesaja, die profeteet):  $\aleph$  B L  $\Delta$  33 565 892 1241 (vl vg sy<sup>p</sup>.pal,h(mg) co goth geo) Ir Orig
- (2)  $\epsilon\nu\ \text{'}\ \text{H}\sigma\acute{\iota}\alpha\ \tau\omega\ \text{p}\rho\omicron\phi\eta\tau\eta$  (In Jesaja, die profeteet): D  $\Theta$  f<sup>1</sup> 700 1071 pc (vl vg

- sy<sup>p,pal,h(mg)</sup> co goth geo) Orig Bas enkele kerkvaders  
(3) ἐν τοῖς προφήταις (In die profete): A K P W f<sup>13</sup> 28 1242 *Byz Lect* sy<sup>h</sup>  
bo<sup>mss(mg)</sup> arm eth Ir enkele kerkvaders

Hier lê die probleem weer tussen die lang en kort lesing, dus lesings 1 en 2 aan die een kant, en lesing 3 aan die ander kant. Die verskil tussen lesings 1 en 2 lê in die gebruik van 'n lidwoord en raak nie die essensie van die probleem nie. Die kern van die probleem is of die skrywer van die Tweede Evangelie *Jesaja* of *die Profete* as bron van die aanhaling verwys. *Eksterne* getuienis ondersteun lesings 1 en 2 omdat hulle in verreweg die oudste en beste manuskripte voorkom en verreweg die beste geografiese verspreiding het. Met die uitsondering van W (wat Westers in Markus 1: 1-5: 11 is), is daar geen bewys dat lesing 3 ooit buite die Bisantynse teks bekend was nie. Die feit dat dit in f<sup>13</sup> en enkele manuskripte van die Bohairiese vertaling voorkom, is nie werklik betekenisvol nie aangesien dit maklik onder invloed van die Bisantynse teks, wat die lesing bevat, in hierdie manuskripte kan staan. Alle ander getuienis van alle ander tekstipes ondersteun lesings 1 en/of 2. Op grond hiervan moet die eksterne getuienis dus as sterk getuienis ten gunste van die eerste twee lesings geag word. (Oor die kwessie van die lidwoord is lesing 1 te kies, hoofsaaklik op grond van die feit dat X en B lesing 1 ondersteun. Hierdie gevolgtrekking word deur die *transkripsionele* getuienis ondersteun.) Terwyl daar geen duidelike rede is waarom 'n skriptor die meer neutrale προφήταις (lesing 3 - in die profete) met 'n meer spesifieke verwysing na die profeet Jesaja (lesings 1 en 2) sou vervang nie, is daar 'n rede waarom hy die verwysing na Jesaja met 'n meer algemene verwysing sou wou vervang. Die aanhaling wat volg, kom naamlik slegs gedeeltelik uit Jesaja. Slegs die tweede gedeelte van die aanhaling ('n Stem van een wat roep..) kom uit Jesaja (40: 3), Die voorafgaande gedeelte (Kyk, Ek stuur my boodskapper..) is 'n aanhaling uit Mal 3: 1. Dit bevestig die baie sterk eksterne getuienis ten gunste van lesing 1 (en 2), omdat dit 'n duidelike poging van die skriptor was om die verwysingsfout in die Markusewangelie te korreger. Hierdie is dus waarskynlik ook 'n doelbewuste verandering deur ortodokse skriptors om 'n leerstelling of dogmatiese rede, naamlik om die onfeilbaarheid van die Bybel te beskerm.

(b) **Mk 7: 15**

By Mk 7: 15 verskyn daar 'n voetnoot in die NAB wat sê dat daar nie 'n vers 16 is nie. Die tradisionele vers 16, 'As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor' in die OAB, ontbreek dus. Die kritiese apparaat is soos volg:

- (1) Weglating:  $\aleph$  B L  $\Delta^*$  28 *Lect* bo<sup>mss</sup> geo  
 (2) Insluiting van die woorde  $\epsilon\lambda\tau\iota\varsigma \epsilon\chi\epsilon\iota \omega\tau\alpha \acute{\alpha}\kappa\omicron\upsilon\epsilon\iota\upsilon$ ,  $\acute{\alpha}\kappa\omicron\upsilon\epsilon\tau\omega$ : A D K W X  $\Theta$   
 $\Pi$  f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 33 565 700 892 1071 1241 *Byz* vl vg sy<sup>h</sup> sa bo<sup>mss</sup> goth arm eth geo  
 Diat Aug

*Eksterne* getuienis ondersteun die kort lesing (lesing 1) matig, omdat die beste Griekse manuskripte ( $\aleph$  en B) dit bevat. Lesing 2 het egter 'n beter geografiese verspreiding as lesing 1 en kom in vroeë tekste van al die teksfamilies voor. Eksterne getuienis gee dus geen werklike uitsluitel vir hierdie probleem nie. Ook *transkripsionele* getuienis gee nie uitsluitel nie, omdat daar geen goeie redes vir die byvoeging of weglating van die teks is nie. Ook *intrinsieke* aspekte lewer geen duidelike riglyn op nie, ofskoon die teks effens vreemd in die konteks lyk. Op grond van die getuienis van die 'beste manuskrip' en die algemene transkripsionele reël dat die kort lesing bo die lang lesing voorkeur geniet, moet hier 'n ietwat meganiese keuse gemaak word en moet dus aanvaar word dat die lesing waarskynlik later bygevoeg is. Waarskynlik het 'n skriptor hier na aanleiding van Mk 4: 9 en 4: 23 'n nota in die kantlyn gemaak, wat deur 'n latere skriptor vir 'n korreksie aangesien is en by die teks ingesluit is. Hoe dit ookal sy, dit is 'n baie moeilike probleem om op te los, omdat geen duidelike getuienis hier na vore tree nie.

(c) Mk 9: 43 en 45

In Markus se vertelling oor die struikelblokke van die lewe (Mk 9: 42-50) kom by verse 43 en 45 twee interessante variasie-eenhede voor, wat in die NAB van tekskritiese notas voorsien is. Die teks van die OAB lees van vers 43b-49a soos volg: '(43) ..as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur - (44) *waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.* (45) En as jou voet jou laat struikel...as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur - (46) *waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.* (47) En as jou oog jou laat struikel...as om twee oë te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur - (48) *waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.* (49) Want elkeen sal met vuur gesout word..'. In die NAB ontbreek die twee vetgedrukte tekste. Die tekskritiese apparaat by hierdie twee verse is soos volg:

Vers 43:

- (1) Weglating:  $\aleph$  B C L W  $\Delta$   $\Psi$  f<sup>1</sup> 28 565 892 k sy<sup>s</sup> sa bo mf arm geo  
 (2) Insluiting van die woorde  $\delta\pi\upsilon\upsilon \acute{o} \sigma\acute{\omega}\lambda\eta\zeta \acute{\alpha}\upsilon\tau\omega\upsilon\upsilon \acute{o}\upsilon \tau\epsilon\lambda\epsilon\upsilon\tau\acute{\alpha} \kappa\alpha\iota \tau\acute{o} \pi\upsilon\rho \acute{o}\upsilon$

σβένυσται: A D K X Θ Π f<sup>13</sup> 700 1071 Byz Lect vl vg syr<sup>p,h</sup> goth Diat Ir  
Bas Au

- (3) Insluiting van die woorde ὅπου ὁ σκώληξ αὐτῶν οὐ τελευτᾷ: f

**Vers 45:**

- (1) Weglating: X B C L W Δ Ψ f<sup>1</sup> 28 565 892 k sy<sup>s</sup> sa bo mf arm Diat  
(2) Insluiting van die woorde ὅπου ὁ σκώληξ αὐτῶν οὐ τελευτᾷ καὶ τὸ πῦρ οὐ  
σβένυσται: A D K X Θ Π f<sup>13</sup> 700 1071 Byz Lect vl vg syr<sup>p,h</sup> got geo Diat Aug  
Bas

Omdat die kritiese apparaat vir albei verse byna dieselfde is, sal hulle saam bespreek word. Lesing 3 in vers 43 is waarskynlik maar die gevolg van 'n fout deur die skriptor van die oud-Latynse manuskrip f en word gevolglik nie verder oorweeg nie. In beide gevalle is die kort lesing (lesing 1) op *eksterne* gronde waarskynlik die oorspronklike, sowel omdat dit in die oudste en beste manuskripte voorkom, as omdat dit vroeg in getuïenisse van verskillende geografiese gebiede voorkom. Dit het 'n heelwat beter vroeë verspreiding as lesing 2, wat, op grond van veral die oud-Latynse steun daarvoor, moontlik in die Westerse teks ontstaan het en vandaar na die ander getuïenisse wat dit ondersteun, oorgegaan het. Uit 'n *transkripsionele* oogpunt gesien, is daar geen ooglopende rede waarom dit weggelaat sou word indien dit outentiek is nie. Tipies van die Westerse teks is dit waarskynlik eerder op grond van vers 48 bygevoeg in 'n poging om die driemaal herhalende waarskuwing in verse 43, 45 en 47 inhoudelik af te rond, deur die 'ontbrekende' tipering van die 'hel' in vers 48 ook by die verdoemende woorde in vers 43 en 45 by te voeg.

**(d) Mk 11: 25**

Mk 11: 25 is ook in die NAB van 'n voetspoor voorsien, wat sê waarom daar nie 'n vers 26 in die NAB voorkom nie. Die woorde van die OAB wat as vers 26 bekend was, lui soos volg: 'Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie'. Die kritiese apparaat by hierdie verse is soos volg:

- (1) Weglating: X B L W Δ Ψ 565 700 892 k l vg<sup>mss</sup> sys,pal sa bo arm geo  
(2) Insluiting van die woorde εἰ δὲ ὑμεῖς οὐκ ἀφίετε, οὐδὲ ὁ πατὴρ ὑμῶν ὁ ἐν  
τοῖς οὐρανοῖς ἀφήσει τὰ παραπτώματα ὑμῶν: A C D K X Θ Π f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 33  
1071 1241 Byz Lect vl vg syr<sup>p,h</sup> bo<sup>mss</sup> goth eth Diat Cy Aug

Ook in hierdie variasie-eenheid het die kort lesing (lesing 1) op *eksterne* gronde voorkeur bo lesing 2. Dit kom in al die oudste en beste manuskripte voor, en geniet 'n vroeë wye geografiese verspreiding deurdat dit in Egipte, Sirië die Weste en Noord-Afrika bekend was. Die lang lesing het soos baie ander interpolasies aanvanklik slegs onder die Westerse teks vroeë steun, vanwaar dit deur middel van die Westerse teks se latere beïnvloeding van die ander tekstipes na daardie tekstipes oorgegaan het. *Transkripsionele* getuienis is in 'n sekere sin verdeel. Indien die lang lesing die oorspronklike is, kon die kort lesing as gevolg van *homoioteleuton* ontstaan het. Beide die teks onder bespreking en vers 25 eindig op dieselfde woord, ὑμῶν (van julle). Aan die ander kant kon die woorde ook deur 'n skriptor bygevoeg gewees het as gevolg van harmoniëring met Mt 6: 15. Die konteks waarin die woorde voorkom is in beide gevalle dieselfde en leen hom dus tot harmoniëring, terwyl die woorde in dispuut, veral die tweede gedeelte daarvan, feitlik woordeliks met dié van Mt 6: 15 ooreenkom. Terwyl dit moeilik is om op transkripsionele gronde alleen te besluit hoe om die getuienis te interpreteer, is die kombinasie van transkripsionele en *eksterne* getuienis waarskynlik 'n aanduiding dat die kort lesing die oorspronklike is.

(e) Mk 15: 27

By Mk 15: 27 is daar weer 'n nota in die NAB wat sê dat die bekende vers 28, 'En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken' (OAB) nie in die grondteks voorkom nie. Ook in hierdie variasie-eenheid word twee variante lesings in die kritiese apparaat gegee:

- (1) Weglating: X A B C D X Ψ *Lect d k sy<sup>s</sup> sa bo<sup>mss</sup>* enkele kerkvaders
- (2) Insluiting van die woorde καὶ ἐπληρώθη ἡ γραφή ἡ λέγουσα, καὶ μετὰ ἀνόμων ἐλογίσθη: K L P Δ Θ Π f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 33 565 700 892 1071 1241 *Byz vl vg sy<sup>p,h,pal</sup> bo<sup>Pt</sup> goth arm geo eth Orig* enkele kerkvaders

Die weglating van hierdie gedeelte het verreweg die beste steun van *eksterne* getuienis, omdat dit in al die beste manuskripte voorkom en 'n baie wye vroeë geografiese verspreiding geniet. Daarenteen blyk uit die vroeë Latynse steun vir die lang lesing dat dit andermaal 'n vroeë Westerse interpolasie is, wat deur vermenging uit die Westerse teks in die ander tekste beland het. *Transkripsioneel* gesien, kan *homoiarkton* moontlik 'n oorsaak van weglating wees, aangesien beide verse 27, 29 en die betwiste woorde met die woord καί (en) begin. Tog is die woordelike ooreenkoms van die tweede deel van die teks met Lk 22: 37, wat daar as

voorspelling van die vervulling van Jes 53: 12, en hier as die vervulling self, vertel word, 'n aanduiding dat die lang lesing andermaal moontlik die gevolg van harmoniëring kan wees. Die effense verskil in konteks (in Lukas is dit 'n voorspelling en in Markus 'n berig van die vervulling) maak dit onwaarskynlik dat die voorkoms daarvan in Markus die bron vir Lukas se gebruik daarvan is. Eksterne en interne getuienis saam bring dus mee dat gekonkludeer moet word dat die lesing waarskynlik nie deel van nie oorspronklike teks was nie.

(f) Mk 16: 8

Ten slotte die slot van die Markusevangelie. Dit is opmerklik dat 'n voetnoot in die NAB by Mk 16: 9 voorkom, ondanks die feit dat die teks nie van die OAB verskil nie. Die probleem is dat die Markusevangelie op verskillende maniere in die manuskripte afgesluit word. In sommige manuskripte eindig dit by Mk 16: 8: '...Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang'. In ander eindig dit met die gedeelte wat in beide die OAB en NAB voorkom en as verse 9-20 bekend staan. 'n Derde groep manuskripte bevat 'n baie kort slotgedeelte na vers 8, wat min of meer soos volg lui: 'Maar hulle het alles wat vir hulle gesê is, kortliks vir Petrus en die ander by hom vertel. Daarna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike evangelie oor die ewige redding van die ooste tot in die weste laat verkondig. Amen'. 'n Vierde groep manuskripte bevat beide die kort slotgedeelte en verse 9-20. Die kritiese apparaat van hierdie gedeelte lyk soos volg:

- (1) ...έφοβοῦντο γάρ. (..want hulle was bang.): X B 304 sy<sup>s</sup> sa<sup>mss</sup> arm<sup>mss</sup> geo Cl Orig Eus Hier (wat in een van sy kommentare noem dat hy manuskripte ken wat hier eindig) enkele kerkvaders
- (2) ...έφοβοῦντο γάρ 9. Ἀναστάς δὲ...σημείων. (verse 9-20): A C D K W X Δ Θ Π f<sup>13</sup> 28 33 565 700 892 1071 Byz vl vg sy cop goth arm<sup>mss</sup> geo eth<sup>mss</sup> Diat Ir Tert *et al*
- (3) ...έφοβοῦντο γάρ. Πάντα δὲ τὰ παρηγγελμένα τοῖς περὶ τὸν Πέτρον συντόμως ἀξήγγειλαν. Μετὰ δὲ ταῦτα καὶ αὐτός ὁ Ἰησοῦς ἀπὸ ἀνατολῆς καὶ ἄχρι δύσεως ἐξαπέστειλεν δι' αὐτῶν τὸ ἱερὸν καὶ ἄφθαρτον κήρυγμα τῆς αἰωνίου αὐτῶν. ἀμήν: k
- (4) ...έφobouντο γάρ. Πάντα δὲ τὰ παρηγγελμένα τοῦς περὶ τὸν Πέτρον συντόμως ἐξήγγειλαν. Μετὰ δὲ ταῦτα καὶ αὐτός ὁ Ἰησοῦς ἀπὸ ἀνατολῆς καὶ ἄχρι δύσεως ἐξαπέστειλεν δι' αὐτῶν τὸ ἱερὸν καὶ ἄφθαρτον κήρυγμα τῆς αἰωνίου σωτηρίας. Ἀναστάς δὲ...σημείων (verse 9-20): L Ψ 099 0112 274<sup>mg</sup> 579 sy<sup>h(mg)</sup> sa<sup>mss</sup> bo<sup>mss</sup> eth<sup>mss</sup>



Op grond van *eksterne* getuienis is dit duidelik dat dit onwaarskynlik is dat lesings 3 en 4 oorspronklik die Markusewangelie afgesluit het. Beide kom in slegs enkele bronne voor en is op *transkripsionele* gronde 'n duidelike poging om 'n gepaste slot vir Markus te bied. Die keuse lê dus by lesings 1 en 2. Op grond van *eksterne* getuienis is daar min tussen die twee lesings te kies. Hoewel lesing 1 in die oudste en beste manuskripte (X en B) voorkom, het lesing 2 'n beter geografiese verspreiding as lesing 1. Op *transkripsionele* gronde swaai die skaal effens in die guns van lesing 1, aangesien daar geen oortuigende rede is waarom verse 9-20 weggelaat sou word indien dit oorspronklik deel van die Markusewangelie was nie. Die enigste moontlike rede is dat dit per ongeluk verlore geraak het, deurdat die laaste bladsy van hierdie boek uitgeval het. Hoewel moontlik, is dit egter onwaarskynlik. Daarteenoor is die byvoeging van verse 9-20 makliker verklaarbaar, naamlik as 'n poging om die Evangelie af te rond deur 'n gepaste slot daarvoor te voorsien. Die feit dat daar ook 'n ander slot deur skriptors geskryf is (lesing 3), en 'n kombinasie van die verskillende slotgedeeltes in sommige manuskripte voorkom (lesing 4), dui daarop dat meer as een skriptor 'n probleem gehad het met die feit dat die Tweede Evangelie by vers 8 (op 'n partikel in Grieks  $\gamma\acute{\alpha}\rho$  - 'immers') eindig en 'n gepaste slot voorsien het. Die sterkste getuienis kom egter van *intrinsieke* getuienis. Veral twee sterk argumente is ter sprake. Daar is talle taalkundige eienskappe van verse 9-20 wat nie eie aan Markus se taal en styl is nie en dus op 'n sekondêre oorsprong van die gedeelte dui. Daarmee saam blyk dit dat, indien die gedeelte teologies en inhoudelik ontleed word, dit saamgestel is uit frases en gedagtes uit die ander Evangelies, Handelingte en die Pauliniese Briewe, wat nie eie aan die Markaanse teologie is nie. Ten gunste van die lang lesing kan egter op *intrinsieke* gronde gevra word of 'n boek werklik op 'n partikel ( $\gamma\acute{\alpha}\rho$  - immers) kan eindig. Verder blyk dit ook dat die storie nie voltooi is nie en dat die leser met 'n hele aantal 'los drade' gelaat word indien vers 8 as die einde van die Tweede Evangelie geag word. Op grond van veral die *intrinsieke* getuienis en die feit dat die oudste en beste manuskripte by vers 8 eindig, moet nieteenstaande hierdie probleme gekonkludeer word dat geeneen van lesings 2, 3 of 4 die oorspronklike slot van Markus verteenwoordig nie. Lesing 1 verteenwoordig dit op grond van die *intrinsieke* getuienis waarskynlik egter ook nie. Die enigste oplossing vir die probleem is om te aanvaar dat die oorspronklike slot van hierdie Evangelie op 'n baie vroeë stadium in die oorleweringsgeskiedenis verlore geraak het en dat skriptors daarvoor probeer kompenseer het deur self 'n nuwe slot te skryf.

**Literatuur:** K Aland 1969b; Boomershine & Bartholomew 1981; Burgon 1975a; JK Elliott 1971c; Metzger 1980c; Meye 1969; Petersen 1980; Zwemer 1975.

## 2.4 Lukas

Een van die merkwaardigste aspekte van die teks van die Derde Evangelie raak die laaste hoofstukke van die Evangelie. Buiten die teks van Handeling, is daar geen ander plek in die Nuwe Testament waar die verskil tussen die Alexandrynse en Westerse teks so duidelik na vore kom as in hierdie dele nie. Daar is 'n hele aantal gevalle waar die Westerse teks 'n langer, maar dan ook weer 'n korter teks as die Alexandrynse teks het. Dit raak gewoonlik frases en soms selfs sinne. Geen aanvaarbare teorie om hierdie verskynsel te verklaar, kon nog gevind word nie. Sommiges meen dat dit die invloed van Marcion op die teks illustreer, omdat 'n hersiene weergawe van die Derde Eevangelie die enigste boek buiten 'n aantal van die Pauliniese Briewe is, wat in Marcion se kanon gestaan het. Die teorie is dan dat hierdie veranderinge die spore van Marcion se hersiening van die Derde Evangelie verteenwoordig. Andere beskou die Westerse teks egter as die oorspronklike en meen dat die Alexandrynse teks aan 'n verkorting daarvan te wyte is. Die rede daarvoor is nie bekend nie.

Onder die merkwaardige publikasies van die Lukasevangelie is die teks van die *IGNTP*, wat in twee volumes in 1984 en 1987 verskyn het, en wat 'n volledige apparaat van die Lukasevangelie bevat. Ook vir die Derde Evangelie is die teks van *Jülicher, Matzkow en Aland* die enigste bron van die lesings van die oud-Latynse manuskripte. Die oudste bronne van die Lukasevangelie is die volgende:

2de eeu: Diat; 3de eeu: P<sup>3,4,45,69,75</sup> 0212 sa; 4de eeu: P<sup>7,82</sup> & B W 0171 0181 a sy<sup>s,c</sup> ac bo mf goth.

**Literatuur:** Amphoux 1987; Baarda 1985; 1988b; Bailey 1977; Bandstra 1981; 1982; Bartsch 1984; Bate 1927; Chadwick 1957; Cooper 1962; Cortés 1984; Duplacy 1981; Ehrman & Plunkett 1983; JK Elliott 1988a; Epp 1981; Fee 1981; Freudenberger 1968/69; Geerlings 1961a; 1962b; 1968b; Globe 1980; Jordaan 1980; 1986; Jülicher, Matzkow & Aland (eds) 1976; Kilpatrick 1942b; 1946; 1952/53; 1979b; Klijn 1981; Metzger 1968g; P Parker 1964; Parsons 1986; Petzer 1984b; Rese 1976; Rice 1979; 1980a; 1980b; Richards 1979; 1981; Ross 1972; Royse 1980; Schneider 1976; Stagg 1978; Van Bruggen 1980; 1982; Vogels 1950/51; Voöbus 1968/69; Wisse 1982.

### (a) Lk 2: 14

In die vertelling van die engelesang tydens Jesus se geboorte in Lk 2 is daar 'n variasie-eenheid wat 'n direkte invloed op die vertaling van die gedeelte het. Die vraag is naamlik of die engele in Lk 2: 14 gesing het 'vrede ... *vir die mense in wie Hy 'n welbehae het*' (NAB) of 'vrede ... *in die mense 'n welbehae*' (OAB)? Is die vrede op

aarde dus bedoel vir alle mense (OAB) of slegs 'n klein groepe (NAB)? Die variasie-eenheid in Grieks raak slegs 'n enkele letter:

- (1) εὐδοκίας (in wie Hy 'n welbehae het): K\* A B\* D W vl vg sa goth Orig Cyr-Jer Ir Ath Aug
- (2) εὐδοκία (in die mense 'n welbehae): K<sup>c</sup> B<sup>3</sup> K L P Δ Θ Ξ Π f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 565 700 892 1071 1241 *Byz Lect* sy<sup>h,p,s</sup> bo arm eth geo Orig Eus Did en 'n aantal kerkvaders

Dit is duidelik dat lesing 1 hier die beste *eksterne* getuienis het, aangesien dit in al die beste dokumente voorkom, terwyl dit ook vroeg 'n wye geografiese verspreiding geniet. Dit kom naamlik in die vroegste bronne van alle gebiede behalwe die Siriese vertalings voor. Dit word veral sterk deur die twee onafhanklike vroeë tekstipes, die Westerse en Alexandrynse, ondersteun. Lesing 2 se vroegste bronne is beperk tot die Caesareaanse tekstipe en die Siriese vertaling, vanwaar dit waarskynlik na die Bisantynse teks oorgedra is. Omdat die variasie slegs een letter in Grieks raak, is die ontstaan van die variasie waarskynlik aan 'n toevallige fout toe te skryf. Terwyl daar op *transkripsionele* gronde geen werklike rede vir die byvoeging van die letter (σ) is nie, kan die weglating daarvan maklik verklaar word as synde te wyte aan 'n sigfout. Dikwels is so 'n slotsigma bloot as 'n klein verhewe lettertjie geskryf: EYΔOKΙΑC, wat maklik deur 'n skriptor misgelees kon word.

Literatuur: Kilpatrick 1988; Schwarz 1984.

### (b) Lk 17: 35

By Lk 17: 35 kom daar in die NAB 'n voetnoot voor wat sê dat vers 36 van die OAB nie in die grondteks voorkom nie. Dit raak die tradisioneel bekende woorde: 'Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verwerp word'. Die tekskritiese apparaat van die vers is soos volg:

- (1) Weglating van vers 36: P<sup>75</sup> X A B K L W X Δ Θ Π Ψ f<sup>1</sup> 28 33 565 892 *et al Byz* sa bo goth eth enkele kerkvaders
- (2) Insluiting van die woorde δύο ἐν ἀγρῷ· εἷς παραλημφθήσεται καὶ ὁ ἕτερος ἀφεθήσεται: D 700 1071 *pc* vl vg sy arm geo Diat enkele kerkvaders

Dit is duidelik dat *eksterne* getuienis lesing 1 feitlik ten volle steun. Dit het met die uitsondering van die Westerse teks ondersteuning uit alle tekstipes, sowel vroeg as

laat. Die insluiting van die gedeelte (lesing 2) het in teenstelling daarmee slegs steun uit die Westerse en gedeeltelike steun uit die Caesareaanse tekstipe. Die *transkripsionele* getuienis is verdeel, wanneer dit in isolasie van eksterne getuienis beskou word. Terwyl die weglating toegeskryf kan word aan *homoioteleuton* - die herhaling van ἀπεθήσεται (verwerp word) aan die einde van vers 35 en die woorde in dispuut - kan die byvoeging ook verklaar word as synde 'n poging om hierdie teks met dié van Mt 24: 40 te harmonieer. Wat veral in die guns van laasgenoemde tel, is die feit dat Matteus die bron van die harmoniëring is, wat dus met die algemene neiging in harmoniëring ooreenkom, en die feit dat die harmoniëring in veral die Westerse teks voorkom, wat weer 'n tipiese karakteristieke eienskap van hierdie teks is. Op grond hiervan sal die kort lesing dus as die oorspronklike gekies word.

(c) Lk 23: 16

By Lk 23: 16 is daar in die NAB 'n nota waarin verklaar word waarom daar nie 'n vers 17 voorkom nie. Die woorde van vers 17 lui in die OAB soos volg: 'En hy was verplig om vir hulle op die fees een los te laat'. Die tekskritiese apparaat by hierdie gedeelte lyk soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>75</sup> A B K L T II 892\* 1241 pc a sa bo<sup>mss</sup> Diat
- (2) Insluiting van die woorde: ἀνάγκην δὲ εἶχεν ἀπολύειν αὐτοῖς κατὰ ἑορτὴν ἓνα met variasie (En hy was verplig om vir hulle een op die fees los te laat):  
X W X Δ Θ Ψ f1 f13 28 565 700 892<sup>mg</sup> 1071 Byz Lect vl vg syr<sup>h</sup> bo<sup>mss</sup> arm geo Eus
- (3) Insluiting van dieselfde woorde as in 2, maar na vers 19: D d sy<sup>c-s</sup> eth

Beide vanuit die oogpunt van die oudste en beste manuskripte en die geografiese verspreiding ondersteun *eksterne* getuienis lesing 1, omdat dit, met die uitsondering van X, in al die beste manuskripte voorkom terwyl dit 'n matige vroeë ondersteuning uit alle gebiede geniet. Aan die ander kant geniet lesing 2 ook 'n wye geografiese verspreiding deurdat dit in vroeë dokumente van alle tekstipes, selfs die Alexandrynse teks (X), voorkom. Tog kan die meeste van hierdie bronne aan die Westerse teks en sy invloed verbind word. Lesing 3 is duidelik tot die Westerse teks beperk en daarom op eksterne gronde nie aanvaarbaar nie. Uit 'n transkripsionele oogpunt beskou, is die getuienis botsend. Die weglating kan verklaar word na aanleiding van *homoiarkton*, omdat ἀνάγκην (noodsaaklik) en ἀνέκραγον (hulle het geskree) van vers 18 baie na mekaar lyk. Aan die ander kant pas die lang lesing weer binne die kenmerkende eienskappe van die Westerse teks, aangesien dit na 'n

tipiese Westerse byvoeging lyk, wat moontlik hier ingesluit is in 'n poging om die Lukas-vertelling met dié van Mt 27: 15 of Mk 15: 6 te harmonieer. As sodanig is dit 'n poging om die Lukaanse vertelling af te rond, deur 'n stukkie 'ontbrekende historiese detail' by te voeg.

## 2.5 Johannes

Van die Johannesevangelie bestaan daar nog geen volledige apparaat nie. Die verteenwoordigers van die *IGNTP* het na afhandeling van die Lukas-projek besluit om onmiddellik met die Johannesevangelie te begin. Die projek is tans in die beplanningstadium. Sover dit die oud-Latynse teks betref, voltooi die uitgawe van Johannes deur *Jülicher, Matzkow en Aland* hierdie besondere reeks. Die oudste bronne van die Johannesevangelie is die volgende:

2de eeu: P<sup>52</sup> Diat; 3de eeu: P<sup>5,22,28,39,45,66,75,76,80</sup> 0162 sa; 4de eeu: P<sup>6</sup> X B W 0258 a sy<sup>c,s</sup> bo mf goth.

**Literatuur:** Agourides 1967; K Aland 1957b; Birdsall 1957b; 1957/58; DA Black 1985; KW Clark 1962; JK Elliott 1977b; Fee 1968/69; 1971a; 1971b; 1974a; 1980b; Geerlings 1962a; 1963; Hahn 1976; Jülicher, Matzkow & Aland (eds) 1963; Kilpatrick 1960b; 1960c; 1968; Mees 1969; 1981; Michaels 1981; EL Miller 1976; Porter 1967; Pryor 1985; Reim 1976; Sahlin 1960; Schedle 1972; Schnackenburg 1976; Tasker 1936; Thomas 1987; Van Belle 1980.

### (a) Jh 1: 18

In Jh 1: 18 is daar 'n subtile verskil tussen die twee Afrikaanse vertalings. Terwyl die OAB lees: 'die eniggebore Seun', lees die NAB 'Sy enigste Seun, self God'. 'n Meer letterlike vertaling vir die teks waarop die NAB gegrond is, sou wees: 'Die enigste God'. Die apparaat vir hierdie variasie-eenheid is soos volg:

- (1) (ὁ) μονογενὴς Θεὸς (die enigste God): P<sup>66,75</sup> X<sup>\*,3</sup> B C\* L 33 bo sy<sup>p,h(mg)</sup> eth Diat Ir Cl Orig Did en 'n hele aantal kerkvaders
- (2) ὁ μονογενὴς υἱὸς (die enigste Seun): A C<sup>3</sup> K W X Δ Θ Π Ψ 063 f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 565 700 892 1071 1241 *Byz Lect* vl vg sy<sup>c,h,pal</sup> arm eth geo en baie kerkvaders
- (3) μονογενὴς υἱὸς Θεοῦ (enigste Seun van God) q Ir Orig
- (4) ὁ μονογενὴς (die enigste) vg Diat en 'n aantal kerkvaders

Die laaste twee lesings (3 en 4) kan maklik uitgeskakel word op grond van die feit

dat hulle slegs in vertalings en patristiese sitate voorkom. Lesing 3 is duidelik 'n poging om deur middel van konflasie lesings 1 en 2 in harmonie met mekaar te bring, terwyl lesing 4 dieselfde probeer doen, maar wel deur die problematiese deel van die lesing weg te laat. Dit laat dus lesings 1 en 2. Op grond van *eksterne* getuienis het lesing 1 'n baie sterk aanspraak om die oorspronklike te verteenwoordig, omdat dit in al die vroegste en beste bronne voorkom (P<sup>66,75</sup> & B) en 'n goeie vroeë geografiese verspreiding geniet. Dit kom naamlik in alle geografiese gebiede voor, ofschoon dit in die Westerse en Caesareaanse tekste skrapse steun geniet. Lesing 2, daarenteen, is beperk tot veral Westerse bronne in die vroegste eeue, vanwaar dit deur middel van vermenging eers in bronne van die Caesareaanse teks en later die Bisantynse teks, ingesluit is. Op *transkripsionele* gronde is dit duidelik dat Θεός (God) hier die moeilikste lesing is en dat die verandering na υἱός (seun) makliker verklaar kan word as andersom. Waarskynlik het die lesing met die ontwikkeling van die teologie rondom Jesus in die vroeë kerk meegebring dat 'n skriptor òf probeer het om die eksegetiese betekenis hier duideliker en meer eksplisiet te maak deur die kontras tussen Vader en Seun in die vers te beklemtoon, òf probeer het om 'n 'fout' in sy archetype te herstel deur Θεός (God) met υἱός (Seun) te vervang. Daar is egter geen duidelike rede waarom iemand υἱός (Seun) na Θεός (God) sou wou verander nie. Die probleme wat die lesing Θεός (God) ook vir die Afrikaanse vertalers gebring het, bevestig dat dit die moeilike lesing is. In 'n poging om die betekenis daarvan duidelik na vore te bring, het hulle in der waarheid lesing 3 vertaal.

**Literatuur:** McReynolds 1981.

**(b) Jh 5: 3**

In Jh 5 ontbreek in die NAB waarskynlik een van die langste tradisioneel bekende gedeeltes van die Nuwe Testament, naamlik dít wat in die OAB as Jh 5: 3b-4 bekend gestaan het en soos volg gelui het: 'Want 'n engel het op bepaalde tye neergedaal in die bad en die water geroer. Die een wat dan eerste ingaan na die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het.' Die tekskritiese apparaat van hierdie variasie-eenheid lyk soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>66,75</sup> & B C\* D W 33 d f l q vg sy<sup>c</sup> sa bo geo pc
- (2) Insluiting van die woorde ἄγγελος γὰρ κύριου κατὰ καιρὸν κατέβαινεν ἐν τῇ κολυμβήθρᾳ καὶ ἐταράσσετο τὸ ὕδωρ· ὁ οὖν πρῶτος ἐμβὰς μετὰ τὴν παραχῆν τοῦ ὕδατος ὑγιῆς ἐγίνετο οἷω δῆποτ' οὖν κατειχέτο νοσήματι: A

C<sup>3</sup> K L S X Δ Θ Λ Π Ψ f<sup>1</sup> f<sup>13</sup> 28 565 700 892 1071 1241 *pm Byz Lect v*<sup>lpm</sup> *vg sy<sup>h,p,pal</sup> bo<sup>mss</sup> arm Diat Tert Did Chrys en enkele kerkvaders (sommige van hierdie bronne sluit dit met 'n asterisk in)*

Op *eksterne* gronde is lesing 1 duidelik bo lesing 2 te verkies, omdat dit in al die oudste en beste manuskripte (P<sup>66,75</sup> & B sa) voorkom, sowel as in manuskripte van elke tekstipe. Dit sluit die Caesareaanse teks, waarvan die bestaan in Johannes in elk geval twyfelagtig is, uit. Ten opsigte van die vroegste getuienis, is die bronne van lesing 2 geografies tot Westerse bronne beperk, vanwaar dit na die Caesareaanse teks en later Bisantynse teks oorgegaan het. Die *transkripsionele* getuienis bevestig hierdie rekonstruksie. Terwyl daar geen rede is waarom die woorde deur 'n skriptor weggelaat sou word indien dit in die oorspronklike weergawe van die Vierde Evangelie was nie, pas dit baie duidelik in die Westerse teks se neiging om 'ontbrekende detail' by te voeg. Dit is waarskynlik 'n poging om die genesingskrag van die bad se water te verklaar. Die woorde is waarskynlik uit die mondelinge tradisie afkomstig en was moontlik aanvanklik 'n marginale glos, bedoel as kommentaar, voordat dit vandaar by die teks van 'n latere manuskrip ingesluit is. Ook *intrinsieke* getuienis bevestig die sekondêre karakter van hierdie gedeelte, aangesien daar 'n besonder hoë konsentraat woorde en taalkundige verskynsels in hierdie teks voorkom wat nie eie aan die algemene woordeskat en taalgebruik van Johannes is nie. Op grond hiervan was hierdie woorde waarskynlik nie deel van die oorspronklike teks van die Vierde Evangelie nie.

**Literatuur:** Fee 1982a; Hodges 1979a.

### (c) Jh 7: 53

Die enigste voorbeeld van twyfel oor 'n hele paragraaf naas die slot van die Tweede Evangelie, kom in die Johannesevangelie voor. Die hele vertelling van Jesus se gesprek met die owerspelige vrou in Jh 7: 53-8: 11 is in gedrang en hoewel die teks nie in die NAB ontbreek nie, is ook hierdie gedeelte, soos die slot van Markus, van 'n voetnoot voorsien. Daarin word gesê dat dit nie deel van die oorspronklike Johannesevangelie was nie. Die kritiese apparaat by hierdie teks is soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>66,75</sup> & A<sup>vid</sup> B C<sup>vid</sup> L N T W X Y D Θ Ψ 33 157 565 1241 *pc Lect a f l\* q sy<sup>c,s,p</sup> sa bo<sup>mss</sup> ac goth arm<sup>mss</sup> geo Diat en Cl Tert Orig Cy Chry en enkele kerkvaders*
- (2) Insluiting van die gedeelte op die tradisionele plek, Jh 7: 53-8: 11: D E F G

H K M S U Γ Λ Π 28 700 892 1071 Byz vlp<sup>m</sup> vg syh<sup>(ms)</sup>,pal bo<sup>mss</sup> arm eth Hier Aug en enkele kerkvaders (enkele van hierdie bronne sluit dié met 'n asterisk in)

- (3) Insluiting van die gedeelte na Jh 7: 36: 225
- (4) Insluiting van die gedeelte aan die einde van die Vierde Evangelie (na Jh 21: 25): f<sup>1</sup> arm
- (5) Insluiting van die gedeelte in die Lukasevangelie (na Lk 21: 38): f<sup>13</sup>
- (6) Insluiting van die gedeelte aan die einde van die Lukasevangelie (na Lk 21: 53): 1333<sup>c</sup>

Dit is uit die bestaan van soveel verskillende lesings duidelik dat daar lank in die teksgeskiedenis onsekerheid oor die posisie van hierdie perikoop was. Die feit dat dit op vyf verskillende plekke in die Nuwe Testament voorkom, getuig hiervan. Op grond van die skaars getuienis kan lesings 3, 4, 5 en 6 verwerp word. Elkeen is waarskynlik 'n eie poging om die perikoop as deel van die teks te behou, maar dit op 'n meer geloofwaardige plek in te sluit in 'n poging om die probleme wat dit in Jh 7 veroorsaak, die hoof te bied. Daarom sal net lesings 1 en 2 verder oorweeg word. Op *eksterne* gronde is dit duidelik dat lesing 1 'n groter aanspraak het om die oorspronklike te verteenwoordig as lesing 2. Nie alleen kom dit in al die beste manuskripte voor nie (P<sup>66,75</sup> K B sa), maar dit kom ook in die vroegste manuskripte van al die teksfamilies (selfs die Bisantynse teks - W en A) voor. Tot laat in die 3de eeu is die Johannesevangelie waarskynlik sonder hierdie perikoop oorgelewer. Daarenteen is die vroegste getuienis ten gunste van die insluiting van die gedeelte in die Vierde Evangelie (lesing 2) eers in die 4de of 5de eeu gedateer en is dit in alle gevalle tot die Westerse teks beperk. Op grond van besonder sterk *eksterne* getuienis is dit baie duidelik dat hierdie perikoop na alle waarskynlikheid eers teen die 3de of 4de eeu deel van die teks van die Vierde Evangelie geword het. Op *transkripsionele* gronde is dit moeilik om 'n beslissing te maak. Aan die een kant kan die weglating van die gedeelte gewyt word aan 'n bladsy wat uit 'n kodeks verlore geraak het. Die probleem hiermee is dat dit, teen die agtergrond van die *eksterne* getuienis, baie moeilik verklaar kan word waarom soveel onafhanklike bronne voor die 4de eeu so totaal oor die bestaan van die perikoop swyg, en waarom en vanwaar dit nou juis teen die einde van die 3de eeu skielik weer na vore getree het. Hoewel die byvoeging van die gedeelte mooi inpas in die neiging om ontbrekende detail by te voeg, is dit aan die ander kant moeilik om 'n werklike rede te vind waarom iemand juis dit sou wou byvoeg. In die lig van die bestaan van ook ander bekende buite-Bybelse mondelinge en skriftelike stories oor Jesus, wat nie in manuskripte van die Evangelies voorkom nie, sal verklaar moet word waarom juis hierdie storie



sy weg tot in die teks gevind het. Daar is oënskynlik geen duidelike rede nie. Transkripsionele getuienis bied dus in hierdie geval geen oplossing nie. Verdere ondersteuning vir die eksterne getuienis ten gunste van die kort lesing (lesing 1) kan egter in duidelike *intrinsieke* getuienis gevind word. In die eerste plek bevat die taal en styl van die betrokke gedeelte 'n besonder hoë persentasie non-Johannese elemente, terwyl die gedeelte uit 'n strukturele oogpunt beskou, ook in die konteks problematies is. Dit sluit tematies nie by die voorafgaande of daaropvolgende gedeelte aan nie. Op hierdie gronde moet dus gekonkludeer word dat die oorspronklike Johannesevangelie nie die vertelling van Jesus se gesprek met die owerspelige vrou bevat het nie, maar dat dit 'n latere byvoeging was.

**Literatuur:** Burgon 1975b; Ehrman 1988a; Hodges 1979b; Salvoni 1960.

### 3. HANDELINGE

In die oorleweringsgeskiedenis van Handeling kom een van die mees basiese probleme in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek tot 'n kulminasiepunt. Die probleem bestaan in die algemeen daaruit dat daar oënskynlik geen logiese historiese verklaring vir die verskille tussen die Alexandrynse en Westerse tekste is nie. Die karakteristieke eienskappe van hierdie twee tekste bereik 'n kulminasiepunt in Handeling, deurdat die Westerse teks van hierdie boek ongeveer tien persent langer as die Alexandrynse teks is. Daar is geen duidelike verklaring vir die ontstaan en bronne van enige van die twee tekste, indien die ander as die oorspronklike aanvaar word nie. Gevolglik het hierdie probleem in die verlede tot 'n hele aantal verklarings gelei: (a) Die mees gangbare teorie, wat vandag algemeen aanvaar word, is dat die Alexandrynse teks die oorspronklike verteenwoordig, terwyl die Westerse teks die gevolg van 'n hersiening daarvan deur skriptors is. Wat die bron van die hersiening is, is egter nie duidelik nie. (b) Ander meen weer dat die Westerse teks die oorspronklike is en dat die Alexandrynse teks 'n verkorting daarvan is. (c) Die mees radikale teorie lui dat die skrywer van Handeling aanvanklik die kort (Alexandrynse) teks geproduseer het en self later 'n tweede uitgawe daarvan voorberei het, deur dit uit te brei. Al hierdie (en nog ander) teorieë oor die teksgeskiedenis van hierdie boek verklaar sekere aspekte van die probleem, maar laat andere onverklaar. Hierdie is daarom steeds een van die grootste probleme in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek. Dit is egter ook een van die interessantste en mees besproke aspekte van hierdie wetenskap.

Onder die merkwaardige uitgawes van die teks van Handeling is dié deur *AC Clark* in 1933, wat op die teorie gegrond is dat die Westerse teks die

oorspronklike teks bevat. Die Handelingeteks het sedert die sewentigerjare skielik nuwe belangstelling gaande gemaak. Dit is byvoorbeeld duidelik uit die verskyning van die uitgawe van *Boismard en Lamouille*, wat 'n rekonstruksie van beide die Alexandrynse en Westerse tekste bevat en gegrond is op die teorie dat die skrywer beide weergawes voorberei het. Voorts word daar tans by die *Abilene Christian University* in Abilene, VSA, onder leiding van Carroll Osburn aan 'n projek gewerk om 'n kritiese teks met 'n volledige apparaat daar te stel. Daar bestaan geen uitgawe van die *Vetus Latina*-tekste van Handeling nie. Die oudste bronne van Handeling is die volgende:

2de eeu: 0189; 3de eeu: P<sup>29,48,53</sup> sa; 4de eeu: P<sup>8,38,50,57</sup> & B 057 0244 bo mf goth.

Literatuur: Barrett 1979; Birdsall 1958; M Black 1981; Boismard 1981; Boismard & Lamouille 1987; Boismard & Lamouille (eds) 1984; AC Clark 1970; JK Elliott 1988d; Epp 1962; 1966a; 1966b; 1981; Geer 1988; Haenchen 1957; Haelewyck 1988; Hanson 1965/66; Jülicher 1914; Kilpatrick 1943; 1963c; 1977a; 1979b; 1986; Klijn 1959a; 1959b; 1966; 1969; Pack 1960d; P Parker 1964; Parsons 1988; Petzer 1988b; Riesenveld 1979; Sanders 1937a; 1937b; Schneider 1987; Thiele 1965a; Wikgren 1951; 1981; Willis 1968.

(a) Hd 8: 36

In die vertelling van die bekering van die Ethiopiër in Hd 8 ontbreek 'n baie bekende vers in die NAB. Dit het in die OAB as Hd 8: 37 bekend gestaan en soos volg gelui: 'Toe sê Filippus: As jy glo met jou hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is'. Die tekskritiese apparaat van hierdie vers is soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>45,74</sup> & A B C Π 33<sup>vid</sup> 81 88\* 181 326 614 1241 *pm Byz Lect* vg sy<sup>p,h</sup> sa bo eth Chry
- (2) Insluiting van die woorde εἶπε δὲ ὁ Φίλιππος, Εἰ πιστεύεις ἐξ ὅλης τῆς καρδίας, ἔξεστιν· ἀποκριθεὶς δὲ εἶπε, Πιστεύω τὸν υἱὸν τοῦ Θεοῦ εἶναι τὸν Ἰησοῦν Χριστόν: E 88<sup>c</sup> 1739 *pc vl* vg sy<sup>h</sup> arm geo Ir Tert Cy Aug en enkele kerkvaders (sommige van hierdie bronne het die lesing in 'n effens gewysigde vorm)

Dit is met die eerste oogopslag duidelik dat *eksterne* getuienis die kort lesing (lesing 1) ondersteun, omdat dit in die oudste en beste bronne van Handeling voorkom (P<sup>74</sup> & B sa) en 'n vroeë wye geografiese verspreiding geniet. Met die uitsondering

van die oud-Latynse vertaling, 'n belangrike deel van die Westerse teks, kom dit in vroeë getuïenisse van alle geografiese gebiede voor. *Transkripsionele* getuïenisse ondersteun ook die kort lesing (lesing 1), omdat dit makliker is om die byvoeging van die gedeelte te verklaar as die weglating daarvan. Daar is oënskynlik geen rede waarom die teks weggelaat sou word indien dit die oorspronklike is nie. As 'n byvoeging pas dit egter baie mooi binne die tendense in die Westerse teks van Handeling, waarin die lang lesing ook sy vroeë steun het. Die bron vir die lang lesing is waarskynlik die doopsformules in die liturgie van die vroeë kerk, waaruit dit saamgestel en by die teks ingesluit is. Ook *intrinsieke* getuïenisse ondersteun lesing 1, omdat daar tekens van nie-Lukaanse taalgebruik in die teks voorkom. Veral die frase τὸν Ἰησοῦν Χριστόν lyk in hierdie opsig verdag.

(b) Hd 15: 33

Hd 15: 33 is in die NAB van 'n voetnoot voorsien, waarin gestel word dat dit wat tradisioneel as vers 34 bekend was, nie in die grondteks voorkom nie. Die volgende woorde van die OAB ontbreek dus in die NAB: 'Maar Silas het besluit om daar te bly'. Die kritiese apparaat van hierdie gedeelte lyk soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>74</sup> K A B E P Ψ 81 104 614 1241 *pm Byz e p vg sy<sup>p,h</sup> bo Chrys*
- (2) Insluiting van die woorde ἔδοξε δὲ τῷ Σιλᾷ ἐπιμεῖναι αὐτοῦ (maar Silas het besluit om daar te bly): C 33 88 181 326 614 1739 *pc c sy<sup>h</sup> sa bo<sup>mss</sup> arm geo eth twee kervaders*
- (3) Insluiting van die woorde ἔδοξε δὲ τῷ Σιλᾷ ἐπιμεῖναι αὐτοῦ, μόνος δὲ Ἰούδας ἐπορεύθη (maar Silas het besluit om daar te bly, en Judas het alleen vertrek): D ar d gig l ph w vg (met kleiner variasie)

Onder die lesings in hierdie variasie-eenheid is lesing 3 op veral *eksterne* gronde as 'n sekondêre byvoeging te verwerp. Dit pas baie mooi binne die raamwerk van die Westerse interpolasies in Handeling en kom ook net in Westerse getuïenisse voor. Dit is duidelik dat lesing 2 die bron van lesing 3 was en dat die byvoeging van die frase dat Judas alleen na Jerusalem teruggekeer het, waarskynlik 'n poging deur Westerse skriptors verteenwoordig om die betekenis van die passasie af te rond. Tussen lesings 1 en 2 is die eksterne getuïenisse ietwat verdeeld, hoewel dit tog as ondersteuning vir lesing 1 aanvaar kan word. Terwyl die beste Griekse bronne lesing 1 ondersteun (P<sup>74</sup> K A B) en dit 'n redelike goeie geografiese verspreiding geniet, is daar ook enkele van die beste manuskripte wat lesing 2 bevat (byvoorbeeld die Sahidiese vertaling). Op grond van *transkripsionele* getuïenisse sal lesing 1 waarskynlik

ook bo lesing 2 verkies word, hoewel ook dit effens verdeeld is. Aan die een kant kon die kort lesing deur middel van *homoioteleuton* ontstaan het. Beide die problematiese teks en die voorafgaande vers (33) eindig op dieselfde of feitlik dieselfde woord: αὐτοῦ (van hom) of αὐτούς (hulle). Aan die ander kant is die byvoeging ook te verklaar uit 'n poging om historiese detail by te voeg. Dit mag ook 'n poging verteenwoordig om agtergrond vir vers 40 te bied en te verklaar hoe Silas in Antiochië te lande gekom het. Die vraag ten opsigte van laasgenoemde is egter waarom dit juis hier, en nie nader aan vers 40 nie, ingevoeg is. Terwyl dit 'n baie moeilike probleem is om op te los, sal die kort lesing hoofsaaklik op grond van eksterne getuienis waarskynlik as die oorspronklike gekies word.

(c) Hd 24: 6

In Hd 24: 6 is daar 'n nota in die NAB wat sê dat vers 7 van die OAB in die grondteks ontbreek. Die probleem raak in der waarheid meer as net vers 7 en begin reeds by vers 6b, terwyl dit by vers 8a eindig. Hierdie vers het soos volg in die OAB gelui: '(6b) en wou hom volgens ons wet oordeel; (7) maar Lisias, die hoofoffisier het gekom en hom met groot geweld uit ons hande weggeneem (8a) en bevel gegee dat sy beskuldigders voor u moet kom'. Die kritiese apparaat van hierdie gedeelte lyk soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>74</sup> & A B P 81 326 1241 *pm Byz<sup>pt</sup> p<sup>\*</sup> s vg sa bo geo*
- (2) Insluiting van die woorde καὶ κατὰ τὸν ἡμέτερον νόμον ἐβουλήθημεν ἀνελεῖν. παρελθὼν δὲ Λυσίας ὁ χιλίαρχος ἤρπασεν αὐτὸν ἐκ τῶν χειρῶν ἡμῶν πέμψας πρὸς σέ: 483
- (3) Insluiting van die woorde καὶ κατὰ τὸν ἡμέτερον νόμον ἠθελήσαμεν κρίναι. παρελθὼν δὲ Λυσίας ὁ χιλίαρχος μετὰ πολλῆς βίας ἐκ τῶν χειρῶν ἡμῶν ἀπήγαγε κελεύσας τοὺς κατηγοροὺς αὐτοῦ ἔρχεσθαι ἐπὶ σέ: E 33 104 181 614 629 1739 *Byz<sup>pt</sup> ar c e g<sup>ig</sup> p<sup>c</sup> ph vg syr<sup>h</sup> arm eth Chrys*
- (4) Insluiting van die woorde καὶ κατὰ τὸν ἡμέτερον νόμον ἐβουλήθημεν κρίναι κατὰ τὸν ἡμέτερον νόμον. ἐλθὼν δὲ ὁ χιλίαρχος Λυσίας βία πολλῇ ἐκ τῶν χειρῶν ἡμῶν ἀφίλετο καὶ πρὸς σε ἀπέστειλε κελεύσας τοὺς κατηγοροὺς αὐτοῦ ἔρχεσθαι πρὸς σέ: 424\*

Lesings 2 en 4 kan maklik op grond van *eksterne* getuienis uitgeskakel word. Die feit dat elkeen in slegs een minuskel voorkom, laat die vermoede ontstaan dat hulle die gevolg van onnoukeurige kopieerwerk van die betrokke twee skriptors is. Vir beide was lesing 3 waarskynlik die bron. Lesing 1 is op eksterne gronde duidelik bo lesing

3 te kies, omdat dit in al die oudste en beste manuskripte (P<sup>74</sup> & A B sa) voorkom en ook 'n goeie vroeë geografiese verspreiding geniet. Dit kom naamlik voor in bronne van al die teksfamilies van Handeling 2, daarenteen, se vroeë steun is beperk tot die Westerse teks en dit kan daarom verwag word dat ook hierdie teks 'n Westerse interpolasie is. *Transkripsionele* getuienis lewer geen duidelike getuienis nie. Hoewel daar geen rede vir die weglating van die verse is nie - daar is nie tekens van *homoioteleuton* of *homoiarkton* nie en die verse bevat ook geen ooglopende teologiese probleme nie -, is die enigste moontlike rede vir die byvoeging die feit dat dit moontlik die konteks waarin dit staan, kan afrond. As sodanig pas dit binne die raamwerk van die Westerse teks, waarin dit aanvanklik bygevoeg is. *Intrinsieke* getuienis kan ook as ondersteuning vir die kort lesing geneem word, hoewel ook dit geen duidelike getuienis bied nie. Op grond van strukturele oorwegings in die konteks kan dit as ondersteuning van die kort lesing aanvaar word. In vers 6 en aan die begin van vers 8 kom drie betreklike voornaamwoorde voor, wat elkeen na Paulus verwys: '(ὅς) *hy wat die tempel probeer onheilig het, (ὅν) wat ons gevange geneem het, (παρ' οὗ) van wie u self kan uitvind*'. Indien lesing 2 as oorspronklik geneem word, verander die verwysing van die laaste betreklike voornaamwoord na Lisias, wat die patroon breek. Aan die ander kant is ook gesê dat die frase ὁν καὶ ἐκράτησάμεν (vir wie ons gevange geneem het) te kort en abrupt in die konteks is en dat dit 'n uitbreiding soos die lang lesing nodig het. Hoewel die getuienis dus ietwat verdeeld is, sal lesing 1 hoofsaaklik op grond van die eksterne getuienis en die feit dat die weglating van die lang lesing moeilik verklaarbaar is, as die oorspronklike gekies word.

(d) Hd 28: 28

In die laaste verse van Handeling 28 is daar twyfel oor 'n teksvers, wat ook in die NAB van 'n voetnoot voorsien is. Dit gaan om die woorde 'En toe hy dit gesê het, het die Jode, onder groot woordstryd met mekaar, weggegaan'. Die kritiese apparaat is soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>74</sup> & A B E Ψ 048 33 81 181 629 1739 e s vg sy<sup>h,p</sup> sa bo arm eth geo
- (2) Insluiting van die woorde καὶ ταῦτα αὐτοῦ εἰπόντος ἀνηλθον οἱ Ἰουδαῖοι, πολλὴν ἔχοντες ἐν ἑαυτοῖς συζήτησιν: P 88 104 326 383 614 629 1241 pm Byz Lect vl vg sy<sup>h</sup> Chrys en enkele kervaders

*Eksterne* getuienis is ten gunste van lesing 1, omdat dit in die oudste en beste

manuskripte voorkom, maar ook 'n baie wye vroeë geografiese verspreiding geniet. Lesing 2 daarenteen is duidelik 'n vroeë Westerse interpolasie, vanwaar dit deur middel van vermenging na bronne van ander latere tekstipes oorgedra is. Ook *transkripsionele* getuienis ondersteun lesing 1, wat 'n karaktertrek van die Westerse teks openbaar, naamlik om af te rond. Die teks is waarskynlik ingevoeg om die konteks makliker te laat vloei en die oënskynlik abrupte oorgang van vers 28 na 30 beter te laat vloei.

#### 4. DIE PAULINIESE BRIEWE

Onder die Pauliniese Briewe word in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek alle Briewe in die Nuwe Testament wat as Pauliniese Briewe *oorgelewer* is, beskou. Daarom word die Pastorale Briewe, die brief aan die Hebreërs, en enkele andere, waarvan die Pauliniese outeurskap bevraagteken word, ook onder hierdie hoof geplaas.

Oor die algemeen is baie min aandag aan die teks van die Pauliniese Briewe gegee. Om die een of ander rede staan hulle nie in die brandpunt van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek nie. Daar is egter tog een saak ten opsigte van hierdie *corpus* wat vermelding verdien. Dit is die nou verweefdheid van die tekskritiese en historiese probleme in die Pauliniese briewe. Literêre probleme, soos die teorieë dat die 2de Korintiërbrief deur 'n latere redaktor uit 'n aantal vroeëre briewe saamgestel is en die kwessie van die interpolasies in Pauliniese Briewe, bring mee dat dit nie altyd moontlik is om suiwer tekskritiese keuses te maak nie. Dit is dikwels onseker of die variasie in die manuskripte betrekking het op die teks voordat dit redaksioneel verwerk is, en of dit op die finale teks betrekking het nie. 'n Goeie voorbeeld daarvan is die slot van die Romeinebrief, wat, soos die slot van die Markus-Evangelie en die teks van Handeling moontlik ook 'n historiese eerder as tekskritiese probleem kan wees. Die doksologie (Rm 16: 25-27) kom naamlik op verskillende plekke in hoofstukke 14, 15 en 16 in die manuskripte voor. Dit is gevolglik onseker presies waar die brief in die oorspronklike teks geeëindig het.

Daar het tot dusver geen noemenswaardige Griekse teks van hierdie briewe verskyn nie. Daar is egter wel twee studies oor hul teks wat vermelding verdien. Die eerste is dié van *Gunther Zuntz* oor die Pauliniese Briewe in die algemeen. Die tweede is dié van *Keith Elliott*, wat interne aspekte van die Pastorale Briewe in detail beskryf. Beide hierdie twee werke moet as standaardwerke oor hierdie boeke beskou word. So ver as wat dit die *Vetus Latina* aangaan, is die Pauliniese Briewe in 'n beter posisie as enige ander boek in die Nuwe Testament, daar sekere boeke daarvan (almal buiten die Romeinebrief, die twee Korintiërbriewe en die

Galasiërbrief) in die *Vetus Latina*-reeks van Beuron verskyn het. *Hermann Frede* was in elke geval die samesteller.

**Literatuur:** Davies 1968; Frede 1964; 1976; Frede (ed) 1962-1971; 1975-1988; Kilpatrick 1944b; 1980; Nevius 1968; Osburn 1982; Quinn 1974; Walker 1987; 1988; Zuntz 1953.

#### 4.1 Die lang Briewe

Die oudste bronne van die drie groot of lang Pauliniese Briewe is die volgende:

*Romeine:* 3de eeu: P<sup>27,40,46</sup> 0220 sa; 4de eeu: P<sup>10</sup> X B 0215 0221 bo mf goth.

*1 Korintiërs:* 3de eeu: P<sup>15,46</sup> sa; 4de eeu: X B 0185 0270 bo mf goth.

*2 Korintiërs:* 3de eeu: P<sup>46</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf goth.

**Literatuur:** CPH Bammel 1985; Ellis 1981; P Lampe 1985; Murphy 1959; Osburn 1981b; Price 1967; Thrall 1976; 1981; Zuntz 1953.

##### (a) Rm 16: 23

Die laaste teks in die NAB wat van 'n tekskritiese nota voorsien is, kom in die Romeinebrief by Rm 16: 23 voor, waarin gesê word dat die groet 'Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle almal. Amen' (tradisioneel vers 24) weggelaat is. Die kritiese apparaat lyk soos volg:

- (1) Weglating: P<sup>46,61</sup> X A B C 81 1739 *pc z vg sa bo eth* Orig
- (2) Insluiting van die woorde ἡ χάρις τοῦ κύριου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ μετὰ πάντων ὑμῶν. ἀμήν: D G Ψ 88 181 326 614 629 1241 *pm Byz Lect vl vg sy<sup>h</sup>* goth Chrys en enkele kerkvaders
- (3) Insluiting van die woorde ἡ χάρις τοῦ κύριου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ μετὰ πάντων ὑμῶν. ἀμήν na vers 27: P 33 104 *pc sy<sup>p</sup> arm eth*

*Eksterne* getuienis ondersteun lesing 1, omdat dit in al die oudste en beste bronne (P<sup>46,61</sup> X A B C sa Orig) voorkom en 'n goeie vroeë geografiese verspreiding geniet. Lesing 2, daarenteen, kan andermaal na die Westerse teks teruggevoer word, terwyl lesing 3 in te min vroeë getuienis gevind word om op *eksterne gronde* ernstig oorweeg te word. *Transkripsionele* getuienis bevestig bogenoemde, aangesien dit makliker is om die ontstaan van lesings 2 en 3 as lesing 1 te verklaar. Beide lesings is waarskynlik pogings om die brief van 'n gepaste slot te voorsien, omdat dit sonder

die normale seëngroet eindig. Die feit dat daar in vers 20 so 'n seëngroet voorkom, het waarskynlik as die bron gedien vir die ontstaan van hierdie groet. Op *intrinsieke* gronde is dit ewe-eens moeilik om die lang lesing as oorspronklik te aanvaar, omdat dit moeilik denkbaar is dat die brief 'n dubbele groet so kort na mekaar sou bevat. Die feit dat vers 20 reeds 'n groet bevat en dus 'n gepaste afsluiting vir die brief is, bring mee dat die res van die brief moontlik 'n latere byvoeging tot die oorspronklike brief is. Die probleem hang nou saam met die volgende, naamlik die doksologie by die slot van die Romeinebrief.

**(b) Rm 16: 25-27**

Die presiese slot van die Romeinebrief is 'n probleem wat die historiese kritiek in gedrang bring. Nie alleen is daar twyfel oor die outentisiteit van die doksologie aan die einde van Romeine (Rm 16: 25-27) nie, maar die presiese plek waar dit ingesluit behoort te word, is ook onseker. Dit raak naamlik die woorde '(25) God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig, en ooreenkomstig die openbaring van die geheimenis. Eeue lank het dit geheim gebly, (26) Maar nou is dit geopenbaar. Aan die hand van die geskrifte van die profete en in opdrag van die ewige God is dit aan alle nasies bekend gemaak sodat hulle in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees. (27) Aan Hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen'. Die kritiese apparaat is soos volg:

- (1) Insluiting van die woorde τῷ δὲ δυναμένῳ ὑμᾶς στηρίξαι κατὰ τὸ εὐαγγέλιόν μου καὶ τὸ κήρυγμα Ἰησοῦ Χριστοῦ, κατὰ ἀποκάλυψιν μυστηρίου χρόνους αἰωνίους σεσιγημένου, φανερωθέντος δὲ νῦν διὰ τε γραφῶν προφητικῶν κατ' ἐπιταγὴν τοῦ αἰωνίου θεοῦ εἰς ὑπακοὴν πίστεως εἰς πάντα τὰ ἔθνη γνωρισθέντος, μόνῳ σοφῷ θεῷ διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ, ᾧ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν op die tradisionele plek na 16:23: P<sup>61</sup> X B C D 81 1739 vl vg sy<sup>p</sup> sa bo eth Cl Orig
- (2) Insluiting van die woorde hierbo op die tradisionele plek na 16: 23 en na 14: 23: A P 5 33 88 104 arm
- (3) Insluiting van die woorde hierbo na 14: 23: L Ψ 181 326 614 1241 Byz sy<sup>h</sup> Chry Cyr en enkele kerkvaders
- (4) Insluiting van die woorde hierbo na 15: 33: p<sup>46</sup>
- (5) Weglating: F G 629 g goth Marc

Die *eksterne* getuienis ondersteun lesing 1. Dit kom in die oudste en beste bronne



voor (P<sup>61</sup> & B C sa) en het ook verreweg die beste geografiese verpreiding. Al die ander lesings kom in laatgedateerde bronne of slegs enkele bronne voor, wat die moontlikheid verhoog dat dit die gevolg van die skriptor van die spesifieke bron se werk is. Die uitsondering is die weglating, wat steun van die vroeë Westerse bronne en Marcion het. Die feit dat Marcion die weglating ondersteun, maak die lesing verdag, omdat dit bekend was dat Marcion 'n hersiene uitgawe van die Paulusbriewe by sy kanon ingesluit het. Hierdie lesing kon weggelaat gewees het in hierdie hersieningsproses. *Transkripsionele* getuienis lewer geen duidelike uitspraak nie en kan slegs in 'n negatiewe sin oorweeg word. Dit is duidelik hoe lesings 1, 2, 3 en 4 ontstaan het, maar vir die byvoeging of weglating van die woorde is geen duidelike getuienis beskikbaar nie. Weens die probleme ten opsigte van die slot van die oorspronklike Romeinebrief is die doksologie telkens aan die einde van die slot wat vir die betrokke skriptors bekend was, geplaas, voordat die res van die teks (waarskynlik uit 'n later bron) bygevoeg is. So is lesing 1 waarskynlik van manuskripte gekopieer wat die hele brief, soos dit vandag bekend is, bevat het. Die archetipe van lesing 3 het waarskynlik by Rm 14: 23 opgehou, waar die doksologie ingevoeg is. Later is die res van die brief van 'n ander archetipe, waarin die res van die brief vervat is, gekopieer. Die doksologie is egter nie weer herhaal nie. In die geval van lesing 2 het dieselfde gebeur. Dié doksologie is egter in die kopiëring van die laaste gedeelte bygevoeg. Lesing 4 het waarskynlik op dieselfde wyse ontstaan, deurdat die aanvanklike archetipe by 15: 33 geëindig het. Dit is duidelik dat, indien aanvaar word dat die doksologie oorspronklik deel van die brief was, dit nodig is om eers te bepaal waar die oorspronklike brief geëindig het, voordat sy posisie in die brief bepaal kan word. Om op transkripsionele gronde te oordeel of die doksologie enigsins in die oorspronklike brief gestaan het of nie, is 'n moeiliker probleem, omdat daar geen duidelike rede vir die weglating of byvoeging daarvan bestaan nie. Daar kan nie sonder meer geredeneer word dat dit bygevoeg is om aan die brief 'n gepaste afsluiting te gee nie, omdat dit 'n totaal ander soort afsluiting is as dié waarmee die Pauliniese briewe gewoonlik afgesluit word. Indien hierdie soort harmoniëring die rede vir die byvoeging van die betrokke gedeelte was, sou dit waarskynlik eerder 'n formulering soortgelyk aan die problematiese lesing in Rm 16: 23 bevat het. *Intrinsieke* getuienis blyk met die eerste oogopslag die weglating te ondersteun, omdat 'n besonder hoë konsentraat nie-Pauliniese taal- en stylelemente daarin voorkom. Dit is seker dat hierdie drie tekste nie by die skrywe van die Romeinebrief ontstaan het nie. Aan die ander kant lyk die formulering daarvan besonder baie na 'n aanhaling uit 'n vroeë belydenis, op grond waarvan die afwykings in taal en styl verklaar kan word. Daar is ook ander voorbeelde van sulke aanhalings in die *corpus Paulinum*. Dit is duidelik dat hierdie variasie-eenheid 'n

besonder komplekse tekskritiese probleem is, dat die getuienis goed gebalanseerd is en dat 'n duidelike uitspraak oor die oorspronklike lesing baie moeilik is. Die rede hiervoor is dat die probleem waarskynlik nie 'n suiwer tekskritiese probleem is nie, maar met die hele outentisiteits- en interpolasievraagstuk van die Pauliniese briewe saamhang.

**Literatuur:** JK Elliott 1981d; Gamble 1977; Hurtado 1981a.

**(c) 1 Kor 13: 3**

In 1 Kor 13: 3 kom 'n variasie-eenheid voor wat 'n direkte invloed op die vertaling van die gedeelte het en ook in die twee Afrikaanse vertalings gereflekteer word. Hierdie vers lui soos volg in die OAB: 'al sou ek my liggaam oorgee *om verbrand te word*', terwyl dit in die NAB soos volg lui: 'en al gee ek my liggaam prys *om my daarop te kan beroem*'. Die kritiese apparaat van hierdie variasie-eenheid is soos volg:

- (1) καυχῆσμαι (sodat ek my daarop kan beroem): P<sup>46</sup> X A B 048 33 69 1739\* sa bo eth Cl Orig Hier en enkele kerkvaders
- (2) καθήσμαι (sodat ek verbrand sou kon word): K Ψ 181 326 614 1739<sup>c</sup> pm Byz Orig Chrys Cyr (vl vg goth arm eth Tert Cy en 'n aantal Latynse kerkvaders) en enkele kerkvaders
- (3) καθήσομαι (sodat ek verbrand kan word): C D F G L 6 81 88<sup>vid</sup> 104 Chrys Cyr pc (vl vg goth arm eth en 'n aantal Latynse kerkvaders) en enkele kerkvaders
- (4) καθήσεται (sodat dit verbrand kan word): 1877 2492 sy<sup>p,h</sup> Cl

*Eksterne* getuienis vorm 'n interessante prentjie in hierdie variasie-eenheid. Hoewel lesing 1 in die oudste en beste bronne (P<sup>46</sup> X A B sa) voorkom, is feitlik al hierdie bronne deel van die Alexandrynse teks en geografies dus beperk. Lesings 2 en 3 daarenteen (wat in betekenis dieselfde is, maar in grammatikale vorm verskil) is in die vroegste getuienis egter weer geografies tot die Westerse teks beperk, vanwaar dit later in die Bisantynse teks oorgeneem is. Die rede waarom 'n aantal getuienisse in hakies by beide lesings 2 en 3 genoteer is, is omdat die verskil tussen die twee lesings 'n grammatikale kwessie eie aan die Griekse taal raak, waarvoor daar geen ekwivalent in Latyn en die ander tale wat genoem word, bestaan nie. Lesing 4 is op eksterne gronde moeilik as oorspronklik te beskou, omdat dit in slegs enkele bronne voorkom. Hoewel geografiese oorwegings dus geen rol in hierdie probleem speel

nie, is die feit dat die beste bronne lesing 1 ondersteun, 'n aanduiding dat lesing 1 hier die oorspronklike lesing mag wees. *Transkripsionele* getuienis blyk die eksterne getuienis te ondersteun, omdat lesing 1 duidelik die moeilike lesing is, en dit meer waarskynlik is dat een van lesings 2, 3 of 4 by lesing 1 sou ontstaan het as dat lesing 1 sou ontstaan het indien een van die ander oorspronklik was. Die probleem is naamlik dat indien 'die liggaam oorgegee word, sodat ek my daarop kan beroem' (lesing 1), daar niks is waartoe die liggaam oorgegee word nie. Dit lyk dus of die sin iets kort om dit te voltooi. 'n Skriptor het waarskynlik gedink dat daar 'n fout in sy archetipe was en dit verander na 'die liggaam oorgegee word, om verbrand te word' (lesing 2) in 'n poging om die passasie af te rond. In Grieks behels hierdie verandering slegs een letter: 'n X, wat na 'n Θ verander moet word: KAYX̄HΣQMAI en KAYΘ̄HΣQMAI. Die grammatikale probleem wat hierdie konstruksie meegebring het (καυθήσωμαι is 'n futurum subjunktief of konjunktief - 'n vorm wat nie in Grieks bestaan nie), het tot korreksie gelei, sodat lesing 3 ontstaan het. Die futurum subjunktief is verander na 'n futurum indikatief. Weer was net een letter ter sprake, 'n Ω en 'n O: KAYΘ̄HΣQMAI en KAYΘ̄HΣQMAI. Uiteindelik het 'n sintaksisprobleem lesing 4 tot gevolg gehad. Die gebruik van die eerste persoon in die frase 'die *liggaam* oorgee, sodat *ek* verbrand kan word' is problematies. Dit is gevolglik in lesing 4 na die 3de persoon verander: 'die *liggaam* oorgee, sodat *dit* verbrand kan word'.

**Literatuur:** JK Elliott 1971b; Petzer 1989a.

## 4.2 Die kort Briewe

Die oudste bronne van die kort Pauliniese Briewe is die volgende:

*Galasiërs:* 3de eeu: P<sup>46,51</sup> sa; 4de eeu: X B 0176 ac bo mf goth.

*Efesiërs:* 3de eeu: P<sup>49</sup> sa; 4de eeu: X B 0230 bo mf goth.

*Filippense:* 3de eeu: P<sup>16,46</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf goth.

*Kolossense:* 3de eeu: P<sup>46</sup> sa; 4de eeu: X B 0207 bo mf goth.

*1 Tessalonisense:* 3de eeu: P<sup>30,46,65</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf goth.

*2 Tessalonisense:* 3de eeu: sa; 4de eeu: X B bo mf goth.

*Filemon:* 3de eeu: P<sup>87</sup> sa; 4de eeu: X bo mf goth.

**Literatuur:** Baarda 1985; 1988a; Best 1979; Collins 1984; Eshbaugh 1979; Kilpatrick 1983b; Lash 1976; Moir 1976; Van Rensburg 1986.

(a) Ef 3: 14

In Ef 3: 14 kom 'n tekskritiese probleem voor wat 'n invloed op die twee Afrikaanse vertalings gehad het. Volgens die OAB kniel Paulus naamlik 'voor die *Vader van onse Here Jesus Christus*', terwyl hy in die NAB slegs 'voor die *Vader*' kniel. Die kritiese apparaat vir hierdie probleem is soos volg:

- (1) πατέρα (Vader): P<sup>46</sup> κ\* A B C P 33 81 1739 *pc* sy<sup>pal</sup> sa bo eth en Cl Orig Cyr-Jer Hier en enkele kerkvaders
- (2) πατέρα τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ (Vader van ons Here Jesus Christus): κ<sup>c</sup> D G K Ψ 88 104 181 326 614 1241 2495 *pm Byz Lect* vl vg sy<sup>p,h</sup> goth arm Orig Chrys en 'n hele aantal kerkvaders

In hierdie variasie-eenheid kom daar andermaal iets van 'n tweedeling in die *eksterne* getuienis voor. Waar lesing 1 in die oudste en beste bronne (P<sup>46</sup> κ A B C sa) voorkom, is die vroegste getuienis tot die Alexandrynse teks beperk. Die vroegste getuienis van lesing 2 is egter weer tot die Westerse teks beperk, vanwaar dit na ander tekstipes oorgegaan het. Op grond van die waarde van die getuienis sal lesing 1 egter op eksterne gronde as waarskynlik die oorspronklike gekies word. *Transkripsionele* getuienis bevestig hierdie keuse. Terwyl daar geen rede vir die weglating van die frase is nie, kom die byvoeging daarvan ooreen met die neiging onder skriptors om die naam van God en van Jesus uit te brei. As sodanig is dit ook 'n tipiese Westerse interpolasie.

(b) Ef 5: 9

Volgens die OAB lees Ef 5: 9 soos volg: 'Want die vrug van *die Gees* bestaan in alle goedheid'. Wanneer dit met die NAB vergelyk word, is dit duidelik dat variasie op die betrokke plek in die bronne voorkom: 'Uit *die lig* kom alles voort wat goed is'. Die kritiese apparaat by hierdie gedeelte is soos volg:

- (1) φῶς (uit die lig): P<sup>49</sup> κ A B D\* G P 33 81 1739\* *pc Lect* vl vg sy<sup>p,pal</sup> sa bo goth arm eth Orig Hier en enkele kerkvaders
- (2) πνεύματος (uit die Gees): P<sup>46</sup> D<sup>c</sup> K Ψ 88 104 181 326 614 1241 1739<sup>mg</sup> *Byz sy<sup>h</sup>* Chrys en enkele kerkvaders

Met die uitsondering van P<sup>46</sup> kom lesing 1 in al die oudste en beste manuskripte voor. Lesing 1 het ook 'n wye geografiese verspreiding, veral omdat dit in die vroegste bronne van sowel die Alexandrynse as Westerse tekste voorkom. Hoewel

lesing 2 vroeë getuienis in veral P<sup>46</sup> het, is die beperktheid van die vroeë getuienis van hierdie lesing, wanneer dit met die uitgebreidheid van lesing 1 se vroegste getuienis vergelyk word, 'n probleem wat getuig teen die aanspraak van hierdie lesing om die oorspronklike te wees. *Eksterne* getuienis ondersteun lesing 1 dus baie duidelik. *Transkripsionele* getuienis is met die eerste oogopslag ietwat verdeeld. By nadere ondersoek blyk dit egter lesing 1 te ondersteun. Die ontstaan van lesing 1, φωτός, (van die lig) kan gesien word as die gevolg van harmoniëring met die konteks, omdat φώς (lig) twee keer in die direk voorafgaande vers voorkom. Dit is egter onwaarskynlik, omdat die uitdrukking καρπός τοῦ φωτός (vrug van die lig) nie 'n bekende uitdrukking vir skriptors sou wees nie. Die harmoniëring sou verder ietwat geforseerd wees, omdat φώς (lig) in die variasie-eenheid in 'n effens ander konteks as in die vorige vers gebruik word. Dit blyk eerder dat τοῦ πνεύματος (van die Gees) (lesing 2) aan die hand van harmoniëring met die bekende uitdrukking καρπός τοῦ πνεύματος (vrug van die Gees) deur 'n skriptor wat 'n gedagtefout gemaak het, ontstaan het. Dit is natuurliker om laasgenoemde neer te skryf as eersgenoemde, wanneer iemand konsentrasie verloor. Op grond hiervan sal lesing 1 dus as die oorspronklike gekies word.

(c) 1 Ts 1: 1

Die eerste brief aan die Tessalonisense begin in onsekerheid. Dit is onduidelik of die Brief met 'n kort groetwoord 'Genade en vrede vir julle' (NAB) of 'n lang en uitgebreide groetwoord 'Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus' (OAB) begin. Die kritiese apparaat is soos volg:

- (1) εἰρήνη (vrede): B G Ψ 1739 pc vl vg sy<sup>h</sup>,pal(mss) sa mf arm eth Orig Chrys en enkele kerkvaders
- (2) εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ (πατρὸς) καὶ κύριου (ἡμῶν) Ἰησοῦ Χριστοῦ (vrede van God en die Here Jesus Christus): D pc d e bo<sup>mss</sup> eth Chrys en enkele kerkvaders
- (3) εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς ἡμῶν καὶ κύριου Ἰησοῦ Χριστοῦ (vrede van God en die Here Jesus Christus): X A I K P 33 81 88 104 181 326 614 1241 Byz Lect sy<sup>h</sup>,pal(ms)

Die *eksterne* getuienis is verdeel tussen veral lesings 1 en 3. Waar lesing 1 sommige van die oudste en beste manuskripte (B sa) en manuskripte van 'n redelike verspreiding (Alexandryns en Westers - vl) ter ondersteuning het, het lesing 3 ook sommige van die oudste en beste manuskripte (X A) tot sy ondersteuning. Dit het

ewe-eens 'n redelike vroeë geografiese verspreiding, ofskoon nie so goed soos lesing 1 nie. Lesing 2 blyk 'n tipiese Westerse lesing te wees, ofskoon die feit dat dit so naby aan lesing 3 se bewoording is, meebring dat die bronne waarin dit voorkom, saam met dié van lesing 3 as verdere steun vir die bestaan van die lang lesing geneem mag word. Dit bring die geografiese verspreiding van lesing 3 (saam met 2) dus op dieselfde peil as dié van lesing 1. Eksterne getuienis gee dus nie werklik uitspraak nie. Ten opsigte van *transkripsionele* getuienis is die saak feitlik ewe problematies en ook in hierdie opsig is daar geen duidelike getuienis nie. Terwyl daar geen duidelike rede is waarom die betrokke frase weggelaat sou word indien dit oorspronklik is nie, is daar 'n moontlike verklaring vir die byvoeging daarvan, naamlik die feit dat dit by die neiging onder skriptors om frases af te rond, pas.

### 4.3 Die Pastorale Briewe

Die oudste bronne van die Pastorale Briewe is die volgende:

1 *Timoteus*: 3de eeu: sa; 4de eeu:  $\aleph$  bo mf goth.

2 *Timoteus*: 3de eeu: sa; 4de eeu:  $\aleph$  bo mf goth.

*Titus*: 3de eeu: P<sup>32</sup> sa; 4de eeu:  $\aleph$  bo mf goth.

Literatuur: Elliott 1968a; 1968b; Junack 1976.

#### (a) 1 Tm 3: 16

Die vertaling van die bekende lied in 1 Tm 3: 16 verskil in die twee Afrikaanse vertalings. Terwyl die OAB vers 16b weergee met die woorde: 'God is geopenbaar in die vlees', gee die NAB dit weer met die woorde 'As Mens het *Jesus* in die wêreld gekom'. Die onderliggende rede vir die verskil lê in hierdie geval in sowel die verandering in grondteks as die verandering in vertaalmetode. Terwyl die OAB die ou grondteks letterlik weergee, gee die NAB 'n geïnterpreteerde weergawe van die nuwe grondteks (wat andersins feitlik onvertaalbaar is). Die kritiese apparaat en letterlike vertaling van die lesings is soos volg:

- (1) ὁς (Hy wat - NAB):  $\aleph^* A^* C^* G 33 pc sy^h(mg).pal$  goth eth (sy<sup>p,h</sup> sa bo arm eth Efraim) Orig Hier Cyr en enkele kerkvaders
- (2) ὄ (dit wat):  $D^* vl vg$  (sy<sup>p,h</sup> sa bo arm eth Efraim) enkele kerkvaders
- (3) ω (o!): 061
- (4) θεός (God - OAB):  $\aleph^c A^2 C^2 D^c K L P \Psi 81 88 104 181 326 614 1241 1739$

## 2495 pm Byz Lect Did Chrys en enkele kerkvaders

Hoewel daar vier variante lesings in hierdie variasie-eenheid voorkom, is slegs lesings 1 en 4 werklik ter sake. Lesing 3 kan reeds op *eksterne* gronde uitgekakel word, omdat dit slegs in een manuskrip voorkom, en waarskynlik 'n verandering (of fout) van die skriptor van die betrokke manuskrip was. Lesing 2, daarenteen, kom, met die moontlike uitsondering van die bronne tussen hakies, slegs in Westerse bronne voor en het waarskynlik in 'n vroeë archetipe van hierdie teks ontstaan. Dit laat lesings 1 (hy wat - die betreklike voornaamwoord) en 4 (God). Dit is duidelik dat lesing 1 (die betreklike voornaamwoord) die oudste en beste bronne (X\* A\* C\* sa) ter ondersteuning het en ook 'n wye geografiese verspreiding geniet. Dit kom in 'n groot verskeidenheid bronne voor, veral as in ag geneem word dat lesing 2, waarskynlik uit lesing 1 ontstaan het en dus indirekte getuieis vir die bestaan van lesing 1 bied. Lesing 4 kom daarenteen feitlik uitsluitlik in Bisantynse bronne voor. Eksterne getuieis ondersteun dus lesing 1. Op sigself is *transkripsionele* getuieis moeilik interpreteerbaar. Indien lesing 4 as die oorspronklike geneem word, moet aanvaar word dat lesing 1 as gevolg van letterverwarring ontstaan het. Omdat die *nomen sacrum* van θεός, (God) met die uitsondering van twee strepies, presies soos die betreklike voornaamwoord lyk:  $\overline{\Theta\Sigma}$  en  $\overline{O\Sigma}$ , kon 'n skriptor, wat van 'n archetipe gekopieer het waarvan die strepie van die  $\overline{\Theta}$  en die strepie van die *nomen sacrum* onduidelik was, dit maklik vir die betreklike voornaamwoord aangesien het en dit so in sy manuskrip oorgeskryf het. Die probleem hiermee is egter dat dit moeilik verklaar kan word hoe so 'n fout so vroeg in die geskiedenis soveel onafhanklike steun kon verwerf, terwyl die korrekte lesing teen die 4de eeu skielik weer sy opwagting maak. Op sigself lyk hierdie verklaring moontlik. Teen die agtergrond van die teksgeskiedenis is dit egter onwaarskynlik. Die verandering van  $\delta\varsigma$  na  $\theta\epsilon\omicron\varsigma$  is in die lig van die dokumentêre geskiedenis veel makliker verklaarbaar. Dit pas naamlik baie mooi in die algemene tendense van die Bisantynse teks om frases af te rond deur die betekenis van 'n bepaalde gedeelte meer eksplisiet te maak. So is dit wat implisiet in die gedeelte is, eksplisiet gemaak deur die betreklike voornaamwoord (hy wat) in die *nomen sacrum* van die woord waarna dit verwys,  $\overline{\Theta\Sigma}$  (God) te verander.

## (b) 1 Tm 4: 10

In 1 Tm 4: 10 lees die OAB: 'want hiervoor ... *word ons gesmaak*', terwyl die NAB die woorde 'met hierdie vooruitsig ... *stry ons*' bevat. Die kritiese apparaat vir hierdie twee lesings is soos volg:

- (1) ἀγωνιζόμεθα (stry ons):  $\aleph^*$  A C F G K  $\Psi$  33 88 104 326 *pc* enkele kerkvaders
- (2) ὀνειδίζόμεθα (word ons gesmaad):  $\aleph^c$  D L P 81 181 614 1241 1739 *Byz Lect* vl vg *sy<sup>p,h</sup>* sa bo goth arm eth Orig Chrys en enkele kerkvaders

Terwyl lesing 1 die oudste en beste manuskripte ( $\aleph^*$  A C) ter ondersteuning het, is dit geografies tot die Alexandrynse teks beperk. Lesing 2, daarenteen, se vroegste steun is geografies beter versprei, deurdat dit in veral die Westerse teks voorkom, maar ook in vroeë Alexandrynse bronne soos die Sahidiese en Bohairiese vertalings. *Eksterne* getuienis is dus verdeel, hoewel die feit dat die beste Griekse manuskripte lesing 1 ondersteun, moontlik effens meer gewig mag dra as die geografiese verpreiding. *Transkripsionele* getuienis lewer ewe-eens geen duidelike beslissing nie. Terwyl lesing 1 deur middel van 'n konsentrasiefout onder invloed van die gedagte van stryd in die voorafgaande woord (κοπιῶμεν - ons worstel of stry) kon ontstaan het, kon lesing 2 ontstaan het onder invloed van die vervolginge in die vroeë kerk, in 'n poging om die onmiddellike herhaling van dieselfde gedagte (stryd) te vermy. Op grond van *intrinsieke* getuienis kan moontlik uit die konteks afgelei word dat lesing 1 eerder die oorspronklike was, omdat die gedagte van smaad nie in die konteks aanwesig is nie en sulke herhaling van gedagtes nie onbekend of onnatuurlik in die Nuwe Testament is nie.

#### 4.4 Hebreërs

Die oudste bronne van die Hebreërbrief is die volgende:

3de eeu: P<sup>12,13,46</sup> sa; 4de eeu: P<sup>17</sup>  $\aleph$  B 0228 bo mf goth.

*Literatuur:* Frede 1987; Kilpatrick 1941a; Wolmarans 1984.

##### (a) Hb 9: 11

Tree Jesus volgens Hb 9: 11 op as die hoëpriester 'van die weldade wat *nou verweselik is*' (NAB) of 'van die *toekomstige* weldade' (OAB)? Die tekskritiese apparaat by hierdie probleem is soos volg:

- (1) γενόμενω (wat verweselik is): P<sup>46</sup> B D\* 1739 d e *sy<sup>p,h,pal</sup>* Orig Cyr-Jer Chrys
- (2) μελλόντων (toekomstige):  $\aleph$  A D<sup>c</sup> I<sup>vid</sup> K P 33 81 88 104 181 326 614 1241 2495 *Byz Lect* vl vg *sy<sup>h(mg)</sup>* sa bo mf arm eth Eus Efraim Cyr-Jer Chrys Cyr en talle kerkvaders



*Eksterne* getuienis is verdeeld in hierdie tekskritiese probleem. Albei lesings kom in sommige van die oudste en beste manuskripte voor, lesing 1 in P<sup>46</sup> en B, en lesing 2 in  $\aleph$  A en sa, terwyl albei in bronne van die vroeë tekstipes voorkom. Dit is onmoontlik om enige uitspraak ten opsigte van die oorspronklikheid van enige van die twee lesings op hierdie gegewens te baseer. Op *transkripsionele* gronde is die ontstaan van lesing 2 makliker as dié van lesing 1 verklaarbaar, aangesien dit uit harmoniëring aan Hb 10: 1 kon ontstaan het. Daar is geen ooglopende rede waarom 'n skriptor lesing 2 na lesing 1 sou verander het indien lesing 2 die oorspronklike was nie.

## 5. DIE ALGEMENE BRIEWE

Soos die teks van die Pauliniese Briewe is daar oor die teks van die Algemene Briewe min gedoen. By die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland, word daar onder leiding van *Barbara Aland* egter op navorsing oor hierdie deel van die Nuwe Testament gekonsentreer in 'n poging om 'n kritiese teks met 'n volledige apparaat te produseer.

Geen noemenswaardige teks van hierdie briewe het verskyn nie. Die eerste resultate van die projek van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* het egter onlangs verskyn. Daarin is uitgawes van die papiri, die Siriese teks en die Koptiese teks van die Algemene Briewe gepubliseer. Ook van die Algemene Briewe het die oud-Latynse teks in die *Vetus Latina*-reeks van Beuron, saamgestel deur *Walter Thiele*, verskyn.

**Literatuur:** B Aland 1986b; K Aland 1969/70; 1970/71; 1987a; 1987b; 1987c; 1987d; Carder 1969/70; Duplacy 1969/70; Gallagher 1970; Kilpatrick 1944b; 1980; Richards 1974; 1975; 1976; Thiele (ed) 1956-1969.

### 5.1 Die Jakobusbrief

Die oudste bronne van die Jakobusbrief is die volgende:

**3de eeu:** P<sup>20,23</sup> sa; **4de eeu:**  $\aleph$  B ac bo mf.

**Literatuur:** Hodges 1963.

## 5.2 Die Petrusbriewe

Die oudste bronne van die twee Petrusbriewe is die volgende:

1 *Petrus*: 3de eeu: P<sup>72,81</sup> sa; 4de eeu: X B 0206 bo mf.

2 *Petrus*: 3de eeu: P<sup>72</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf.

**Literatuur:** Beare 1961; Jordaan 1988; Rodgers 1981; Thiele 1965a.

### (a) 2 Pt 3: 10

In 2 Pt 3: 10 kom 'n verandering in die grondtekste van die OAB en NAB voor, wat nie duidelik in die vertaling daarvan weerspieël word nie. Beide vertalings lees in hierdie vers dat die aarde en alles daarop 'sal verbrand'. Die enigste aanduiding van 'n ander grondteks in die NAB is die byvoeging 'en smelt'. Die rede waarom die NAB net hierdie klein verskil het, terwyl dit op 'n totaal ander grondteks gebaseer is, is waarskynlik omdat die die grondteks baie moeilik vertaalbaar is. Reeds in die vroegste oorlewering van hierdie teks, was daar al probleme mee. Die apparaat lyk soos volg:

- (1) εὑρεθήσεται (sal gevind word/smelt): X B K P 0156 1175 1241 1739 1852 *pc* sy<sup>ph,h(mg)</sup> arm Orig
- (2) οὐχ εὑρεθήσεται (sal nie gevind word nie): sa
- (3) κατακαήσεται (sal verbrand): A 048 33 81 88 104 181 326 614 1739<sup>mg</sup> *Byz Lect* vl vg sy<sup>h</sup> bo eth enkele kerkvaders
- (4) εὑρεθήσεται λυόμενα (sal gevind word om verlos te wees): P<sup>72</sup>
- (5) ἀφανισθήσονται: C
- (6) Laat εὑρεθήσεται τούτων weg: m
- (7) Laat 'n hele gedeelte van die vers (vanaf καὶ γῆ tot εὑρεθήσεται weg): Ψ z en enkele kerkvaders

Op grond van *eksterne* getuienis is daar net twee lesings wat werklik aanspraak kan maak om oorspronklik te wees, naamlik lesings 1 en 3, omdat al die ander in slegs enkele dokumente voorkom en dus aan die skriptors van die betrokke manuskripte toegeskryf kan word, selfs al is sommige van hierdie manuskripte ou en belangrike bronne (die Sahidiese vertaling in die geval van lesing 2 en P<sup>74</sup> in die geval van lesing 4). Dit laat lesings 1 en 3, en op grond van sowel die ouderdom as die kwaliteit en geografiese verspreiding moet lesing 1 voorkeur bo lesing 3 kry. Met die uitsondering van A kom lesing 3 slegs voor in Westerse bronne en later in bronne

wat aan die Westerse teks verwant is, terwyl lesing 1 in 'n verskeidenheid bronne voorkom. Wanneer die *transkripsionele* getuienis oorweeg word, word dit duidelik dat lesing 1 waarskynlik die oorspronklike was en dat die ander lesings ontstaan het uit 'n poging om die interpretasieprobleem van lesing 1 die hoof te bied. Dit is duidelik dat lesing 1 baie moeilik interpreteerbaar is. Wat sou dit beteken dat die aarde en alles daarop 'gevind' word, in 'n konteks waarin daar van die vernietiging van alles op 'die dag van Here' gepraat word? Baie duidelik het lesing 2 probeer om hierdie probleem op te los deur dit so te verander dat die aarde en alles daarop nie gevind sal word nie. Lesing 3 het die probleem probeer oplos deur die gedeelte met die konteks te harmonieer en die voorafgaande gedagte (λυθήσεται - losgemaak) daarby in te sluit. Lesings 6 en 7 het die saak probeer beredder deur die problematiese gedeeltes weg te laat, terwyl lesings 3 en 5 die saak probeer oplos het deur die woord met ander te vervang; lesing 3 waarskynlik ook na aanleiding van die voorafgaande gedagte, waar dieselfde woord voorkom. Dit is duidelik dat daar baie sterk transkripsionele getuienis is wat die eerste lesing hierbo steun. Oor wat die woord binne die konteks beteken, kan nie hier uitsluitsel gegee word nie. Waarskynlik is dit iets soos in die NAB weergegee word, naamlik dat die aarde en alles daarop deur 'n louteringsproses vernuwe sal word.

### 5.3 Die Johannesbriewe

Die oudste bronne van die drie Johannesbriewe is die volgende:

1 *Johannes*: 3de eeu: P<sup>9</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf.

2 *Johannes*: 3de eeu: sa; 4de eeu: X B bo mf.

3 *Johannes*: 3de eeu: sa; 4de eeu: X B bo mf.

**Literatuur:** Ehrman 1988b; Richards 1977a.

#### (a) 1 Jh 5: 7-8

Daar is reeds talle kere in die boek na die *comma johanneum* verwys. Dit raak naamlik die weglating in die NAB van die enigste eksplisiete verwysing na die Drie-eenheid, wat in die OAB as 1 Jh 5: 7-8 voorkom: 'in die hemel, die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde'. Die kritiese apparaat van hierdie gedeelte is soos volg:

(1) Weglating: X A B K P Ψ 048 33 81 88 104 181 326 614 1241 1739 *pm Byz Lect*

ar syP.<sup>h</sup> sa bo arm eth baie kerkvaders

- (2) Insluiting van die woorde ἐν τῷ οὐρανῷ, ὁ πατήρ ὁ λόγος καὶ τὸν ἅγιον πνεῦμα, καὶ οὗτοι οἱ τρεῖς ἓν εἰσιν: 61 88<sup>m</sup>g 429<sup>m</sup>g 629 636<sup>m</sup>g 918 vl vg enkele kerkvaders

*Eksterne* getuienis spreek in hierdie variasie-eenheid feitlik vanself. Met die uitsondering van ses Middeleeuse Griekse manuskripte kom die betwiste woorde (lesing 2) in geen enkele Griekse bron voor nie. Al vroeë getuienis wat dit het, is die *Vetus Latina*. Dit is duidelik dat lesing 1 in *al* die vroegste en beste bronne voorkom en 'n baie wye geografiese verspreiding geniet. Ook op *transkripsionele* gronde ondersteun die getuienis lesing 1, omdat lesing 2 na 'n tipiese Westerse interpolasie lyk. Dit is waarskynlik uit die een of ander vroeë kerklike formule deur ortodokse skriptors ingevoeg, omdat daar geen eksplisiete verwysing na die Drie-eenheid in die Bybel voorkom nie. Die verwysing na die drie aardse getuies in vers 8 bied die ideale konteks vir so 'n verwysing na die Drie-eenheid.

**Literatuur:** De Jonge 1980a.

#### 5.4 Die Judasbrief

Die oudste bronne van die Judasbrief is die volgende:

3de eeu: P<sup>72,78</sup> sa; 4de eeu: X B bo mf.

**Literatuur:** Kubo 1976; 1981; Osburn 1981a; Wikgren 1967.

##### (a) Jd 1

In die openingswoorde van die Judasbrief is dit onseker of die brief gerig is aan die wat deur God 'geheilig' is (OAB) of die wat Hy 'liefhet' (NAB). Die kritiese apparaat is soos volg:

- (1) ἡγαπημένους (aan die geliefdes): P<sup>72</sup> X A B Ψ 81 88 326<sup>m</sup>g 1241 1739 2495 pc vl vg syP.<sup>h</sup> sa bo arm eth Orig Luc en enkele kerkvaders
- (2) ἡγιασμένους (aan die geheiligdes): K P 104 181 326 614 *pm Byz Lect* een kerkvader

Dit is baie duidelik dat *eksterne* getuienis lesing 1 ondersteun, omdat dit in *al* die oudste en beste bronne (P<sup>72</sup> X A B sa) voorkom, asook 'n baie wye vroeë geogra-

fiese verspreiding geniet, deurdat dit veral in die Alexandryne en Westerse tekste voorkom. Lesing 2, daarenteen, kom slegs in bronne van die Bisantynse tekstipe voor. Ook *transkripsionele* getuienis ondersteun lesing 1, omdat daar geen ooglopende rede is waarom iemand lesing 1 na lesing 2 sou verander nie, terwyl lesing 2 waarskynlik harmoniëring met 1 Kor 1: 2 is.

## 6. DIE APOKALIPS

Die geskiedenis van die teks van die Apokalips het heeltemal anders verloop as dié van die ander boeke van die Griekse Nuwe Testament. Daar is naamlik geen duidelik identifiseerbare Westerse teks van hierdie boek nie, en ook die bestaan van 'n eenduidige meerderheids- of Bisantynse teks is problematies. Die groot groep latere manuskripte verdeel in Openbaring in duideliker subgroepe as in die ander boeke van die Nuwe Testament. Die rede vir die afwyking in die geskiedenis van hierdie boek van die normale patroon word gewoonlik in die kanongeskiedenis van die boek gesoek. Die feit dat daar so lank onsekerheid oor die posisie van die boek tussen die ander boeke van die Nuwe Testament bestaan het, word dikwels vir hierdie toestand verantwoordelik gehou. Dit maak egter 'n belangrike beginsel in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, wat ongelukkig meer in teorie as in praktyk erken word, duidelik, naamlik dat die algemene beskrywing van die teksgeskiedenis sowel vir elke *corpus* boeke individueel as vir elke boek individueel, aangepas en verfyn moet word.

Onder die merkwaardigste teksuitgawes van Openbaring is die uitgawe van *HC Hoskier*, waarin 'n uiters volledige en akkurate kritiese apparaat van hierdie boek verskyn. Die teks van Openbaring in die *GNTMT*, saamgestel deur Hodges, verdien ook vermeld te word. Naas Jh 7: 53-8: 11 is dit die enigste deel van die betrokke teks wat nie bloot op die numeriese meerderheid manuskripte berus nie. Hodges het dit naamlik op grond van 'n genealogiese model, gebaseer op die meerderheidsteks, saamgestel. Hoewel die teks vanweë die uitgangspunt daarvan problematies is en waarskynlik nie 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks is nie, is dit tog 'n merkwaardige teks. Naas hierdie twee tekste is die studie van *Josef Schmid* oor die teks van die Apokalips, wat vandag steeds as die standaard aanvaar word, vermeldenswaardig. Die oudste bronne van Openbaring is die volgende:

3de eeu: P<sup>47</sup> sa; 4de eeu: P<sup>18,24,85</sup> & O<sup>169</sup> bo.

Literatuur: Hodges 1961; 1962; Hodges & Farstad (eds) 1982; Hoskier 1929; Kilpatrick 1959; Ross 1976a; Schmid 1955-56; 1961.

(a) Opb 1: 8

In Opb 1: 8 ontbreek die verklaring van die simbole alfa en omega in sommige bronne. In die OAB lees die teks soos volg: 'Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here', terwyl dit in die NAB bloot "Ek is die Alfa en die Omega' sê die Here' lees. Die apparaat van hierdie teks is soos volg:

- (1) Weglating:  $\aleph^a$  A C P 046 94 1006 1611 2053 2138 *pc* b sy<sup>p,ph</sup> arm eth enkele kerkvaders
- (2) Insluiting van ἡ ἀρχὴ καὶ τὸ τέλος (die begin en die einde):  $\aleph^{*,b}$  1 2344 *pc* vl vg bo Orig Andr

Terwyl lesing 1 met die uitsondering van  $\aleph$  in al die oudste en beste manuskripte van Openbaring (A C 2053) voorkom en 'n redelike goeie vroeë verspreiding geniet, blyk lesing 2 aanvanklik tot die oud-Latynse bronne en bronne wat deur hierdie manuskripte en hul grondteks beïnvloed kon wees, beperk te wees. Daarom sal *eksterne* getuienis as ondersteuning van lesing 1 beskou word. *Transkripsionele* getuienis blyk ietwat verdeel te wees, omdat redes vir sowel die weglating as byvoeging van die betrokke frase gevind kan word. Die frase kon weggelaat gewees het omdat skriptors gemeen het dat dit onnodig was om die betekenis van die A en  $\Omega$  te herhaal. Veel eerder is dit egter om presies die teenoorgestelde rede bygevoeg, naamlik om die betekenis van die twee Griekse letters te verklaar. As sodanig kom dit ooreen met die tendens onder skriptors om die betekenis van die teks meer eksplisiet te maak.

(b) Opb 5: 1

Was die boek wat Johannes in Opb 5: 1 beskryf 'van binne en van buite' (OAB) of 'aan die voor- en aan die agterkant' (NAB) vol geskryf? Die kritiese apparaat by hierdie interessante variasie-eenheid is soos volg:

- (1) ἔσωθεν καὶ ὀπισθεν (van binne en aan die agterkant): A 1 69 2344 *pc* sy<sup>h</sup> Orig Cy en enkele kerkvaders
- (2) ἔσωθεν καὶ ἔξωθεν (van binne en van buite): P 1006 1611 *pm* vl vg sy<sup>ph</sup> bo arm eth Orig Andr en enkele kerkvaders
- (3) ἔξωθεν καὶ ἔσωθεν (van buite en van binne): 94
- (4) ἔμπροσθεν καὶ ὀπισθεν (aan die voorkant en aan die agterkant):  $\aleph$  sa Orig
- (5) ἔσωθεν καὶ ἔξωθεν καὶ ὀπισθεν (van binne en van buite en aan die agterkant): Andr

- (6) ἔσωθεν καὶ ἔξωθεν καὶ ἔμπροσθεν καὶ ὀπίσθεν (van binne en van buite en aan die voor- en aan die agterkant): 2073

*Eksterne* getuienis is totaal verdeel in hierdie variasie-eenheid, deurdat verskillende lesings in die oudste en beste manuskripte voorkom. Op grond van eksterne getuienis kan slegs lesings 3 en 6 met redelike sekerheid uitgeskakel word, omdat beide in slegs 'n enkele minuskel voorkom. Hoewel lesing 5 op grond van die feit dat dit slegs in een kerkvader voorkom, ook verdag lyk, is Andreas so 'n belangrike getuie van die Openbaringteks, dat dit nie sonder meer gedoen kan word nie. Sover dit die res aangaan, lewer eksterne getuienis bitter min vaste getuienis. Wanneer die saak *transkripsioneel* benader word, word dit effens makliker om 'n geskiedenis van hierdie variasie-eenheid daar te stel. Lesing 1 is waarskynlik die oorspronklike en al die ander lesings het ontstaan in 'n poging om die twee bywoorde op die een of ander wyse in direkte teenoorgesteldes weer te gee. So het lesing 2 ontstaan in 'n poging om vir ἔσωθεν (van binne) 'n direkte teenoorgestelde ἔξωθεν (van buite) te bied. Lesing 3 het waarskynlik as gevolg van slordige kopieerwerk uit lesing 2 ontstaan, daar dit slegs die woordorde omruil. Lesing 4 het van ὀπίσθεν (aan die agterkant) uitgegaan en probeer om ἔσωθεν (van binne) met 'n direkte teenoorgestelde vir ὀπίσθεν in ἔμπροσθεν (aan die voorkant) te vervang. Lesing 5 is waarskynlik 'n poging om die probleem te vermy deur lesings 1 en 2 saam te voeg (konflasie), terwyl lesing 6 waarskynlik 'n samevoeging van lesings 1, 2, 3 en 4 probeer daarstel. Op grond van hierdie rekonstruksie is dit dus duidelik dat lesing 1 waarskynlik in die oorspronklike teks gestaan het.

# Bylae

## Basiese inligting oor die bronne van die Nuwe Testament

In hierdie bylaag word kernfeite oor die belangrikste manuskripte, vertalings en sitate gebied. Inligting soos die plek van bewaring, datering, inhoud, teksverwantskap en ander tersaaklike aspekte van elke bron word gebied. Dit is bedoel as referensiemateriaal vir dit wat in die boek bespreek is. Nie alle bronne van die Griekse Nuwe Testament word bespreek nie. Alle bronne waarna in hierdie boek verwys is, en die meeste van dié wat in die kritiese apparaat van NA<sup>26</sup> verwys word, is hier ingesluit.

Die uiteensetting van die inligting volg dieselfde patroon as dié wat in die bespreking daarvan gevolg is, dit wil sê Manuskripte (Papiri, Unsiële, Minuskels, Leksionaria), Vertalings en Kerkvaders. Die inligting vir die manuskripte en vertalings word onder die volgende afdelings aangebied: (a) datering; (b) inhoud; (c) plek van bewaring; (d) teksverwantskap; (e) populêre naam; (f) ander inligting; (g) publikasies en literatuur.

**Literatuur:** K Aland 1963; K Aland (ed) 1972; Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979; 1983; Elliott 1988b; Greenlee 1964; Metzger 1968b; 1977.

### 1. MANUSKRIPTE

#### 1.1 Papiri

- P<sup>1</sup>** (a) 3de eeu (b) Mt 1: 1-9,12,14-20,23 (c) Philadelphia (d) Alexandryns (e) Pap. Oxhyrynchus 2 (g) Grenfell & Hunt 1898
- P<sup>2</sup>** (a) 6de eeu (b) Jh 12: 12-15 (c) Florence (d) Het eienskappe van verskillende tekstipes (f) Bevat ook Lk 7: 22-26,50 in Kopties
- P<sup>3</sup>** (a) 6de/7de eeu (b) Lk 7: 36-45; 10: 38-42 (c) Wene (d) Basies Egipties, maar met meer ander invloedé as normaalweg (e) Pap. Vindobonensis 2323
- P<sup>4</sup>** (a) 3de eeu (b) Lk 1: 58-59,62-einde; 2: 1,6-7; 3: 8-38; 4: 2,29-32,34-45; 5: 3-8,30-einde; 6: 1-16 (c) Parys (d) Egipties (g) Lagrange 1935; Merell 1938
- P<sup>5</sup>** (a) 3de eeu (b) Jh 1: 32-31,33-40; 16: 14-30; 20: 11-17,19-20,22-25 (c) London (d) Westers (e) Pap. Oxhyrynchus 208 & 1781 (g) Grenfell & Hunt 1899; 1922
- P<sup>6</sup>** (a) 4de eeu (b) Jh 10: 1-2,4-7,9-10; 11: 1-8,45-52 (c) Strassbourg (d) Eienskappe van beide die Egiptiese en Caesareaanse tekste: stem met Kodekse B (03) en Θ (038) ooreen (e) Pap.



- Oxhyrynchus 208 & 1781 (f)** Bevat ook Jh 10: 1-12; 20; 13: 1-2,11-12; Jk 1: 13-5: 20 in Kopties
- P<sup>7</sup>** (a) Onseker: 4de/6de eeu (b) Lk 4: 1-2 (c) Kiev (d) Onbekend (f) Die manuskrip is tans verlore. Dit het ook Jh 10: 1-12; 20; 13: 1-2,11-12; Jk 1: 13-5: 20 in Kopties bevat (g) Aland 1956/57
- P<sup>8</sup>** (a) 4de eeu (b) Hd 4: 31-37; 5: 2-9; 6: 1-5,8-16 (c) Berlyn (d) Eienskappe van Egiptiese en Westerse tekste
- P<sup>9</sup>** (a) 3de eeu (b) 1 Jh 4: 11-12,14-17 (c) Cambridge, Massachussetts (d) Onbekend: Te fragmentaries vir klassifikasie (e) Pap. Oxhyrynchus 402 (g) Grenfell & Hunt 1903
- P<sup>10</sup>** (a) 4de eeu (b) Rm 1: 1-7 (c) Cambridge, Massachussetts (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrynchus 209 (g) Grenfell & Hunt 1899
- P<sup>11</sup>** (a) 7de eeu (b) 1 Cor 1: 17-22; 2: 9-12,14; 3: 1-3,5-6; 4: 3-5; 5: 7-8; 6: 5-9,11-18; 7: 3-6,10-14 (c) Leningrad (d) Egipties (g) Aland 1956/57
- P<sup>12</sup>** (a) laat 3de eeu (b) Hb 1: 1 (c) New York (d) Onbekend: Te fragmentaries vir klassifikasie (e) Amherst Pap. 3b (g) Grenfell & Hunt 1900
- P<sup>13</sup>** (a) laat 3de of vroeg 4de eeu (b) Hb 2: 13-5: 5; 10: 8-22; 10: 9-11; 13; 11: 28-12: 17 (c) London/Florence (d) Egipties, met 'n aantal eiesoortige lesings. Stem dikwels met P<sup>46</sup> ooreen (e) Pap. Oxhyrynchus 657 (g) Grenfell & Hunt 1904
- P<sup>14</sup>** (a) 5de eeu (b) 1 Kor 1: 25-27; 2: 6-8; 3: 8-10,20 (c) Sinai (d) Egipties (g) Harris 1890
- P<sup>15</sup>** (a) 3de eeu (b) 1 Kor 7: 18-8: 4 (c) Kairo (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrynchus 1008 (g) Grenfell & Hunt 1910
- P<sup>16</sup>** (a) 3de/4de eeu (b) Fl 3: 10-17; 4: 2-8 (c) Kairo (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrynchus 1009 (g) Grenfell & Hunt 1910
- P<sup>17</sup>** (a) 4de eeu (b) Hb 9: 12-17 (c) Cambridge, Engeland (d) Gemengde teks, maar met Egiptiese karaktertrekke (e) Pap. Oxhyrynchus 1078 (g) Grenfell & Hunt 1911
- P<sup>18</sup>** (a) 3de/4de eeu (b) Opb 1: 4-7 (c) London (d) Alexandryns - Stem dikwels met X, A en C ooreen (e) Pap. Oxhyrynchus 1079 (g) Grenfell & Hunt 1911
- P<sup>19</sup>** (a) 4de eeu (b) Mt 10: 32-11: 5 (c) Oxford (d) Gemengde teks, dog baie Westerse eienskappe (e) Pap. Oxhyrynchus 1170 (g) Grenfell & Hunt 1912
- P<sup>20</sup>** (a) 3de eeu (b) Jk 2: 9-3: 9 (c) Princeton (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrynchus 1171 (g) Grenfell & Hunt 1912
- P<sup>21</sup>** (a) 4de/5de eeu (b) Mt 12: 24-26,32-33 (c) Allentown (d) Westers: Stem met D (05) en korrektors van X ooreen (e) Pap. Oxhyrynchus 1227 (g) Grenfell & Hunt 1914
- P<sup>22</sup>** (a) 3de eeu (b) Jh 15: 25-16: 2,21-32 (c) Glasgow (d) Gemengde teks met Westerse en Egiptiese eienskappe. Stem soms met D (05) en soms met korrektors van X ooreen. (e) Pap. Oxhyrynchus 1228 (g) Grenfell & Hunt 1914
- P<sup>23</sup>** (a) 3de eeu (b) Jk 1: 10-12,15-18 (c) Urbana (d) Alexandryns (e) Pap. Oxhyrynchus 1229 (g) Grenfell & Hunt 1914

- P<sup>24</sup> (a) 4de eeu (b) Opb 5: 5-8; 6: 5-8 (c) Newton Center (d) Alexandryns (e) Pap. Oxhyrynchus 1230 (g) Grenfell & Hunt 1914
- P<sup>25</sup> (a) 4de eeu (b) Mt 18: 32-34; 19: 1-3,5-7,9-10 (c) Berlyn (d) Westers (g) Stegmüller 1938
- P<sup>26</sup> (a) Ongeveer 600 (b) Rm 1: 1-16 (c) Dallas (d) Alexandryns: Stem met X (01) en A (02) ooreen (e) Pap. Oxhyrynchus 1354 (g) Grenfell & Hunt 1915
- P<sup>27</sup> (a) 3de eeu (b) Rm 8: 12-22,24-27; 8: 33-9; 3,5-7 (c) Cambridge, Engeland (d) Egipties, soms met Westerse lesings (e) Pap. Oxhyrynchus 1355 (g) Grenfell & Hunt 1915
- P<sup>28</sup> (a) 3de eeu (b) Jh 6: 8-12,17-22 (c) Berkeley (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrynchus 1596 (g) Grenfell & Hunt 1919
- P<sup>29</sup> (a) 3de eeu (b) Hd 26: 7-8,20 (c) Oxford (d) Westers: Stem met D (05) ooreen (e) Pap. Oxhyrynchus 1597 (g) Grenfell & Hunt 1919
- P<sup>30</sup> (a) 3de eeu (b) 1 Ts 4: 12-13,16-17; 5: 3,8-10,12-18,25-28; 2 Ts 1: 1-2 (c) Gent (d) Gemengde teks, met Egiptiese invloed (e) Pap. Oxhyrynchus 1598 (g) Grenfell & Hunt 1919
- P<sup>31</sup> (a) 7de eeu (b) Rm 12: 3-8 (c) Manchester (d) Egipties: Stem met X ooreen (e) Rylands Pap. 4 (g) Hunt 1911
- P<sup>32</sup> (a) Ongeveer 200 (b) Tt 1: 11-15; 2: 3-8 (c) Manchester (d) Egipties: Stem veral met X (01), maar ook met F (010) en G (012) ooreen (e) Rylands Pap. 5 (g) Hunt 1911
- P<sup>33</sup> & P<sup>58</sup> (a) 6de eeu (b) Hd 1: 6-10,13-18 (P<sup>58</sup>); 15: 21-24,26-32 (P<sup>33</sup>) (c) Wene (d) Egipties (e) P.Vindob. G. 17973, 26133, 35831, 39783
- P<sup>34</sup> (a) 7de eeu (b) 1 Kor 16: 4-7,10; 2 Kor 5: 18-21; 10: 13-14; 11: 2,4,6-7 (c) Wene (d) Egipties (e) P. Vindob. G. 39784
- P<sup>35</sup> (a) Waarskynlik 4de eeu (b) Mt 25: 12-15,20-23 (c) Florence (d) Egipties: Soms met Westerse lesings
- P<sup>36</sup> (a) 6de eeu (b) Jh 3: 14-18,31-32,34-35 (c) Florence (d) Gemengde teks: Bevat lesings van die Westerse en Alexandrynse teks
- P<sup>37</sup> (a) 3de/4de eeu (b) Mt 26: 19-52 (c) Ann Arbor (d) Caesareaans: Stem dikwels met P<sup>45</sup> ooreen (g) Sanders 1926
- P<sup>38</sup> (a) Ongeveer 300 (b) Hd 18: 27-19: 6,12-16 (c) Ann Arbor (d) Westers: Stem met D (05) ooreen (g) Sanders 1927
- P<sup>39</sup> (a) 3de eeu (b) Jh 8: 14-22 (c) Rochester (d) Alexandryns (e) Pap. Oxhyrynchus 1780 (g) Grenfell & Hunt 1922
- P<sup>40</sup> (a) 3de eeu (b) Rm 1: 24-27; 1: 31-2: 3; 3: 21-4; 8: 6: 4-5,16; 9: 16-17,27 (c) Heidelberg (d) Egipties (f) Manuskrip wat vinnig gekopieer is en dus taamlik baie foute bevat
- P<sup>41</sup> (a) 7de eeu (b) Hd 17: 28-18: 2,24-25,27; 19: 1-4,6-8,13-16,18-19; 20: 9-13,15-16,22-24,26-28,35-38; 21: 1-4; 22: 11-14,16-17 (c) Wene (d) Westerse teks (e) P. Vindob. K. 7541-7548
- P<sup>42</sup> (a) 7de/8ste eeu (b) Lk 1: 54-55; 2: 29-32 (c) Wene (d) Bisantyns: Stem met A (02) ooreen (e) P. Vondob. K. 8706 (f) Bevat ook Lk 1: 46-51 in Kopties (g) Sanz & Till 1939
- P<sup>43</sup> (a) 6de/7de eeu (b) Opb 2: 12-13; 15: 8-16: 2 (c) London (d) Egipties

- P<sup>44</sup>** (a) 6de/7de eeu (b) Mt 17: 1-3,6-7; 18: 15-17,19; 25: 8-10; Jh 9: 3-4; 10: 8-14; 12: 16-18 (c) New York (d) Egipties
- P<sup>45</sup>** (a) 3de eeu (b) Mt 20: 24-32; 21: 13-19; 25: 41-26; 39; Mk 4: 36-40; 5: 15-26; 5: 38-6: 13,16-25,36-50; 7: 3-15; 7: 25-8: 1,10-26; 8: 34-9: 8,18-31; 11: 27-36; 12: 1,5-8,13-19,24-28; Lk 6: 31-41; 6: 45-7: 7; 9: 26-41; 9: 45-10: 1,6-22; 10: 26-11: 1,6-25,28-46; 11: 45-12: 12,18-37; 12: 42-13: 1,6-24, 13: 29-14: 10,17-33; Jh 10: 7-25; 10: 31-11: 10,18-36,43-57; Hd 4: 27-36; 5: 10-20,30-39; 6: 7-7: 2,10-21,32-41; 7: 52-8: 1,14-25; 8: 34-9: 6,16-27; 9: 35-10: 2,10-23,31-41; 11: 2-14; 11: 24-12: 5,13-22; 13: 6-16,25-36; 13: 46-14: 3,15-23; 15: 2-7,19-26; 15: 38-16: 4,15-21,32-40; 17: 9-17 (c) Dublin/Wene (d) Caesareaans, met Alexandryne en Westerse lesings (e) Chester Beatty Pap. I (g) Birdsall 1976; Colwell 1969h; Huston 1955; Kenyon 1933b; 1933c; 1934; Tarelli 1942b
- P<sup>46</sup>** (a) Ongeveer 200 (b) Rm 5: 17-6: 3,5-14; 8: 15-25,27-35; 8: 37-9: 32; 10: 1-11: 22,24-33; 11: 33-14: 8; 14: 9-15: 9,11-33; 16: 1-23,25-27; met lakunes: 1 Kor 1: 1-16: 22; 2 Kor 1: 1-13: 13; Gl 1: 1-6: 18; Ef 1: 1-6: 24; Fl 1: 1-4: 23; Kl 1: 1-4: 18; verder: 1 Ts 1: 1,9-10; 2: 1-3; 5: 5-9,23-28; met lakunes: Hb 1: 1-13: 25 (c) Dublin/Ann Arbor (d) Egipties (e) Chester Beatty Pap. III (g) Eshbaugh 1979; Kenyon (ed) 1933b; 1936b; 1937; Kilpatrick 1941a; YK Kim 1988; Quinn 1974; Zuntz 1953
- P<sup>47</sup>** (a) 3de eeu (b) Opb 9: 10-17: 2 met lakunes (c) Dublin (d) Egipties: Stem ooreen met X (01), A (02) en C (04) (e) Chester Beatty Pap. III (g) Kenyon (ed) 1933b; 1936a
- P<sup>48</sup>** (a) 3de eeu (b) Hd 23: 11-17,23-29 (c) Florence (d) Westers - Stem met D ooreen (g) Vitelli & Mercati 1932
- P<sup>49</sup>** (a) 3de eeu (b) Ef 4: 16-29; 4: 31-5: 13 (c) New Haven (d) Egipties (g) Hatch & Welles 1958
- P<sup>50</sup>** (a) 4de/5de eeu (b) Hd 8: 26-32; 10: 26-31 (c) New Haven (d) Egipties: Stem met B (03) ooreen (f) Bevat aantal ortografiese afwykings en korrekture (g) Kraeling 1937
- P<sup>51</sup>** (a) Ongeveer 400 (b) Gl 1: 2-10,13,16-20 (c) Oxford (d) Egipties (e) Pap. Oxhyrnychus 2157
- P<sup>52</sup>** (a) Ongeveer 125 (b) Jh 18: 31-33,37-38 (c) Manchester (d) Alexandryns (e) Rylands Pap. Gr 457 (g) Roberts 1935; 1936
- P<sup>53</sup>** (a) 3de eeu (b) Mt 26: 29-40; Hd 9: 33-10: 1 (c) Ann Arbor (d) Egipties: Soms met lesings van ander tekste (g) Sanders 1937b
- P<sup>54</sup>** (a) 5de/6de eeu (b) Jk 2: 16-18,22-26; 3: 2-4 (c) Princeton (d) Egipties: Stem met X (01), B (03) en C (04) ooreen
- P<sup>55</sup>** (a) 6de/7de eeu (b) Jh 1: 31-33,35-38 (c) Wene (d) Egipties (e) P. Vindob. G. 26214
- P<sup>56</sup>** (a) 5de/6de eeu (b) Hd 1: 1,4-5,7,10-11 (c) Wene (d) Egipties (e) P. Vindob. G. 19918
- P<sup>57</sup>** (a) 4de/5de eeu (b) Hd 4: 36-5: 2,8-10 (c) Wene (d) Egipties (e) P. Vindob. G. 26020
- P<sup>58</sup>** Kyk P<sup>33</sup>
- P<sup>59</sup>** (a) 7de eeu (b) Jh 1: 26,28,48,51; 2: 15-16; 11: 40-52; 12: 25,29,31,35; 17: 24-26; 18: 1-2,16-17,22; 21: 7,12-13,15,17-20,23 (c) New York (d) Onbekend, waarskynlik Caesareaans of Westers (g) Casson & Hettich 1950

- P<sup>60</sup>** (a) Ongeveer 700 (b) Jh 16: 29-19: 26 met lakunes (c) New York (d) Egipties (g) Casson & Hettich 1950
- P<sup>61</sup>** (a) Ongeveer 700 (b) Rm 16: 23-27; 1 Kor 1: 1-2,4-6; 5: 1-3,5-6,9-13; Fl 3: 5-9,12-16; Kl 1: 3-7,9-13; 4: 15; 1 Ts 1: 2-3; Tt 3: 1-5,8-11,14-15; Flm 4-7 (c) New York (d) Egipties (g) Casson & Hettich 1950
- P<sup>62</sup>** (a) 4de eeu (b) Mt 11: 25-30 (c) Oslo (d) Egipties (g) Amundsen 1945
- P<sup>63</sup>** (a) Ongeveer 500 (b) Jh 3: 14-18; 4: 9-10 (c) Berlyn (d) Waarskynlik Caesareaans, met Bisantynse invloed
- P<sup>64</sup> & P<sup>67</sup>** (a) Ongeveer 200 (b) Mt 3: 9,15; 5: 20-22,25-28 (P<sup>67</sup>); 26: 7-8,10,14-15,22-23,31-33 (P<sup>64</sup>) (c) Barcelona Oxford (d) Alexandrynse teks (g) E Bammel 1973; Roberts 1953
- P<sup>65</sup>** (a) 3de eeu (b) 1 Ts 1: 3-2: 1,6-13 (c) Florence (d) Alexandryns/Egipties. Te fragmentaries vir finale klassifikasie
- P<sup>66</sup>** (a) Ongeveer 200 (b) Jh 1: 1-6: 11; 6: 35-14: 26,29-30; 15: 2-26; 16: 2-4,6-7; 16: 1-20: 20,22-23; 20: 25-21: 1 (c) Cologny/Geneve (d) Gemengde teks: Soms met Egiptiese lesings (e) Pap. Bodmer II (g) K Aland 1957c; 1963/64; 1974; 1976a; Barrett 1956/57; Birdsall 1960; Boisnard 1957; JJ Collins 1958; Colwell 1969h; Delobel 1977; Fee 1964; 1965; 1968; 1974b; Filson 1957; King & Patterson 1960a; 1960b; Klijn 1956/57; V Martin 1956; 1958; Martin & Barns 1962; Mees 1971; Metzger 1961/62a; Michaels 1957; Pack 1960a; 1960b; Rhodes 1967/68; Schippers 1957; 1959; Smothers 1958; Teeple & Walker 1959
- P<sup>67</sup>** Kyk P<sup>64</sup>
- P<sup>68</sup>** (a) 7de eeu (b) 1 Kor 4: 12-17; 4: 19-5: 3 (c) Leningrad (d) Bisantyns: Soms met lesings van ouer tekstipes (g) Aland 1956/57
